# DIE ERKENNING EN TOEPASSING VAN DIE BOGADI-GEBRUIK BY SEKERE TSWANASTAMME IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

deur

D.J. SWANEPOEL

Verhandeling aangebied ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad

MAGISTER LEGUM

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
vir
CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

Leier: Prof. Dr. J.D. van der Vyver, B.Comm., B.A. Honns., LL.B. (P.U.), LL.D. (U.P.)

Hulpleier: Dr. H. van der Wateren, D. Phil. (P.U.)

Januarie 1977

POTCHEFSTROOM

Hiermee betuig ek graag my dank aan Prof. Dr.
J. D. van der Vyver wat aanvanklik my belangstel=
ling in hierdie studieveld geprikkel het en onder
wie se leiding ek kon werk. Eweneens is ek dank
verskuldig aan Dr. H. van der Wateren wat bereid
was om as hulpleier op te tree en wat waardevolle
tyd opgeoffer het in dié verband.

'n Spesiale woord van erkentlikheid teenoor mevr.
P.A. Lourens vir haar tikwerk waarop ek kon staat=
maak. Ook mevr. M.J. Schutte se hulp in die ver=
band word gewaardeer.

Laastens ook my waardering aan Jeanette vir haar
liefde en ondersteuning in die finale afhandeling
van hierdie werk.

Ek is dankbaar vir die krag en genade van Hom wat
ook sin aan hierdie studie gee.

D.J.S.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 INLEIDING

1. Probleemstelling .............................. 1
2. Doelstelling .................................. 3
3. Uitgangspunt en metode ........................ 4
4. Terminologie .................................. 5
5. Oorsig van die inhoud van die studie .......... 6
6. Enkele probleme wat ondervind is .............. 8

HOOFSTUK 2 HISTORIESE OORSIG VAN DIE ERKENNING EN TOE=PASSING VAN DIE BOGADI-GEBRUIK IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

1. Die erkenning voor 1927 ....................... 9
2. Die Bantoe-Administrasie Wet 38 van 1927 ...... 18

HOOFSTUK 3 DIE BOGADI-GEBRUIK VÓÓR EN GEDURENDE DIE HUWELIK VOLGENS DIE TSWANAREG

1. Algemeen ...................................... 24
2. Die hoeveelheid, voorwerp en samestelling van die huweliksgoedere ........................... 25

2.1 Die vasstelling van die hoeveelheid huweliksgoedere 25
2.2 Die voorwerp en samestelling van die huweliksgoe=dere ........................................ 28

3. Die verpligting om huweliksgoedere te lewer ... 32
4. Die voorsiening van huweliksgoedere ........... 34

4.1 Die lewering van die huweliksgoedere deur die af=komsgroep van die man ........................ 34
4.2 Die bron waaruit die huweliksgoedere verkry word .. 40
4.3 Die persone wat geregtig is op die gelewerde huwe=liksgoedere ................................ 43
4.4 Die eiendomsreg op die gelewerde huweliksgoedere voor huweliksluiting ......................... 46
4.5 Persone verantwoordelik vir die teruggawe van hu=weliksgoedere ............................... 47

5. Die lewering van huweliksgoedere as essensiële vereiste by die huwelik .............................. 48

5.1 Waar die huweliksgoedere wel oorgedra is .......... 50
5.2 Waar die huweliksgoedere nog nie gelewer is nie ... 51

5.2.1 Maritale mag ...................................... 52
5.2.2 Die seksuele gemeenskap............................ 54
5.2.3 Vaderlike regte op kinders ........................ 55

5.3 Gevolgtrekking oor die lewering van huweliksgoe= dere as essensiële vereiste by huweliksluiting .... 57

6. Die oordrag van die baarvermoë van die vrou ........ 59

6.1 Die inhoud van die vaderlike regte ................ 60
6.2 Die kinders van die vrou waarop die man die regte verkry .......................................... 60
6.3 Kinderloosheid by die egpaar ...................... 64

6.3.1 Onvrugbaarheid by die vrou ........................ 65
6.3.2 Steriliteit of impotensie by die man ............ 67

7. Gevolgtrekking en samevatting van die <u>bogadi</u>-gebruik voor en gedurende die huwelik volgens die Tswanareg. 68

HOOFSTUK 4 DIE <u>BOGADI</u>-GEBRUIK BY EGSKEIDING OF DOOD VAN EEN VAN DIE PARTYE VOLGENS TSWANAREG

1. Algemeen ............................................ 69

2. Egskeiding .......................................... 69

2.1 Teruggawe van huweliksgoedere ...................... 70

2.1.1 Waar die vrou kinderloos is ....................... 70
2.1.2 Vrou het wel kinders .............................. 71
2.1.3 Ander gevalle ..................................... 72
2.1.4 Die aftrekkings by teruggawe van huweliksgoedere 73

2.2 Teruggawe van huweliksgoedere as vereiste vir eg= skeiding ........................................... 74
2.3 Aansprake op die kinders by egskeiding ............ 76

2.3.1 Huweliksgoedere is wel oorgedra ................... 76
2.3.2 Waar die huweliksgoedere nog nie oorgedra is nie. 77

3. Dood van die man .................................... 78

3.1 Die leviraat-gebruik ............................... 78
3.2 Regte op die kinders wat gebore word nadat die weduwee na haar ouers teruggekeer het ............. 81

4. Dood van die vrou .................................... 83

4.1 Teruggawe van die huweliksgoedere ................. 83
4.2 Die verskaffing van 'n plaasvervangende vrou ...... 84

5. Hertroue van 'n weduwee ............................. 86

5.1 Aansprake op die kinders .......................... 88

6. Gevolgtrekking en samevatting van die lewering van huweliksgoedere by egskeiding of dood van een van die partye volgens Tswanareg ....................... 89

HOOFSTUK 5 DIE ERKENNING EN TOEPASSING IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG VAN DIE BOGADI-GEBRUIK BY DIE TSWANA VOOR EN GEDURENDE DIE HUWELIK

1. Algemeen ............................................. 90

2. Die hoeveelheid, voorwerp en samestelling van die huweliksgoedere ...................................... 91

2.1 Die vasstelling van die huweliksgoedere ........... 91
2.2 Die voorwerp en die samestelling van die huweliks=goedere .............................................. 95

3. Die verpligting om huweliksgoedere te lewer ........ 98

4. Die voorsiening van die huweliksgoedere ............ 103

4.1.1 Die afkomsgroep van die man ..................... 103
4.1.2 Die bron waaruit die huweliksgoedere verkry word. 110

4.2.1 Persone wat geregtig is op die gelewerde huwe=liksgoedere .......................................... 112
4.2.2 Die eiendomsreg op die gelewerde huweliksgoedere voor huweliksluiting ................................ 119
4.2.3 Die persone verantwoordelik vir die teruggawe van die huweliksgoedere ................................. 123

5. Die lewering van huweliksgoedere as essensiële ver=eiste by die huwelik .................................. 125

5.1.1 Waar die huweliksgoedere wel oorgedra is ........ 126
5.1.2 Waar die huweliksgoedere nog nie gelewer is nie.. 127

5.2 Gevolgtrekking oor die lewering van huweliksgoedere as essensiële vereiste vir die huwelik ............. 129

6. Die oordrag van die baarvermoë van die vrou ........ 130

6.1.1 Die inhoud van die vaderlike regte .............. 131
6.1.2 Die kinders waarop die vaderlike regte verkry word ................................................. 131

6.2 Kinderloosheid by die egpaar ........................ 138

6.2.1 Onvrugbaarheid by die vrou ...................... 138
6.2.2 Steriliteit of impotensie by die man ............ 139

7. Gevolgtrekking en samevatting van die erkenning en toepassing van die bogadi-gebruik voor en/tydens die huwelik ............................................ 139

HOOFSTUK 6 DIE ERKENNING EN TOEPASSING IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG VAN DIE BOGADI-GEBRUIK BY DIE TSWANA BY EGSKEIDING OF DOOD VAN EEN VAN DIE PARTYE

1. Algemeen ............................................ 141

2. Egskeiding .......................................... 141

2.1 Aksie vir teruggawe van huweliksgoedere by egskeiding ............................................ 143

2.1.1 Waar die vrou kinderloos is ..................... 143
2.1.2 Waar daar wel kinders is ........................ 148
2.1.3 Ander gevalle ................................... 152

2.1.3.1 Owerspel ...................................... 153
2.1.3.2 Verlating ..................................... 160

2.1.4 Die aftrekkings by die teruggawe van die huweliksgoedere ........................................ 164

2.2 Die teruggawe of verbeuring van huweliksgoedere as vereiste vir egskeiding ......................... 167
2.3 Aansprake op die kinders by egskeiding ............ 175

2.3.1 Huweliksgoedere wel oorgedra .................... 175
2.3.2 Huweliksgoedere nog nie oorgedra nie ............ 178

3. Dood van die man .................................... 178

3.1 Die leviraat-gebruik ............................... 179
3.2 Terugvordering van die huweliksgoedere na die dood van die man ........................................ 181
3.3 Regte op kinders ................................... 183

4.1 Dood van die vrou .................................. 183

4.1.1 Aksie vir teruggawe van die huweliksgoedere ..... 183

4.2 Die verskaffing van 'n plaasvervangende vrou ...... 185

5. Hertroue van 'n weduwee of geskeie vrou ............ 186

5.1 Aansprake op kinders ................................ 188

6. Gevolgtrekking en samevatting van die erkenning en toepassing van die bogadi-gebruik by egskeiding of dood van een van die partye ........................ 188

HOOFSTUK 7 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Samevattende gevolgtrekkings ............................ 190

1. Die erkenning en toepassing in die Suid-Afrikaanse reg van die bogadi-gebruik voor en gedurende die huwelik ............................................ 191

1.1 Vasstelling van die hoeveelheid huweliksgoedere ... 191
1.2 Voorwerp en samestelling van die huweliksgoedere .. 192
1.3 Die verpligting om huweliksgoedere te lewer ....... 192
1.4 Voorsiening van die huweliksgoedere ............... 193

1.4.1 Die lewering van huweliksgoedere deur die af= komsgroep van die man ........................... 193
1.4.2 Die bron waaruit die huweliksgoedere verkry word. 194
1.4.3 Die persone wat geregtig is op die gelewerde huweliksgoedere .................................. 194
1.4.4 Die eiendomsreg vir die gelewerde huweliksgoe= dere vóór huweliksluiting ....................... 195
1.4.5 Persone verantwoordelik vir die teruggawe van die huweliksgoedere .............................. 196

1.5 Die lewering van huweliksgoedere as vereiste vir huweliksluiting .................................. 196
1.6 Die oordrag van die baarvermoë van die vrou ....... 197

2. Die erkenning en toepassing van die bogadi-gebruik in die Suid-Afrikaanse reg by egskeiding of dood van een van die partye ............................ 198

2.1 Die terugvordering van die huweliksgoedere ........ 198
2.2 Gebruiklike aftrekkings by egskeiding ............. 199
2.3 Teruggawe of verbeuring van huweliksgoedere as vereiste vir egskeiding ........................... 199
2.4 Aansprake op die kinders by egskeiding of dood van een van die partye ................................ 200
2.5 Die leviraat- en seantlo-gebruik .................. 201

BRONNELYS ............................................... 204

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1. PROBLEEMSTELLING

'n Kenmerk van die Suid-Bantoe is die lewering van sekere roerende goedere deur die afkomsgroep van die bruidegom aan die afkomsgroep van die bruid vóór of na huweliksluiting. Die lewering van hierdie goedere staan algemeen bekend as die lobolo-gebruik alhoewel die terme soos bogadi (Tswana), bohali (Basoeto) en Thaka (Venda) ook voorkom. Die lobolo-instelling vervul 'n sentrale funksie in die huwelikslewe van die Bantoe en het ook belangrike sosiale, godsdienstige en ekonomiese gevolge. Vir die reg is hierdie instelling ook van kardinale belang. Vir die juris is dit noodsaaklik om te weet watter regsgevolge die lewering van huweliksgoedere op die gebied van die huweliksreg teweeg bring. Aspekte soos die oorgang van eiendomsreg in die gelewerde goedere en die reëling in verband met die teruggawe daarvan lyk op die oog af, ook van groot belang.

Namate die Bantoe in Suid-Afrika onder die gesag van die Blanke gekom het, moes die Blanke owerhede maatreëls vir die regs=pleging van die Bantoe tref. Vanweë die ingrypende verskil tussen die regstelsels van die Bantoe en die Blanke was die Blanke owerheid verplig om aan sommige howe die kompetensie te verleen om Bantoereg toe te pas. Sodanige kompetensie om Bantoereg toe te pas, impliseer dat die howe ook met geskille oor die lobolo-instelling te doen gekry het en beslissings daaroor gevel het. Die howe het egter nie 'n onbeperkte kom=petensie verkry om Bantoereg te erken en toe te pas nie. Rigsnoere vir die omvang en die inhoud van die erkenning is deur opeenvolgende owerheidsmaatreëls daargestel. Hierdie maatreëls het in die uitvaardiging van artikel 11 van die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927 gekulmineer.

Ingevolge artikel 11 van die genoemde wet is die inhoud van hierdie toepassingskompetensie voos volg omskryf: " ... die Bantoesakekommissarishowe ... (mag) ... in alle regsgedinge tussen Bantoes waarby kwessies van Bantoegebruike betrokke is na goedvinde beslis oor sulke kwessies ooreenkomstig die Bantoe= reg wat op sulke gebruike van toepassing is behalwe vir sover dit herroep of gewysig is." Uit die woorde van hierdie artikel blyk twee aspekte prima facie: Eerstens, die Bantoesakekom= missarishof is in 'n geding waarby Bantoegebruike (en onder andere die lobolo-instelling) ter sprake is, nie verplig om Bantoereg toe te pas nie. Tweedens, die hof is gemagtig om wel in sekere omstandighede Bantoereg toe te pas. Dit spreek egter vanself dat 'n aantal faktore daartoe kan bydra dat die inhoud wat die howe aan die toegepaste Bantoereg (en onder andere die lobolo-instelling) gee, aanleiding kan gee tot problematiese gevalle. Sodanige faktore is onder andere die vermenging van reëls van verskillende regstelsels wat kan voortvloei uit 'n situasie waar verskillende volksgroepe saam= woon; die gebrek aan inligting oor die regstelsels van ver= skillende volksgroepe en die omvang[1] van die kompetensiebevoegd= heid wat aan die howe gegee is om Bantoereg toe te pas. 'n Verdere faktor wat kan bydra tot hierdie problematiek en dus nie reg laat geskied aan die kultuurdraers nie, is die ander= soortige kultuuragtergrond van die regspreker. Om reg te laat geskied aan die regte, verpligtinge en regsfigure van 'n andersoortige regstelsel, voorveronderstel 'n deeglike kennis van die kultuur waarvan daardie regstelsel deel is. Dit is verstaanbaar dat die regsprekers nie altyd daardie kennis gehad het of selfs kon opdoen nie.[2]

Voorts beteken die algemene teenwoordigheid van die lobolo-in= stelling by die Suid-Bantoe geensins dat die reg aangaande

---

1. Ingevolge artikel 11(1) van Wet 38 van 1927 mag die howe nie Bantoereg wat in stryd is met "staatsgedragslyn of natuurlike regverdigheid" toepas nie.

2. Vergelyk Riekert 160 - 3.

hierdie instelling orals eenvormig is nie. Diepgaande kul= tuur- en ander verskille word tussen die volksgroepe, stamme= groepe en selfs verskillende stamme onder die Suid-Bantoe aangetref. Sodanige verskille reflekteer ook weer op die lobolo-instelling. Die toepassing van die reg aangaande die lewering van huweliksgoedere van een volksgroep of stam in 'n geding waarby 'n ander regstelsel betrokke is, lei nie alleen tot frustrasie en verbittering by litigante nie, maar skep ook regsonsekerheid en -verwarring.

Vanselfsprekend benadeel dit ook die uitbouing van gedifferen= sieerde Bantoeregstelsels. Met die snelle staatkundige ont= wikkeling van die Bantoetuislande is dit 'n vraag in hoeverre daar gevorder is met die skepping van afsonderlike Bantoereg= stelsels.

## 2. DOELSTELLING

In aansluiting by bostaande probleemstelling is die primêre doel van hierdie studie om te bepaal of die Tswanareg aangaande die lewering van bogadi reeds deur die howe erken en toegepas is. Sekondêr is die studie daarop toegespits om die inhoud en die omvang van sodanige erkenning vas te stel. In die gevalle waar besliste sake oor die ter sake onderdeel van Tswanareg ontbreek, is gepoog om beslissings op te spoor waar= in die algemene Bantoereg ooreenstem met die Tswanareg. So= danige gewysdes kan dan as steun gebruik word vir die erkenning en toepassing van die Tswanareg. Waar die literatuur onvol= ledig is oor Tswanareg, is ook gepoog om beslissings te vind wat met die breëre beginsels van die Tswanareg ooreenstem. Indien nodig, kan sulke beslissings tot hulp wees vir die uit= breiding van bestaande Tswanaregtelike beginsels oor die onder= werp.

Die oogmerk is om vas te stel in welke mate die Tswanareg reeds beslag gekry het, en om 'n aanduiding van die rigting te gee waarin dit behoort te ontwikkel. Die ondersoek hou ook in om die rigting te bepaal waarin die Tswanareg aangaande die bogadi-instelling

niê behoort te ontwikkel nie. Daarom word ook aangetoon watter beslissings en riglyne niê in die Tswanareg nagevolg behoort te word nie. Kortom, nie slegs die mate waarin Tswanareg met betrekking tot die lewering van huweliksgoedere reeds erken is nie, maar ook die versoening met en onderskeiding van die algemene Bantoereg, word in hierdie studie beoog.

## 3. UITGANGSPUNT EN METODE

Die Tswanareg wat as uitgangspunt gebruik is om die praktyk van die howe te toets, is die reg wat opgeteken is deur sekere skrywers oor die Tswanareg. Daar is veral gesteun op sodanige skrywers[1] wat hulle eksplisiet ten doel gestel het om die reg van bepaalde Tswanastamme op te teken. In mindere mate is gebruik gemaak van ander volkekundige en etnografiese werke,[2] want die waarde van sodanige inligting is vir regsdoeleindes minder bruikbaar. Die keuse van die stamme is dus tot 'n groot mate arbitrêr en bepaal deur beskikbaarheid en bruikbaarheid van inligting.

---

1. Vergelyk Schapera 1955 vi; Coertze 3; Riekert 4; Matthews 5. Die stamme waaroor hierdie skrywers navorsing gedoen het, is die Bahurutshe van Motswedi (Riekert), Bafokeng van Rustenburg (Coertze) en die Tshidi Baralong (Matthews): Schapera se werk was toegespits op die Bakgatla van Bot=swana. Dit is moeilik om te bepaal of sy werk ook verteen=woordigend van die Bakgatla van die Republiek is, aangesien inligting van laasgenoemde stammegroep baie beperk is. Daar word egter sterk gesteun op Schapera aangesien sy werk steeds as gesaghebbend deur die howe beskou word. Kyk Sekupa v Jonkman 1966 BAH 20 (SE).

2. Van Zyl L T 1969; Id 1973; Lestrade 938; Van Zyl H J 2; Erasmus 5; Vermaak 13; Schüler 10 - 14. Verskeie werke van Breutz is ook geraadpleeg. Kyk bibliografie. Stamme waarvan sodanige inligting gebruik is, sluit in Bakwena (Vermaak); Bakqatla (Van Zyl H J); Bantwane (Erasmus); en verskeie seksies van die Baralong, waaronder die Tshidi Baralong en die Baralong Seleka (Breutz en Schüler); Bako=lobenq (Van Zyl L T 1969); die Bathlora en Bafokeng ba ga Motlala. In die algemeen is werke van Breutz geraadpleeg aangesien sy inligting oor 'n groot aantal stamme gaan en dit onnodig is om dit hier weer te gee.

Weens die gebrek aan inligting wat daar oor die reg van 'n groot deel van die Tswanavolksgroep bestaan, kan daar nie ligtelik van 'n Tswanareg gepraat word nie. Die inligting wat vir hierdie studie gebruik word, is geensins volledig of verteenwoordigend van alle Tswanastamme nie. Hierdie leemte in die inligting moet steeds beklemtoon word. Ten spyte egter van hierdie struikelblok is die eenvormige patroon van die reg in die beskikbare literatuur merkwaar= dig. Die aanname om van 'n Tswanareg te praat, is dus nie heeltemal ongegrond nie. Vir die doeleindes van hierdie studie word dus inderdaad die term Tswanareg gebruik. Die term word egter gebruik, steeds op die veronderstelling dat die Tswanareg slegs daardie inligting omvat wat hier gebruik is. Onderlinge verskille tussen die stamme is egter sover moontlik aangedui.

## 4. TERMINOLOGIE

Alhoewel die studie oor die bogadi-gebruik by die Tswana handel, word hierdie term slegs by uitsondering gebruik. Die rede daarvoor is dat die populêre term vir huweliks= goedere lobolo is en hierdie woord algemeen deur die howe en skrywers gebruik word. Die gebruik van beide die term bogadi of lobolo sal dus tot verwarring lei. Die term "huweliksgoedere" word daarom meer dikwels gebruik. Dit is 'n aanduiding van die goedere wat vir die huwelik ge= lewer word.

Die term "huwelik" word gebruik vir sowel die Tswanareg= telike as gemeenregtelike huwelik. Die term "gebruiklike verbinding" om die Tswanaregtelike huwelik aan te dui, word sover moontlik vermy. "Gebruiklike verbinding" word deur die wetgewer[1] en howe gebruik.

1. Artikel 37 van Wet 38 van 1927.

Die Bantoeregtelike[1] huwelik is egter as instelling steeds 'n huwelik ten spyte van die negering daarvan deur die howe[2] en die wetgewer.

Die term "baarvermoë" word bo die term "reproduksieverpligting" verkies. Eersgenoemde term omskryf die teenprestasie wat ge= lewer moet word vir die huweliksgoedere in die Tswanareg baie beter.

"Algemene Bantoereg" is die term wat vir daardie Bantoereg gebruik word wat deur die Bantoe-appèlhowe as die geldende reg vir die Bantoe in Suid-Afrika aanvaar word. Die Bantoe= appèlhowe maak egter ook voorsiening vir bepaalde stamgebruike.

Onder "volksgroep" word verstaan 'n etniese groep soos die Tswana, Zoeloe en Xhosa.

"Stammegroep" is die samevattende term vir bepaalde stamme wat onderverdeel het. Die Baralong Seleka en Tshidi Baralong be= hoort byvoorbeeld aan dieselfde stammegroep.

"Stamme" word onderskei as die outonome eenhede wat saam 'n volksgroep vorm.

"Tswanareg" omvat daardie reg wat deur sekere skrywers as die geldende reg van Tswanastamme opgeteken is, en wat in hierdie studie vervat is.

## 5. OORSIG VAN DIE INHOUD VAN DIE STUDIE

In hoofstuk 1 word in hoofsaak 'n uiteensetting van die pro= bleemstelling en doel van hierdie studie gegee. Enkele proble= me wat met die studie ondervind is, word ook aangedui.

---

1. Ook Olivier xi gebruik hierdie term.
2. Vir 'n samevatting van die howe se houding, kyk Van der Vyver 105.

In hoofstuk 2 word 'n kursoriese oorsig gegee van die wetgewing in die vier provinsies wat uitgeloop het in die uitvaardiging van die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927. Laasgenoemde wet magtig die toepassing van Bantoereg en die reg aangaande die lobolo-instelling. 'n Algemene agtergrond en oorsig van die houding van die howe ten opsigte van die lobolo-instel= ling, word ook gegee.

In hoofstuk 3 word die regsgevolge van die huweliksgoedere voor en gedurende die huwelik in die Tswanareg bespreek. In besonder word aandag gegee aan die hoeveelheid en voorwerp van die hu= weliksgoedere; die verpligting om huweliksgoedere te lewer; partye betrokke by die lewering van huweliksgoedere; die vraag of die lewering van huweliksgoedere 'n vereiste vir huwelik= sluiting is; die oordrag van die baarvermoë na die afkoms= groep van die man en die toepaslike instellings in geval van 'n kinderlose huwelik.

Hoofstuk 4 handel oor die regsgevolge van die huweliksgoedere by egskeiding en dood van die man en vrou in die Tswanareg. Die hoofaspekte wat daarin behandel word, is die aksie vir teruggawe van die huweliksgoedere; die teruggawe van die huweliksgoedere as vereiste vir egskeiding; die verwantskaps= regtelike posisie van die kinders en die benutting van die baarvermoë van die vrou na die dood van die man.

Hoofstukke 5 en 6 volg in hoofsaak dieselfde patroon as hoof= stukke 3 en 4. Die klem val nou net op die erkenning en toe= passing van die Tswanaregtelike beginsels in die Suid-Afrikaan= se reg.

Hoofstuk 7 word gewy aan enkele gevolgtrekkings waartoe gekom is. 'n Algemene samevatting van die erkenning en toepassing van die bogadi-gebruik in die Suid-Afrikaanse reg word ook gegee.

## 6. ENKELE PROBLEME WAT ONDERVIND IS

Inligting oor die Tswanareg oor uiters belangrike aspekte ont=breek in 'n groot mate. Hieronder kan genoem word die oor=gang van eiendomsreg in die gelewerde huweliksgoedere, asook die gevolge met betrekking tot aanwas en vrektes onder soda=nige vee. Daarmee gaan gepaard die gebrek aan enige bruikbare inligting ten aansien van sekere stamme. Boonop kan daar nie weggekom word van die idee dat sekere inligting baie verouderd is nie. Alhoewel die basiese beginsels in die reg dieselfde bly, is literatuur oor die "lewende reg" van die Tswana baie karig.

Vir die vasstelling van die Tswanareg was dit noodsaaklik om ook staat te maak op volkekundige werke. Uit die aard van die saak is die waarde van hierdie werke vanweë die klem wat daar op die sosiale aspek van die kultuur geplaas word, vir die reg van minder waarde. Selfs die werke wat eksplisiet daarop in=gestel was om die reg van 'n bepaalde stam weer te gee, neig soms na 'n kasuïstiese uiteensetting van die regsposisie.[1]

In sover dit uitsprake van die Bantoe-appèlhowe betref, is die hofverslae oor die algemeen uiters beknop en onvolledig. Dit is moeilik om in die meeste sake, met lofwaardige uitsonderinge, die grondliggende <u>ratio</u> te abstraheer in die beslissings. Die Bantoesakekommissarishowe sondig egter die meeste deur nie die volksverband van die partye aan te toon nie, ten spyte van herhaalde versoeke in dié verband van die kant van die Bantoe=appèlhowe. Dit is dus onmoontlik om te bepaal of 'n bepaalde beslissing as gesag vir die reg van 'n besondere volksgroep gebruik kan word of nie.

1. Vergelyk Schapera 1955.

# HOOFSTUK 2

## HISTORIESE OORSIG VAN DIE ERKENNING EN TOEPASSING VAN DIE BOGADI-GEBRUIK IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

### 1. DIE ERKENNING VOOR 1927

#### KAAP

Die opvallendste kenmerk van die vroeëre Britse regspleging ten opsigte van die Bantoestamme aan die Oos-Kaap was dat die behartiging van privaatregtelike geskille aan die stamhoofde oorgelaat is. Die Britse regering was hoofsaaklik begaan oor ernstige misdade soos moord en verkragting en dade wat die vrede aan die Oos-grens sou versteur. Siviele geskille, en dus ook geskille wat handel oor die lewering van huweliksgoedere, is vanaf die anneksasie van Brits-Kaffraria in 1847, in die hande van die stamhoofde gelaat.[1] Vanaf 1860 word Brits-Kaffraria as 'n afsonderlike kolonie van Brittanje bestuur. Die Spesiale Magistrate het opdrag gekry om geen aksies te verhoor wat gegaan het oor die terugvordering van huweliksgoedere nie.[2] Hierdie opdrag is blykbaar nie algemeen uitgevoer nie. Met verloop van tyd is die opdragte weer terug getrek en die Spesiale Magistrate het daarop instruksies gekry "to deal with a native dowry (ikazi) cases exactly as they would have done if these instuctions had not been issued."[3]

Brits-Kaffraria is in 1865 by die Kaapkolonie ingelyf en al die stamme is onderworpe gemaak aan die reg wat in die Kaap gegeld het.[4] Dit sou meebring dat alle privaatregtelike geskille, met die insluiting van geskille wat handel oor huweliksgoedere,

1. Goverment Commission on Native Law and Custom 16.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Artikel 23 van Proklamasie 110 van 1879(k).

volgens die Kaapse reg beslis sou word.

In teenstelling daarmee is met die anneksasie van die Transkei=gebiede spesiaal voorsiening gemaak vir die toepassing van Bantoereg in die anneksasieproklamasies, met sekere voorbe=houde.[1] Die anneksasie van die Transkeigebiede het in 1879 'n aanvang geneem en die gebied is as deel van die Kaapkolonie geproklameer. Die reg van die Kaapkolonie sou ook in die gebied geld, maar statute wat vóór en ná anneksasie uitgevaardig is, sou nie van toepassing wees nie, behalwe as dit ook uitdruklik van krag gemaak word.[2] In die anneksasieproklamasie is bepaal dat in gedinge tussen Bantoes onderling[3] die hof, afgesien van die gelding van Kaapse reg, ook die geskil deur die toepassing van Bantoereg kon besleg. Soortgelyke wetgewing het Tembuland[4], Port St Johns,[5] Rode Valley,[6] Xesibe Country[7] en Pondoland[8] by die Kaapprovinsie ingelyf. Deur Wet 41 van 1895(K) is Brits-Betsjoeanaland as deel van die Kaap geannekseer. Artikel 16(c) van Wet 41 van 1895(K) het die jurisdiksie van die kapteinshowe vasgestel ten opsigte van privaatregtelike aangeleenthede. Dit spreek dus vanself dat gedinge voortspruitende uit die lewering van huweliksgoedere in die Transkeigebiede en Brits Betsjoeana=land volgens Bantoereg verhoor kon word.

Die <u>Goverment Commission on Native Laws and Customs</u> het in 1883 sy verslag aan die Parlement voorgelê en interessante waarnemings en aanbevelings oor die <u>lobolo</u>-gebruik gedoen: Die kommissie

---

1. Wet 38 van 1877(K) saamgelees met Proklamasie 110 en 112 van 1879(K).
2. Artikels 1 2 en 3 van Wet 38 van 1877(K).
3. Artikel 23 van Proklamasie 110 van 1879(K). Die toepaslike gedeelte het gelui: "in which case it <u>may</u> be dealt with according to Native Law ... "
4. Wet 3 van 1885(K).
5. Wet 35 van 1885(K).
6. Wet 45 van 1887(K).
7. Wet 37 van 1886(K).
8. Wet 5 van 1894(K).

was oortuig dat die ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer nie van die vrou 'n slaaf maak of 'n gedwonge huwelik beteken nie.[1] Volgens die kommissie is dit egter 'n waarborg vir goeie gedrag[2] en "a chief essential to a native marriage."[3] Oor die algemeen word die volgende omskrywing gegee:[4] "all inquiries into the history of this custom of the payment or dowry, in the form of services or otherwise, indicate that in order to secure the father's consent[5] to the marriage of his daughter, translating her from his guardianship to that of her husband, and by which the father should lose the benefit of his daughter's services,[5] the intending husband was obliged by payment or by services rendered to the guardian to prove his fitness to undertake the duties of husband and future guardian." Opmerklik is die klem wat gelê word op die vergoeding vir die dienste van die vrou en die toestemming van die vader. Daarenteen ontbreek die beskou=ing dat huweliksgoedere gelewer word as konsiderasie vir die baarvermoë van die vrou geheel en al.

Die kommissie het 'n aantal aanbevelings gemaak oor Bantoeregte=like huwelike, sowel as oor die lewering en teruggawe van huweliks goedere in die Kaapkolonie en in die Transkeigebiede. Vir beide gebiede is voorgestel dat huweliksgoedere nie meer as 'n essensiël vereiste van die huwelik nie moet geld[6] en dat die Bantoeregtelike huwelik ook in die Kaapprovinsie erken moet word.[7] Teruggawe

---

1. Verslag 30.
2. Huweliksgoedere as waarborg vir goeie gedrag soos deur die kommissie gestel, het uitdruklik weer ter sprake gekom in Hebe v Mba 12 EDC 6 op 10. Die toets van goeie gedrag sou later weer telkens in beslissings oor die teruggawe van huweliksgoedere ter sprake kom. In die Tswanareg vind hier=die begrip nie toepassing nie.
3. Verslag 29.
4. Ibid.
5. My onderstreping.
6. Artikel 5 van Aanhangsels 2 en 3 van die verslag.
7. Aanhangsel 3 artikel 3 en 4.

van huweliksgoedere moet onder bepaalde omstandighede geskied. Vir die Transkeigebiede is voorgestel dat indien die huwelik kinderloos ontbind word as gevolg van die vrou se optrede, al die huweliksgoedere terugvorderbaar is.[1] Die res van die aan=bevelings behels dat die volgende faktore in ag geneem moet word om te bepaal of die huweliksgoedere teruggegee moet word al dan nie: die tydperk wat die huwelik geduur het; in die geval van dood van een van die partye, moes die oorsaak vir die dood ook in ag geneem word en die aantal kinders uit die huwelik ge=bore.

Die aanbevelings van die kommissie is egter nie aanvaar nie en in die Transkeigebiede het die howe die Bantoereg toegepas uit hoofde van die anneksasieproklamasies.[2]

Die howe in die Kaapkolonie het egter konsekwent geweier om Bantoeregtelike huwelike te erken. Die beswaar wat daarteen ge=opper is, is dat dit poligamies is en daarom in stryd met die openbare sedes is.[3] Dit het meegebring dat die samewoning tussen die man en vrou nie as 'n huwelik erken is nie. In Nanto v Malgass[4] word die verweerder aangespreek vir beweerde owerspel. Die verweer dat daar geen huwelik was nie, slaag. In hierdie saak het hr De Villiers dit betreur dat die wetgewer nie voorsiening gemaak het dat die Bantoes huwelike volgens hul=le reg kan sluit nie. Ander aspekte, soos verskyningsbevoegdheid,[5] die beheer en toesig van 'n moeder op haar buite-egtelike kind[6] en 'n vrou se bevoegdheid om haar eggenoot te verbind vir huis=

1. Aanhangsel 2 Artikel 13a.
2. Artikel 23 van Proklamasie 110 van 1879(K) en Proklamasie 112 van 1879(K) en artikel 22 van Proklamasie 140 van 1885.
3. Ngqobela v Sihele 10 SC 346 (1893).
4. 5 SC 108 (1887).
5. Ook Jokwana v Makobana 14 EDC 2 (1889); Koytyo v Sibanu 7 EDC 186 (1893).
6. Gongalizwe v Mzia 17 EDC 21 (1902); Mayo v Poro 14 EDC 8 (1899).

houdelike benodigdhede,[1] is alles beoordeel asof daar geen huwelik tussen die partye tot stand gekom het nie.

Aangesien die Bantoeregtelike huwelik volgens die howe geen huwelik was nie, volg dit dat die howe ook nie bereid was om 'n aksie te verleen vir die teruggawe van huweliksgoedere wat gelewer is vir 'n Bantoeregtelike huwelik nie. In Malgas v Gakavu [2] het die hof die ratio soos volg gestel:[3] "we must regard lobolo as a consideration given for future immoral cohabitation and, being therefore, illegal, it cannot be recovered in a Court of Law." Dit blyk egter dat die hof nie teen die lobolo-instelling as sulks gekant was nie. Daar word gesê:[4] "It may, however, be that ... lobolo is given, as some contend, to guarantee the native husband's proper treatment of his native wife ..." Die hof het ook geweier om 'n aksie vir die terugvordering van huweliksgoedere toe te staan waar 'n Bantoeregtelike verlowing aangegaan is wat later verbreek is.[5] Die hof was egter in een saak so gebelgd[6] deur die onbillikheid van die verweer[7] van die meisie se vader dat hy hom sy koste ontneem het.

Hebe v Mba[8] het 'n belangrike beginpunt aangedui vir sover dit gaan om die erkenning van die lewering van huweliksgoedere as instelling. Die eiser en verweerder se dogter sou in 'n gemeen=regtelike huwelik tree. Die dogter verbreek egter die verlowing op grond daarvan dat die man onwelvoeglik met 'n ander meisie

---

1. Zondani v Maashe 18 EDC 71 (1904).
2. 6 EDC 225 (1891); Ook Matshobangwana v Mpambani 1916 EDL 235.
3. 226.
4. 226.
5. Matshoba v Klaas 10 EDC 135 (1896).
6. Makonto v M'Dabankulu 6 HCR 224 (1892).
7. Die verweer waarvan hier sprake is, is dat die huweliks=goedere nie teruggevorder kan word nie, aangesien dit gegee is vir 'n immorele kontrak.
8. 12 EDC 6 (1897); Ook Nombombo v Stofile 19 SC 353 (1902); Piet v Goneso 17 EDC 23 (1902).

omgegaan het. Die hof ondersoek die vorige gewysdes[1] waarin die huweliksgoedere teruggeëis is en kom tot die gevolgtrekking[2] dat die lobolo-instelling nie in stryd is met die algemene be=ginsels van die Kaapse reg nie. Die hof erken gevolglik die lobolo-instelling.

Ook in Nombombo v Stofile[3] is gevolg gegee aan die lobolo-instelling Die huweliksgoedere is met die oog op 'n gemeenregtelike huwelik gegee. Die hof beslis dat die vader geregtig is om die huweliks=goedere te behou nadat die man die verlowing verbreek het.

In hoofsaak kom die regsposisie in die Kaap vóór 1927 op die volgende neer: Die lobolo-instelling is slegs erken waar die lobolo in samehang met 'n gemeenregtelike huwelik gegee is. In die Transkeigebiede is dit saam met sowel die gemeenregtelike as Bantoeregtelike huwelik erken.

TRANSVAAL

Die Zuid-Afrikaanse Republiek het geen uitvoerige wetlike maatreëls daargestel om die Bantoebevolking van die gebied te beheer en te administreer nie. Ingevolge Artikel 3 van Wet 3 van 1876 is siviele geskille tussen Bantoes deur die kaptein, bygestaan deur 'n onder-kommissaris, bereg. Artikel 24 van die wet het voorsiening gemaak vir die aanstelling van huweliksbevestigers en het ook bepaal dat "het aankopen van vrouwen of veelwijverij" nie erken word nie. Beide die Bantoeregtelike huwelik en die lewering van huweliksgoedere is hiermee misken. Na hierdie maat=reël is Wet 4 van 1885 uitgevaardig. Hierdie wet word deur

---

1. Die hof verwys onder andere na die saak van Nanto v Malgass 5 SC 108 (1887) asook na Nqqobela v Sihele 10 SC 346. In laasgenoemde saak het die hof ook die teruggawe van die huweliksgoedere gelas. Die huweliksgoedere is egter in same=hang met 'n Bantoeregtelike huwelik in die Transkeigebiede gelewer.

2. 10.

3. 19 SC 353 (1902).

Brand[1] getipeer as die eerste opbouende maatreël wat vir die erkenning van die Bantoereg voorsiening gemaak het. Artikel 2 van die wet bepaal: "De wetten, gewoonten, of gebruiken tot hiertoe bestaande onder de inboorlingen zullen voortduren in deze Republiek van kracht blijven zoolang zij niet strijdig te zijn met die algemene beginselen van beskawing erken door de beschaafde wêreld." Op die oog af wil dit voorkom asof die reg aangaande die lewering van huweliksgoedere wel toegepas kan word, mits dit nie in stryd sou wees met die "algemene beginselen van beskawing"[2] nie.

Wet 3 van 1897 is uitgevaardig om huweliksaangeleenthede van Bantoes[3] te reël. Artikel 1 van die wet het voorsiening gemaak vir die sluiting van huwelike en in artikel 11 van die wet is melding gemaak van egskeidings. Aangeleenthede oor die lewering van huweliksgoedere word nie uitdruklik gereël nie.[4]

In Kaba v Ntela[5] het die hof die geleentheid gehad om hom oor die lewering van huweliksgoedere uit te laat. Die eiser dagvaar sy skoonvader vir die teruggawe van huweliksgoedere nadat sy vrou hom verlaat het. Die hof ondersoek die wetgewing in Transvaal en bevind dat poligamie nie toelaatbaar[6] is nie. Vorige gewysdes in Transvaal beskou ook nie die eggenote van 'n Bantoeregtelike huwelik as 'n eggenote vir die doeleindes van die bewysreg[7] nie. Die hof kom tot die slotsom, ook op sterkte

---

1. 197.
2. Artikel 2 van Wet 4 van 1885.
3. Die wet praat van "Kleurlingen".
4. Contra Olivier 291.
5. 1910 TPD 964.
6. Ingevolge Artikel 24 van Wet 3 van 1876.
7. In R v Nalana 1907 TS 407 en R v Mboko 1910 TPA 445 is bevind dat die eggenote van 'n Bantoeregtelike huwelik wel teen haar man kan getuig.

van die Kaapse sake,[1] dat,[2] "a native marriage is not consistent with the general principles of civilization[3] because of its polygamous character." Met die argument dat die Bantoeregtelike huwelike nie deur die howe erken kan word nie, maar dat dit bloot 'n onwettige en immorele samewoning is, volg dit ook dat die huweliksgoedere nie teruggevorder kan word nie. Die hof sê[4] op sterkte van Ngqobela v Sihele:[5] "In law there is a par delictum and the claimant cannot prevail over the possessor." Dit blyk dus dat die Transvaalse Hooggeregshof die Kaapse praktyk in dié verband volg: Die hof gelas teruggawe van huweliks=goedere wat gelewer is by die sluiting van 'n gemeenregtelike huwelik.[6] Terugvordering van huweliksgoedere by 'n Bantoe=regtelike huwelik sal egter nie slaag nie, aangesien sodanige huwelik volgens die howe slegs 'n immorele samewoning is.[7] Die howe weier gevolglik om gevolg te gee aan 'n ooreenkoms wat gesluit is vir 'n immorele doel.

NATAL

Ingevolge Ordonnansie 12 van 1845(K) is Natal as deel van die Kaapkolonie geproklameer. Die Romeins-Hollandse regstelsel is op al die onderdane in die gebied van toepassing gemaak. Ordonnansie 3 van 1849(K) het die howe gemagtig om Bantoereg toe te pas. Geskille aangaande die lewering van huweliksgoedere kon dus ook ooreenkomstig Bantoereg beslis word. Ordonnansie[3] van 1849 is gevolg deur verskillende maatreëls wat van tyd tot

---

1. Ngqobela v Sihele 10 SC 346 (1893); Malgass v Gakavu 6 EDC 225 (1891).
2. 970.
3. Vergelyk Artikel 2 van Wet 4 van 1885 wat bepaal dat Bantoe=reg toegepas word indien nie in stryd met "de algemene beginselen van beskawing"is nie.
4. 970.
5. 10 SC 346 (1893) op 352.
6. Sifolo v Mokou 1911 TPA 426.
7. Kaba v Ntela 1910 TPA 964.

tyd getref is. Vir hierdie studie is van belang die uitvaardiging van 'n kode wat ook in geskille oor lobolo gebruik moes word. Hierdie kode is uitgevaardig deur Wet 19 van 1891. Van tyd tot tyd is dit deur die Parlement gewysig en ook weer opnuut uitgevaardig deur Proklamasie 168 van 1932 en Proklamasie R 195 van 1967. Laasgenoemde Proklamasie is van toepassing op Natal en Zoeloeland[1] en is daarom vir hierdie studie nie van kardinale belang nie. Daar sal dus hoofsaaklik op sekere bepalings van Proklamasie R 195 van 1967 gewys word, en nie ingegaan word op die interpretering daarvan deur die howe nie.

Op hierdie stadium kan volstaan word met enkele opmerkings. 'n Paar belangrike bepalings het reeds in Wet 19 van 1891 verskyn: Eerstens, Artikel 182 van hierdie wet het bepaal dat geen eise vir die terugvordering van huweliksgoedere in die howe erken word nie. Tweedens, Artikel 177 van Wet 19 van 1891 het bepaal dat die lobolo-beeste op of voor die dag van huweliksluiting gelewer moes word. Derdens, Artikel 178 van dieselfde wet het 'n tabel vir die maksimum aantal beeste vasgestel wat gelewer kan word. Die laaste twee bepalings is met geringe wysiginge in Proklamasie 168 van 1932 opgeneem. Daarna is hierdie bepalings ook in die huidige maatreël, naamlik, Proklamasie R 195 van 1967, opgeneem.[2]

Die bepaling aangaande die nie-terugvordering van die lobola-beeste is reeds deur Wet 7 van 1910(N) gewysig. Eise vir die terugvordering van die lobolo is daarna sonder beperking in Proklamasie 168 van 1932 erken en ook in Proklamasie R 195 van 1967 opgeneem.[3] 'n Ander opvallende kenmerk van die bepalings in hierdie Proklamasies is die feit dat die lewering van lobolo nie as 'n vereiste vir 'n geldige huwelik gestel word nie.[4]

---

1. Seymour 372; Olivier 580.
2. Vergelyk Artikels 87(1) en 85.
3. Vergelyk Artikel 83.
4. Vergelyk Artikel 59(1) van Proklamasie R 195 van 1967; Olivier 41.

Uit die bepalings van die Natalse Wetboek Proklamasie R 195 van 1967 is dit dus duidelik dat die lobolo-instelling by die Zoeloe wel deeglik erken en inhoud aan gegee is.

VRYSTAAT

Die "Wetboek van den Oranjevrijstaat" het spesiaal voorsiening gemaak vir die vererwing van boedels van Baralong wat in die Moroka distrik woonagtig was.[1] Die maatreël het uitsluitlik die regte van die kinders gebore uit gemeenregtelike en Bantoe=regtelike huwelike gereël.[2] Die status van Bantoeregtelike huwelike[3] word egter nie vasgestel nie. Geen melding word ook gemaak van die gevolge van die lewering van huweliksgoedere nie.

"De Huwelijkswet"[4] het voorsiening gemaak vir die sluiting van huwelike in die res van die gebied. Slegs huwelike wat ingevolge hierdie wet gesluit is, was geldig.[5] Bantoeregtelike huwelike was nie daarby ingesluit nie. Voorsiening is wel gemaak vir die erfreg van kinders van Bantoeouers "zich als man en vrouw beschouwden, en als zoodanig te zamen hebben geleefd, en zich niet met veelwijverij hebben opgehouden."[6] Weer eens word geen melding van die erkenning en toepassing van die reg aangaande die lewering van huweliksgoedere gemaak nie.

2. DIE BANTOE-ADMINISTRASIE WET 38 VAN 1927

Die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927 is van toepassing ge=maak op die hele Unie van Suid-Afrika en het dus 'n eenvormige erkenning en toepassing van Bantoereg moontlik gemaak.[7] Die

---

1. Wetboek van den Oranjevrijstaat 1854 - 1891 Hoofstuk LVI.
2. Artikel 2.
3. Contra Brand 200.
4. Wetboek van den Oranjevrijstaat 1854 - 1891 Hoofstuk XC.
5. Ibid Artikel 1.
6. Ibid Artikel 24.
7. Olivier 76; Simons 53.

bepaling wat die erkenning van Bantoereg gereël het, was artikel 11(1) van hierdie wet. Daarin word ook die toepassing van die reg aangaande die lewering van huweliksgoedere moontlik gemaak. Artikel 11(1) lui soos volg: "Nieteenstaande die bepalings van enige ander Wet mag die Bantoesakekommissarishowe in alle regs=gedinge tussen Bantoe waarby kwessies van Bantoegebruike betrokke is na goedvinde beslis oor sulke kwessies ooreenkomstig die Bantoereg wat op sulke gebruike van toepassing is behalwe vir sover dit herroep of gewysig is: Met dien verstande dat sulke Bantoereg nie in stryd mag wees nie met die beginsels van staatsgedragslyn of natuurlike regverdigheid: Met dien verstande verder dat 'n hof nie bevoeg is nie om te verklaar dat die lobolo-, bogadi- of ander dergelike gebruik met daardie beginsels in stryd is."

Die mate van erkenning wat die howe aan Bantoereg gegee het uit hoofde van hierdie sub-artikel, moet nog behoorlik uitgewerk word. Vir die onderwerp onder bespreking is dit voldoende om die volgende te meld: Eerstens, dit is slegs die Batoesakekommissaris=howe wat die bevoegdheid verkry het ingevolge artikel 11(1) om die Bantoereg toe te pas.[1] Die verskillende afdelings van die Bantoeappèlhowe[2] kan uit die aard van die saak ook Bantoereg toe=pas wanneer na hulle geappèlleer word. Die appèlafdeling van die Hooggeregshof kan ook appèlle verhoor onder sekere omstandig=hede[3] en sal dus ook Bantoereg toepas in bepaalde gevalle. Die howe van gemagtigde Kapteins en hoofmanne[4] mag slegs Bantoereg toepas. Oor die vraag wat die bevoegdheid van die Hooggeregshof is om Bantoereg toe te pas, bestaan daar botsende uitsprake.

---

1. Die toepaslike gedeelte in artikel 11(1) lui: " ... die Bantoesakekommissarishowe (mag) ... na goedvinde beslis ... ooreenkomstig die Bantoereg ..."
2. Ingestel ingevolge artikel 13 van Wet 38 van 1927.
3. Ingevolge artikel 18 kan met toestemming geappèlleer word na die appèlafdeling van die Hooggeregshof en ingevolge artikel 14 kan die Minister 'n regsvraag aan hierdie hof vir sy beslissing voorlê.
4. Artikel 12.

In ouere sake was die howe bereid[1] om die Bantoereg soos toegepas deur die Bantoeappèlhowe as gesaghebbend te beskou. In latere gewysdes[2] word die beginsel gevind dat alle gewoontes, en dus ook Bantoegewoontes, in die hof bewys moet word. Getuienis moet gelei word om te bewys wat die gewoonte is wat in 'n bepaalde gebied gevolg word. Waar 'n party hom dus beroep op 'n ooreenkoms vir die lewering van huweliksgoedere sal die reg van toepassing op daardie stam bewys moet word indien dit nie reeds voorheen in die howe bewys is nie.[3] Die Bantoereg aangaande die lewering van huweliksgoedere sal egter nie afgedwing word indien dit strydig is met die beginsels van die gemenereg, of contra bonos mores, of onwettig ingevolge die gemenereg[4] is nie. Onderworpe aan bogenoemde beginsels het die Hooggeregshof dus wel die be=voegdheid om Bantoereg en dus ook die reg aangaande die lewering van huweliksgoedere toe te pas. In Sani v Klaas[5] het die partye 'n gemeenregtelike huwelik gesluit en die hof het inder=daad gevolg gegee aan die lobolo-ooreenkoms. Die teruggawe van huweliksgoedere is gelas nadat die vrou haar man kwaadwilliglik verlaat het. Waar die huweliksgoedere egter vir 'n Bantoe=regtelike huwelik gegee word, sal so 'n ooreenkoms nie afdwing=baar wees nie. Die howe het ook ná 1927 beslis dat so 'n same=woning geen huwelik is nie[6] en daarom sal 'n ooreenkoms in verband met huweliksgoedere nie afdwingbaar wees nie.

Tweedens, die Bantoesakekommissarishof kan ingevolge artikel 11(1) van die Bantoe-administrasie Wet "na goedvinde"[7] beslis

---

1. Sigcau v Sigcau 1944 SA 67 (A).
2. Mosii v Motseoakhumo 1954(3) SA 919(A) Saliwa v Minister of Native Affairs 1956(2) SA 310 (A).
3. Indien die gewoonte wel eenmaal bewys is, word dit beskou as 'n geldende regsreël.
4. Seymour 2.
5. 1955(2) PH R 26(O).
6. Suid-Afrikaanse Nasionale Trust en Assuransie Mpy Bpk v Fondo 1960(2) SA 467(A); Zulu and A v Minister of Justice and A 1956(2) SA 128(A).
7. Artikel 11(1).

in gedinge "waarby kwessies van Bantoegebruike betrokke is."[1] Volgens die howe het hierdie woorde bepaal dat die erkenning en toepassing van Bantoereg nie verpligtend is nie maar dat die Bantoesakekommissaris 'n diskresie het om Bantoereg toe te pas. Hierdie diskresie bestaan alleenlik in die gevalle waar Bantoereg ook ter sprake kom. In Ex parte Minister of Native Affairs: In re Yako v Beyi[2] word verklaar:[3] "What is intended is that wherever the case is one in which Native Law could be applied on the ground that the issues relate to matters in respect of which native custom exists, the discretion arises." Hieruit volg dat die Bantoesakekommissaris self kan besluit om nie Bantoereg toe te pas nie waar die ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer, ter sprake kom. Die diskresie wat die Bantoesakekommissarishof moet uitoefen is judisieel en nie willekeurig nie.[4] Ten opsigte van die diskresie by sake wat handel oor die lewering van huweliks=goedere word die benadering van die hof soos volg gestel:[5] " ... the Court ruled that lobolo is paid under Native Custom and is recoverable under that law irrespective of the form of cele=bration of the marriage." Dit wil dus voorkom asof die hof in die gevalle waar die huweliksgoedere-instelling ter sprake is Bantoereg móét toepas. In Fuzile v Ntloko[6] het die hof geweier om te aanvaar dat sodanige kontrak[7] "is a mere gift or reward for obtaining the consent of the woman's guardian to the marriage." Laasgenoemde aanhaling is duidelik 'n poging om die ooreenkoms tot lewering van huweliksgoedere in 'n gemeenregtelike vorm te giet. Lewin[8] se waarneming dat "Parliament gave ....an un=qualified recognition to the central institution of Native Law,

1. Artikel 11(1).
2. 1948(1) SA 388(A).
3. 395.
4. Fuzile v Ntloko 1944 BAH 2 (K en O).
5. 4.
6. 4.
7. 5.
8. 14.

the practice of lobolo," is miskien eerder deur die howe daarge=stel as deur die wetgewer.

Derdens, ingevolge artikel 11(1) van die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1937 mag die howe slegs Bantoereg toepas en erken wat nie in stryd is met die beginsels van staatsgedragslyn of natuur=like regverdigheid nie. In die verdere voorbehoudsbepaling word egter uitdruklik gestel dat daar nie bevind kan word dat die "lobolo-, bogadi- of ander dergelike gebruik" in stryd is met sodanige beginsels nie.

In die lig van die voorafgaande beslissings van die howe was dit blykbaar onnodig dat hierdie voorbehoudsbepaling in artikel 11 ingevoeg is. Selfs voor die inwerkingtrede van wet 38 van 1927 is die lobolo-gebruik nie in stryd met die openbare sedes beskou nie. Brand[1] se waarneming dat die "lobolo-instelling ontoe=laatbaar gevind" is ingevolge die Transvaalse Wet 4 van 1885 is moontlik te wyd gestel. Die lewering van huweliksgoedere is reeds voor 1927 afgedwing[2] alhoewel geweier is om daaraan gevolg te gee waar dit gegee is saam met 'n Bantoeregtelike huwelik.[3] Die ratio daarvoor was dat die Bantoeregtelike huwelik 'n immorele samewoning was en dat die eiser vir die teruggawe van die huweliks=goedere in par delictum[4] was. 'n Soortgelyke praktyk het gegeld in die Kaapprovinsie. Hierdie voorbehoudsbepaling is moontlik ingesit om die saak bo alle twyfel te stel.

Vierdens, 'n saak wat nou aansluit by die erkenning van die lobolo- en bogadi-gebruik is die houding van die Hooggeregshof ten opsigte van die Bantoeregtelike huwelik of gebruiklike ver=binding soos dit deur die wetgewer in die Bantoe-administrasie

---

1. 258.
2. Sifolo v Mokou 1911 TPA 426.
3. Kaba v Ntela 1910 TPD 964.
4. 970.

Wet 38 van 1927 genoem word.[1] So 'n Bantoeregtelike huwelik, is net soos vóór 1927, ook nie ná 1927 erken nie aangesien dit beskou is as in stryd met die goeie sedes.[2] Soos Van der Vyver[3] dit stel: "Kortom, die hof neem konsekwent die standpunt in dat die lobolo-verbintenis geen geldige huwelik daarstel nie, ten spyte van die feit dat die wetgewer (kasuïsties) sekere huweliksgevolge daaraan koppel en al word die sluiting van 'n Bantoegewoonte-huwelik nêrens uitdruklik statutêr verbied nie." Dit spreek vanself dat 'n ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer vir 'n Bantoeregtelike huwelik ook nie deur die howe bereg sal word nie. Die argument is dat dit vir 'n immorele doel gegee is, en daarom onafdwingbaar.

Na hierdie algemene oorsig oor die statutêre erkenning van Bantoereg aangaande die lobolo-gebruik en die basiese uitgangs=punte van die howe, kan na die ondersoek aangaande die erkenning en toepassing van die bogadi-instelling by die Tswana oorgegaan word.

---

1. Artikel 35 van Wet 38 van 1927.

2. Suid-afrikaanse Nasionale Trust en Assuransie Maatskappy Beperk v Fondo 1960(2) SA 467(A); Zulu and Ano v Minister of Justice and A 1956(2) SA 128(A); Mokwena v Laub 1943 SA 63 (W).

3. 105.

# HOOFSTUK 3

## DIE BOGADI-GEBRUIK VÓÓR EN GEDURENDE DIE HUWELIK VOLGENS DIE TSWANAREG

### 1. ALGEMEEN

Die belangrikste funksies van huweliksgoedere in die Tswanareg is die vasstelling van die verwantskapsposisie van die kinders en die oordrag van die baarvermoë van die vrou na die afkomsgroep van die man.

Die rol en invloed van die *bogadi* strek egter veel wyer. Gerief=likheidshalwe is die regsimplikasies en die regsgevolge van die lewering van huweliksgoedere in twee groepe verdeel. Enersyds word die juridies relevante aangeleenthede wat voor en gedurende die huwelik ter sprake kom saam gegroepeer. Laasgenoemde is die onder=werp van hierdie hoofstuk. Andersyds word die regsgevolge van die huweliksgoedere wat veral by egskeiding of dood van een van die partye intree, behandel.[1] Die verdeling van die regsgevolge volgens hierdie kriterium, is geensins 'n prinsipiële of skerpe onderskeid nie, maar word gedoen om die studieonderwerp in 'n mate te sistematiseer.

Die aspekte wat voor huweliksluiting en gedurende die huwelik ter sprake kom, is vanuit 'n sosiale[2] oogpunt minder opvallend en word dikwels misgekyk. Met die eerste oogopslag is dit egter duidelik dat belangrike regselemente op die spel kom. Die sake wat hieronder behandel word, sluit die volgende in: Die wyse waarop die hoeveelheid huweliksgoedere bepaal word en die voor=werp en samestelling daarvan; die afdwinging van die verpligting om huweliksgoedere te lewer; persone wat aanspreeklik is vir die

---

1. Vergelyk hoofstuk 4.
2. Inligting oor sekere aspekte is onvolledig soos byvoorbeeld oor die volle implikasies van eiendomsoorgang van die huweliks=goedere. Kyk 4.4 van hierdie hoofstuk.

lewering van die huweliksgoedere; die reghebbendes daarop nadat dit gelewer is en die tydstip van eiendomsoorgang in die gelewer= de huweliksgoedere. Ten slotte word aan twee belangrike regsgevolge van die lewering van bogadi in die Tswanareg aandag gegee: Eerstens, die lewering van huweliksgoedere as vereiste vir 'n geldige huwelik en tweedens, die verkryging van die baarvermoë van die vrou deur die afkomsgroep van die man.

## 2. DIE HOEVEELHEID, VOORWERP EN SAMESTELLING VAN DIE HUWELIKS= GOEDERE

### 2.1 DIE VASSTELLING VAN DIE HOEVEELHEID HUWELIKSGOEDERE

'n Uitsonderlike kenmerk by sommige Tswanastamme is die feit dat die hoeveelheid huweliksgoedere wat gelewer word deur die bruide= gom se afkomsgroep bepaal word.

Daar is nie 'n bespreking of kibbeling by die vasstelling van die hoeveelheid huweliksgoedere nie, maar die bruidegom se afkoms= groep besluit hoeveel huweliksgoedere gelewer sal word.[1]

Hulle lewer soveel goedere as wat hulle kan bekostig en bymekaar kry. Die bruid se afkomsgroep kan nie hierdie hoeveelheid ver= werp of meer in die stamhowe eis nie.[2] In uitsonderlike gevalle kan die bruid se afkomsgroep wel beswaar maak indien hulle eer= lik meen dat die aangebode hoeveelheid te min is. Goedere kan wel in so 'n geval bygevoeg word, maar daar rus geen verpligting op die man en sy afkomsgroep om dit wel te doen nie.

Stamme waar die hoeveelheid huweliksgoedere op hierdie wyse vasgestel word, is die Baralong Seleka,[3] Die Thsidi

---

1. Coertze 227; Riekert 107; Schapera 1950 150; Matthews 14; Schapera 1955 138 - 140; Schüler 171.
2. Schapera 1955 140; Id 1940 87; Coertze 227.
3. Schüler 171.

Baralong,[1] die Bahurutshe,[2] die Bafokeng van Rustenburg[3] en moontlik ook sekere seksies van die Bakgatla en die Bakwena.[4]

By die ander Tswanastamme word die hoeveelheid huweliksgoedere deur 'n ooreenkoms tussen die twee afkomsgroepe vasgestel[5]. Dit is moontlik dat die gebruik om die hoeveelheid huweliksgoedere deur 'n ooreenkoms vas te stel, ook met verloop van tyd begin voorkom by die stamme waar dit nie voorheen die geval was nie.[6] 'n Mens kan ook verwag dat huweliksgoedere vandag 'n groter ekonomiese waarde het as in die verlede. 'n Vader sal dus nie sy toestemming vir die huwelik van sy dogter gee nie, tensy hy seker is dat hy minstens 'n redelike hoeveelheid huweliksgoedere sal ontvang.

'n Ander wyse waarop die hoeveelheid huweliksgoedere by sommige Tswanastamme vasgestel word, is by wyse van 'n dekreet deur die stamhoof. By die Bahurutshe boo Manyane van Motswedi is die huweliksgoedere op ses beeste vasgestel.[7]

'n Aantal faktore speel 'n rol by die vasstelling van die hoeveel=heid huweliksgoedere. Waar die man se afkomsgroep die hoeveel=heid huweliksgoedere eensydig bepaal, is dit veral die welvaart van hierdie groep wat die hoeveelheid huweliksgoedere sal be=invloed. By die vasstelling van die hoeveelheid deur ooreenkoms is die volgende van belang: Vir die vrou met kinders word minder

---

1. Matthews 14; Breutz 1955 61 gee egter te kenne dat die hoe=veelheid deur ooreenkoms bepaal word.
2. Riekert 107; Lestrade 938 - 9 gee wel te kenne dat die Bahurutshe van Linokana, Gopane en Motswedi die hoeveel=heid huweliksgoedere deur ooreenkoms bepaal, maar Riekert se werk is meer resent.
3. Coertze 227; Vergelyk egter Breutz 1954b 20.
4. Schapera 1955 140; Id 1940 87.
5. Erasmus 54; Van Zyl L T 1969 102 - 4; Breutz 1955 61; Id 1954 41; Id 1954b 20; Id 1963 41.
6. Vergelyk Coertze 227 203.
7. Coertze 279; Riekert 102; Van Zyl L T 1972 72.

huweliksgoedere gegee, selfs al is die toekomstige eggenoot die vader van die kinders.[1] Minder huweliksgoedere word ook gegee by die hertroue van 'n weduwee of 'n geskeie vrou.[2]

Teenswoordig is dit veral die onderwyspeil, beroep en algemene vermoëns van die vrou wat haar vader in staat stel om meer huweliksgoedere te beding.[3]

In die praktyk wissel die hoeveelheid huweliksgoedere tussen twee en agt beeste of goedere ter waarde van tussen R8 en R200.[4]

Besonderhede oor die vraag of enige genoegdoening[5] wat die voor=nemende eggenoot betaal het ten aansien van delikte gepleeg teen=oor die vrou as deel van die huweliksgoedere gereken word, is uiters karig. Coertze stel dit baie duidelik dat sodanige ge=noegdoening nie as deel van die huweliksgoedere by die Bafokeng van Rustenburg gereken word nie. Ten opsigte van ander stamme word gesê dat: " If a father of an illegitimate child does not intend to marry the mother ... her parents can claim a compensa=tion of three to five head of cattle."[6]

Genoegdoening word dus slegs geëis waar die man nie met die meisie wil trou nie. Inligting ontbreek oor die regsposisie waar die

---

1. Riekert 108.
2. Coertze 261.
3. Schüler 177; Van Zyl L T 1969 104; Id 1972 72.
4. Schapera 1955 140; Id 1940 87; Coertze 228; Vermaak 52; Breutz 1954b 21; Id 1954a 41; Id 1963 70; Schüler 178.
5. 'n Gebrek aan inligting maak dit moeilik om vas te stel wat die regsgoed is wat aangetas word in die geval van geslags=gemeenskap of swangermaking van 'n vrou. Die howe en skrywers se terminologie van "boetes" en "skadevergoeding" klaar ook nie die probleem op nie. Die term "genoegdoening" word egter voortaan gebruik as daardie verligting wat die howe toestaan nadat sekere subjektiewe regte van die vrou se verwante of eggenoot aangetas is, deur ongemagtigde geslagsgemeenskap met h
6. Breutz 1955 68; Vergelyk ook Riekert 97.

man later besluit om wel met die meisie te trou nadat hy reeds genoegdoening betaal het. Op sterkte van bogenoemde aanhaling kan geredeneer word dat die reël ten opsigte van die Bafokeng nie noodwendig algemeen geld nie, maar dat genoegdoening met die huweliksgoedere saamsmelt.

Hoe aanwas en vrektes van vee na lewering maar vóór huwelik= sluiting die verpligting van die man beïnvloed, is ook nie duidelik nie. By die Bafokeng van Rustenburg word die vrou se vader eienaar by lewering,[1] en dit wil voorkom asof dit die algemene patroon onder die Tswanastamme is.[2] Die probleem ten opsigte van die aanwas en vrektes word egter nie ten volle met die oorgang van eiendomsreg opgelos nie. Volgens algemene be= ginsels in die gemenereg gaan die risiko in 'n saak by 'n voor= waardelike kontrak nie by lewering oor nie.[3] Die lewering van huweliksgoedere vir 'n toekomstige huwelik geskied na alle waar= skynlikheid uit hoofde van 'n voorwaardelike kontrak.[4] Op hier= die beginsels kan geredeneer word dat die eggenoot steeds aan= spreeklik bly vir vee wat gevrek het voor huweliksluiting. Volgens die Natalse Wetboek Proklamasie R 195 van 1967 is gelewerde goedere voor huweliksluiting sisa-beeste en die aan= was word as addisionele huweliksgoedere gereken. In die Kaap= provinsie[5] word aanwas voor huweliksluiting nie as addisionele huweliksgoedere beskou nie. Oor hierdie belangrike aspek bestaan daar 'n leemte in die inligting oor die Tswanareg.

## 2.2 DIE VOORWERP EN SAMESTELLING VAN DIE HUWELIKSGOEDERE

Voorheen het beeste as huweliksgoedere baie algemeen by die

---

1. Coertze 229.
2. Vergelyk Schapera 1955 142.
3. De Wet 243.
4. Die lewering geskied op voorwaarde dat die huwelik plaasvind.
5. Vergelyk hoofstuk 5.

Tswana voorgekom.[1] Ander lewende hawe kan ook deur die eggenoot se afkomsgroep aangebied word, behalwe perde[2] en bokke.[3] Skape kan ook gegee word,[4] maar nie by die Bakwena ba Magopa[5] en die Bafokeng van Rustenburg nie.[6]

Aanvanklik het geld as objek van huweliksgoedere nie so 'n groot rol by die Tswana soos by die ander Bantoevolkere in Suid-Afrika gespeel nie.[7] Namate geld meer vrylik gebruik is, is daar 'n geldwaarde op elke bees geplaas. By die Bakolobeng en die Batloung is die waarde van een bees voorheen op R40 gestel en by die Bak=gatla van Botswana op R10.[9] Geld in plaas van beeste kan ook by die Bakwena ba Magopa[10] en die Bafokeng baga Motlatla[11] gelewer word. Dit beteken egter nie dat die praktyk om huweliksgoedere in terme van beeste te bereken, soos gevolg deur die Bantoe-appèl=howe, tradisioneel gegeld het by die Tswana nie. So word arbeids=lewering as deel van die prestasieverpligting by die Bahurutshe[12] aangetref en gebreide velle en stukke bas van 'n boom is ook al gedurende droogtes gegee.[13] 'n Geval is selfs bekend waar die voornemende eggenoot sy enigste besitting, 'n els, aan sy skoon=

---

1. Riekert 107; Breutz 1955 64; Schüler 173; Brown 60; Coertze 225; Schapera 1955 139; Vermaak 60.
2. Breutz 1955 64.
3. Breutz 11955 21; Id 41 40; Riekert 107; Schapera 1955 139; Coertze 227; Bokke word nie gegee nie weens die beweerde afbrekende neigings van hierdie diere.
4. Schapera 1955 139; Id 1940 86; Breutz 1954 21: Id 1954 41; Id 1963 71.
5. Vermaak 52.
6. Coertze 227.
7. Schapera 1955 139; Breutz 1963 70; Id 1954a 41; Id 55 64.
8. Breutz 1954a 41.
9. Schapera 1955 242; Breutz 41 41.
10. Vermaak 52; Een bees gelyk aan tien rand.
11. Breutz 1954b 21; Een bees word ook aan vyf skape gelyk gestel
12. Riekert 107.
13. Schapera 1955 139.

ouers gegee het.[1] Beeste as voorwerp van huweliksgoedere was altyd gewild, maar dit is te betwyfel of dit in die lig van bo= genoemde inligting ooit[2] uitsluitend tot beeste beperk was. Dit is dus nie in ooreenstemming met die Tswanareg om die hoeveelheid huweliksgoedere in terme van beeste, soos die Bantoe-appèlhowe doen, te bereken nie. Teenswoordig is dit algemeen dat geld as huweliksgoedere gelewer word,[3] dikwels saam met vee en ander goedere soos klerasie, meubels, landbougereedskap en -produkte.[4]

Dit spreek ook vanself dat die inligting van die geldwaarde wat op die vee geplaas word (waar die wel gebeur), baie verouderd is. In die lig van die huidige markwaarde van vee, kan aanvaar word dat die hoeveelheid vee wat as huweliksgoedere gelewer word, vas= gestel word sonder verwysing na hulle markwaarde. Andersins sal daar 'n baie hoër waarde op die vee geplaas word.

In die verlede het daar 'n aantal beperkings en voorskrifte in verband met die samestelling en soort vee wat gelewer mag word, bestaan. 'n Aanbod van huweliksgoedere wat uit sewe stuks vee bestaan, mag nie gemaak word nie.[5] Verder behoort slegs 'n ge= lyke getal vee aangebied te word. Schapera[6] stel dit soos volg:[7] " ... the number given should be even, each with its mate, to show that two people are being bound to each other." 'n Aanbod van 'n ongelyke hoeveelheid diere kom egter wel voor[8] en by die

---

1. Schüler 172.
2. By die Bafokeng van Rustenburg is dit onbekend. Vergelyk Coertze 227.
3. Coertze 225 ev; Van Zyl L T 1969 104; Schüler 177; Vermaak 52.
4. Schüler 177.
5. Schapera 1955 177; Lestrade 939; Breutz 41 41; Volgens Lestrade was daar voorheen ook 'n beperking op die getal nege by die Bahurutshe.
6. 1955 140.
7. Vergelyk ook Schapera 1940 87; Coertze 227; Riekert 107; Matthews 14; Schüler 171.
8. Schapera 1955 140.

Bafokeng van Rustenburg dien so 'n aanbod juis as 'n bedekte uit=nodiging aan die vrou se afkomsgroep om 'n verdere bees te vra.[1]

Die insluiting van bulle by die vee word as hoogs beledigend be=skou en behoort by die meerderheid stamme nie gedoen te word nie.[2] Schapera gee die volgende verklaring vir hierdie gebruik:[3] "They are regarded as 'warriors' (batlhabani) and so to portend a disastrous marriage lacking peace." By die Bafokeng van Rustenburg moet een van die diere egter 'n bul wees, want dit versinnebeeld die man wat gaan trou.[4]

Koeie en verse behoort ingesluit te word as deel van die vee wat gelewer word en daarby moet hulle redelik jonk wees sodat daar geleentheid kan wees vir aanteel.[5] Indien 'n koei gegee word met 'n kalf wat nog suip, word die kalf ook as deel van die huweliks=goedere beskou en dit tel as 'n addisionele bees.[6] Dit spreek vanself dat enkele van die beeste, osse en kalwers kan wees.[7]

Die skrywers is nie baie duidelik oor wat die gevolge sal wees indien hierdie voorskrifte met betrekking tot die samestelling en die soort vee nie nagekom word nie. Dit spreek ook vanself dat hierdie voorskrifte teenswoordig nie meer ter sake sal wees by daardie groot aantal huwelike waar vee nie as voorwerp van huweliksgoedere gelewer word nie. Nietemin, waar die huweliks=goedere uit vee bestaan, wil dit voorkom asof hierdie voorskrifte eerder op die sosiale as op die juridiese terrein tuis hoort. So byvoorbeeld voorspel die getal van sewe stuks vee onheil.[8]

---

1. Coertze 227.
2. Schapera 1955 140; Id 1940 86; Riekert 107.
3. 1955 140.
4. Coertze 227.
5. Coertze 227; Schapera 1955 139; Id 1940 139; Riekert 107; Matthews 14; Schüler 173.
6. Schapera 1955 140; Coertze 227; Riekert 107; Schüler 173.
7. Schapera 1955 140; Coertze 227.
8. Schapera 1955 140; Id 1940 86; Riekert 107.

Die insluiting van bulle by die huweliksgoedere kan vir sommige stamme 'n rampspoedige huwelik waarby vrede ontbreek, beteken.[1]

Die oortreding van hierdie reëls is nie heeltemal irrelevant vir die reg nie en wel in die opsig dat dit getuig van kwade trou aan die kant van die eggenoot. Die bruid se vader sal dan by 'n aanbod waar die gebruiklike voorskrifte ten opsigte van die same=stelling nie gevolg is nie, geregtig wees om die ooreenkoms tot huweliksluiting te verbreek. Sou die vader van die bruid wel so 'n aanbod aanvaar, is dit waarskynlik dat hy nie later sal kan aanvoer dat die verkeerde diere aan hom gelewer is, of dat die huwelik nie tot stand gekom het nie.[2]

3. DIE VERPLIGTING OM HUWELIKSGOEDERE TE LEWER

Een van die probleemgebiede in die Tswanareg is die vraag of die man gedwing kan word om huweliksgoedere te lewer.

Schapera[3] spreek hom baie duidelik oor hierdie aspek uit: "There does not appear to be any right on the part of the wife's people to sue the husband's people for the payment of the <u>bogadi</u>." Matthews ondersteun in 'n mate hierdie standpunt: " ... it is considered bad taste to demand that it (<u>bogadi</u>) should be paid after the marriage has been consummated ... , <u>Bogadi</u> is never made the subject of reminders." By die Bafokeng van Rustenburg word normaalweg ook nie eise vir huweliksgoedere aangetref nie.[4] Daar is wel een geval waar die stamhowe 'n aksie vir die lewering van huweliksgoedere erken. Dit is waar die eggenote se afkoms=groep 'n aksie het vir die huweliksgoedere wat vir die eggenote

1. Schapera 1955 140; Id 1940 86; Riekert 107.
2. Vergelyk die seremonies wat plaasvind by die ontvangs van die huweliksgoedere. Hiermee gee die vader te kenne dat hy tevrede is met die huweliksgoedere. Schapera 1955 141; Coertze 228; Breutz 1954 21.
3. 1955 144.
4. Coertze 233.

se dogter gelewer word, indien huweliksgoedere nog nie vir die eggenote ontvang is nie.[1]

Teen die siening dat daar nie 'n aksie bestaan vir die afdwinging van die huweliksgoedere nie, kan aangevoer word dat daar 'n ooreenkoms gesluit word vir die lewering van die huweliksgoedere en dat die man op grond daarvan aanspreeklik gehou kan word. Uit die beskikbare gegewens is dit egter moeilik om sodanige kontrak te konstrueer. Wilsooreenstemming oor die hoeveelheid huweliksgoedere wat gelewer moet word, ontbreek dikwels, aangesien die man of sy afkomsgroep die hoeveelheid eensydig vasstel.[2] In ander gevalle is die hoeveelheid by wyse van 'n dekreet vasgestel.[3] Selfs al word aanvaar dat die partye uitdruklik of stilswyend ooreengekom het dat huweliksgoedere wel oorgedra sal word, maar dat die bepaling van die hoeveelheid aan die man en sy verwante oorgelaat word, dui die omstandighede steeds daarop dat hier nie gedagvaar kan word vir die betaling van die huweliksgoedere nie. Indien daar wel 'n aksie bestaan vir die vordering van huweliksgoedere, sou 'n mens verwag dat die hof in aksies gevra sal word om 'n bevel te maak oor die hoeveelheid huweliksgoedere. Inligting oor die faktore wat die hof in ag neem om die hoeveelheid huweliksgoedere vas te stel, ontbreek heeltemal. Die gebrek aan hierdie inligting versterk die argument dat daar hoegenaamd nie 'n aksie vir die vordering van huweliksgoedere in die Tswanareg bestaan nie. Hier moet bygevoeg word dat by sommige stamme die hoeveelheid wel deur 'n ooreenkoms vasgestel word, maar nêrens word uitdruklik gemeld dat 'n aksie verleen word vir die vordering van huweliksgoedere nie.

Daar moet aanvaar word dat die lewering van huweliksgoedere minstens in die tradisionele Tswanareg 'n vrywillige handeling aan die kant van die man en sy afkomsgroep was. In die verlede

1. Schapera 1955 144.
2. Schapera 1955 140; Riekert 107; Coertze 227.
3. Riekert 108 .

was daar groot sosiale druk vir die lewering van die huweliks=goedere, wat veral in verband gestaan het met die besitreg oor kinders. Voordat die huweliksgoedere nie gelewer is nie, was die man se aanspraak op sy kinders nie bo alle twyfel gevestig nie. Die vrou se afkomsgroep kon steeds die kinders opeis.[1] Kinders was vir die Tswana van onskatbare waarde en die moontlik=heid dat die vader sy kinders kon verloor, was voldoende aan=sporing vir die vader om alles in die stryd te werp om die huweliksgoedere bymekaar te kry. Dit mag wees dat veranderde ekonomiese en sosiale faktore die verlening van 'n aksie vir die vordering van huweliksgoedere noodsaaklik maak. Rykdom word vandag nie gemeet aan die hoeveelheid kinders wat 'n vader het nie. Inteendeel, baie afstammelinge om jou naam ewig te laat voortlewe, beteken dikwels min kontant in die beursie. Afwykings van die tradisionele Tswanareg of gelykmaking aan ander Bantoe=regstelsels moet egter deeglik gemotiveer word. Dit mag wees dat die stamhowe tans so 'n aksie vir vordering van huweliks=goedere verleen. Sommige uitsprake ondersteun reeds die siening vir die verlening van so 'n aksie. Erasmus[2] skryf van die Bantwane van Groblersdal " ... alhoewel hierdie hoeveelheid (huweliks=goedere) <u>geëis</u>[3] word ... varieer dit." Dit is egter nie duidelik of die skrywer 'n aksie in die stamhof bedoel nie.

## 4. DIE VOORSIENING VAN HUWELIKSGOEDERE

### 4.1 DIE LEWERING VAN DIE HUWELIKSGOEDERE DEUR DIE AFKOMSGROEP VAN DIE MAN

'n Groot aantal persone het belang by sowel die huweliksluiting as by die lewering van die huweliksgoedere. Hierdie persone is

---

1. Vir 'n vollediger bespreking van die aansprake op kinders voor die lewering van huweliksgoedere kyk 5.2 van hierdie hoofstuk.
2. 54.
3. My onderstreping.

hoofsaaklik die bloedverwante of die afkomsgroepe[1] van die man en die meisie wat in die huwelik gaan tree.

By die Tswana, net soos by die res van die Bantoevolkere in die Republiek, word die huweliksooreenkoms basies tussen die twee afkomsgroepe aangegaan.[2] Die samesprekinge en onderhandelinge wat die ooreenkoms tot huweliksluiting voorafgaan, word hoofsaak= lik deur verwante aan beide kante gevoer. Veral die onderskeie vaders en <u>balome</u> (moeders se broers) neem die leiding.[3] Vroeër het die bruid en die bruidegom 'n ondergeskikte rol gespeel by die huweliksluiting en hulle toestemming was selfs nie eens nodig nie.[4] By die oordrag en die ontvangs van die huweliksgoedere is die twee onderskeie afkomsgroepe ook die belangrikste partye.

Veral vroeër het die verpligting om die huweliksgoedere te voor= sien primêr op die bruidegom se vader gerus.[5] Hy het gewoonlik al die huweliksgoedere namens sy seun gelewer of minstens 'n gedeelte daarvan.[6]

Die vraag of die man se vader deur die bruid se vader in die hof vir die lewering van die huweliksgoedere aangespreek kan word, is reeds behandel.[7] Tradisioneel het sosiale faktore sterk druk op die eggenoot of sy vader uitgeoefen om huweliksgoedere te

---

1. Hierdie afkomsgroepe is volgens die vaderlike lyn georganiseer en vorm by die Bafokeng die <u>Lesika</u>. Vergelyk Coertze 194; Schapera 1955 12 noem dit die "household" en Brown 59 praat van die "elders".
2. Schapera 1940 39 6g; Coertze 199; Brown 59; Holleman 83; Matthews 46; Radcliffe-Brown 46.
3. Schapera 1940 40 71; Breutz 1955 61; Riekert 96 110; Schapera 1950 145.
4. Schapera 1940 39; Breutz 1955 55; Coertze 209; Van Zyl L T 1973 96.
5. Schapera 1955 140; Riekert 108; Coertze 291; Breutz 1954b 21 Id 1955 64; Id 41 40; Matthews 14; Van Zyl H J 75; Van Zyl L T 1969 75.
6. Schapera 1955 140; Riekert 108.
7. Kyk 3 van hierdie hoofstuk.

lewer, maar hulle kon nie in die hof aangespreek word nie. Sporadiese gevalle van verlening van 'n aksie word moontlik[1] teenswoordig aangetref, maar dit lyk na 'n ongeregverdige uit=breiding van die basiese beginsels van die Tswanareg. Selfs die seun kan ook nie sy vader verplig om die huweliksgoedere namens hom te lewer nie.[2]

Hierdie morele verpligting van die vader bestaan slegs ten op=sigte van die eerste vrou van al sy seuns,[3] alhoewel dit vroeër ook erken is waar die seuns meerdere vrouens getrou het.

Enige lid van die bruidegom se vaderlike afkomsgroep is welkom om by te dra tot die huweliksgoedere. Die <u>rrangwane</u> (vader se jonger broer), <u>rremogola</u> (vader se ouer broer) en <u>rrakgadi</u> (vader se suster) lewer gewoonlik bydraes.[4] Die hoeveelheid wat normaalweg deur hierdie persone gelewer word, verskil van stam tot stam.

Die <u>malome</u> (moeder se broer) van die bruidegom speel 'n belang=rike rol gedurende die huweliksonderhandelinge en in die voor=siening van huweliksgoedere. Dit wil voorkom asof hy veral by die Bahurutshe en Bakwena 'n belangrike rol vervul.[5] Vroeër is van hom spesiale hulp verwag in die vorm van minstens een bees, wat verkieslik 'n vers of koei moes wees. Hierdie verpligting het veral bestaan in die geval van die ouer kinders van die gekoppelde[6] suster, maar die seuns van die ander susters kon

---

1. Vergelyk 5.4 en kyk 3 van hierdie hoofstuk.
2. Coertze 225; Schapera 1955 140; Hierdie reël word waarskynlik algemeen onder die Tswanastamme gevolg.
3. Schapera 1955 140.
4. Schapera 1940 88; Id 1955 140; Breutz 1955 64; Id 1954 21; Id 41 40; Riekert 108; Van Zyl H J 75; Schüler 158 174.
5. Breutz 1955 64; Id 1963 70; Schüler 174.
6. 'n Vader kan 'n broer en 'n suster met mekaar koppel met die oog op wedersydse hulpverlening.

natuurlik ook gehelp word.[1]

Die bydraes van enige van hierdie verwante is ook vrywillig en elkeen dra soveel by as wat hy of sy kan en wil. Nòg die vader nòg sy seun het 'n aksie teen hierdie verwante vir 'n bydrae tot die huweliksgoedere.[2] Sou naby verwante soos malome of rremogola hulle plig in hierdie verband versuim, verbeur hulle enige aanspraak op 'n deel van die huweliksgoedere wat vir die bruidegom se suster gelewer word.

Indien die bruidegom se vader reeds oorlede is, het die erfgenaam van die oorledene die morele verpligting om elk van die ongetroude seuns van die oorledene van die nodige huweliksgoedere te voorsien. By die oorlye van die vader kom die ander lede van die afkomsgroep ook sterker op die voorgrond. Dit is dan gewoonlik die oorledene se vader of sy oudste broer wat die seuns tegemoet kom.[3]

Vroeër was die bruidegom se eie bydrae tot die huweliksgoedere beperk, aangesien hyself nie die middele daartoe gehad het nie. Bydraes van sy kant is natuurlik nie uitgesluit waar hy wel besittings het nie.[4] Soos reeds gesien kan die bruidegom self egter nie deur die meisie se vader vir die lewering van die huweliksgoedere in die hof aangespreek word nie.[5]

Vir die huweliksgoedere van verdere vrouens van die man word nie sterk gesteun op die bydraes van die ander lede van die afkomsgroep nie. Die man besit gewoonlik reeds op daardie stadium sy eie veestapel en die huweliksgoedere word daaruit

---

1. Coertze 226; Breutz 1955 64; Schapera 1955 140 189; Matthews 14; Van Zyl J H 75.
2. Coertze 226; Schapera 1955 140; Breutz 41 41.
3. Schapera 1955 144; Matthews 15.
4. Schapera 1955 140; Riekert 108.
5. Kyk 3 van hierdie hoofstuk.

voorsien.[1]

Die vader se (sosiale) verpligting om huweliksgoedere vir sy seuns te voorsien, bestaan ten opsigte van alle persone wat juridies as sy seun[2] beskou word. Die huweliksgoedere vir die seun van 'n ongetroude dogter[3] en die seuns van 'n weduwee of geskeie vrou wat verwek is nadat sy na haar vader se mense teruggekeer het, word deur haar vader se afkomsgroep betaal.[4]

Die huweliksgoedere van die hoofvrou van die stamhoof word deur die stam betaal. Die voorgenome huwelik word bekend gemaak en elke kgoro (wyk)[5] kry die geleentheid om tot die huweliksgoedere by te dra.[6]

Inligting ontbreek oor die vraag of die stamhoof sy onderdane sal dwing om sodanige bydrae te maak, maar volgens algemene beginsels is hierdie bydrae ook vrywillig.[7]

Aangesien dit dikwels gebeur dat die huweliksgoedere eers oorge= dra word[8] nadat die paartjie vir 'n geruime tyd saamwoon, kan dit gebeur dat die man sterf voordat die huweliksgoedere oorge= dra is. In so 'n geval kan die huweliksgoedere gelewer word selfs na die dood van die man. Dit kan gedoen word deur die

---

1. Schapera 1955 141.
2. Vir 'n vollediger uiteensetting oor die vraag wie almal as 'n man se juridiese kinders beskou word, kyk 6.2 van hierdie hoofstuk.
3. Schapera 1955 172.
4. Coertze 291.
5. 'n Aantal afkomsgroepe wat in een stat saamwoon vorm 'n wyk. Dit is 'n onderskeidende sosiale en politieke eenheid met 'n hoofman aan die hoof daarvan; Vergelyk Schapera 1955 19.
6. Coertze 324; Riekert 91 106; Breutz 1955 64; Brown 61 64; Van Zyl H J 76; Schüler 180.
7. Kyk 3 van hierdie hoofstuk.
8. By die meeste Tswanastamme is daar geen vasgestelde tyd vir die lewering van die huweliksgoedere nie.

oudste seun[1] van die oorledene en hy kan selfs die huweliks= goedere wat vir sy suster ontvang is, gebruik vir hierdie doel.[2] Hierdie plig kan ook op die *rramogolo* of die *rrangwana* val,[3] en volgens algemene beginsels is dit waar hulle die oorledene se erfgenaam is. Die persoon wat hierdie verpligting nakom, moet volgens Schüler[4] die toestemming van die afkomsgroep van die oorledene hê, maar Schapera[5] stel nie sodanige vereiste nie. Volgens die beskikbare inligting is dit ook nie duidelik of die erfgenaam verplig sal wees om die huweliksgoedere oor te dra in= dien die ander lede van die afkomsgroep so 'n versoek tot hom rig nie.

Die invloed wat die afkomsgroep van die man by die huweliksreëling en die oordrag van huweliksgoedere uitoefen, het met verloop van tyd baie afgeneem. Daarteenoor het die man self sterker op die voorgrond begin tree by die keuse van 'n huweliksmaat, die huwelik onderhandelinge en die voorsiening van huweliksgoedere.[6]

Coertze[7] beskou hierdie nuwe ontwikkeling as ongewens. Waar die huweliksgoedere deur die vader van die man gelewer word, word die vrou eintlik deur die vader "getrou" en behoort sy aan hom. Die vader verkry daardeur ook 'n toesigsreg oor die seun, in sover dit laasgenoemde se behandeling van die vrou betref. Met die nuwere ontwikkeling ontbreek hierdie remmende faktore.

Dit gebeur nou dikwels dat die seun sy ouers se wense aangaande die keuse van 'n huweliksmaat verontagsaam en die huweliksgoedere

---

1. Schapera 1955 144.
2. Schapera 1933 82.
3. Schapera 1955 144; Schüler 170.
4. Schüler 170.
5. Schapera 1955 144.
6. Van Zyl H J 193; Van Zyl L T 1972 73 - 4; Id 1969 97 104; Vermaak 52 - 3; Holleman 89.
7. Coertze 237.

self bymekaar maak en lewer.[1]

Samevattend kan gesê word dat die vader of die voog die verant=woordelikheid dra om die huweliksgoedere vir elk van sy seuns te voorsien. Die man self lewer ook 'n bydrae en met die veranderde omstandighede is hy veral die persoon wat poog om die nodige goeder byeen te bring. Ander verwante doen gewoonlik ook 'n bydrae. Die eggenote het egter geen aksie teen enige van hierdie persone om hom van huweliksgoedere te voorsien nie, net soos die vader van die bruid ook geen aksie het teen enigiemand vir die vordering van huweliksgoedere nie.

Weer eens was die sosiale druk wat die gemeenskap op die vader uitgeoefen het om reëlings te tref vir die voorsiening van huweliksgoedere vir sy seuns, baie sterk. Die vader en die ander lede van die afkomsgroep het voorheen alles in hulle vermoë gedoen om 'n seun aan 'n eggenote te help sodat die afkomsgroep versterk kan word deur die kinders wat uit die huwelik gebore word. Die seun se afhanklikheid van die afkomsgroep vir die voorsiening van huweliksgoedere het hulle in staat gestel om 'n groot invloed uit te oefen op die keuse van 'n huweliksmaat.

4.2 DIE BRON WAARUIT DIE HUWELIKSGOEDERE VERKRY WORD

Wanneer 'n vader huweliksgoedere vir sy seun voorsien, gebruik hy gewoonlik die eiendom van die huis waaraan die seun behoort.[2] Die gevolge van die aanwending van die eiendom van 'n ander huis as die huis waaraan die seun behoort, is nie baie duidelik nie. Schapera[3] skryf soos volg: "No house can claim cattle belonging to another; nor can the head of the household make use of any such cattle except for the benefit of the house to which they

1. Schapera 1939 19; Van Zyl L T 1968 98; Id 1973 68; Coertze 237.
2. Schapera 1955 218; Coertze 270.
3. Schapera 1955 218.

have been assigned." Hiervolgens is die afleiding geregverdig dat die erfgenaam van die huis waaruit goedere geneem word met die doel om dit aan te wend as huweliksgoedere vir die seun uit 'n ander huis hom op die stamhoof kan beroep.[1] Andersins be= hoort daar minstens 'n skuldverhouding ten gunste van die huis te ontstaan wat die huweliksgoedere voorsien het. Dit is ook te betwyfel of die toestemming van die eggenote of die erfge= naam van die huis waaruit die goedere geneem is om die seun van 'n ander huis aan 'n vrou te help op 'n skenking sal neerkom, want "cattle set aside for the use of any particular house ... remain permanently assigned to it."[2] By die Bafokeng ontstaan egter geen skuldverhouding op hierdie wyse nie, mits die toe= stemming van die eggenote van die huis waaruit die huisgoedere geneem word, verkry is. Hierdie toestemming word feitlik nooit geweier nie en dit word soos volg verklaar:[3] "So 'n versoek word nooit geweier nie, want die hoofvrou het, as die moeder van elke vrou wat getrou is, instemming betuig met die verdeling van die totale boedel elke keer toe daar 'n verdere vrou getrou is, en sy het 'n plig om na die goeie orde en welstand in die hutte van die mindere vroue van haar man om te sien." Teoreties kan dit ook gebeur dat die huisgoedere van mindere vrouens vir hier= die doel aangewend word, maar in die praktyk kom dit selde voor.[4]

Die vader kan ook persoonlike eiendom[5] gebruik om 'n seun van huweliksgoedere te voorsien.[6] Persoonlike eiendom is aan geen bepaalde huis toegewys nie en die man kan dit na goeddunke aan= wend. Inligting ontbreek oor die vraag of die verskaffing van huweliksgoedere op so 'n wyse enige skuld ten gunste van die

---

1. Die erfgename het sodanige bevoegdheid waar die vader sy persoonlike eiendom verkwis. Vergelyk Schapera 1955 218.
2. Ibid.
3. Coertze 271.
4. Ibid.
5. Schapera 1955 218 gebruik die term dikgoma tsa monna.
6. Coertze 270.

hooferfgenaam laat ontstaan. Coertze[1] gebruik ten opsigte van die Bafokeng die term "ontoegewese kapitaal" vir eiendom wat andersins persoonlike eiendom[2] genoem word en wat nie aan 'n bepaalde huis toegewys is nie. Die man kan ook by hierdie stam sodanige eiendom na goeddunke aanwend, maar hy moet die hoofvrou in die besteding daarvan ken.[3]

Die koppeling[4] van 'n suster aan 'n broer is 'n belangrike in= stelling om huweliksgoedere beskikbaar te stel aan 'n seun. Die huweliksgoedere wat vir die suster ontvang word, word aangewend om vir haar gekoppelde broer 'n vrou te bekom. Dit is egter nie duidelik wat die inhoud van die broer se aanspraak by die ver= skillende stamme is nie.[5]

Die gebruik om beeste aan jong seuns toe te ken en met onder= skeidende oormerke aan te dui, word algemeen by die Tswana aan= getref. By die Bafokeng mag die vader nie sulke vee as huweliks= goedere vir die seun aanwend nie.[6] Schapera[7] se inligting is té karig om tot 'n besliste slotsom te kom.[8]

By die Bafokeng van Rustenburg kan die huisgoedere van 'n kinder= lose vrou aangewend word om 'n aanvullende vrou[9] te bekom.[10]

---

1. Ibid.
2. Schapera 1955 218.
3. Coertze 270.
4. 'n Tswana vader kan sy kinders onderling aanmekaar koppel. Daaruit vloei die verpligting van wedersydse hulpverlening.
5. Vir 'n vollediger uiteensetting kyk 4.3 van hierdie hoofstuk.
6. Coertze 302.
7. Schapera 1955 216.
8. Dit is waarskynlik dat die posisie dieselfde is as by die Bafokeng. Die seuns ontvang die beeste as hulle eiendom en dit is primêr die plig van die vader om huweliksgoedere te voorsien.
9. Vir meer besonderhede oor hierdie instelling kyk 6.3 van hierdi hoofstuk.
10. Coertze 261. Die aanvullende vrou staan bekend as <u>mmadikgomo</u> (moeder deur beeste) of <u>Ngwetsi</u> (skoondogter).

Met die veranderde omstandighede bekom die jongmans die huweliks=goedere uit besparings van hulle maandelikse loon of salaris.[1]

4.3 DIE PERSONE WAT GEREGTIG IS OP DIE GELEWERDE HUWELIKSGOEDERE

Soos reeds geblyk het, het die afkomsgroep van die vrou 'n direkte belang by die huweliksluiting. Die lede van die vrou se afkomsgroep is ook die persone wat aanspraak maak op die ge=lewerde huweliksgoedere.

Die persoon wat die vernaamste aanspraak het op die gelewerde huweliksgoedere is die voog van die vrou. In normale omstandig=hede sal dit die vader van die vrou wees.[2]

By die Baralong boo Ratshidi word al die huweliksgoedere egter aan die <u>malome</u> oorhandig. Hy verkry nie indiwiduele eiendoms=reg daarop nie, maar ontvang dit namens die afkomsgroep van die bruid se moeder.[3]

'n Soortgelyke gebruik word by die Bahurutshe boo Manyane aan=getref. Die huweliksgoedere van die jongste dogter gaan hier wel na haar vader.[4]

Waar die vader van die bruid die persoon is om die huweliksgoedere te ontvang, kan hy dit 'n tyd lank hou of dit onmiddellik onder die aanspraakmakers verdeel. Een van die belangrikste aanspraak=makers by al die stamme is die <u>malome</u> wat gewoonlik een bees sal ontvang. Dit geld veral vir die huweliksgoedere van die ouer kinders van die geskakelde suster.[5] Hierdie bees wat <u>malome</u> ont=

---

1. Van Zyl H J 193.
2. Schapera 1933 79; Id 1955 142 180; Breutz 1954a 41; Id 1955 64; Schüler 173; Matthews 41.
3. Breutz 1955 63.
4. Riekert 108; Schüler 173.
5. Schapera 1955 142 190; Breutz 1954a 21; Id 1954b 21; Id 1955 64; Erasmus 52.

vang, word ook gesien as 'n vergoeding vir die dier wat hy voor= sien om geslag te word by die huwelikseremonies "to feed the bogadi".[1]

Sekere lede van die afkomsgroep van die meisie se vader is belangrike aanspraakmakers op die huweliksgoedere. Hieronder tel die vader se broers en sy gekoppelde suster.[2]

Die aanspraak van die bruid se afkomsgroep op die huweliks= goedere wat vir haar gelewer word, bestendig ook 'n uitsonder= like voorkeurhuwelik wat by die Tswana aangetref word. By die meeste stamme is 'n huwelik tussen die seun van 'n ouer broer en die dogter van 'n jonger broer 'n voorkeurhuwelik. By die sluiting van sò 'n huwelik bly die gelewerde huweliks= goedere onder beheer van dieselfde afkomsgroep.[3] Hierdie be= paalde voorkeurhuwelik word egter hoofsaaklik by die kerngroep van die stam aangetref.

Die bruid se moeder het ook aanspraak op een bees indien daar genoeg gelewer is.[4] Die oudste tante aan moederskant kry ook in uitsonderlike gevalle 'n deel van die huweliksgoedere.[5]

Dit wil voorkom asof daar nooit 'n juridiese plig op die vader van die meisie gerus het om die huweliksgoedere te verdeel soos hierbo aangedui is nie. Matthews[6] meen: "There is no legal obligation on the part of the relatives mentioned to contribute,

---

1. Schapera 1930 30 voetnoot 3.
2. Schapera 1955 142; Breutz 1955 64; Schüler 173.
3. Schapera 1950 151; Riekert 104; Van Zyl L T 1969 97; Schüler 157; Matthews 12; Volgens Schapera 1950 151 is die spreuk in die verband: "Ngwane rrangwane, nnyale, kgomo di boêle Sakeng (child of my father's younger brother, marry me, so that the (bogadi) cattle may return to our kraal."
4. Schapera 1955 142; Schüler 173.
5. Schüler 173.
6. Matthews 15; Vergelyk ook Breutz 1954b 21.

nor is their claim to a share actionable". Bogenoemde standpunt[1] is in lyn met die bevindings van onlangse navorsers. By die Bafokeng van Rustenburg het bogenoemde verdelingswyse reeds ver=dwyn en nòg malome nòg die bydraers tot die huweliksgoedere van die bruid se broer het 'n aanspraak op die huweliksgoedere.[2]

Die huweliksgoedere wat die vader so ontvang kom die huis toe waaruit die bruid gebore is.[3] Die aanspraak van die gekoppelde broer moet in hierdie verband genoem word. Schapera[4] meld dat volgens een standpunt die broer een bees ontvang. Volgens 'n ander standpunt wat meer aanvaarbaar is en wat Coertze[5] ook by die Bafokeng aangetref het, móét hierdie beeste gebruik word vir die huweliksgoedere van die broer. Die erfgenaam is ook verplig om hierdie vee aan die gekoppelde broer te oorhandig by die dood van die vader. Indien die erfgenaam egter reeds die gekoppelde broer aan huweliksgoedere gehelp het, is die erfgenaam geregtig om sy bydrae te verhaal uit die huweliksgoedere wat vir die suster ontvang is.[6]

Die aanspraak van die gekoppelde broer op sy suster se huweliks=goedere bestendig ook 'n ander tipe voorkeurhuwelik wat by die Tswana aangetref word. Dit is die huwelik tussen die suster se seun en die broer se dogter. Die broer het immers 'n huwelik gesluit met die huweliksgoedere wat vir sy suster gelewer is en nou is hy verplig om vir sy suster se seun 'n vrou te voorsien.[7]

Die vader is slegs geregtig op die huweliksgoedere van dogters

---

1. Dit wil voorkom asof die ontvanger se suster se seun wel voorheen 'n afdwingbare aanspraak op die gelewerde goedere gehad het. Vergelyk Breutz 1941 41-2.
2. Coertze 226 - 8; Vergelyk ook Van Zyl L T 1973 68 - 71.
3. Schapera 1955 143.
4. Schapera 1955 143.
5. Coertze 287.
6. Ibid.
7. Van Zyl H J 73.

wat juridies as syne beskou word.[1] Dit bring onmiddellik mee dat die kinders van ongetroude vroue en kinders van weduwees en geskeie vroue wat hulle mans se blyplek verlaat het, aan die vaders of voogde van sodanige vrouens behoort. Die goedere wat vir die dogters ontvang word, word in "trust"[2] gehou om die seuns wat ook so gebore word van huweliksgoedere te voorsien.[3] Waar die vader van die dogter ook nog nie huweliksgoedere vir die moeder van die dogter oorgedra het nie, kan die moeder se vader aanspraak maak op die huweliksgoedere wat gelewer is vir die dogter.[4] Dit sal klaarblyklik meebring dat die huweliksgoedere vir die verdere dogters wel na die vader sal gaan, mits die ander vereistes vir huweliksluiting teenwoordig is.[5]

'n Man wat huweliksgoedere vir 'n ander se vrou voorsien het, het blykbaar nie outomaties aanspraak op die huweliksgoedere wat vir die oudste dogter van so 'n huwelik gelewer word nie. Ooreenkomste dat die huweliksgoedere wat vir 'n man se vrou verskuldig is, gedelg sal word uit die huweliksgoedere van 'n dogter is egter bekend.[6]

## 4.4 DIE EIENDOMSREG OP DIE GELEWERDE HUWELIKSGOEDERE VÓÓR HUWELIKSLUITING

Die vraag ten opsigte van die tydstip van eiendomsoorgang van die huweliksgoedere word lukraak deur die skrywers behandel.

---

1. Vir 'n verdere uiteensetting oor watter kinders hierby ingesluit word, kyk 6.2 van hierdie hoofstuk.
2. Dit is duidelik dat hier nie sprake is van 'n gemeenregte=like trust nie en die inligting is ook onvolledig om die inhoud daarvan te bepaal.
3. Riekert 106; Coertze 226 280.
4. Breutz 1954a 41; Id 41 41; Id 1965 64; Volgens Breutz Ibid, sal die huweliksgoedere in so 'n geval by die Baralong boo Ratshidi en boo Rapulana na die Malome gaan.
5. Schapera 1955 144.
6. Breutz 1959 43; Id 41 41.

By die Bafokeng gaan die eiendomsreg oor met lewering.[1] Volgens Schapera[2] mag die huweliksgoedere onmiddellik na lewering verdeel word, en daarvolgens is die afleiding geregverdig dat eiendoms=reg ook hier met lewering oorgaan.

By die verbreking van die huweliksonderhandelinge ontstaan die vraag of die reeds gelewerde huweliksgoedere teruggegee moet word. Dit kom algemeen voor dat die verskillende geskenke[3] wat gedurende die onderhandelinge gegee is, verbeur word indien die man nie wil voortgaan met die huwelik nie.[4] Slegs Coertze[5] laat hom uit oor die teruggawe van huweliksgoedere by die ver=breking van die huweliksonderhandelinge en volgens hom word dit teruggegee, ongeag watter persoon verantwoordelik is vir die verbreking van die ooreenkoms tot huweliksluiting. Die onder=liggende beginsel vir teruggawe in so 'n geval kan wees dat die huweliksgoedere gegee is op voorwaarde dat die huwelik plaas=vind. Met die nie-voltrekking van die huwelik moet die huweliks=goedere dus teruggegee word. So beskou, pas die resultaat ook in by die algemene patroon dat huweliksgoedere slegs by kinder=lose huwelike teruggegee word.[6]

4.5 PERSONE VERANTWOORDELIK VIR DIE TERUGGAWE VAN HUWELIKS=GOEDERE

Huweliksgoedere by die Tswana word alleenlik by hoë uitsondering teruggegee.[7] Schapera[8] sê ten opsigte van die mense wat verant=

---

1. Coertze 18.
2. Schapera 1955 142.
3. Byvoorbeeld die dier of voorwerp wat gelewer word om aan te dui dat die verlowing gesluit is.
4. Dit staan soos volg bekend: <u>Mokwele</u> Breutz 1955 61; <u>pêêlêlo</u> Riekert 99; <u>Mabuiso</u> Van Zyl L T 1969 101; Mokwele Schüler 164
5. Coertze 232.
6. Vir meer besonderhede oor die terugname van huweliksgoedere, kyk 2.1 van hoofstuk 4.
7. Vir vollediger besonderhede kyk 2.1 van hoofstuk 4

woordelik is vir die teruggawe van die huweliksgoedere die volgende: "But if any of the original cattle given as bogadi are still alive and can be traced,[1] they must be restored together with their progeny. The cattle must be replaced by the people to whom they were allocated[1] and must then be restored by the husband to the people by whom they were contributed." Hierdie aanhaling is ongelukkig vatbaar vir 'n dubbelsinnige uitleg.

Die indruk word geskep dat die persoon in wie se besit die beeste is verplig is om, selfs nadat die verdeling plaasgevind het, dit terug te gee. Dit kan beteken dat derdes geen regte verkry[2] op beeste wat eenmaal gelewer is as huweliksgoedere nie. Dit is te betwyfel of so 'n uitleg die korrekte weergawe van Tswanareg is. Dit is moontlik dat slegs bedoel word dat die persoon wat die huweliksgoedere gelewer het, die oorspronklike goedere kan opeis indien dit in besit is van die ontvanger. Voorts word gemeld dat die persone wat beeste ontvang het by verdeling van die huweliksgoedere aanspreeklik is om dit terug te lewer. Terwyl die vader nie verplig is om die huweliksgoedere te verdeel nie, sou verwag word dat hy die persoon is wat ver=antwoordelik gehou word vir teruggawe. Vir sover as wat hierdie verwante verplig is om dit terug te lewer, is dit te betwyfel of dit meer inhou as 'n morele verpligting.

As algemene beginsel behoort dus te geld dat die persoon wat die huweliksgoedere ontvang het en daarop geregtig is, die korrekte persoon is om die teruggawe te doen. Indien hy nie meer in besit is van die oorspronklike goedere nie, moet hy hulle vervang.

## 5. DIE LEWERING VAN HUWELIKSGOEDERE AS ESSENSIëLE VEREISTE BY DIE HUWELIK

Die meeste skrywers oor die Tswana neem nie 'n konsekwente stand=

---

1. My onderstreping.
2. Dit sou byvoorbeeld die verkoop en ruil van beeste wat as huweliksgoedere ontvang word, uitskakel. Vergelyk Schapera 1955 215.

punt in oor die vraag of die lewering van huweliksgoedere 'n essensiële vereiste vir huweliksluiting is nie. Schapera skryf:[1] " ... the main essentials of the marriage contract among the Tswana are:

(a) mutual agreement between the two families concerned, as reflected in the formalities of betrothal; and

(b) the transfer of certain livestock, generally cattle, to the bride's family by the family of the bridegroom".

Riekert[2] stel dit so: "'n Huwelik is voltooi wanneer aan twee vereistes voldoen is, naamlik:

(a) Daar moet wilsooreenstemming tussen die twee families wees en dit vind uiting in die <u>patlo</u>[3] seremonies; en

(b) daar moet <u>bogadi</u> (gewoonlik beeste) deur die familie van die man aan die familie van die meisie oorgedra word."

Volgens hierdie stellings kan die afleiding gemaak word dat enige samewoning tussen 'n man en 'n vrou waar geen huweliksgoedere oorgedra is nie, geen huwelik is nie.

By verskeie stamme word die huweliksgoedere egter eers gelewer lank nadat die ooreenkoms tot huweliksluiting aangegaan en die huweliksfeeste afgehandel is. Dit is dikwels nadat een of twee kinders reeds gebore is. Indien die bogenoemde siening van Schapera en Riekert in hul konsekwensies aanvaar word, beteken dit dat die samewoning wat ontstaan het na die ooreenkoms tot huweliksluiting en die afhandeling van die huweliksfeeste, maar vóórdat die huweliksgoedere gelewer is, géén huwelik is nie. Daarvolgens sou die vader geen regte kan uitoefen op die kinders wat gebore word nie en die seksuele samewoning tussen hom en sy vrou is ook nie beskerm teen ander mans nie. Dieselfde skrywers heg egter sekere gevolge aan laasgenoemde samewoning wat ooreen= kom met die regsgevolge van 'n huwelik.

---

1. Schapera 1955 125.
2. Riekert 110; Vergelyk ook Coertze 225; Brown 68; Schüler 146; Breutz 41 42.
3. 'n Seremonie wat daarop dui dat die afkomsgroepe een= stemmigheid bereik het; Vergelyk Riekert 112.

Die vraag is nou of die gemelde samewoning nie dalk inderdaad deur die gemeenskap as 'n huwelik beskou word nie. Om dié vraag te beantwoord, word 'n huwelik vergelyk met die gevolge van 'n samewoning waar huweliksgoedere reeds oorgedra is. Andersyds word die huwelik vergelyk met die gevolge van 'n samewoning waar die huweliksgoedere nog nie oorgedra is nie. By hierdie vergelyking word aanvaar dat die ander vereistes vir huweliksluiting wel teenwoordig is. Sodanige vereistes word gewoonlik herlei tot 'n ooreenkoms tussen die afkomsgroepe dat 'n huwelik ge=sluit sal word. Buite-egtelike samewonings en verhoudings waar die partye geen huwelik beoog nie, word hier buite rekening gelaat.[1]

5.1 WAAR DIE HUWELIKSGOEDERE WEL OORGEDRA IS

Dit is duidelik dat waar die ooreenkoms tot huweliksluiting opgevolg word deur die oordrag van die huweliksgoedere, normale gevolge van die huwelik intree. So byvoorbeeld is die vrou voortaan onder die maritale mag van die man. Die man kan geslagsgemeenskap met die vrou beoefen binne die gebruiklike taboereëls met die uitsluiting van ander mans. Sekere vermoëns=regtelike gevolge wat eie is aan die huwelik tree ook in.[2]

Die kinders wat uit so 'n huwelik gebore word, kry die status[3] van kinders gebore uit 'n geldige huwelik. Hierdie status hou onder andere in dat die vader in staat gestel word om sy vader=like regte ten opsigte van die kinders uit te oefen. Die kinders word by die afkomsgroep van die vader ingelyf, neem die vader se totem aan[4] en kan ook van hom erf.[5]

---

1. Schapera 1955 126; Matthews 13.
2. Vir 'n algemene bespreking van hierdie gevolge binne die huwelik kyk Coertze 246 - 277; Matthews 15; Schapera 150 - 8.
3. Breutz 1955 19 63.
4. Coertze 278.
5. Riekert 106; Schüler 146.

Hierdie inskakeling van die kinders by die vaderlike afkomsgroep gee aanleiding tot die stelling dat die lewering van huweliks=goedere die baarvermoë van die vrou na die afkomsgroep van die man oordra.[1] Sodanige oordrag van die baarvermoë na die afkoms=groep van die man word beskou as een van die hooffunksies van die huweliksgoedere.[2] Dit is ook in ooreenstemming met Holleman[3] se siening dat huweliksgoedere 'n waardebegrip is waardeur vrouens aan verwante groepe uitgeruil word met die doel om die groep in stand te hou.

Alhoewel met hierdie stelling in verband met die baarvermoë van die vrou saamgestem kan word, moet beklemtoon word dat die baar=vermoë nie los van huweliksluiting oorgedra kan word nie. Jeffreys[4] se standpunt om die vaderlike regte heeltemal los te sien van die huwelik, is heeltemal onaanvaarbaar.

Uit die bostaande analise volg dus dat 'n huwelik wel tot stand gekom het waar huweliksgoedere oorgedra is, en die ander geldig=heidsvereistes ook teenwoordig is.

## 5.2 WAAR DIE HUWELIKSGOEDERE NOG NIE GELEWER IS NIE

By sommige stamme is dit 'n vereiste dat die huweliksgoedere vóór of tydens huweliksluiting oorgedra moet word. By die Bafokeng van Rustenburg is alle vorme van huweliksluiting op skuld onbekend.[5] Indien geen huweliksgoedere oorgedra is nie, het daar geen huwelik by hierdie stamme tot stand gekom nie.

By verskeie ander stamme, soos die Bakgatla[6] Bahurutshe[7]

---

1. Riekert 96; Schapera 139 169 - 70.
2. Riekert 96; Schapera 1955 139.
3. Holleman 88.
4. 181; Kyk ook 6.3 van hierdie hoofstuk.
5. Coertze 233.
6. Schapera 1955.
7. Riekert 108.

Baralong[1] en Bakwena ba Magopa,[2] word die huweliksgoedere eers gelewer nadat die huweliksfeeste afgehandel is en samewoning tussen die man en die vrou 'n aanvang geneem het. Lewering van huweliks=goedere word ook uitgestel tot die geboorte van een of twee kinders.

Voorts word ondersoek ingestel na die invloed van die nie-lewering van huweliksgoedere op sekere huweliksgevolge. Volgens die resultaat kan dan bepaal word of hierdie samewoning nie in elk geval 'n huwelik is nie.

5.2.1 MARITALE MAG

Vóór die oordrag van die huweliksgoedere is die vrou nie volledig onder die maritale mag van die man nie.[3] Schüler[4] stel dit nog sterker: " ... sonder die oordrag van die bogadi (het die man) geen[5] huweliksmag oor sy vrou gehad nie."

Vir 'n duideliker beeld van die maritale mag oor 'n vrou, moet die gesag wat die twee afkomsgroepe normaalweg oor die vrou uitoefen, in gedagte gehou word.[6] Vanaf geboorte staan die vrou (soos enige kind) sterk onder die gesag van haar vader se afkoms=groep. So lank as wat die vrou ongetroud bly, val sy onder die voogdyskap en gesag van haar vader of sy opvolger.[7] Na die huweliksfeeste woon die paartjie dikwels tot na die geboorte van die eerste of tweede kind by die ouers van die vrou in. Gedurende hierdie tydperk word die man se optrede teenoor die vrou ge=

---

1. Matthews 15; Schüler 150.
2. Vermaak 52 - 3; Breutz 41 40.
3. Breutz 63.
4. Schüler 170.
5. My onderstreping.
6. Vergelyk Schapera 1955 148 - 55.
7. Schapera 1955.

temper deur die teenwoordigheid van haar eie mense.[1] Dit is dus duidelik dat die maritale mag van die man [illegible] deur die plek van inwoning bepaal word, want bruidsverwydering en die lewering van huweliksgoedere val nie noodwendig saam nie.[2]

In huishoudelike geskille tussen die man en die vrou het die nie-lewering van huweliksgoedere egter 'n besliste invloed af= gesien van die plek van inwoning. Selfs na bruidsverwydering en oordrag van huweliksgoedere word die vrou nie afgesny van haar eie afkomsgroep nie. Sy kan egter op sterker ondersteuning van hulle kant in geskille met haar man staat maak indien die huweliksgoedere nog nie oorgedra is nie.[3] Na die lewering van huweliksgoedere kan die vrou ook 'n beroep doen op die man se afkomsgroep indien die man sy maritale mag misbruik.[4] Sy het nie daardie bevoedheid voor die lewering van die huweliksgoedere nie.[5]

Dit blyk dat die inbreuk op die maritale mag deur die nie-lewer= ing van die huweliksgoedere nie so ingrypend is dat dit die wese van die huwelik aantas nie. Schüler se stelling dat die man voor lewering van huweliksgoedere "geen" huweliksmag oor die vrou het nie[6] is te sterk gestel. Hierdie inbreuk is blykbaar net ernstig wanneer onversoenbare probleme tussen man en vrou ontstaan. Waar die man steeds sy <u>bona fides</u> bewys en te kenne gee dat die huweliksgoedere met verloop van tyd oorgedra sal word, is die aantasting van die maritale mag minimaal. Schapera[7] som dit baie goed op: "But if he carries out his obligations, parents-in-law will treat him as an honoured guest whenever he

---

1. Schapera 1955 149.
2. Id 141.
3. Id 150.
4. Byvoorbeeld oorskreiding van sy tugtigingsbevoegdheid; Vergelyk Schapera 1955 151.
5. Schüler 171.
6. 170.
7. Schapera 1955 150.

visits them, sends him occasional presents of food and other commodities, help him in his major undertakings and difficulties, and reprimand or even punish their daughter if she does not make him a good wife."

Saam met hierdie ondersoek na die maritale mag moet ook die stelling ondersoek word dat die vrou vir wie huweliksgoedere oorgedra is, 'n "hoër status" beklee.[1] Die vrou is volgens Tswanareg in 'n ewigdurende voogdyskap van òf haar vader òf haar eggenoot. Grade van juridiese status bestaan nie, en hier is dus moontlik slegs van sosiale status sprake.

5.2.2 DIE SEKSUELE GEMEENSKAP

Volgens die standpunt van Schapera[2] en Riekert[3] dat die lewering van huweliksgoedere 'n essensiële vereiste van die huwelik is, sal geslagtelike omgang van die man met die vrou vóór lewering maar ná die huwelikseremonies wederregtelik wees. Dit blyk nie die geval te wees nie[4] en by sommige stamme[5] is geslagsgemeenskap selfs toelaatbaar vandat die ooreenkoms tot huweliksluiting beklink is.[6]

Teenstrydig met die sienings van Schapera en Riekert is ook die feit dat hierdie samewoning vóór lewering blykbaar beskerm word teen die inbreuk van geslagsgemeenskap deur 'n ander man.

Geen uitdruklike gesag kan vir hierdie stelling gevind word nie, maar nêrens word die eis om genoegdoening vir beweerde owerspel

1. Id 155.
2. Schapera 125.
3. Riekert 110.
4. Hierdie afleiding is onvermydelik by gebrek aan enige stellings tot die teendeel. So word gesê: " ... the parties regarding each other as man and wife." Matthews 13.
5. Coertze 203; Matthews 21.
6. Schapera 1955 135.

deur 'n ander man afhanklik gemaak van die vraag of die beweerde man alreeds huweliksgoedere gelewer het al dan nie.[1] Volledig=heidshalwe kan daarop gewys word dat die Tswanavrou ook geen eis het teen 'n ander vrou vir owerspel met haar man nie. Dit is gebruiklik dat baie mans bywywe aanhou, maar sulke losse ver=houdings word onderskei van 'n samewoning wat deur 'n ooreenkoms tot huweliksluiting voorafgegaan is en waar huweliksgoedere nog nie oorgedra is nie.[2]

## 5.2.3 VADERLIKE REGTE OP KINDERS

Voorts word die regte wat die man op sy kinders verkry by 'n vrou vir wie hy nog nie huweliksgoedere gelewer het nie, ver=gelyk met sodanige regte wat gevestig word nadat hy reeds vir die vrou huweliksgoedere gelewer het. Bekend is die feit dat die vader geen regte verkry op die kinders by 'n vrou ten op=sigte waarvan hy geen ooreenkoms tot huweliksluiting aangegaan het nie. Die kind behoort aan die afkomsgroep van die moeder.[3]

Waar huweliksgoedere nog nie gelewer is nie, sê Breutz[4]: " ... the children are not the legitimate children of the father, i.e. they have not his status and belong to the mother's father." Indien hierdie stelling ongekwalifiseerd korrek is, beteken dit dat daar vóór lewering geen huwelik is nie. 'n Verbinding is immers geen huwelik indien die natuurlike vader van die kinders wat gebore word uit so 'n verhouding geen vaderlike regte op hulle vestig nie. Dit blyk egter dat hierdie verduideliking nie so vertolk moet word dat die moeder se afkomsgroep alle regte op die kind het tot uitsluiting van die natuurlike vader nie. Die vader oefen beslis sekere vaderlike regte ten opsigte van die kinders uit. In die afwesigheid van bewyse tot die teendeel,

---

1. Vergelyk Schapera 1955 267 hoofstuk 16.
2. Schapera 126.
3. Schapera 1955 172.
4. 1955 63; Ook 1941 42.

moet aanvaar word dat die kinders steeds in die huishouding van die vader woon, dat hy die persoon is wat die vaderlike tug sal waarneem en dat die kinders gehoorsaamheid aan hom verskuldig is. Schapera[1] bevestig die aansprake van die moeder se afkoms=groep op die kinders, maar kwalifiseer dit in 'n baie belang=rike opsig: " ... where the marriage has taken place with the approval of both families, the father's claim to his children is not disturbed." Hieruit blyk dat die vader belangrike vaderlike regte uitoefen.

Wat wel waar is, is dat die kind vir wie se moeder nog nie huweliksgoedere ontvang is nie, nie in dieselfde posisie is as kinders vir wie se moeder die huweliksgoedere reeds gelewer is nie. So 'n seun is voorheen nie toegelaat tot die inisiasie=seremonies nie. Deur hierdie praktyk is die seun in die afkoms=groep van sy vader ingelyf[2]. Seuns kon voorheen nie trou indien hulle nie die inisiasieseremonies deurloop het nie.[3] Inlywing by die vader se afkomsgroep kon wel teweeggebring word deur die lomipi-seremonie.[4] Die afname van die invloed van die afkomsgroepe het teweeg gebring dat die inlywing in die afkomsgroep nie meer so 'n groot rol speel nie.

'n Aantasting van die vaderlike regte is veral duidelik by 'n dogter van so 'n samewoning waar die huweliksgoedere nog nie ge=lewer is nie. Waar die huweliksgoedere wel gelewer is vir die dogter se moeder is die vader die persoon wat geregtig is op die dogter se huweliksgoedere. Waar die huweliksgoedere vir die moeder egter nog uitstaande is, kan die moeder se vader op die goedere wat vir die dogter gelewer word, beslag lê. Laasgenoemde geval is een van die uitsonderings waar 'n eis om lewering van

---

1. Schapera 1955 143.
2. Ibid; Breutz 41 40.
3. Riekert 101.
4. Vir hierdie gebeurtenis is 'n dier geslag en die netvet is om die kind se nek gehang. Daardeur is hy seremonieël by sy vader se afkomsgroep ingelyf.

huweliksgoedere wel bekend is by die Tswana.[1] Ook hier blyk dit dat ons nie bloot te doen het met 'n buite-egtelike same= woning nie. Nadat aan die vader van die vrou se eis voldoen is, is alle ander kinders gewettig.[2] Daarenteen kom alle kinders van 'n ongetroude vrou haar vader toe.

Verder moet ook gemeld word dat die vrou se broer[3] of voog te enige tyd die kinders kan opeis voordat die huweliksgoedere vir die moeder gelewer is. Blykbaar sal dit slegs gebeur wanneer die vader blyke gee dat hy nie meer wil voortgaan met die huwelik nie, of geensins van plan is om die huweliksgoedere te lewer nie. Waar die samewoning dus op die drumpel van 'n egskeiding huiwer, kan die kinders deur die vrou se afkomsgroep opgeëis word.

## 5.3 GEVOLGTREKKING OOR DIE LEWERING VAN HUWELIKSGOEDERE AS ESSENSIëLE VEREISTE BY HUWELIKSLUITING

Uit die bostaande uiteensetting blyk dat die nie-lewering van huweliksgoedere sekere regsgevolge wat normaalweg na 'n huwelik volg, nie ernstig beïnvloed nie. Daar word dus nie op so 'n ernstige wyse inbreuk op die maritale mag, seksuele gemeenskap of vaderlike regte gemaak dat die samewoning nie as 'n huwelik kan kwalifiseer nie.

Stellings van skrywers dat die huwelik eers "voltooi"[4] of "volmaak"[5] is nadat die huweliksgoedere gelewer is, is vir die doeleindes van die reg onbruikbaar. Ook Schapera[6] skryf " ... no marriage is regarded as complete unless bogadi has been given", maar hy wend geen poging aan om die regsgevolge van hierdie "onvoltooide

1. Schapera 1955 143 - 4.
2. Schapera 1955 144.
3. Ibid.
4. Schüler 175.
5. Riekert 96.
6. Schapera 1955 139; Vergelyk ook Schüler 75.

huwelik" te omskryf nie.

Matthews[1] se siening van hierdie probleem by die Tshidi Baralong behoort algemeen aanvaar te word vir die Tswana waar die huweliks= goedere nie by die huwelikseremonies gelewer word nie. Volgens hierdie skrywer word die samewoning as 'n huwelik beskou selfs voor lewering van huweliksgoedere. Die man oefen al die regte en verpligtinge uit van 'n eggenoot en 'n vader. Sou die same= woning tussen die man en die vrou om die een of ander rede nie vlot nie en dit word verbreek, dan word dit terugwerkend beskou asof daar nooit 'n huwelik bestaan het nie. Ook Holleman[2] praat van 'n "skok" wat plaasvind in die verhouding tussen die twee afkomsgroepe. By die Tswana sal die huwelik ook as nietig beskou word waar die vrou se voog die kinders kom opeis omdat die huweliks= goedere nog nie gelewer is nie en die man die voog nie langer kan oorreed om die kinders in sy sorg te laat nie.[3]

Hierdie standpunt pas ook in by die siening dat huweliksluiting by die Bantoevolkere oor 'n lang tydperk strek[4] en dat die oor= handiging van huweliksgoedere maar een van die stadia van huweliksluiting is.[5]

Dit is veilig om te aanvaar dat die ooreenkoms tot huweliksluiting minstens 'n stilswyende term bevat dat huweliksgoedere gelewer sal word. Die probleem wat bestaan om 'n uitdruklike ooreenkoms of term in die verband te konstrueer, is reeds bespreek. Vir die Tswana is huweliksluiting sonder die lewering van huweliksbeeste ondenkbaar en daarom is dit 'n duidelike veronderstelling waarop die partye handel, selfs al word dit nooit gedurende die huweliksonderhandelinge genoem nie. Daar moet steeds onthou

---

1. 13.
2. Holleman 69.
3. Vergelyk Schapera 1955 143.
4. Mönnig 130.
5. Schüler 146.

word dat hierdie ooreenkoms nie in die hof afdwingbaar is nie. 'n Huwelik is dus nie eers geldig nadat die huweliksgoedere ge= lewer is nie. 'n Ooreenkoms (wat gewoonlik uit 'n stilswyende term in die ooreenkoms tot huweliksluiting bestaan) om huweliks= goedere te lewer, is egter wel een van die essensiële vereistes vir 'n geldige huwelik.

6. DIE OORDRAG VAN DIE BAARVERMOË VAN DIE VROU

Soos reeds aangetoon, het die lewering van huweliksgoedere tot gevolg dat die samewoning tussen die man en vrou bo alle twyfel in 'n huwelik omskep word, mits die ander vereistes tot huwelik= ook teenwoordig is. Die lewering van huweliksgoedere vervul 'n verdere belangrike funksie binne die huwelik, naamlik die oordrag van die eggenote se baarvermoë na die afkomsgroep van die man. Die verkryging van die baarvermoë op hierdie wyse word soms die hooffunksie van die huweliksgoedere genoem.[1] Lestrade[2] definieer in werklikheid die huweliksgoedere in terme van die baarvermoë: "The word bogadi is applied to that complex of laws and customs by which ... a form of material wealth ... passes from the family of a woman, in consideration of that woman, and, in particular, her reproduction power, passing from her own family into that of a man." Hierdie omskrywing is geldig vir alle Tswanastamme.[3]

Die oordrag van die baarvermoë hou belangrike konsekwensies in. Dit beteken dat die afkomsgroep van die man regte verkry op sekere kinders van die vrou. Welke kinders almal hieronder ingesluit word, word later ondersoek.[4]

Die volgende aspekte word nou vollediger bespreek:

1. Schapera 1955 139.
2. 938.
3. Vergelyk Matthews 19; Riekert 110.
4. Hoofstuk 3 6.1.2.

(1) die inhoud van die vaderlike regte;
(2) op welke kinders van die vrou die eggenoot regte verkry;
(3) kinderloosheid by die egpaar.

## 6.1 DIE INHOUD VAN DIE VADERLIKE REGTE

Opvallend van die vaderlike regte is dat dit soos volg omskryf word: " ... (the children) <u>belong</u>[1] to the man"[2] of " ... the <u>legitimate</u>[1] sons of their father"[3]. Die feit dat 'n kind aan 'n vader "behoort" of sy "wettige" seun is, bring mee dat daardie kind aan die wyk[4] van sy/haar vader behoort,[5] die vader hom/haar bystaan in regsaksies,[6] seuns van huweliksgoedere voorsien en die huweliksgoedere van dogters ontvang.[7] Bowendien kan die seuns van hom erf[8] en die kinders kan aanspraak maak op onderhoud.[9] In die algemeen beteken dit ook dat die kinders by die vader in=woon en dat hy die persoon is wat die vaderlike tug uitoefen. Die vraag is nou watter kinders val in hierdie kategorie.

## 6.2 DIE KINDERS VAN DIE VROU WAAROP DIE MAN DIE REGTE VERKRY

Die eggenoot en sy afkomsgroep verkry die regte op die kinders wat gedurende die huwelik verwek en gebore word. Kinders ge=bore uit owerspel van die eggenote word hierby ingesluit, selfs al het die natuurlike vader genoegdoening betaal.[10] Dit staan

---

1. My onderstreping.
2. Matthews 15; Schapera 1933 79.
3. Lestrade 938.
4. 'n Wyk bestaan uit 'n aantal verwante groepe wat saam=gegroepeer is vir sosiale en juridiese doeleindes. 'n Hoofman staan aan die hoof van 'n wyk.
5. Vergelyk Schapera 1933 79.
6. Id 1955 177.
7. Id 1955 176.
8. Riekert 110; Schapera 1933 84.
9. Schapera 1955 170.
10. Schapera 1955 139 170; Matthews 15; Coertze 278; Breutz 41 4

die eggenoot natuurlik altyd vry om sodanige kinders te verwerp. Hierdie aanspraak wat die eggenoot het op die owerspelige kinders beteken geensins dat die Tswana biotiese vaderskap ontken nie.[1] Laasgenoemde word wel erken, maar dit beteken nie noodwendig dat die biotiese vader ook as vader erken word vir sosiale en juridiese doeleindes nie.[2]

Die reëls met betrekking tot die voorhuwelikse kinders van die eggenote moet versigtig benader word. As uitgangspunt moet aanvaar word dat die kind van 'n ongetroude vrou aan haar vader of voog behoort. Onder bepaalde omstandighede kan sekere persone wel regte op die kinders van 'n ongetroude vrou verkry.

Aanvanklik het Schapera die standpunt ingeneem dat die natuurlike vader 'n aanspraak op sy kind verkry indien hy die normale genoeg= doening vir swangermaking van 'n ongetroude vrou aan haar vader betaal het. Maak hy dan 'n aanbod van 'n verdere twee beeste as onderhoud vir die kind, moet die kind aan hom oorhandig word.[3]

Die verleier van 'n ongetroude vrou kan egter nie aanspraak maak op sy kind waar die vrou reeds verloof was aan haar uiteindelike eggenoot nie.[4]

In 'n latere werk[5] het Schapera sy standpunt ten opsigte van bo= gemelde uiteensetting verander. Die natuurlike vader kan alleenlik die vaderlike regte op sy kind by 'n ongetroude vrou vestig na betaling van genoegdoening en indien sy aanbod om onder= houd van die kind deur die vader of voog van die vrou aanvaar word.

---

1. Vergelyk Schapera 1933 62; Id 1955 172.
2. Voortaan word na die natuurlike vader as sulks verwys en na die persoon wat as die juridiese vader beskou word bloot as vader. Die juridiese vader is ook die voog van die kind. Dit is vanselfsprekend dat die natuurlike vader en die juridiese vader dikwels dieselfde persoon sal wees.
3. 1933 80.
4. Ibid 83.
5. 1955 172.

Die keuse of die natuurlike vader deur die betaling van genoeg= doening enige regte op die kind verkry, berus volgens latere standpunt van Schapera by die vader of voog van die moeder van die kind.

Dit is nie duidelik of die aanvanklike standpunt van Schapera algemeen onder die Tswana voorgekom het nie. Die gebruik waarvan hy later melding maak dat die delikpleger geen aanspraak verkry op sy natuurlike kinders nie, word by die meeste stamme aangetref.[1]

Die eggenoot van die vrou kan eis dat alle voorhuwelikse kinders van die vrou saam met haar in die huwelik kom.[2] Soos gemeld, het hy nie vroeër die reg gehad ten opsigte van die kinders waarvoor die verleier reeds genoegdoening betaal het nie. Die eggenoot wat kinders op hierdie wyse wou verkry, was egter verplig om addisionele beeste vir hulle te lewer. Dit is die praktyk by die Bakgatla[3], Bahurutshe boo Manyane[4] en die Baralong Seleka.[5] Streng gesproke moet hierdie addisionele beeste ook as huweliks= goedere beskou word, aangesien dit gegee word as konsiderasie vir die baarvermoë van die vrou. Hierdie addisionele beeste behoort ook gelewer te word waar die eggenoot self die kinders verwek het, want vir 'n vrou wat reeds kinders het word gewoonlik minder huweliksgoedere voorsien. Die eis om genoegdoening vir swangermaking word gewoonlik[6] ook eers uitgestel totdat dit duidelik is dat die delikpleger nie met die vrou wil trou nie. Boonop word die huweliksgoedere primêr gelewer vir die baarver= moë van die vrou; en waar die eggenoot dit reeds voor die huwelik benut het, moet die aangeleentheid oor dieselfde boeg gegooi word as waar hy voordeel trek uit die benutting deur iemand anders.

---

1. Breutz 1955 53; Coertze 278.
2. Breutz 1955 53; Coertze 278; Riekert 94.
3. Schapera 1955 173.
4. Riekert 105.
5. Schüler 172; In die algemeen by Breutz 41 42.
6. Vir 'n uitsondering by die Bafokeng vergelyk Coertze 203.

Die voorhuwelikse kinders van die eggenote wat op hierdie wyse oorgeneem is, word in die huishouding ingeskakel, net soos kinders gebore uit die huwelik. Die seuns se huweliksgoedere word deur die eggenoot voorsien en hy is geregtig op die gelewerde huweliksgoedere van die dogters. Sodanige seun kan egter nie die hooferfgenaam van die eggenoot word nie, behalwe waar laas=genoemde sy vader is of waar geen seuns uit die huwelik gebore word nie.[1]

Waar die eggenoot egter nie die voorhuwelikse kinders oorneem nie, bly hulle onder die gesag van die voog van die moeder.[2] Dit is dus die addisionele beeste wat die kind onder die gesag van die moeder se voog wegneem en Schapera is nie heeltemal suiwer nie waar hy sê:[3] " ... premarital children are legitimized by the <u>subsequent marriage</u> of their mother." Dit is slegs so ingeval die eggenoot ook hul natuurlike vader is.

Die bostaande uiteensetting bevestig dat die vaderlike regte op kinders en die baarvermoë van die vrou inderdaad deur die lewering van huweliksgoedere verkry word. Maar die lewering van huweliks=goedere bring ook 'n geldige huwelik tot stand. Dit volg dus dat die huweliksgoedere vaderlike regte op die kinders vestig maar alleenlik binne 'n geldige huwelik. Jeffreys[4] probeer aantoon dat die huweliksgoedere wat hy noem "kinderprys" is, en nie "bruidsprys" nie.[5] Volgens Jeffreys[6] het huweliksgoedere niks te doen met die huwelik self nie, maar deur die oordrag daarvan word die vaderlike regte verkry. By die Tswana kan vaderlike regte los van die huwelik alleenlik gevestig word met

---

1. Schapera 1955 173; Id 1955 173.
2. Breutz 55 68; Schüler 148; Coertze 148; Riekert 106; Schapera 1955 172.
3. 173.
4. 181.
5. Ibid.
6. 161.

die toestemming van die voog van die moeder. Gewoonlik is dit die geval waar die natuurlike vader en sy vrou self kinderloos is. Schapera[1] self beskou dit as 'n uitsonderingsgeval.[2]

Samevattend kan gestel word dat die eggenoot deur die oordrag van huweliksgoedere kan eis dat alle voorhuwelikse kinders van die vrou aan hom oorhandig word. Alle kinders wat gedurende die huwelik gebore word, behoort ook aan die eggenoot. Selfs ower=spelige kinders van die eggenote behoort aan die eggenoot, en nie aan die natuurlike vader nie. Die man wat kinders by 'n ongetroude vrou verwek verkry slegs regte op daardie kinders indien die vrou se voog daartoe toestem. Lestrade[3] se siening dat die huweliksgoedere as konsiderasie vir die baarvermoë van die vrou gegee word, word inderdaad deur hierdie sterk aanspraak van die eggenoot op al die kinders van die vrou, bevestig.

## 6.3 KINDERLOOSHEID BY DIE EGPAAR

Aangesien die hooffunksie van die lewering van die huweliksgoedere die oordra van die baarvermoë na die afkomsgroep van die man is, is daar bepaalde instellings wat verseker dat die baarvermoë van die vrou benut word en om die probleem van kinderlose huwelike te oorbrug. So is die huwelik 'n " ... wedersyds-voordelige ooreenkoms tussen verwantegroepe vir die voortsetting van die verwantelinie."[4] Die afkomsgroep van die vrou verbind hulleself om " ... 'n vrugbare vrou te lewer."[5] Die eggenoot se afkomsgroep - en die hele groep is daarby betrokke - beoog dus primêr deur die lewering van die huweliksgoedere, die versterking van hulle afkomsgroep deur die verkryging van die baarvermoë van die vrou.

---

1. 172 - 3.
2. Tereg word dit deur Olivier 465 as 'n vorm van adopsie (aanneming) beskou.
3. 938.
4. Holleman 84.
5. Coertze 261.

Onvrugbaarheid by sowel die vrou as die man frustreer bogenoemde oogmerk.

### 6.3.1 ONVRUGBAARHEID BY DIE VROU

Die remedie van die eggenoot in so 'n geval is om die afkomsgroep van die vrou te nader vir die verskaffing van 'n aanvullende of stutvrou. Hierdie vrou staan bekend as 'n seantlo.[1]

Die persoon wat normaalweg as 'n aanvullende vrou verskaf word, is 'n suster of naby verwant van die eggenote. Hierdie plig val gewoonlik op 'n jonger ongetroude suster en waar die ge= koppelde suster nog ongetroud is, is sy die aangewese persoon om as stutvrou te gaan optree.[2] Vroeër was die gekoppelde suster onder 'n baie sterk verpliging om hierdie taak te vervul. Dit het selfsgebeur dat waar sy reeds getroud is, sy haar man verlaat het en as seantlo gaan optree het.[3]

By 'n aantal stamme word die huweliksgoedere eers gegee na die geboorte van een of twee kinders. Die man wag dus eers om te sien of daar kinders uit die huwelik gebore word voordat hy aanstaltes maak om huweliksgoedere te lewer. Aangesien hy nie gedwing kan word om huweliksgoedere te lewer nie, sal hy dit ook nie doen indien geen kinders gebore word nie. Die sterk sosiale motivering vir die lewering van huweliksgoedere - die man wil sy aanspraak op die kinders onvoorwaardelik vestig - ontbreek dus hier. Dit is dus verstaanbaar dat die seantlo instelling by sommige stamme nie voorkom nie.[4] Tog gebeur dit dat 'n stutvrou aangebied word, selfs al is die huweliksgoedere nie vir die eerste kinderlose vrou gelewer nie. By die Batlaro en die Bahurutshe

---

1. Riekert 117; Breutz 1955 66; Id 41 43; Schapera 1955 155.
2. Coertze 287; Matthews 17; Van Zyl L T 1969 115; Schapera 1955 145; Riekert 117; Breutz 1955 66.
3. Lestrade 941; Riekert 109 117; Breutz 1941 43.
4. By die Bathlaro, Bathlaping en sommige Baralong; Vergelyk Breutz 1955 66; Id 70.

moet die huweliksgoedere egter eers gelewer word voordat die stutvrou oorhandig word.[1] Waar die huweliksgoedere reeds ge= lewer is, sal die voog van die bruid alles in sy vermoë doen om wel 'n plaasvervangende vrou te verskaf. Dit het dus al gebeur dat die familie 'n ander vrou "trou" deur huweliksgoedere vir 'n vrou van 'n ander afkomsgroep te lewer om as seantlo op te tree.[2] Die eggenoot kan egter nie die vrou se afkoms= groep verplig om 'n aanvullende vrou te lewer nie.[3] (Egskeiding en die moontlike terugeis van die huweliksgoedere in sulke omstandig= hede word later behandel.)

Die stutvrou se hooffunksie is om namens die kinderlose vrou kinders in die wêreld te bring.[4] Daarom word nie addisionele huweliksgoedere vir haar gelewer nie en dikwels ontvang sy nie eers 'n afsonderlike hut nie.[5] In rang geld hierdie vrou direk onder die vrou wat sy aanvul en 'n seun uit haar gebore word die erfopvolger in die hut van die vrou wat aangevul word. Sou daar wel 'n seun gebore word uit die voorheen kinderlose vrou, neem laasgenoemde sy regmatige plek as erfgenaam in.[6] Die Bafokeng van Rustenburg verskil van bogenoemde in die opsig dat die aan= vullende vrou eintlik as 'n volwaardige vrou beskou word. Huwe= liksgoedere kan teoreties gevra word soos by 'n normale huwelik, maar in die praktyk is dit gewoonlik minder.[7]

Die gebruik om 'n aanvullende vrou te lewer, is vinnig besig om uit te sterf. By heelwat stamme word dit glad nie meer aan= getref nie en by andere slegs in uitsonderlike gevalle.[8]

---

1. Breutz 1955 66; Lestrade 940.
2. Riekert 109.
3. Schapera 1955 168.
4. Breutz 41 43.
5. Matthews 17; Riekert 117; Van Zyl L T 1969 115.
6. Coertze 262.
7. Ibid.
8. Vergelyk Coertze 262; Van Zyl L T 1969 115.

### 6.3.2 STERILITEIT OF IMPOTENSIE BY DIE MAN

Waar die man nie die baarvermoë van die vrou kan benut nie as gevolg van sy impotensie of steriliteit het hy die reg om deur 'n ander persoon vir hom kinders te laat verwek by sy vrou.[1] Dit staan bekend as go tsena montlung of om "iemand in die hut toe te laat."[2] Dit kom ook voor waar die man by tye lank afwesig is.[3]

Die eggenoot en moontlik ook sy afkomsgroep sal gewoonlik 'n jonger broer van die eggenoot, of die rrangwane (vader se jonger broer) se seun vra om hierdie plig te vervul. 'n Ouer broer van die eggenoot word in die reël nie gevra nie, want dit sou mee=bring dat die kinders wat so verwek word 'n hoër status sal hê as die eggenoot. 'n Vriend kan ook gevra word.[4] Weiering van die vrou om binne redelike perke kinders op hierdie wyse by haar te laat verwek, kan aanleiding gee tot ontbinding van die huwelik.[5]

Dit gebeur wel dat die vrou vir haarself 'n minnaar opsoek. Die man sal in die reël nie ernstig beswaar maak nie, maar so=danige optrede bly onregmatig en die minnaar kan deliktueel aan=gespreek word.[6] Aan die ander kant mag die baarvermoë van die vrou nie lank onbenut gelaat word nie.

Hierdie vergunning wat aan 'n verwant verleen word, kan te enige tyd teruggetrek word en daar is ook geen vergoeding aan verbonde nie.[7]

---

1. Schapera 1955 155; Lestrade 942.
2. Schapera 157.
3. Id 156.
4. Riekert 116; Coertze 260; Van Zyl L T 1969 116.
5. Riekert 116; Van Zyl L T 1969 115.
6. Riekert 116; Coertze 260; Schapera 1955 156.
7. Coertze 260.

Ook hierdie gebruik kom vandag selde voor.[1]

Samevattend kan gesê word dat die seantlo-instelling help om die verpligting wat deur die lewering van huweliksgoedere ontstaan, af te los. Die persoon wat die plig vervul is gewoonlik 'n naby verwant, maar sy kan nie gedwing word om dit te doen nie. Die aanvullende vrou se hooffunksie is om kinders te baar vir die onvrugbare vrou en normaalweg het sy nie 'n status van haar eie nie. In die geval van 'n steriele eggenoot kan hy iemand kry om vir hom kinders te verwek. Die vrou mag in so 'n geval nie weier nie.

## 7. GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING VAN DIE <u>BOGADI</u>-GEBRUIK VóóR EN GEDURENDE DIE HUWELIK VOLGENS DIE TSWANAREG

Die inhoud van die vorige hoofstuk toon dat die huweliksgoedere=instelling ingrypende juridiese gevolge het op aangeleenthede voor en gedurende die huwelik. Opvallend is dat die sosiale nie altyd van die juridiese onderskei kan word nie. Die vernaamste gevolg=trekkings op juridiese gebied is die volgende: Eerstens, die hoeveelheid huweliksgoedere word by die meeste stamme, maar nie almal nie, eensydig deur die man vasgestel. Tweedens, normaalweg bestaan geen aksie vir die afdwinging van huweliksgoedere nie. Derdens, die lewering van huweliksgoedere laat 'n voorwaardelike huwelik tot stand kom. Vierdens, die baarvermoë van die vrou word na die afkomsgroep van die man oorgedra deur die lewering van huweliksgoedere. Tradisionele instellings in die Bantoereg werk mee om hierdie baarvermoë te benut.

---

1. Breutz 1954b 22; Van Zyl L T 1969 115.

# HOOFSTUK 4

## DIE BOGADI-GEBRUIK BY EGSKEIDING OF DOOD VAN EEN VAN DIE PARTYE VOLGENS TSWANAREG

### 1. ALGEMEEN

Uit die vorige hoofstuk het geblyk dat die lewering van bogadi volgens die Tswanareg, hoofsaaklik die verwantskapsposisie van die kinders vasstel en die baarvermoë van die vrou na die af=komsgroep van die man oordra. Hierdie gevolge van die lewe=ring van huweliksgoedere kom veral ter sprake by egskeiding of dood van een van die partye.

In hierdie hoofstuk word dus die verwantskapsregtelike posisie van die kinders by egskeiding of dood van een van die partye bespreek. Aandag word ook gegee aan die verdere benutting of vervanging van die baarvermoë van die vrou in laasgenoemde omstandighede. Gedagtig aan die rol wat die lewering van hu=weliksgoedere by die sanksionering van die huwelik speel, is dit ook noodsaaklik om die teruggawe van sodanige goedere as moontlike vereiste by egskeiding te ondersoek.

### 2. EGSKEIDING

In die ou Tswanareg word die gedagte gevind dat die huwelik nooit ontbind word nie. Daarvandaan die siening dat 'n man wat in 'n familie introu altyd beskou word asof hy 'n skoon=seun is. Vandaar ook die spreuk:[1] "Bogwê ga ba bolê" wat beteken dat skoonfamilieskap nie verrot nie. In hierdie prak=tyk het daar 'n verandering ingetree en egskeidings word wel aangetref, maar dit is steeds iets wat nie geredelik gebeur nie.[2]

---

1. Schapera 1955 162; Coertze 308.
2. Ibid; Erasmus 58.

Wanneer die rol van die twee onderskeie afkomsgroepe by die sluiting van die huwelik in aanmerking geneem word, is dit nie vreemd dat hulle ook 'n rol speel by die egskeiding nie. By die Bahurutshe[1] en Baralong[2] word die huwelik ontbind deur 'n "ooreenkoms" tussen die twee afkomsgroepe. Schapera[3] stel die verdere vereiste dat sodanige ooreenkoms deur die wykshof van die vrou bekragtig moet word. Ook die kapteinshof het later die kompetensie verkry om huwelike te ontbind. By die Bafokeng van Rustenburg[4] is dit 'n voorvereiste vir egskeiding dat die lesika[5]-hof van die man so 'n ontbinding bevestig. Sonder om die fynere nuanses te ontleed, is dit duidelik dat die gemeenskap of minstens die twee afkomsgroepe duidelik bewus moet wees van die ontbinding van die huwelik. Sommige stamhowe kan by sekere stamme ook die huwelik ontbind of die ontbinding bekragtig.

## 2.1 TERUGGAWE VAN HUWELIKSGOEDERE

### 2.1.1 WAAR DIE VROU KINDERLOOS IS

By die ondersoek van literatuur oor die Tswana val dit meteens op dat die teruggawe van huweliksgoedere eerder die uitsondering as die reël is. Schapera skryf:[6] "Theoretically, bogadi can be taken or claimed back only (a) if the wife dies childless, and (b) in case of divorce, if she is barren." In hierdie twee gevalle is die vrou se baarvermoë nie benut nie en daarom is dit logies dat die huweliksgoedere teruggegee moet word.[7] Dat hierdie reël, hoe ongewoon ook al, wel by die Tswana geld, word verder ondersteun deur die feit dat daar min litigasie in

---

1. Riekert 117; Schüler 201. Vergelyk Holleman 91.
2. Breutz 1941 160.
3. 1955 159 - 160.
4. Coertze 307 - 8.
5. Die lesika-hof bestaan uit die senior manlike persone in 'n manlike lyn. Vergelyk Coertze 37.
6. 1955 145.
7. Ibid: "... she has, ... failed to carry out her contract."

verband met huweliksgoedere by die Tswana[1] aangetref word. Daar is ook geen gevestigde praktyk van gebruiklike aftrekkings nie.

By die Tshidi Baralong[2],die Bafokeng van Rustenburg[3] en die Bahurutshe van Motswedi[4] word die huweliksgoedere nie terug=gegee nie. Selfs al was die vrou ook kinderloos, geld hierdie reël steeds.[5]

Daar die man volgens die standpunt wat vroeër[6] ingeneem is nie gedwing kan word om huweliksgoedere te lewer nie, spreek dit vanself dat hy ook geen sodanige verpligting het by 'n egskei=ding en waar geen kinders gebore is nie.[7] By die stamme waar die huweliksgoedere wel teruggegee word, is die teruggawe on=derhewig aan die verskaffing van 'n seantlo deur die afkoms=groep van die vrou.[8]

2.1.2 DIE VROU HET WEL KINDERS

In die gevalle waar kinders wel gedurende die huwelik gebore is, word die beskouing gehuldig dat die man geen nadeel gely het nie, want hy behou die kinders. Geen huweliksgoedere kan dan teruggeëis word nie.[9] 'n Aksie vir teruggawe is nie alleen=lik onafdwingbaar nie, "... but would give offence to the an=cestral spirits or, in modern parlance, to God"[10]

---

1. Ibid.
2. Matthews 17.
3. Coertze 309.
4. Riekert 109; Lestrade 940.
5. Dit is moontlik dat hierdie reël by die meeste Tswanastamme geld. Breutz 1941 43 skryf van die Tswana in die algemeen: "die Tswana geben kein Vieh zurück".
6. Kyk 3 van hoofstuk 3.
7. Lestrade 943; Riekert 109.
8. Schapera 1955 161.
9. Schapera 145; Schüler 201; Coertze 309; Riekert 109; Lestrade 941; Matthews 17.
10. Matthews 17.

Inligting oor die vraag of doodgebore kinders wel as kinders beskou word om te bepaal of huweliksgoedere teruggegee moet word, is onvolledig. Matthews[1] meld van die Tshidi Baralong dat miskrame beskou word as iets waarvoor niemand verantwoor=delik gehou kan word nie. Dit bring die saak egter nie verder nie, want by die Tshidi Baralong word in elk geval nooit huwe=liksgoedere teruggegee nie.[2]

Die eggenoot is natuurlik verplig om die huweliksgoedere oor te dra indien hy aanspraak wil maak op die kinders.[3] Soms word gesê dat die vader die huweliksgoedere kan terugeis, selfs waar daar kinders is, indien hy bereid is om sy regte op hulle te verbeur. Dit is egter hoogs uitsonderlike gevalle en kom slegs voor waar die eggenoot vaderskap ontken.[4]

Selfs waar die vrou se optrede aanleiding gegee het tot die egskeiding, behou haar voog steeds die huweliksgoedere. Die Bafokeng van Rustenburg oordeel dat die vrou se vader nie verwyt word nie, maar "... ons het 'n klagte teen die vrou alleen."[5]

### 2.1.3 ANDER GEVALLE

Volgens die reël by sommige stamme dat huweliksgoedere by eg=skeiding slegs teruggegee word, indien geen kinders gebore is nie, is daar wel 'n paar uitsonderinge. Die Bahurutshe boo Mayane van Motswedi[6] gee 'n aksie vir teruggawe waar die vrou skuldig bevind word aan towery. By die Bafokeng van Rusten=burg[7] is teruggawe al gelas waar die huwelik pas na huwelik=

1. 10.
2. Matthews 17.
3. Schapera 1955 161.
4. Schapera 145.
5. Coertze 308. Ook Matthews 17.
6. Riekert 118; Schapera 1955 161.
7. Coertze 309. Die Bafokeng stel geen bepaalde tydperk waar=binne teruggawe gedoen sal word, vas nie.

sluiting ontbind is. Waar die partye by laasgenoemde stam tydens egskeiding ooreenkom dat 'n aantal huweliksgoedere terug=gegee sal word, kan daar gedagvaar word op grond van die oor=eenkoms[1].

Dit wil voorkom asof by 'n aantal stamme die teruggawe van die huweliksgoedere nie uitsluitlik gereël word deur die vraag of daar wel kinders was of nie. By die Bakwena ba Mogopa[2] en die Bantwane van Groblersdal[3] word teruggawe of verbeuring van die huweliksgoedere afhanklik gestel van die vraag wie verantwoor=delik was vir die mislukking van die huwelik. Teruggawe word slegs gelas waar die vrou deur haar optrede die huwelik ver=ongeluk het. Is die man die skuldige party, verbeur hy al die huweliksgoedere.[4] Stamhoof Lentswe het 'n soortgelyke reëling van toepassing gemaak op die Bakgatla van Botswana. Dit is egter nie duidelik of die Bakgatla van Transvaal dit ook oor=geneem het nie.[5] Aangesien hierdie praktyk deur 'n bevel van 'n stamhoof op slegs 'n gedeelte van die Bakgatla, wat in Bot=swana woon, van toepassing gemaak is, behoort dit nie vir die stamme in die Republiek te geld nie.

### 2.1.4 DIE AFTREKKINGS BY DIE TERUGGAWE VAN HUWELIKSGOEDERE

Aangesien huweliksgoedere in die reël slegs by kinderloosheid van die vrou teruggeëis word, is dit vanselfsprekend dat af=trekkings vir kinders gebore uit die huwelik nie van toepassing kan wees nie. Laasgenoemde gebruik word wel by ander Bantoe=volke gevolg. Coertze[6] het enkele soortgelyke gevalle by die Bafokeng van Rustenburg aangetref, maar dit is 'n vrywillige

---

1. Ibid.
2. Erasmus 58.
3. Vermaak 55 - 6.
4. Dit is 'n vraag of hier sprake is van regsreëls, aangesien hierdie stellings uit volkekundige werke geneem is.
5. Vergelyk vorige voetnoot.
6. 309.

handeling en die stamhowe weier 'n direkte eis vir teruggawe. Geen gevalle kon opgespoor word waar aftrekkings toegelaat is vir die bruidsuitrusting of ander uitgawes nie.

Die regsposisie in verband met die teruggawe van huweliksgoedere by egskeiding kan soos volg saamgevat word: Terugvordering van huweliksgoedere by egskeiding kom slegs voor waar geen kinders uit die huwelik gebore is nie. By sommige stamme word die huweliksgoedere selfs in so 'n geval ook nie teruggegee nie. Huweliksgoedere is ook by sommige stamme terugvorderbaar waar die huwelik op grond van die vrou se towery ontbind is. Teruggawe of verbeuring volgens skuld van die partye kom sporadies voor, maar so 'n reëling is blykbaar nie 'n korrekte weergawe van die Tswanareg nie. Aftrekkings by teruggawe van huweliksgoedere is onbekend.

## 2.2 DIE TERUGGAWE VAN HUWELIKSGOEDERE AS VEREISTE VIR EGSKEIDING

Dit is reeds duidelik dat die teruggawe van die huweliksgoedere nie 'n vereiste is vir egskeiding nie.[1] By die Tswana is daar streng gesproke ook nie sprake van verbeuring van die huweliksgoedere nie. Sodra daar kinders gebore word, is geen huweliksgoedere terugvorderbaar nie.[2] Die huweliksgoedere sal egter slegs teruggegee word, waar die huwelik ontbind is.[3]

Waar daar kinders uit die huwelik gebore is, word die huwelik ontbind deur 'n ooreenkoms tussen die twee afkomsgroepe en

---

1. Hierdie afleiding volg noodwendig uit die bespreking in 2.1
2. Die afleiding volg ook uit 2.1 van hierdie hoofstuk.
3. Vergelyk Schapera 1955 162: "But if the first husband did not take back his bogadi, and especially if there are also children by the marriage, it is much more difficult for her to remarry. Mmapôô ga a tsewe, says the proverb: 'A bull's mother is not married', i.e. a woman with sons by one man should not be married by any one else" vis-a-vis die volgende: "Where the woman has no children, and her husband took back his bogadi, she can be married again in the ordinary way..." Ibid. Die noodwendige afleiding hieruit is dat na teruggawe, is die huwelik ontbind.

moontlike bekragtiging deur 'n stamhof.[1] In sodanige gevalle word die huweliksgoedere natuurlik nie teruggegee nie en uit hierdie nie-teruggawe vloei sekere regsgevolge wat deels on= versoenbaar is met die idee dat die huwelik finaal ontbind is. Eerstens, Schapera[2] meld dat in sodanige geval die vrou weer kan trou en huweliksgoedere vir haar gelewer kan word. Hy voeg by:[3] "But his wife is held still to be under the power of her children by her former husband, and is expected to return to them when no longer able to bear or they may call her back." Bowendien kan haar eerste man nie beswaar maak teen haar terugkeer nie.

In die tweede plek is daar niks wat 'n geskeide paartjie ver= hoed om weer saam te bly waar die huweliksgoedere nie terugge= gee is nie. Hierdie samewoning word as 'n huwelik beskou ten spyte daarvan dat die ander vereistes vir huweliksluiting ontbreek.[4]

Derdens, in die geval waar 'n geskeide vrou weer wil trou voordat die huweliksgoedere van haar eerste huwelik teruggegee is,word die vorige eggenoot by die Bakgatla die geleentheid gebied om haar terug te neem.[5] Streng gesproke is hierdie geval nie in stryd met die idee van 'n ontbinde huwelik nie, maar dit dui tog nog op die invloed van die gelewerde huweliks= goedere.

Vierdens, vroeër was die band tussen die huweliksgoedere en die baarvermoë van die vrou so heg dat die man selfs kan aan= spraak maak op die kinders wat die vrou in die wêreld bring na die egskeiding. Dit is egter te betwyfel of hierdie reël

---

1. Kyk 2 van hierdie hoofstuk.
2. Schapera 1955 162.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Ibid.

nog geld.[1]

Ten spyte van hierdie gevolge van nie-teruggawe van die huwe=liksgoedere, is sodanige teruggawe nie 'n vereiste vir egskei=ding nie. Die huwelik word deur 'n ooreenkoms tussen die twee afkomsgroepe ontbind. Soms word die ontbinding in een van die stamhowe bekragtig.

## 2.3 AANSPRAKE OP DIE KINDERS BY EGSKEIDING

### 2.3.1 HUWELIKSGOEDERE IS WEL OORGEDRA

Aangesien die lewering van huweliksgoedere die vaderlike regte op die kinders gedurende die huwelik vestig, volg dit dat die vader hierdie vaderlike regte na egskeiding behou. Die be=kende Tswana spreuk is hier van toepassing: "Dikgomo di supa bonna", dit wil sê die kinders is waar die beeste nie is nie.[2] Die inhoud van hierdie vaderlike regte is reeds bespreek.[3] By egskeiding sal die vaderlike regte dikwels inhou dat die kinders saam met hulle moeder sal gaan wat hulle sal versorg. Die vader is verplig om hulle te onderhou deur voortdurend voedsel, klere en presente te stuur. Namate hulle ouer word, op on=geveer die ouderdom van ses tot tien jaar, kan die vader eis dat hulle aan hom oorhandig moet word. Die moeder kan moontlik ook aanspraak maak op een of twee dogters om haar te help en

---

1. Schapera 1955 146. Die aanspraak van die man op die kin=ders wat sy vrou in die lewe bring nadat hulle reeds ge=skei was, was een van die redes waarom stamhoof Kgama die lewering van huweliksgoedere by die Ngwato van Botswana verbied het. Dit is duidelik dat so 'n reël hoofsaaklik kon geld in 'n tydperk toe die verwantskapsbande nog baie stewig was. Voordat tot 'n besliste gevolgtrekking gekom kan word op die vraag of die man nog steeds so 'n reg het, moet daar eers inligting verkry word oor die huidige prak=tyk by die Tswana.

2. Schapera 1955 161; Riekert 119; Matthews 17; Breutz 1955 65; Coertze 309.

3. Kyk 6 van hoofstuk 3.

by te staan. Die vader sal egter steeds al die dogters se huwelike reël en die huweliksgoedere wat vir hulle gelewer word, ontvang.[1]

Sou die vader die kinders voortdurend verwaarloos of glad nie in hulle belangstel nie, kan die kapteinshof verklaar dat hy alle regte op hulle verloor het. Dit is denkbaar dat die kinders in sommige gevalle , wanneer hulle groot is, na die vader sal terugkeer. Dit is egter te betwyfel of hy daardeur weer enige regte op die kinders sal verkry. Die bevel van die kapteinshof dat die vader sy regte op die kinders kan verloor, is blykbaar 'n innovasie.[2] Die beginsel is tog duidelik: "Die kinders is waar die beeste nie is nie." Heeltemal onversoenbaar met die tradisionele uitgangspunte in die Tswanareg is ook die latere ontwikkeling dat sommige kapteinshowe die kinders by egskeiding onder die ouers verdeel.[3]

Vroeër kon die eggenoot ook die kinders opeis wat die vrou in die wêreld bring nadat sy na haar mense teruggekeer het.[4] Dit is nie duidelik of hierdie reël nog algemeen[5] geld nie. By sommige stamme behoort sodanige kinders nou aan die vrou se voog en afkomsgroep.[6]

### 2.3.2 WAAR DIE HUWELIKSGOEDERE NOG NIE OORGEDRA IS NIE

By die bespreking[7] van die vraag of die lewering van huweliksgoedere 'n essensiële vereiste vir die huwelik is, is die

---

1. Vergelyk Schapera 1955 161; Riekert 119; Van Zyl 1969 108.
2. Schapera 1955 161.
3. Ibid.
4. Breutz 41 42; Schapera 1955 162 - 3 170 - 1.
5. Volgens Schapera 1955 162 geld dit steeds, behalwe by die Ngwato. Kyk ook 2.3 van hierdie hoofstuk.
6. Schüler 201; Matthews 16; Schapera 1955 170.
7. Kyk 5 van hoofstuk 3.

standpunt ingeneem dat die huwelik geldig is, selfs al is die huweliksgoedere nog nie oorgedra nie. Die verstandhouding is egter steeds dat die huweliksgoedere wel een of ander tyd ge= lewer moet word. By egskeiding loop die man dan gevaar om die kinders te verloor indien hy nie die huweliksgoedere lewer nie. Die man kon die huweliksgoedere selfs 'n tyd ná die egskeiding lewer. Matthews[1] se weergawe van die implikasies van nie-lewering behoort algemeen vir die Tswanareg te geld: "When a man learns that his divorced wife is about to be married again, he hastens to make over his bogadi in order to obtain possesion of his children to prevent them going to the new husband or he may wait until he hears that the latter is about to give over his bogadi, when he will fulfill his obligations and thus safeguard his rights over his children."

Dit blyk dat die eerste eggenoot selfs 'n geruime tyd na die hertroue van sy voormalige eggenote kan wag voordat hy die huweliksgoedere lewer. Lewering kan selfs eers geskied nadat die vrou kinders by haar tweede eggenoot het. Die bekende spreuk van "bana ba Kaogwane ke bogadi" ("kinders van (dieselfde vrou) word geskei deur huweliksgoedere")[2] is dan van toepassing. Lewer die tweede eggenoot sy huweliksgoedere voordat die eerste eggenoot syne oordra, verkry die tweede eggenoot aanspraak op al die kinders.[3] Waar die vrou nie weer trou nie, behoort die kinders aan die moeder se verwante.[4]

Uit die bostaande blyk dat die stelreël "die kinders is waar die beeste nie is nie" by egskeiding as bewese aanvaar kan word. Gedurende die huwelik is die geldigheid van hierdie reël

---

1. 15. Ook Schapera 1955 161.
2. Ibid 16.
3. Breutz 1955 65.
4. Breutz 1955 65; Riekert 109; Matthews 15; Lestrade 941; contra Schapera 1955 161.

nie ongekwalifiseerd waar nie.[1]

## 3. DOOD VAN DIE MAN

Die feit dat die huweliksgoedere na die dood van die man, soos in die geval van egskeiding, nog in die besit van die vrou se afkomsgroep is, bring mee dat sekere gevolge van die huwelik bly voortbestaan. Die huweliksooreenkoms wat deur die twee afkomsgroepe gesluit is, kom ook nou weer op die voorgrond. Ingevolge die stilswyende onderneming van die afkomsgroep van die man om die vrou te versorg en by haar kinders te verwek na haar vermoë, is die vrou geregtig om by die blyplek of stat van haar oorlede man aan te bly. Eweneens bestaan die reg op die baarvermoë van die vrou voort, selfs na die dood van die man.[2] Die instelling waardeur bogenoemde verwesenlik word is die junior leviraat en dit staan in die Tswanareg bekend as go tsena motlung (om iemand se hut binne te gaan).[3]

### 3.1 DIE LEVIRAAT-GEBRUIK

Hierdie gebruik toon groot ooreenkoms met die gebruik waar 'n persoon deur 'n steriele of impotente eggenoot gevra word om kinders by sy vrou te verwek. Belangrik is om daarop te let dat die persoon wat die plig vervul deur 'n vergadering van die oorledene se afkomsgroep aangedui moet word.[4] Persone wat in aanmerking kom om hierdie taak te verrig, stem grootliks ooreen met die persone[5] wat deur 'n eggenoot gevra word om kinders by sy vrou te verwek. Die oorlede eggenoot se oudste seun kom nou ook in aanmerking. Sodanige seun kan

---

1. Die huwelik word selfs voor lewering as geldig beskou, alhoewel dit 'n voorwaardelike toestand is. Kyk 5 van hoofstuk 3.
2. Schapera 1955 164; Coertze 316; Riekert 117 - 20.
3. Schapera 164; Coertze 316.
4. Coertze 317; Schapera 1955 180; Riekert 120.
5. Kyk 6.3.2 van hoofstuk 3.

hierdie taak verrig by enigeen van die eggenotes van sy vader wat laer in rang is as sy eie moeder. Vanselfsprekend mag die seun nie die plig vervul by sy eie moeder nie. Die seun van die oorledene kom slegs ook in aanmerking vir hierdie plig indien hy reeds getroud is. Normaalweg word verwag dat slegs een persoon hierdie plig by al die eggenotes sal vervul.[1]

Ten opsigte van die vraag of die vrou mag weier om die aange= wese persoon te aanvaar, bestaan daar nie 'n algemene patroon nie. By die Bafokeng[2] en die Bahurutshe van Motswedi[3] mag sy nie weier nie. By die Bafokengstam is haar weiering strafbaar. By die Bakolobeng, voorheen van Rooijantjiesfontein,[4] het sy 'n vrye keuse om te besluit of sy die plaasvervanger wil aan= vaar of nie. 'n Soortgelyke posisie word moontlik by die Bakgatla aangetref.[5] By die Baralong[6] word haar instemming gevra voordat 'n persoon aangewys word.

Waar die weduwee 'n seun het wat oud genoeg is om vir haar te sorg, kan sy selfs weier om enigsins in so 'n verhouding be= trokke te raak. In so 'n geval behoort haar oorlede man se afkomsgroep geen verdere remedie teen haar te hê nie, selfs al is sy nog in staat om kinders in die lewe te bring: Sy het immers voldoen aan haar baarverpligting.[7] So 'n weiering waar sy egter geen kinders het nie behoort volgens algemene beginsels haar man se afkomsgroep geregtig te maak op die terugvordering van die huweliksgoedere.[8]

---

1. Coertze 316 - 7.
2. Ibid.
3. Riekert 120.
4. Van Zyl L T 1969 130.
5. Schapera 1955 164.
6. Breutz 1955 164; Schüler 165.
7. Schapera 1955 164; Van Zyl L T 1969 130.
8. Ibid.

Vir die weduwee gaan die huwelikslewe feitlik onveranderd voort, maar sy is nie die vrou van die plaasvervanger nie, maar word steeds as die eggenote van die oorledene beskou. Hiervolgens administreer die plaasvervanger die boedel op soortgelyke wyse as wat die oorledene sou gedoen het. Hy is op die seksuele samewoning van die vrou geregtig en enige inbreuk daarop word as owerspel behandel. By die Bafokeng het laasgenoemde eis egter reeds verval.[1]

Kinders gebore gedurende hierdie verhouding word as die oorle= dene s'n beskou, selfs dié wat deur 'n ongemagtigde persoon verwek is. Sulke kinders erf van die oorledene, dra sy naam en het dieselfde regte as kinders gebore gedurende die huwelik.[2]

Dit spreek vanself dat geen verdere huweliksgoedere ten opsigte van die weduwee deur die plaasvervanger oorgedra word nie.

Samevattend blyk dit dat die baarvermoë van die vrou na die dood van die man deur die leviraat-instelling benut word. Die plaasvervanger moet deur die afkomsgroep van die oorlede eg= genoot aangewys word en sy primêre doel is om kinders vir die oorledene te verwek. Die literatuur is onvolledig oor die vraag of die vrou mag weier om in so 'n verhouding betrokke te raak. Volgens algemene beginsels sal sodanige weiering slegs in die geval waar sy kinderloos is, die huweliksgoedere te= rugvorderbaar maak.

## 3.2 REGTE OP DIE KINDERS WAT GEBORE WORD NADAT DIE WEDUWEE NA HAAR OUERS TERUGGEKEER HET

Dit is nou reeds duidelik dat sekere huweliksgevolge selfs na die dood van die man bly voortbestaan. Die afkomsgroep van die man het ook nog steeds aanspraak op die baarvermoë van die

1. Schapera 1955 165 - 6; Coertze 316 - 8. 215; Breutz 1955 65.
2. Schapera 1955 165, 171; Coertze 317; Riekert 120.

vrou. Na 'n egskeiding kan die afkomsgroep van die man nie meer aanspraak maak op die baarvermoë[1] van die vrou nie en die vraag is dus of die terugkeer van die vrou na haar eie mense nie ook as 'n "egskeiding" beskou word nie.

Egskeiding word teweeg gebring deur 'n ooreenkoms tussen die twee afkomsgroepe en 'n moontlike daaropvolgende bekragtiging deur 'n stamhof. Die blote fisiese terugkeer van die weduwee na haar eie mense sal dus nie 'n "egskeiding" teweeg bring nie. Dit moet boonop gepaard gaan met die bedoeling om haar bande en die "huwelik" met haar oorlede man se afkomsgroep tot 'n einde te bring. Die ontbinding van die "huwelik" na die dood van die man kan ook geen eensydige handeling aan die kant van die weduwee wees nie soos byvoorbeeld die blote verlating van die woonplek van die oorlede eggenoot. Schapera[2] se weergawe steun bogenoemde uiteensetting van die regsposisie: "A widow may, if she likes, go back to her own home, after informing her husband's people."

Dieselfde beginsels van toepassing by die egskeiding behoort dus ook hier te geld. Vroeër kon die man se afkomsgroep alle kinders opeis wat gebore word by haar ouers se huis, tensy die huweliksgoedere teruggegee is.[3] Hulle kon selfs aanspraak maak op die kinders wat 'n tweede eggenoot by haar verwek voordat hy huweliksgoedere oorgedra het: "The widow herself could be taken back, after some time, from her second husband by a son born of the first, for it was held to be wrong for a woman to leave her original husband's home."[4]

By 'n groot aantal stamme kan die oorlede eggenoot se afkoms=groep nie meer aanspraak maak op die kinders wat by die vrou

---

1. Vir 'n ouere standpunt kyk egter Schapera 1955 162 - 3.
2. 1955 166.
3. Schapera 1955 167.
4. Ibid.

verwek is nadat sy na haar afkomsgroep teruggekeer het nie. Sulke kinders behoort aan die voog van die vrou.[1] Indien die weduwee weer trou en die tweede eggenoot lewer huweliksgoedere, sal hy kan aanspraak maak op die kinders wat gebore is nadat die weduwee na haar eie afkomsgroep teruggekeer het.[2] Sulke kinders is in werklikheid in dieselfde posisie as die voor=huwelikse kinders van 'n ongetroude vrou.

## 4. DOOD VAN DIE VROU

### 4.1 DIE TERUGGAWE VAN DIE HUWELIKSGOEDERE

Waar die vrou kinderloos te sterwe kom, kan die huweliksgoedere, onderhewig aan die verskaffing van 'n <u>seantlo</u>, teruggeëis word.[3] Dit is een van die twee gevalle waar die huweliksgoe=dere wel by sommige stamme teruggegee word. Indien die egpaar skei sonder dat kinders gebore is word die huweliksgoedere ook teruggegee.[4]

Teruggawe van huweliksgoedere is egter nie 'n vaste reël by al die stamme nie. Gesag bestaan dat huweliksgoedere nooit by die Tshidi Baralong[5], Bahurutshe van Motswedi[6] en Bafokeng van Rustenburg[7] teruggegee word nie. Daaruit volg dat huweliks=goedere ook nie by die dood van die vrou teruggegee word nie. Soos reeds gesê, het stamhoof Lentswe 'n soortgelyke reël by die Bakgatla van Botswana ingevoer. Sy bevel in die verband het hy soos volg gemotiveer:[8] "the marriage had been complete

---

1. Coertze 331; contra Schapera 1955 167.
2. Kyk 5.1 van hierdie hoofstuk.
3. Schapera 1955 145 168.
4. Schapera 1955 145. Vir 'n vollediger bespreking kyk 2.1 van hierdie hoofstuk.
5. Matthews 17.
6. Riekert 109; Lestrade 940.
7. Coertze 309.
8. Schapera 1955 168.

and the wife's people were not to blame if she had died without issue." Daar is natuurlik veel te sê vir 'n tempering van die beskouing wat die huweliksgoedere uitsluitlik as konsiderasie vir die baarvermoë van die vrou sien. Volgens die beskouing van huweliksgoedere qua baarvermoë moet die huweliksgoedere teruggegee word in alle gevalle waar geen kinders uit die huwelik gebore is nie. Die Tswanareg ken tradisioneel nie afwykings van die beskouing dat die huweliksgoedere slegs vir die baarvermoë gegee word nie. Veranderings op hierdie gebied is die plig van die wetgewer.

Die man kan normaalweg nie in die hof aangespreek word vir lewering van huweliksgoedere nie.[1] A fortiori is hy ook nie aanspreeklik waar sy vrou kinderloos sterf en hy nog geen huweliksgoedere oorgedra het nie.

4.2 DIE VERSKAFFING VAN 'N PLAASVERVANGENDE VROU

Die afkomsgroep van die vrou het die keuse om die huweliks= goedere terug te gee of om 'n plaasvervangende vrou, 'n seantlo, te lewer.

Die gebruik soos beskryf by die verskaffing van 'n aanvullende vrou stem grootliks hiermee ooreen en daar word volstaan met die volgende. 'n Suster of ander verwant vervul gewoonlik die plig.[2] Aanvaar die eggenoot nie die plaasvervanger nie, sal hy nie die huweliksgoedere kan terugeis nie. Schapera sê ook dat die vrou se verwantegroep kan weier om 'n seantlo te ver= skaf waar die man haar sleg behandel het,[3] maar dit behoort hom nie te verhoed om die huweliksgoedere terug te eis nie. Indien geen plaasvervanger verskaf word nie, is die huweliks=

---

1. Kyk 3 van hoofstuk 3.
2. Schapera 167 ev.; Coertze 267; Van Zyl L T 1969 131.
3. Schapera 1955 168.

goedere terugeisbaar.[1] Die meisie self kon vroeër deur haar ouers gedwing word om as plaasvervanger op te tree, maar dit is ondenkbaar dat dit vandag nog toegelaat sal word.[2]

Streng gesproke hoef addisionele huweliksgoedere nie vir 'n plaasvervangende vrou verskaf te word nie, aangesien daar 'n wanprestasie aan die kant van die vrou se afkomsgroep was deur 'n onvrugbare vrou te lewer. Die plaasvervanger word juis verskaf om die gebrekkige prestasie aan te vul. Geen addisionele huweliksgoedere word by die Bakolobeng en die Bahurutshe[3] vir 'n plaasvervangende vrou verskaf nie. Die lewering van addisionele huweliksgoedere by die Bakgatla Bagamosethla, Bafokeng en Baralong Seleka[4] lyk egter nie heeltemal suiwer nie. Indien die man egter nog nie huweliksgoedere vir sy oorlede vrou gelewer het nie, sal hy dit nou moet doen anders kan die afkomsgroep van die vrou weier om 'n plaasvervanger te verskaf.[5]

Die plaasvervanger neem die huishouding en plig van die oorledene oor. Dit beteken dat sy ook die senior in rang van die vroue sal wees wat junior in rang van die oorledene was.

Haar vernaamste plig is egter om in die oorledene se plek kinders in die lewe te bring. 'n Seun van hierdie vrou word die hooferfgenaam in die huis van die oorledene.[6] By die Bafokeng kry sy wel haar eie hutgoedere en 'n afsonderlike lapa.[7]

Skrywers[8] meen selfs dat die man kan vra vir 'n <u>seantlo</u> waar

---

1. Schapera 1955 168.
2. Brown 58; Coertze 312 - 3.
3. Van Zyl L T 1969 130; Riekert 121.
4. Van Zyl J H 78; Coertze 313; Schüler 186; <u>contra</u> Schapera 1955 168.
5. Schapera 1955 168.
6. Riekert 121; Van Zyl L T 1969 131.
7. Coertze 314.
8. Schapera 1955 167; Van Zyl 1969 130 - 1; Coertze 312.

die oorlede eggenote wel kinders gehad het. Dit is egter duidelik dat dit bloot 'n vrywillige gebaar aan die kant van ouers sal wees om moontlik die jong kinders van die oorledene te versorg.

Dit is verstaanbaar dat as algemene praktyk hierdie seantlo-instelling iets van die verlede is.[1] Veral by verstedelikte Tswana is dit haas ondenkbaar, maar weens die belangrikheid van hierdie regsfiguur vir die erfreg mag dit nie onbespreek gelaat word nie.

5. HERTROUE VAN 'N WEDUWEE

In die ou Tswanareg kon weduwees alleenlik weer trou in die uitsonderlike gevalle waar die eerste huwelik kinderloos was en die huweliksgoedere teruggegee is.[2] Dit wil voorkom asof dit veral die gelewerde huweliksgoedere wat nog in besit van die vrou se mense was, die vernaamste struikelblok vir 'n volgende huwelik was. Namate egskeidings en die terugkeer van die vrou na haar eie mense meer algemeen geword het, het die hertroue van weduwees en geskeide vroue ook meer dikwels voorgekom.

Die weduwee of die geskeide vrou moet egter aan bepaalde vereistes voldoen voordat hulle kan trou. Coertze[3] gee die volgende uiteensetting van die tradisionele Bafokengreg: "Die hertrouingsmoontlikheid van 'n vrou word volgens die tradisionele reg bepaal deur die feit dat sy weer onder die gesag van haar eie vader of sy plaasvervanger gekom het, nadat daar egskeiding plaasgevind het of nadat sy as weduwee haar man se lesika verlaat het. In die verlede was die toets steeds haar

1. Van Zyl L T 1969 132; Schapera 1955 168.
2. Schapera 1955 164.
3. 329.

fisiese verlating van die woonpunt waar sy met haar man geleef het." Hierdie posisie het blykbaar nie veel verander nie en behoort as algemene patroon by die Tswana te geld. Daar moet egter beklemtoon word dat die weduwee wel duidelik haar bedoe=ling te kenne moet gee dat sy nie meer met die huwelik wil voortgaan nie.[1] So moet die Bahurutshe van Motswedi byvoorbeeld die toestemming[2] van die oorledene se familie - <u>lekgothla</u>[3] hê. Word hierdie vereiste nie gestel nie kan huweliksgoedere vir die vrou gegee word sonder dat die oorledene se verwante daarvan weet. Op so 'n wyse kan daar teenstrydige eise op kinders van die vrou ontstaan.

Nadat die weduwee na haar eie mense teruggekeer het en sy wil weer in 'n huwelik tree, is haar voog geregtig op die huwe=liksgoedere. Matthews[4] merk in hierdie verband op: "The Nguni rule that one man can only receive one <u>lobolo</u> for one woman does not appear to obtain among the Baralong." Alhoe=wel dit te betwyfel is of Matthews hierdie stelreël in sy regte verband toepas, word dit eweneens bevestig dat die voog van die vrou die korrekte persoon is om aanspraak te maak op haar tweede stel huweliksgoedere.[5] Die Bahurutshe, is 'n uitsonde=ring waar die goedere na die erfgenaam van die oorledene gaan.[6]

Soos reeds gemeld word die tweede huwelik vir alle doeleindes as 'n geldige huwelik beskou. Daar is egter praktiese impli=kasies. Waar die vrou kinders by haar eerste man gehad het, kan hulle haar te enige tyd vra om by hulle te kom bly: "(she) is held still to be under the power of her children."[7] Die eerste eggenoot sal nie beswaar kan maak teen die vrou se...

---

1. Kyk 2.2 van hierdie hoofstuk.
2. Riekert 120. Vergelyk ook Schapera 1955 166.
3. Vergadering van lede van die afkomsgroep.
4. 16.
5. Coertze 332; Vermaak 57.
6. Riekert 120.
7. Schapera 1955 162.

terugkeer nie.

Die tweede huwelik is egter geensins 'n abnormale huwelik nie. Prakties sal hierdie stap van haar eenvoudig op 'n egskeiding neerkom en normaalweg kan 'n eggenote ook maar haar man verlaat. Slegs waar sy geen kinders het nie, sal dit die huweliksgoe= dere beïnvloed.

5.1 AANSPRAKE OP DIE KINDERS

Op die gevaar af dat sekere aspekte herhaal sal word, is dit tog nodig om vir verwysingsdoeleindes 'n paar beginsels weer duidelik te stel.

Die lewering van huweliksgoedere deur die tweede eggenoot gee hom aanspraak op die kinders gebore uit die huwelik asook op kinders wat gebore is nadat die vrou na haar voog teruggekeer het.[1] Waar die eerste eggenoot nie huweliksgoedere gelewer het nie, word hierdie kinders ook as voorhuwelikse kinders be= skou en die tweede eggenoot kan ook op hulle aanspraak maak.[2] Indien die eerste eggenoot egter wel huweliksgoedere gelewer het, behou hy sy kinders.

Waar die tweede eggenoot nog nie huweliksgoedere gelewer het nie en die eerste een wel, kan die kinders wat gedurende die tweede huwelik gebore is nog deur die meisie se voog opgeëis word.[3] Vroeër het die eerste eggenoot daardie aanspraak[4] ge= had.

---

1. Riekert 94; Schapera 1955 167 170.
2. Schapera 1955 161.
3. Schapera 1955 171.
4. Ibid.

GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING VAN DIE LEWERING VAN HUWELIKS=GOEDERE BY EGSKEIDING OF DOOD VAN EEN VAN DIE PARTYE VOLGENS TSWANAREG

Die verband tussen die baarvermoë van die vrou aan die een kant en die huweliksgoedere aan die ander kant, word nêrens dui=deliker geïllustreer as by die ontbinding van die huwelik nie. Die teruggawe van die huweliksgoedere waar die afkomsgroep van die man nie die baarvermoë van die vrou kon benut nie word konsekwent by sommige Tswanastamme aangetref. By sulke stamme volg teruggawe by die onbenutte baarkrag van die vrou, hetsy dit te wyte is aan die dood van een van die partye of aan egskeiding. By ander stamme geld die reël dat huweliksgoedere nóóit teruggegee word nie. Teruggawe van die huweliksgoedere is egter ook onderhewig aan die benutting van die baarvermoë deur instellings soos die seantlo, leviraat en go tsena montlung.

Sporadiese gevalle waar die teruggawe of verbeuring van die huweliksgoedere deur die skuld van die partye gereël word, kom ook voor. Daarvolgens word die huweliksgoedere verbeur as die huwelik deur die man se optrede skipbreuk ly. Teruggawe word gelas indien die skuld by die vrou lê. Aftrekkings by die teruggawe van huweliksgoedere is ook by hoë uitsondering teëgekom.

In die ou Tswanareg was die beginsel dat die man se afkomsgroep kan aanspraak maak op al die kinders van die vrou, selfs na egskeiding of dood van die man, indien die huweliksgoedere nie teruggegee is nie. Alhoewel die inligting op hierdie punt verouderd en onvolledig is, wil dit voorkom asof die kinders van weduwees of geskeide vroue aan hulle vader of voog behoort.

Uiters belangrik vir die regspraktyk is die reël in die Tswa=nareg dat die stam- of wykshof ook die huwelik as ontbind kan verklaar. Die teruggawe of verbeuring van huweliksgoedere as vereiste vir die ontbinding van die huwelik kom nie ter sprake in die Tswanareg nie.

# HOOFSTUK 5

# DIE ERKENNING EN TOEPASSING IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG VAN DIE BOGADI-GEBRUIK BY DIE TSWANA VOOR EN GEDURENDE DIE HUWELIK.

## 1. ALGEMEEN

Uit hoofstuk 3 het geblyk dat verskeie juridies relevante aan=geleenthede van die bogadi-gebruik in die Tswanareg, ter sprake kom. In hierdie hoofstuk word die toepassing en erkenning in die Suid-Afrikaanse reg van daardie aangeleenthede wat hoof=saaklik voor en gedurende die huwelik ter sprake kom, bespreek.

Gedurende die ondersoek word primêr gelet op beslissings waar Tswanareg ter sprake was, en of sodanige beslissings in oor=eenstemming met die Tswanareg is. Indien beslissings waarin Tswanareg uitdruklik erken of toegepas is, op 'n bepaalde ge=deelte van die reg ontbreek, word daarna vasgestel of die Tswanareg met die algemene Bantoereg (of dele daarvan) ooreen=stem of bots. Daarvolgens word dan bepaal watter beslissings vir die howe in die toekomstige erkenning en toepassing van Tswanareg as gesag behoort te dien en watter beslissings nie gevolg behoort te word nie. Indien inligting oor die Tswana=reg op 'n bepaalde punt ontbreek, word vasgestel of die breëre beginsels van die Tswanareg versoenbaar is met die algemene Bantoeregspraktyk. Telkens word ook rekening gehou met die vraag of die Tswanareg nie op bepaalde punte herroep of gewysig is nie.[1] Op hierdie wyse word gepoog om 'n Tswanaregstelsel te onderskei.

1. Ingevolge artikel 11(1) van die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927, mag die Bantoesakekommissarishowe Bantoereg toepas behalwe waar dit herroep of gewysig is.

By herhaling word gestel dat die aangeleenthede wat in hierdie hoofstuk bespreek word gewoonlik, maar nie uitsluitlik nie, vóór en tydens die huwelik ter sprake kom.

## 2. DIE HOEVEELHEID, VOORWERP EN SAMESTELLING VAN DIE HUWELIKS=GOEDERE

### 2.1 DIE VASSTELLING VAN DIE HOEVEELHEID HUWELIKSGOEDERE

Skrywers oor die Bantoereg in Suid-Afrika maak melding van vier verskillende wyses waarvolgens die hoeveelheid huweliksgoedere vasgestel word.[1]

Eerstens word die volksgroepe waar die teleka-gebruik[2] in swang is, onderskei. Die hoeveelheid huweliksgoedere word nie voor=af bepaal nie, maar hang af van sekere omstandighede. Die teleka- of 'n soortgelyke gebruik ontbreek by die Tswanastamme.

In die tweede plek word 'n aantal volksgroepe en stamme aan=getref waar die hoeveelheid huweliksgoedere deur tradisie of gebruik vasgestel is. Die bekendste voorbeelde hiervan is die Hlubi[3] en die Basoeto[4]. Ook hierdie gebruik kom nie by die Tswanastamme voor nie alhoewel die vasstelling van die hoeveel=heid deur 'n dekreet van die stamhoof by die Bahurutshe boo Manyane grootliks hiermee ooreenstem.[5] Die howe behoort dus laasgenoemde vasstellingswyse in die Tswanareg te erken en toe te pas want 'n vasgestelde hoeveelheid huweliksgoedere is dus wel in die Bantoereg bekend.

---

1. Olivier 65 - 77; Seymour 146 - 8.
2. Volgens hierdie gebruik word die eggenote deur haar vader geskut totdat verdere huweliksgoedere gelewer word.
3. Mandela v Mini 3 BAH 91 (1915).
4. Mgogo v Jan 1 BAH 278 (1909).
5. Kyk 2.1 van hoofstuk 3.

'n Derde wyse waarvolgens die hoeveelheid huweliksgoedere bepaal word, is deur ooreenkoms tussen die partye. Hierdie metode kom wyd verspreid in die Republiek voor.[1] Hierdie vas= stellingswyse word ook by die Tswana aangetref en die beslis= sings van die algemene Bantoereg kan as gesag vir die erken= ning van Tswanareg gebruik word.

Die ongewone wyse van vasstelling onder sommige Tswanastamme, naamlik eensydig deur die man se afkomsgroep, het nog nie direk in die howe ter sprake gekom nie. Beide Olivier[2] en Seymour[3] maak daarvan melding en dit is duidelik dat hierdie vasstellingswyse in die Tswanareg[4] bestaan. Die howe behoort dus ook hierdie vasstellingswyse van die hoeveelheid huweliks= goedere te erken.[5]

Goewermentskennisgewing R 1970 van 1968 maak voorsiening vir die registrasie van Bantoeregtelike huwelike (gebruiklike ver= bindings.) Artikel 9(a) daarvan bepaal dat die registrasie van so 'n huwelik nie geweier mag word op grond daarvan dat: "in die tersaaklike deklarasies die <u>lobolo</u> waaroor ooreengekom is verswyg word, mits hy oortuig is dat die toepaslike Bantoe= reg en -gewoonte nie voorsiening maak vir 'n bepaalde <u>lobolo</u> nie of bekendmaking daarvan deur een van beide of albei par= tye tot die ooreenkoms nie vereis nie." Op grond van hierdie regulasie is daar ook dus niks wat hierdie vasstellingswyse in die tradisionele Tswanareg verander nie.

By gemeenregtelike huwelike het die howe vereis dat daar 'n uitdruklike ooreenkoms moet wees dat huweliksgoedere gelewer

---

1. Olivier 66 - 69; Seymour 147; Artikel 87(1) van Prokla= masie R 195 van 1967.
2. 69.
3. 148.
4. Vergelyk 2.1 van hoofstuk 3.
5. Artikel 11(1) van die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927 bepaal dat regsgedinge beslis word "...ooreenkomstig die Bantoereg wat op sulke gebruike van toepassing is ...".

sal word.[1] Boonop moet daar ook uitdruklik of stilswyend oor die hoeveelheid huweliksgoedere ooreengekom word, anders het die howe geweier om 'n aksie te verleen vir die vordering van die huweliksgoedere.[2] Dit spreek dus vanself dat die howe nie die eensydige vasstelling van die hoeveelheid huweliksgoedere deur die man se afkomsgroep by 'n gemeenregtelike huwelik sal aanvaar nie. Indien die partye dus nie ooreengekom het oor die hoeveelheid huweliksgoedere nie, maar hulle wil beroep op die Tswanaregtelike vasstellingswyse, sal die hof nie gevolg daaraan gee nie.

Om die hoeveelheid huweliksgoedere wat reeds as huweliksgoedere gelewer is te bereken, het die howe genoegdoening[3] wat in sommige gevalle betaal is ten opsigte van delikte gepleeg teen= oor die vrou in aanmerking geneem. Sodanige delikte is die <u>twala</u>[4] en die geslagsgemeenskap en/of swangermaking[5] van 'n ongetroude meisie.

Die Transkeise howe het aanvanklik die standpunt ingeneem dat sodanige genoegdoening as huweliksgoedere beskou word sodra daar 'n ooreenkoms tot huweliksluiting bereik is en addisio= nele goedere betaal word.[6] Hierdie reël is verfyn en in <u>Totoyi v Sitimele</u>[7] is beslis dat sodanige samesmelting tussen genoeg= doening en huweliksgoedere nie plaasvind indien daar tydens die betaling van die genoegdoening geen sprake was van 'n huwelik

---

1. Moerane v Phakane 1 BAH 221 (1908); Majozi v Mude 1935 BAH 16 (N en T); Gwala v Mtshali 1957 BAH 157 (N - O).
2. Cheche v Nondabula 1962 BAH 23 (S); Ntabeni v Mlobeli 1949 BAH 158 (S); Kerr 1965 51.
3. Vir 'n bespreking van wat onder hierdie term verstaan word, kyk 2.1 van hoofstuk 3.
4. Die wegvoering van die meisie deur die man en sy afkoms= groep wat gewoonlik opgevolg word met 'n aansoek tot huwe= liksluiting.
5. Vir 'n breëre bespreking hieroor in die Bantoereg kyk Olivier 268 - 302.
6. Meyi v Mgengwana 4 BAH 67 (1920); Mampondo v Manqunyana 4 BAH 67 (1922).
7. 4 BAH 66 (1919). Ook Mveli v Solendlini 1959 BAH 61 (S).

tussen die man en die meisie nie.

Hierdie reël is billik en versoenbaar met die inligting oor die meerderheid Tswanastamme.[1] In sake oor die Tswanareg behoort hierdie reël ook gevolg te word, behalwe by die Bafokeng van Rustenburg waar geen sodanige samesmelting plaasvind nie.[2]

Die invloed van aanwas en vrektes onder die vee ná lewering maar vóór huweliksluiting op die berekening van die hoeveelheid huweliksgoedere, word ten opsigte van Natal duidelik gestel deur artikel 85(1) van die Natalse Wetboek, Proklamasie R 195 van 1967. Sodanige beeste word as sisa-beeste[3] beskou totdat die huwelik plaasvind. In Msibi v Sibanyoni[4] het Braadvedt (Pres.) sonder oortuigende gronde die Natalse praktyk ook op Transvaal van toepassing gemaak. Indien beeste wat as huweliksgoedere gelewer word as sisa-beeste beskou word, is dit duidelik dat alle aanwas voor huweliksluiting as addisionele huweliksgoedere beskou word.[5] Die man wat die beeste lewer, moet ook die verliese dra tot huweliksluiting,[6] mits sodanige vrektes behoorlik[7] gerapporteer is. Ten opsigte van die Nguni in die Kaapprovinsie is beslis dat die vrektes ná lewering maar vóór huweliksluiting ook deur die eggenoot gedra word, mits die nodige rapport gedoen is.[8] Die aanwas word egter nie as addisionele huweliksgoedere gereken nie.[9] Beslissings oor die

---

1. Kyk 2.1 van hoofstuk 3.
2. Ibid.
3. Dit is 'n leenkontrak wat tussen twee persone aangegaan kan word ten opsigte van vee. Kyk Olivier 563 ev.
4. 1940 BAH 28 (N en T).
5. Volgens die sisa-ooreenkoms kom alle aanwas die eienaar toe.
6. Nyamane v Busakwe 1944 BAH 78 (N en T).
7. Van die persoon word verwag om die verlies onmiddellik aan die eienaar te rapporteer en ook die vel as bewys te toon.
8. Dlikilili v Salman 1944 BAH 19 (K en O).
9. Dyomfana v Klassie 2 BAH 95 (1910). In hierdie saak is daarop gewys dat die verrekening van die aanwas as addisionele beeste vir misbruik vatbaar is, want die man kan intussen sloer met voorbereidings vir die huwelik met die hoop dat die vee intussen in groot getalle aanteel.

Tswanareg op hierdie punt ontbreek. Die standpunt soos in die Kaapprovinsie gehandhaaf, is verkieslik[1] bo dié in die Transvaal en Natal. Die doel en funksie van huweliksgoedere verskil van die sisa-ooreenkoms en om die bepalings van laasgenoemde ooreenkoms op die lobolo-instelling toe te pas, is verwarrend.

Samevattend kan gesê word dat die eensydige vasstelling van die huweliksgoedere deur die afkomsgroep van die man, soos aangetref in die Tswanareg, nog nie in die howe toegepas is nie. Sodanige vasstellingswyse behoort wel gevolg te word indien dit ter sprake kom. By gemeenregtelike huwelike moet die hoeveelheid huweliksgoedere deur ooreenkoms vasgestel word. Samesmelting tussen genoegdoening en huweliksgoedere word nie algemeen by die Tswanastamme aangetref nie en onderlinge verskille kom ook in die algemene Bantoereg voor. Stamverskille behoort dus ook in die Tswanareg erken te word.

## 2.2 DIE VOORWERP EN DIE SAMESTELLING VAN DIE HUWELIKSGOEDERE

In die regspraktyk speel beeste as voorwerp van huweliksgoedere 'n belangrike rol.[2] Dit beteken egter nie dat die huweliksgoedere noodwendig uit beeste hoef te bestaan nie. Die vraag of geld as huweliksgoedere aangebied en ontvang kan word, het in Dana v Nqiwa[3] ter sprake gekom. Geld is aangebied en aanvaar deur die bruid se vader. In 'n latere owerspelgeding bevind die hof: "...if a man has paid money as dowry and such payment has been accepted ... it is a marriage ..."[4] Hieruit volg dat die huweliksgoedere nie beperk hoef te word tot beeste nie en dat ander goedere ook aangebied en aanvaar kan word.[5]

1. Vergelyk die opmerking in die vorige voetnoot.
2. Olivier 59.
3. 2 BAH 179 (1911).
4. 179.
5. So byvoorbeeld is in Tekolo v Semanga 1 BAH 51 (1902) 'n saal by die huweliksgoedere ingesluit en in Nkosi v Mlota 1939 BAH 59 (N en T) drie tjalies. Kyk ook Seymour 145.

By die meeste volksgroepe in die Republiek word die hoeveel=heid huweliksgoedere deur ooreenkoms of konvensie vasgestel en daaruit vloei voort dat in die ooreenkoms ook dikwels gestipu=leer sal word in watter middele die verpligting afgelos moet word. By sommige Tswanastamme word die hoeveelheid huweliks=goedere deur die man se afkomsgroep vasgestel. Afgaande op die veronderstelling dat die howe wel so 'n vasstellingswyse sal erken[1] indien dit ter sprake kom, is daar niks in die reg=spraak wat die hof kan verhinder om gevolg te gee aan die man se diskresie om die aard van die voorwerp van die huweliks=goedere self te bepaal nie.

Dit is dus te betwyfel of die volgende gedeelte in Majongile v Mpikeleli[2] in sy volle konsekwensies as gesag vir die Tswanareg kan dien:[3] "According to custom a dowry is paid and refunded on a cattle basis. With the present-day scarcity of cattle it is not uncommon to pay part of the dowry in small stock and in cash, but when such payments are made they are always cal=culated[4] as representing a certain number of cattle."[5] Wanneer in gedagte gehou word dat huweliksgoedere by die Tswana[6] reeds van die vroegste tyd in ander goedere as beeste gelewer is, behoort hierdie saak nie in die Tswanareg gevolg te word in sover as wat dit beteken dat huweliksgoedere altyd in die terme van beeste bereken word nie.

In die gevalle waar beeste wel ter sprake is, het die howe die beginsel erken dat beeste van verskillende gehalte, grootte en soort as huweliksgoedere aangebied kan word. In Namza v Tom[7] word die tipe vee wat gelewer kan word, soos volg omskryf:[8]

---

1. Kyk 1.1 van hierdie hoofstuk.
2. 1950 BAH (S) 260.
3. 261.
4. My onderstreping.
5. 1950 BAH (S) 260.
6. Kyk 2.2 van hoofstuk 3.
7. 1944 BAH 106 (K en O).
8. 107.

"... such cattle are by Native Law regarded as average on a minimum standard rather than a select and superior class of animal. The usual dowry may contain quite young animals and indeed any animal of whatever value is acceptable." Die gebruiklike samestelling van huweliksgoedere by die Tswana stem met hierdie benadering ooreen. Boonop is die Namza-gewysde[1] met goedkeuring in Kodisang v Seakgela[2] aangehaal. Laasgenoemde saak het sy oorsprong in die distrik Vryburg gehad waar tradisioneel baie Tswanas woonagtig was, alhoewel die partye hulleself as Basoeto beskryf het. Die hof verwys ook na die gebruik[3] in Botswana soos aangeteken deur Schapera[4] en dit word deur die hof as aanvaarbaar bevind. Dit is dus waarskynlik dat die hof in Kodisang v Seakgela[5] Tswanareg erken en toegepas het. Maar selfs al is hier geen uitdruklike erkenning nie, stem die beslissing ooreen met die Tswanareg en behoort dit as gesag vir die toepassing van Tswanareg te geld.

Alhoewel dit nie 'n algemene gebruik by die Tswana is om 'n vasgestelde geldbedrag as alternatiewe waarde aan te bied nie, het so 'n praktyk wel in die howe ontwikkel. Die howe het die alternatiewe standaardwaarde van 'n bees op R10 in die Kaapprovinsie en R6 in die Transvaal gestel. Kleinvee word gelykgestel aan R1 per kop. Tien skape of een perd is die ekwivalent van een bees.[6] Die metode om hierdie onrealistiese lae waarde van die vee aan te pas, is om bewyse voor die hof te lê dat die vee wat in 'n bepaalde omgewing as huweliksgoedere gelewer word, hoër is as hierdie standaardwaarde.[7] Ten spyte

---

1. 1944 BAH 106 (K en O).
2. 1945 BAH 51 (K en O).
3. Die gebruik waarvan gepraat word is om die waarde van een bees op R10 te stel.
4. 1955 242.
5. 1945 BAH 51 (K en O).
6. Olivier 61.
7. Ibid; Moni v Ketani 1961 BAH 58 (S).

daarvan dat hierdie gebruik om 'n alternatiewe waarde op beeste te plaas by die Tswana ontbreek, of minstens verskil,[1] is dit onwaarskynlik dat die howe van hierdie gevestigde praktyk sal afwyk.[2]

Dit blyk dus dat Tswanareg nog nie uitdruklik erken is vir so= ver dit die voorwerp en samestelling van die huweliksgoedere betref nie. Dit is egter versoenbaar met die algemene Bantoe= reg in die volgende opsigte: Die medium van die huweliksgoe= dere word nie beperk tot beeste nie en die beeste of ander vee wat gelewer word, kan verskil in gehalte, grootte en soort. Tswanareg is egter nie versoenbaar met daardie beslissings wat vereis dat die huweliksgoedere altyd in terme van beeste bere= ken word nie. Verder het die howe ook 'n praktyk ontwikkel waarvolgens 'n alternatiewe geldwaarde op beeste en ander vee geplaas word. Hierdie geykte praktyk is tradisioneel vreemd aan die Tswanareg, maar dit is te betwyfel of die howe daarvan sal afwyk.

## 3. DIE VERPLIGTING OM HUWELIKSGOEDERE TE LEWER

By die ondersoek[3] na die Tswanareg is tot die slotsom gekom dat daar tradisioneel by die Tswana geen aksie in die hof bestaan het om die eggenoot of sy afkomsgroep te dwing om die huweliks= goedere te lewer nie. Die vraag is nou of hierdie uitsonder= like gebruik wel deur die howe erken en toegepas word.

By sekere Nguni-stamme in die Transkei en die Kaapprovinsie word die lewering verseker deur die <u>teleka</u>-gebruik[4]. 'n Aksie

1. Kyk 2.2 van hoofstuk 3.
2. Die vasstelling van 'n alternatiewe geldwaarde op vee moet beskou word as 'n voorbeeld van Bantoereg wat gewysig is. Kyk artikel 11(1) van Wet 38 van 1927.
3. Kyk 3 van hoofstuk 3.
4. Hiervolgens word die vrou geskut deur haar vader en eers weer aan die eggenoot terugbesorg na die lewering van verdere huweliksgoedere.

word nie deur die howe by hierdie stamme verleen nie,[1] behalwe waar die partye uitdruklik 'n ooreenkoms in die verband aange= gaan het.[2] Hierdie gebruik is natuurlik vreemd aan die Tswana en gewysdes[3] waarin hierdie gebruik toegepas word, is nie gesag vir toepassing van Tswanareg nie.

'n Aksie vir die lewering van huweliksgoedere word wel by die meeste volksgroepe verleen waar die huweliksgoedere deur oor= eenkoms of konvensie vasgestel is. Dit blyk dat die howe hier steun op 'n uitdruklike of stilswyende ooreenkoms.[4] Artikel 93 van die Natalse Wetboek, Proklamasie R 195 van 1967, verleen ook 'n aksie aan die bruid se vader of voog vir die lewering van huweliksgoedere.

By sommige Tswanastamme word die hoeveelheid huweliksgoedere wel deur 'n ooreenkoms vasgestel. By ander Tswanastamme is dit uiters moeilik om so 'n kontrak te konstrueer, alhoewel aanvaar word, dat dit 'n stilswyende kontrak kan wees.[5] Die vraag is of die feit dat huweliksgoedere in die Tswanareg moontlik uit hoofde van 'n ooreenkoms gelewer word, die Tswana ook in daar= die kategorie plaas waar die hof 'n aksie verleen vir die af= dwinging van huweliksgoedere. Die antwoord hierop behoort te wees dat die howe ingevolge artikel 11(1) van die Bantoe-admi= nistrasie Wet, 38 van 1927, die reg van die betrokke volks= groep moet toepas en die blote feit dat die hoeveelheid huwe= liksgoedere deur ooreenkoms vasgestel word, magtig die howe nie om van daardie bepaling af te wyk nie.

---

1. Monghayelana v Msongelwa 3 BAH 292 (1913); Masheme v Nelani 4 BAH 43 (1919).
2. Zombile v Katana 3 BAH 55 (1913). Vergelyk egter Mongha= yelana v Msongelwa 3 BAH 292 (1913).
3. Sake genoem in voetnote 1 en 2.
4. Mgogo v Jan 1 BAH 278 (1909); Makoro v Bolofo 1943 BAH 24 (K enO)Lengolo v Xolo 1938 BAH 66 (K en O); Maqhekana v Lenata 1943 BAH 49 (K en O).
5. Kyk 3 van hoofstuk 3.

Voorts is dit nodig om te ondersoek of 'n aksie vir die afdwinging van huweliksgoedere in die Tswanareg nie dalk op grond van die stare decisis-beginsel verleen sal word nie. In Khasi v Tabana[1] is geen huweliksgoedere oorgedra tydens huweliksluiting nie, maar daar was wel 'n ooreenkoms dat dit later verskaf sal word. Die hoeveelheid huweliksgoedere wat gelewer moes word, was ook nie bepaal nie. Die hof maak die obiter-stelling dat die vader wel 'n aksie het vir die lewering van die huweliksgoedere en dat die reg wat in die saak ter sprake is, vir die Transvaalse Bantoe geld. In hierdie saak is daar geen ontleding van die verskille tussen die betrokke stamme of volksgroepe nie en ook geen verwysing aan watter stam of volksgroep die partye behoort het nie. Hierdie saak is dus geen oortuigende gesag dat 'n aksie by die Tswana verleen moet word nie.

Mocumi v Mocumi[2] is 'n saak waarin die partye lede van die Baralongstam was, en waarin Tswanareg uitdruklik toegepas is. Die oorledene het met drie vrouens saamgewoon maar vir die tweede en die derde het hy nie huweliksgoedere gedurende sy lewe oorgedra nie. Daar was wel 'n seun uit die eerste huis wat as erfgenaam kon optree. Die kapteinshof beveel dat huweliksgoedere vir die ander twee vrouens oorgedra moet word sodat hulle kinders ook van die oorledene kon erf. Op appèl bevind die hof dat die kaptein nie die bevoegdheid gehad het om sodanige bevel te maak nie. Gedurende die uitspraak maak die hof die volgende stelling:[3] "If the heir of a deceased partner of a betrothal union is not a direct descendant of the deceased it is obligatory on part of the family to pay bogadi to transfer any sons left by the deceased and they can be compelled to do so by order of a competent court." Alhoewel dit nie duidelik is of hierdie aksie ook in die tradisionele Tswanareg bestaan het nie, lyk die verlening daarvan billik en selfs noodsaaklik. Word hierdie aksie nie verleen nie, sou dit beteken

1. 1944 BAH 67 (N en T).
2. 1944 BAH 107 (K en O).
3. 109.

dat die oorledene se seuns nie van hom kon erf nie en dat sy erfgenaam in sy afkomsgroep gesoek moet word. Die oorledene se verwante kan dus in so 'n geval besluit of hulle die oorledene se erfporsie vir hulleself wil behou, en of hulle die kinders van die oorledene deur die oordrag van huweliksgoedere wil wettig. Dit is duidelik dat die verlening van so 'n keuse aan die afkomsgroep van die oorledene, vatbaar is vir misbruik. Daarom is die verlening van 'n aksie noodsaaklik om die verwante te verplig om die seuns van die oorledene te wettig.

Belangrik is dat die hof die historiese uitgangspunt in die Tswanareg handhaaf:[1] "If the elders of the father's group desire them (die kinders) the matter is simply settled by payment of dowry. If they do not desire the children <u>they cannot be compelled to transfer</u>[2] them since there is an heir of the body of the deceased, and this is not an instance of the guardian ousting on him." Hiervolgens is dit duidelik dat die aksie vir afdwinging van huweliksgoedere by die Tswana slegs in die uitsonderlike gevalle erken word soos waar 'n natuurlike seun sy erfporsie ontneem word. Die vraag kan gevra word of die howe tog nie maar 'n aksie behoort toe te staan by die Tswana en in besonder by die stamme waar daar inderdaad 'n ooreenkoms aangegaan is om huweliksgoedere te lewer nie. Beide Olivier[3] en Seymour[4] wys daarop dat daar nie so 'n aksie by die Tswana bestaan nie, maar meen tog dat die howe so 'n aksie behoort toe te staan. Vir hierdie standpunt probeer laasgenoemde skrywers in die <u>Mocumi</u>-gewysde[5] en <u>Seele v Moisi</u>[6] steun vind. Laasgenoemde saak gaan oor die lewering van huweliksgoedere deur 'n seun ná die dood van sy vader.[7] Beide sake

---

1. 110 - 1.
2. My onderstreping.
3. 115 voetnoot 1.
4. 156 voetnoot 6.
5. 1944 BAH 107 (K en O).
6. 1947 BAH 118 (K en O).
7. Vir 'n vollediger bespreking van hierdie saak kyk 4.1.1 van hierdie hoofstuk.

steun juis nie so 'n standpunt nie, en die aanvaarding van so 'n standpunt dat 'n aksie vir die afdwinging van huweliksgoe=dere in die Tswanareg verleen moet word, sal ook ander belang=rike aanpassings op die gebied van die Tswanareg verg.

Die afdwinging van die verpligting om huweliksgoedere te lewer by gemeenregtelike huwelike in die Bantoereg staan op 'n heel=temal ander basis as die beginsels hierbo genoem. Aanvanklik is selfs gehuiwer om 'n aksie te verleen om die lewering van huweliksgoedere af te dwing by 'n gemeenregtelike huwelik.

Daar is aangevoer dat die gemeenregtelike huwelik die ooreen=koms om huweliksgoedere te lewer kanselleer[1] of dat so 'n ooreenkoms <u>contra bonos mores</u> is.[2] Later is dit egter buite twyfel gestel dat so 'n verpligting wel afdwingbaar is. Daar is egter vereis dat daar 'n uitdruklike ooreenkoms tot lewe=ring moet wees[3] en dat die hoeveelheid huweliksgoedere wat gelewer word ook uidruklik beding word. By die stamme waar die hoeveelheid deur konvensie vasgestel word, sal die hof die af=leiding maak dat die partye ooreengekom het om die vasgestelde hoeveelheid huweliksgoedere te lewer waar die ooreenkoms eenmaal bewys is.[4] Die verlening van 'n aksie vir die vordering van huweliksgoedere by 'n gemeenregtelike huwelik is op 'n ooreen=koms in die gemenereg gebaseer. Die aksie sal dus ook by die Tswana verleen word indien die partye so 'n ooreenkoms aange=gaan het.

Uit die bostaande uiteensetting kan gekonkludeer word dat die nie-verlening van 'n algemene aksie vir die afdwinging van huweliksgoedere by 'n Tswanaregtelike huwelik nog nie direk nie,

---

1. Edward v Msinglieli 3 BAH 69 (1912).
2. Manqana v Ntintili 1 BAH 218 (1908).
3. Moerane v Phakane 1 BAH 221 (1908); Majozi v Mude 1935 BAH 16 (N en T).
4. Cheche v Nondabula 1962 BAH 23 (S); Ntabeni v Mlobeli 1949 BAH 158 (S).

maar wel obiter, erken is. Die uitsonderings in die Tswanareg, volgens die howe, is 'n aksie teen die oorlede eggenoot se erfgenaam indien hy nie 'n direkte afstammeling van die oorle= dene is nie. Die doel van hierdie aksie is om die natuurlike kinders te wettig indien die vader gedurende sy lewe nie die huweliksgoedere gelewer het nie. By 'n gemeenregtelike huwe= lik sal die howe wel 'n aksie verleen indien die partye 'n ooreenkoms gesluit het om huweliksgoedere te lewer. By 'n Tswanaregtelike huwelik kan 'n seun huweliksgoedere vir sy moeder na sy vader se dood oordra. Volgens die toepassing van die Tswanareg deur die howe, kan die seun sodanige lewering slegs met die toestemming van sy vader se verwantegroep doen.

## 4. DIE VOORSIENING VAN DIE HUWELIKSGOEDERE

### 4.1.1 DIE AFKOMSGROEP VAN DIE MAN

Kenmerkend van die toepassing van Bantoereg by huweliksluiting is die minder belangrike rol wat die lede van die afkomsgroepe van die bruid en die bruidegom speel. In volkekundige werke word normaalweg baie aandag aan die posisie van die ander verwante tesame met dié van die onderskeie vaders gegee. Dit beteken egter nie dat die ander lede van die afkomsgroep vir die reg van geen belang is nie. Skrywers soos Olivier[1] en Seymour[2] beklemtoon steeds die rol van die verwante by huwelik= sluiting.

By die lewering van die huweliksgoedere is die vader van die bruidegom die persoon wat die huweliksgoedere vir die man se eerste vrou sal voorsien. Alhoewel die vader van die bruide= gom nie in die hof aangespreek kan word vir hierdie verplig= ting volgens Tswanareg nie, het die Bantoeappèlhowe wel so 'n aksie toegestaan by die ander volksgroepe. Volgens Bantoereg kan die vader van die bruid vir die vader van die bruidegom

---

1. 1 - 2.
2. 65 - 67.

vir die lewering van die huweliksgoedere in die hof aanspreek.[1] Die vader van die man is wel in sekere omstandighede in die algemene Bantoereg nie aanspreeklik nie, maar die bewyslas lê op die vader om aan te toon dat daardie omstandighede teen=woordig is. Seymour[2] gee 'n goeie uiteensetting van die regs=posisie: "This onus may be discharged as follows: Either he may show that at the time or the comsummation of the union he expressly dissociated himself from, and repudiated liability for his son's customary union and dowry contract. It is ne=cessary for him openly to disavow connexion with the union, so that the girl's guardian may know how matters stand. Or, he may show that neither he nor his lawful representative took any part in die marriage."[3] Geen sodanige aksie word in die Tswanareg verleen nie.[4]

Net soos by die Tswana, het die howe by ander volksgroepe ge=weier om aan die seun 'n aksie te verleen teen sy vader of kraalhoof om huweliksgoedere namens hom oor te dra.[5] Opmerk=lik in hierdie verband is dat kraalingesetenes en die kraal=hoof volgens artikel 91 van die Natalse Wetboek, Proklamasie R 195 van 1967, die ooreenkoms kan aangaan dat die kraalinge=setene gereeld tot die onderhoud van sy huis sal bydra en dat die kraalhoof in ruil daarvoor die huweliksgoedere van sy eers=te vrou sal voorsien. Weier die kraalhoof om die ooreenkoms na te kom, kan die kraalingesetene 'n redelike deel van sy by=drae terugeis. By die Tswana het die vader selfs nie eens 'n morele verpligting om huweliksgoedere vir tweede en latere vrouens te voorsien nie.[6] Die regspraktyk in die algemene

---

1. Mti v Mvacane 3 BAH 56 (1915); Rubushe v Jiyane BAH 1952 69 (S); Cheche v Nondabula BAH 1962 23 (S).
2. 153.
3. Vergelyk ook die volgende sake: Mti v Mvacane 3 BAH 36 (1915); Khemane v Ned 1948 BAH 15 (S).
4. Kyk 4.1.1 van hoofstuk 3.
5. Gungubele v Xolizwe 2 BAH 65 (1910); Fynn v Fynn 1937 BAH 99 (N en T).
6. Kyk 4.1.1 van hoofstuk 3.

Bantoereg stem hiermee ooreen. Die vader is in die algemene Bantoereg, maar nie volgens die Tswanareg nie, slegs vir die tweede en latere vrouens van sy seuns aanspreeklik indien hy uitdruklik verantwoordelikheid in dié opsig aanvaar het.[1]

Die bydraes van ander verwante is volgens sowel die Tswanareg[2] as die algemene Bantoereg vrywillig. Dit is selfs nie eens nodig dat die beeste wat gelewer word uit die kraal van die man of sy vader hoef te kom nie.[3]

Waar die bruidegom se vader reeds oorlede is, het die howe in die Bantoereg die vader se erfgenaam of die voog van die egge= noot volgens dieselfde beginsels as die vader aanspreeklik ge= hou. In Jeliza v Nyamende[4] het die erfgenaam van die meisie se vader die erfgenaam van die man se vader suksesvol aange= spreek vir die lewering van die huweliksgoedere. In sy uit= spraak maak die hof geen onderskeid tussen die verpligtinge van die man se vader of die man se voog nie.[5] Hierdie beginsels is botsend met die Tswanareg en kan nie as gesag vir die toe= passing van Tswanareg gebruik word nie.

In die algemene Bantoereg word 'n kraalhoof aanspreeklik ge= hou vir die huweliksgoedere van mans wat in sy kraal woon, behalwe waar hy gedurende die huweliksonderhandelinge uitdruk= lik aangetoon het dat hy nie aanspreeklikheid aanvaar nie.[6] Geen sodanige aanspreeklikheid bestaan by die Tswana nie.

Terwyl die eggenoot self by die Tswana nie in die stamhowe aangespreek kan word nie, het die howe wel so 'n aksie by

---

1. Bokwa v Ntambo 1 BAH 75 (1904); Baduza v Dlova 6 BAH 8 (1928); Hoŋa v Mtwesi 1939 BAH 6 (K en O); Jeliza v Nyamende 1945 BAH 34 (K en O).
2. Kyk 4.1.1 van hoofstuk 3.
3. Gantweni v Mimi 3 BAH 3 (1911).
4. 1945 BAH 34 (K en O).
5. Vergelyk ook Kubushe v Jiyane 1952 BAH 69 (S).
6. Olivier 75; Seymour 154.

ander volksgroepe verleen.[1] Die man is selfs verantwoordelik waar die vader al die onderhandelinge in sy hoedanigheid van vader gevoer het.[2]

Die gebruik by die Tswana dat die stamlede tot die huweliks= goedere van die kaptein se hoofvrou bydra, is ook by sekere ander stamme[3] bekend, alhoewel nie by almal nie.[4]

Die oordrag van huweliksgoedere ná die dood van die eggenoot het ter sprake gekom in die belangwekkende sake van Mocumi v Mocumi[5] en Seele v Moisi[6]. Tswanareg was direk ter sprake in beide sake.

In Mocumi v Mocumi[7] het die man gedurende sy lewe met drie vrouens saamgewoon. Vir die eerste vrou het hy huweliksgoedere oorgedra en by haar 'n seun verwek. Hierdie seun is dus die erfgenaam in die eerste huis. By die tweede en derde vrouens het hy ook seuns gehad, maar ten opsigte van hulle is daar geen huweliksgoedere oorgedra nie. Aangesien die seun van die eerste vrou nog minderjarig was, beredder die broer van die oorledene die boedel. Hy raak in 'n geskil betrokke met die tweede vrou oor sekere vee en die saak dien voor die kapteins= hof. Gedurende hierdie verhoor beveel die kaptein dat die huweliksgoedere vir die tweede en derde vrou uit die boedel betaal moet word. Dit bring mee dat die seuns van die tweede en die derde vrou gewettig word en op sekere eiendom in die huise van hulle moeders aanspraak kan maak.

---

1. Tala v Matobane 1 BAH 149 (1907); Jeliza v Nyamende 1945 BAH 34 (K en O); Khemane v Ned 1948 BAH 15 (S).
2. Mbanjwa v Ciya 1961 BAH 18 (S).
3. Tyelinzima v Sangqu 4 BAH 375 (1920).
4. By die Pondo word dit nie gevolg nie. Kyk Vikilahle v Zulualiteti 1 BAH 77 (1904).
5. 1944 BAH 107 (K en O).
6. 1947 BAH 118 (K en O).
7. 1944 BAH 107 (K en O).

Die appèl draai om die vraag wanneer en deur wie huweliks=goedere na die dood van 'n man gelewer kan word. Die hof be=slis dat seuns van die oorledene wel huweliksgoedere vir hulle eie moeder en vir die ander vrouens van hulle vader kan oordra. Dit kan egter alleenlik geskied met die toestemming van die verwante van hulle vader. Ook die verwante van die oorledene kan gedwing word om die huweliksgoedere te lewer waar die man kinders het wat nog nie gewettig is deur huweliksgoedere nie. Tot sover kan met die uitspraak saamgestem word, want indien daar geen aksie teen die verwante is nie, sou dit beteken dat hulle aanspraak kan maak op die boedel van die oorledene tot uitsluiting van die natuurlike kinders.

Waarmee egter nie saamgestem kan word nie, is die bevinding van die hof dat die lewering nie verpligtend is waar daar reeds 'n gewettigde erfgenaam is, soos in die onderhawige saak nie. Die Bantoe-appèlhof bevind by monde van McLoughlin (Pres.) dat die huweliksgoedere in sodanige gevalle alleenlik met die toestemming van die verwante van die oorledene gelewer kan word. Hierdie standpunt van die hof word wel gesteun deur Schüler[1], maar Schapera[2] stel geen sodanige vereiste nie. Schapera se benadering is verkieslik, aangesien die eggenoot gedurende sy lewe nie sy verwante hoef te raadpleeg by die sluiting van verdere huwelike nie. 'n Beter benadering by die moontlike oordrag van huweliksgoedere vir vrouens sou wees om vas te stel of die ander vereistes vir huweliksluiting teen=woordig is. Waar dit wel die geval is, behoort die oordrag van die huweliksgoedere beveel te word afgesien van wat die houding van die oorlede man se verwante is.

In <u>Seele v Moisi</u>[3] was die bevoegdheid van die seun om die hu=weliksgoedere vir sy moeder na die dood van sy vader oor te dra weer ter sprake. Phokontsi, die oorledene, het saam met

---

1. 170.
2. 1955 144.
3. 1947 BAH 118 (K en O).

'n vrou geleef alhoewel hy nie huweliksgoedere vir haar oorgedra het nie. Ná Phokontsi se dood lewer sy seun, wat ook die verweerder in die saak was, die huweliksgoedere. Die verweerder het slegs die toestemmnng van sy moeder se verwante vir hierdie stap gehad, maar het nie sy vader se broers geraadpleeg nie aangesien hulle nie beskikbaar was nie. Die lewering van die huweliksgoedere bring mee dat die verweerder as erfgenaam van die oorledene gewettig word. Die oorledene se suster stel nou 'n eis in vir die eiendom van die boedel op grond daarvan dat die eiser nie die erfgenaam kan wees nie aangesien hy nie die oorlenene se broers vir die lewering van die huweliksgoedere geraadpleeg het nie. Sleigh (Pres.) gee die eiseres gelyk en sê onder meer die volgende:[1] "It is true that among the Basuto tribes a man's maternal uncle (Balome) play an important part in his life. They help him with dowry cattle and it is traditionally correct that he should choose his bride from amongst their daughters. Phokontsi if he had paid the dowry himself, would certainly have consulted them and their sons. But when the payment has the effect of disinheriting Phokontsi's legitimate heirs then the latter must be consulted.[2] These heirs are not known, it is true, but that is no reason why an attempt could not have been made to ascertain whether Phokontsi's brother had left any male issue." Die hof beveel dat die lewering van die huweliksgoedere nie behoorlik was nie en dat die eiseres in besit van die eiendom moet bly.

'n Punt wat onmiddellik opval, is die feit dat die riglyne soos neergelê in die Mocumi-saak[3] nie hier gevolg is nie. Volgens laasgenoemde gewysde kan die verwante van die oorledene gedwing word om die huweliksgoedere te lewer sodat die kinders as erfgename gewettig kan word. Die feit dat Phokontsi se broers, of broers se seuns, nie opgespoor kon word nie, kan dus geensins in die weg gestaan het van die lewering nie want

1. 120.
2. My onderstreping.
3. 1944 BAH 107 (K en O).

weerhouding van hulle toestemming is nie relevant nie. Boon=op is dit eerder die natuurlike kinders van Phokontsi wat beskerm moet word. Die hof moes hier die belange van die verweerder as potensiële erfgenaam beskerm het en die beta=ling van die huweliksgoedere goedgekeur het. Die hof se be=voegdheid om mero motu te gelas dat sodanige lewering moet geskied is reeds in die Mocumi-saak[1] erken.

Die hof bevind ook dat daar geen "verlowing"[2] tussen die oor=ledene en die verweerder se moeder tot stand gekom het nie. Die vraag of daar reeds 'n ooreenkoms tot huweliksluiting was, of 'n "verlowing" soos die hof dit stel, behoort volgens die beginsels van die Tswanareg die enigste toets te wees om te bepaal of huweliksgoedere oorgedra mag word of nie. So ge=redeneer, kan die seun gebore uit 'n buite-egtelike en losse verhouding nie huweliksgoedere vir sy moeder oordra om hom van 'n erfporsie te verseker nie.

Ten slotte kan gesê word dat belangrike aspekte van Tswanareg vir sover dit die aanspreeklikheid van sekere persone vir die lewering van huweliksgoedere aangaan, nog nie in die howe ge=toets is nie. Volgens die howe is die erfgenaam van 'n oorlede eggenoot wat nie huweliksgoedere gedurende sy lewe oorgedra het nie, volgens Tswanareg aanspreeklik om sodanige huweliks=goedere te lewer sodat die natuurlike kinders van die oorledene gewettig kan word. Die aanspreeklikheid van ander persone om huweliksgoedere te lewer volgens die Tswanareg was egter nog nie in die howe ter sprake nie. Tswanareg is onversoenbaar met die algemene Bantoereg waar die volgende persone aanspreek=lik gehou is: Die vader van die eggenoot vir laasgenoemde se eerste vrou; die bruidegom self vir al sy vrouens; die erf=genaam van die vader én dié van die bruidegom en die kraal=

---

1. Ibid.
2. Vir 'n verdere bespreking oor die vraag of die verbintenis voor die lewering van huweliksgoedere nie reeds 'n huwelik is nie, kyk 6 van hierdie hoofstuk.

hoof in wie se kraal die bruidegom tydens huweliksluiting ge=woon het. In beide die Tswanareg en die Bantoereg is die volgende persone se bydraes vrywillig: ander lede van die verwante groep en moontlik die stamlede tot die huwelik van die stamhoof. Die belangrike rol wat die man se afkomsgroep by sowel die huweliksluiting as die lewering van die huweliks=goedere speel, het ook duidelik na vore gekom.

### 4.1.2 DIE BRON WAARUIT DIE HUWELIKSGOEDERE VERKRY WORD

Die verdeling wat Schapera[1] maak tussen persoonlike eiendom en huiseiendom word algemeen by die Bantoe aangetref. Die benamings wat normaalweg in die Bantoereg gebruik word, is "kraaleiendom" en "huiseiendom".[2]

Oor die toewysing van hierdie eiendom aan seuns vir die ge=bruik van huweliksgoedere skryf Olivier[3] die volgende: "Bees=te wat uit die algemene kraalvermoë toegewys word vir die lobolo van 'n seun van een van die Huise, is 'n gif (sic!) en nie 'n lening nie, tensy die kraalhoof anders gestipuleer het; maar wanneer die beeste uit die Huisvermoë kom en aangewend word as lobolo ten opsigte van 'n ander seun as die Huiserf=opvolger, dan is dit 'n lening en terugbetaalbaar, tensy die kraalhoof, by publieke deklarasie tydens die viering van die huwelik, dit duidelik gestel het dat dit 'n skenking is."

Die vraag of die aanwending van een huis se eiendom om die huweliksgoedere vir die seun van 'n ander huis te voorsien 'n skuldverhouding ten gunste van eersgenoemde hut skep, is moeiliker om te beantwoord weens talryke verskille van volks=groep tot volksgroep en stam tot stam.

---

1. 1955 218. Kyk ook 4.1.2 van hoofstuk 3.
2. Olivier 78; Artikel 92 van Proklamasie R 195 van 1967.
3. 79.

Volgens Olivier[1] ontstaan in die Bantoereg 'n skuldverhouding tussen die twee betrokke huise. 'n Saak waarin Tswanareg op hierdie punt toegepas is, kon nie opgespoor word nie. Coertze[2] stel dit baie duidelik dat daar geen sodanige skuldverhouding by die Bafokeng van Rustenburg ontstaan nie. Wat die ander Tswanastamme betref, is die reg aangaande die aanwending van huiseiendom en persoonlike eiendom vaag en onvolledig. Dit wil egter voorkom asof Schapera[3] se inligting by die algemene Bantoeregspraktyk inskakel en nie met die Bafokengreg ooreen=stem nie.

Die koppeling van 'n suster met 'n broer om vir laasgenoemde huweliksgoedere te voorsien, het al dikwels in die howe ter sprake gekom.[4] In Motaung v Motaung[5] is Tswanareg toegepas op hierdie punt.[6] Daarin is beslis dat die broer nie op die hu=weliksgoedere wat vir sy gekoppelde suster gelewer word, aanspraak het nie, indien huweliksgoedere reeds vir sy vrou verskaf is en daar nog jonger broers is wat huweliksgoedere benodig. Die opgetekende Tswanareg is onvolledig en dubbel=sinnig en dit is onmoontlik om te bepaal of hierdie beslissing die Tswanareg korrek weergee.

Daar bestaan twyfel oor die vraag of beeste wat die vader vir sy seun geoormerk het vir laasgenoemde se huweliksgoedere by die Tswana gebruik kan word. Olivier[7] meen dat hierdie vee wel op so 'n wyse aangewend kan word en so 'n standpunt is nie met die breëre beginsels van Tswanareg onversoenbaar nie. By die Bafokeng van Rustenburg mag hierdie vee egter nie so gebruik

---

1. 81 - 2.
2. 270 - 1.
3. 218. Kyk ook 4.2 van hoofstuk 3.
4. Vergelyk die volgende sake: Sigwaca v Sigwaca 1939 BAH 157 (K en O); Ngungubele v Nomfedele 1949 BAH 101 (S); Sonqishe v Sonqishe 1943 BAH 6 (K en O).
5. 1930 BAH 32 (N en T).
6. Vir 'n volledige bespreking van hierdie gewysde kyk 4.2.1 van hierdie hoofstuk.
7. 79.

word nie.[1]

Kortom, die Tswanareg het nog nie uitdruklik ter sprake gekom by die aanwending van persoonlike en huiseiendom as huweliks= goedere nie. In die algemene Bantoereg ontstaan skuldverhou= dinge waar huiseiendom vir die huweliksgoedere van 'n ander seun as die hooferfgenaam aangewend word, of waar huiseiendom aangewend word vir die seun van 'n ander huis. Slegs laas= genoemde geval is versoenbaar met die Tswanareg alhoewel dit nie by al die stamme die reël is nie. Volgens die howe kan 'n broer in die Tswanareg net op die gelewerde huweliksgoedere van sy gekoppelde suster aanspraak maak indien hy nog nie self aan huweliksgoedere geholpe is nie. Diere wat spesiaal vir die seun geoormerk is, kan in die Bantoereg as huweliksgoedere gebruik word. Die opgetekende Tswanareg stem oor die algemeen daarmee saam, maar by die Bafokeng is dit nie toelaatbaar nie.

4.2.1 PERSONE WAT GEREGTIG IS OP DIE GELEWERDE HUWELIKSGOEDERE

Opvallend van die hofbeslissings in die Bantoereg is die feit dat die vader of voog van die bruid by die ontvangs van die huweliksgoedere,net soos die vader of voog van die bruidegom by die lewering van die goedere, die ander lede van hulle af= komsgroep verdring.

In die algemene Bantoereg is dit aanvaarde praktyk dat die vader of voog van 'n vrou geregtig is op die huweliksgoedere wat vir haar gelewer word. Die vader van die bruid is selfs geregtig op die huweliksgoedere waar hy en die moeder van die bruid apart van mekaar woon van vóór die geboorte van die dogter.[2] Hierdie basiese uitgangspunt in die Bantoereg be= hoort ook sonder teenspraak in die Tswanareg erken te word.

---

1. Coertze 302.
2. Nolanti v Sintenteni 1 BAH 43 (1901); Maseti v Meme 1 BAH 119 (1906); Moitheri v Khekleu 4 BAH 76 (1922). Olivier 84.

Die erfgename van die vader[1] of van die adoptiewe vader[2] se aanspraak op die huweliksgoedere is reeds vroeg in die Bantoe=reg erken. Die erfgenaam word volgens algemene beginsels bepaal; en waar daar nie 'n erfgenaam in 'n bepaalde huis is nie, sal die erfgenaam van die hoofhuis daarin opvolg.[3] Soort=gelyke beginsels geld in die Tswanareg alhoewel dit nog nie deur die howe toegepas. is nie. Huweliksgoedere wat betaal word vir die dogters van 'n gemeenregtelike huwelik kan ook deur die Bantoeregtelike erfgenaam opgeëis word. Die eggenote of ander gemeenregtelike erfgename het geen aanspraak op hier=die goedere nie.[4]

Volgens Breutz[5] is die malome (moeder se broer) van die bruid by die Baralong boo Ratshidi op die huweliksgoedere geregtig. Riekert[6] het dieselfde gebruik by die Bahurutshe boo Manyane aangetref. Die hof het in Mocumi v Mocumi[7] en Seele v Moisi[8] nie aangedui dat hy bewus[9] was van hierdie gebruike nie. Dit is moontlik dat hierdie gebruik reeds verval het maar indien die bestaan daarvan oortuigend in die hof bewys kan word, het die hof geen ander keuse as om dit te volg nie.[10]

Alhoewel die verdeling van die huweliksgoedere by die Tswana onder die verwante van die vrou se vader dikwels breedvoerig

---

1. Ntili v Mncisana 1 BAH 68 (1903); Jeliza v Nyamende 1945 BAH 34 (K en O).
2. Kokwe v Gubela 1 BAH 48 (1902).
3. Siyendani v Mtoto 2 BAH 30 (1910).
4. Lupuwana v Lupuwana 1 BAH 72 (1904); Luti v Siqola 2 BAH 157 (1911); Gasa v Gasa 4 BAH 162 (1921).
5. 1955 63.
6. 108.
7. 1944 BAH 107 (K en O).
8. 1947 BAH 118 (K en O).
9. In beide sake was Tswanareg ter sprake.
10. Ingevolge artikel 11 van Wet 38 van 1927.

bespreek[1] word, is tot die slotsom geraak dat hierdie verdeling bloot vrywillig is. In die Transkeigebiede het die howe aan die volgende persone 'n afdwingbare reg gegee om in die huweliksgoedere van die meisie te deel: die bruid se moeder[2], grootouers[3] en die voorsiener[4] van die ubulunga-bees.[5] Hierdie gebruike ontbreek egter by sommige stamme en word geensins algemeen in die Republiek aangetref nie.[6] Eweneens is beslis dat in sommige gevalle daar slegs 'n morele aanspraak op die huweliksgoedere deur die volgende persone bestaan: die persoon wat die bruidsuitrusting voorsien het of die Intonyane-seremonie[7] gereël het[8]; 'n bees voorsien het vir die huwelikseremonies[9] en die persoon[10] wat beeste vir die bruid verskaf het ingevolge die ukufakwa-gebruik[11]. Uit die bostaande inligting is dit duidelik dat daar verskillende gebruike bestaan ten opsigte van die verdeling van die huweliksgoedere by die onderskeie volksgroepe. By gebrek aan bewys van die werklike bestaan van sodanige eise by die Tswana behoort dit nie gevolg te word nie.

Die beginsel dat die huweliksgoedere wat vir 'n dogter ontvang

---

1. Kyk 4.2.1 van hierdie hoofstuk.
2. Mpongo v Mandlela 3 BAH 34 (1913).
3. Ntseki v Ntseki 1 BAH 9 (1896); Muru v Piki 4 BAH 346 (1919); Mkwenkwana v Teyisi 3 BAH 35 (1912).
4. Nogqala v Kohliso 1 BAH 145 (1907).
5. Hierdie bees word by die Nguni-volkere aan die bruid gegee deur haar verwante om te sorg vir haar onderhoud. Vergelyk verder Olivier 154.
6. Vergelyk die gewysdes in voetnote 2 - 4 en kyk ook Mpafa v Sindiwe 4 BAH 38 (1920); Mene v Sondlo 4 BAH 38 (1920); Ramakoala v Kapari 1 BAH 131 (1906).
7. Inisiasieseremonie.
8. Wana v Zokozoko 5 BAH 94 (1925).
9. Sikwata v Matshalala 5 BAH 48 (1927).
10. Nobumba v Mfecane 2 BAH 104 (1911).
11. Byvoorbeeld inisiasie- en huwelikseremonies. Vergelyk Olivier 558.

word, die huis toekom waaraan die dogter behoort, is by sowel die Tswana[1] as in die Bantoereg goed gevestig.[2] Hieruit volg dat die moeder van die dogter ook uit die huweliksgoedere on= derhou moet word.[3] Die algemene praktyk in die Bantoereg in hierdie verband behoort dus in die Tswanareg gevolg te word.[4]

Die versoening van die eis van die gekoppelde broer in die Tswanareg met die Bantoereg word deur onduidelikhede in beide regstelsels vertroebel. In die algemene Bantoereg is beslis dat die broer nie kan eis dat die vader al die huweliksgoedere wat vir sy suster gelewer is, aan hom moet oorhandig nie. Indien die vader egter eenmaal sodanige huweliksgoedere ver= deel het, word die gedeelte wat die broer ontvang het, sy eiendom.[5] Die broer het daarenteen 'n eis teen die erfgenaam van sy vader vir al die huweliksgoedere wat vir sy gekoppelde suster ontvang word.[6] Daarenteen is Schapera[7] se inligting onvolledig. Die afleiding wat uit sy mededeling gemaak kan word, is slegs dat die broer nie op al die huweliksgoedere wat vir sy gekoppelde suster gelewer word, aanspraak kan maak nie.

Die standpunt van Coertze[8] ten opsigte van die Bafokeng dat die huweliksgoedere bedoel is om die broer aan 'n vrou te help, is bevestig in Motaung v Motaung.[9] Die broer het na die dood

---

1. Kyk 4.2.1 van hoofstuk 3.
2. Lize v Makalima 2 BAH 180 (1911); Olivier 84.
3. Nqwiniso v Sesikela 2 BAH 131 (1911); Mahlaka v Mahlaka 2 BAH 171 (1911).
4. Vergelyk ook Mocumi v Mocumi 1944 BAH 107 (K en O).
5. Ntsangwana v Sityebi 1 BAH 266 (1909); Tibe v Tibe 1 BAH 251 (1909).
6. Sangqu v Xatana 2 BAH 91 (1910); Ncuto v Mbalo 2 BAH 115 (1911); Tsibiyana v Nyangeni 3 BAH 26 (1916); Sigwaca v Sigwaca 1939 BAH 157 (K en O).
7. Vergelyk Schapera 1955 143.
8. Kyk 4.2.1 van hoofstuk 3.
9. 1930 BAH 32 (N en T).

van sy vader geëis dat al die huweliksgoedere wat vir sy gekoppelde suster gelewer is, aan hom oorhandig moet word. Die eiser was reeds getroud, maar het jonger broers gehad wat nog nie met huweliksgoedere geholpe was nie. Die hof weier die eis op grond daarvan dat die eiser reeds van huweliks=goedere voorsien is. Die partye in hierdie saak het aan die Bakgatla ba Mosetla-stam behoort en die beslissing is dus ge=sag vir die Tswanareg. Alhoewel die literatuur nie baie dui=delik op hierdie punt is nie, ondersteun die opgetekende ge=bruike hierdie beslissing. Die beslissing behoort dus aanvaar te word as geldende Tswanareg.

Aangesien dit dikwels by die Tswana gebeur dat huweliksgoedere vir 'n moeder agterweë bly, selfs na die huwelik van haar eie dogter, kan haar vader beslag lê op die huweliksgoedere wat vir sy kleindogter gelewer word.[1] Hierna behoort die huweliks=goedere van verdere dogters van so 'n moeder aan die vader. Die howe het in sulke gevalle in die algemene Bantoereg die huweliksgoedere van al die dogters aan die moeder se vader toegeken, omdat daar volgens hulle geen huwelik was nie.[2] Hierdie siening behoort egter nie op die Tswana toegepas te word nie, aangesien die gebruik om die huweliksgoedere na die dood van die eggenoot oor te dra, welbekend aan die Tswanareg is.

Dit gebeur dikwels dat 'n dogter deur 'n kraalhoof wat nie haar wettige voog of vader is nie in die huwelik uitgegee word. Sodanige kraalhoof is dan verplig om verantwoording te doen met betrekking tot die huweliksgoedere aan die regmatige aan=spraakmaker. Sekere aftrekkings kan gedoen word indien die huwelik plaasgevind het met die toestemming van die dogter se vader.[3] Sake waarin Tswanareg direk in geskil was, ontbreek

---

1. Kyk 4.2.1. van hoofstuk 3.
2. Sitwayi v Tshetshe 1957 BAH 9 (S).
3. Wana v Zokozoko 5 BAH 94 (1925); Meyiwa v Baba 2 BAH 125 (1911); Lugebu v Mbondwana 1939 BAH 5 (K en O); Ramncwana v Siyotula 1937 BAH 172 (K en O); Mziza v Japie 1945 BAH 80 (N en T); Mpengula v Mnhase 1950 BAH 257 (S); Manunga v Yekiso 1936 BAH 87 (K en O); Vergelyk Mkize v Dhlamini 1951 BAH 313 (N - O).

op hierdie punt, maar sodanige persoon behoort ook in die Tswanareg verantwoording te doen aan die voog of vader. Volgens die Tswanareg bly die vader geregtig op die huweliksgoedere van sy dogter selfs al word sy in die sorg gelaat[1] van ander persone.[2]

'n Ander gebruik waaroor inligting oor die Tswanareg ontbreek, is die oordrag van die vorderingsregte in die huweliksgoedere van 'n dogter aan 'n derde. Alhoewel die hof baie noulettend waak teen transaksies wat die koop en verkoop van kinders inhou[3] is sodanige sessie van vorderingsregte wel erken. Selfs waar sodanige sessie gepaard gaan met die lewering van die dogter aan die skuldeiser het die hof sy seën daaroor uitgespreek.[4] Genoemde instelling is nie teenstrydig met die breëre beginsels van die Tswanareg nie en kan as gesag vir die toepassing van Tswanareg beskou word.

In die Tswanareg is die eis op die bruid se huweliksgoedere deur die voorsiener van die huweliksgoedere van haar moeder, onbekend. Hierdie aanspraak is egter reeds by ander volksgroepe erken waar die bruid se vader deur sy vader,[5] sy ouer broer[6] uit hoofde van 'n ukwenzelele-ooreenkoms[7] of deur enige ander persoon[8] aan huweliksgoedere gehelp is.

---

1. Hier word nie aanneming bedoel nie.
2. Schapera 195.
3. Vergelyk Nkambule v Shongwe 1942 BAH 2 (N en T).
4. Mkatshwa v Nduluka 4 BAH 170 (1919); Vatsha v Mfenenduna 1936 BAH 39 (K en O); Diniso v Msilo 1941 BAH 14 (K en O).
5. Mnxaku v Madolo 3 BAH 67 (1913); Gasa v GAsa 4 BAH 162 (1921); Tanana v Tanana 1947 BAH 25 (SE).
6. Ngamie v Fitshane 2 BAH 80 (1910); Cijiswe v Cijiswe 1956 BAH 13 (S).
7. Die gebruik by die Xosa om 'n bydrae te maak tot die huweliksgoedere van 'n verwant. Vergelyk Nobumba v Mfecane 2 BAH 104 (1911).
8. Payi v Payi 1962 BAH 9 (S).

Normaalweg moet hierdie eis bevredig word uit die huweliksgoedere wat vir die oudste dogter ontvang word, maar dit word ook uitgebrei na verdere dogters.[1] Die huweliksgoedere van kleindogters en agterkleindogters kan egter nie vir die betaling van hierdie skuld aangewend word nie.[2] In die gevalle waar die huweliksgoedere vir die verdere eggenotes van 'n man uit die eiendom van 'n huis afkomstig was, ontstaan 'n soortgelyke skuldverpligting teen die nuwe huis wat so geskep is. Hier moet in gedagte gehou word dat by sommige volksgroepe alle kraaleiendom aan die hoofhuis behoort en dat die hoofhuis 'n aanspraak sou hê op die huweliksgoedere van dogters aan wie se moeders huweliksgoedere op hierdie wyse verskaf is.[3] Die erfgenaam van die eggenoot aan wie huweliksgoedere op hierdie wyse voorsien is, kan ook deur die voorsiener van die huweliksgoedere aangespreek word.[4] Die erfgenaam van die voorsiener het egter nie sodanige aksie nie.[5] Sodanige eise van die voorsieners teen eggenotes aan wie huweliksgoedere voorsien is, behoort nie in die Tswanareg erken te word nie. Sodanige eis is teenstrydig met die Tswanaregtelike beginsel dat geen persoon, behalwe die vader of voog van 'n dogter, 'n juridiese aanspraak op die huweliksgoedere wat vir haar gelewer word, het nie.

Samevattend kan gesê word dat daar ernstige leemtes bestaan in die opgetekende Tswanareg in sover dit die reghebbendes op die

---

1. Mbuli v Mbuli 1939 BAH 85 (N en T); Natshila v Natshila 1948 BAH 12 (S); Gwandumtutu v Nota ka Dlikitela 4 BAH 146 (1919); Madolo v Mjonono 3 BAH 68 (1915); Tungana v Tungana 4 BAH 70 (1919).
2. Nofidela v Kekisana 4 BAH 117 (1922); Ngwenduna v Dubula 4 BAH 142 (1922); Sikwikwikwi v Ntwakumba 1948 23 (S).
3. Manyosine v Nonkanyezi 1 BAH 114 (1906); Gomololo v Gomololo 2 BAH 111 (1911); Mbuli v Mbuli 1939 BAH 85 (N en T).
4. Cijiswe v Cijiswe 1956 BAH 13 (S).
5. Tanana v Tanana 1947 BAH 25 (SE); Mehlomlungu v Gumasholo 1960 BAH 60 (S).

gelewerde huweliksgoedere betref. Slegs die eis van die ge= koppelde broer op sy suster se huweliksgoedere is deur die howe erken. Die Tswanareg is bekend met die eise van die volgende (regs-)persone in die Bantoereg: die vader of voog van die bruid; die vader se erfgenaam en die huis waaraan die bruid behoort het. Die eise van die volgende persone is on= bekend (of die literatuur swyg daaroor) aan die Tswanareg maar nie onversoenbaar met die algemene beginsels van die Tswanareg nie: die adoptiewe vader en die persoon aan wie die vorde= ringsregte in die huweliksgoedere van 'n meisie oorgedra is. Die volgende persone se eise wat in die algemene Bantoereg aan= getref word, behoort nie in die Tswanareg toegestaan te word nie: enige verwant van die vader; die persoon wat die huwe= liksgoedere vir die moeder van die bruid of enige ander beeste voorsien het. Die eis van die grootvader aan moederskant, op die huweliksgoedere van die bruid indien geen huweliksgoe= dere vir die bruid se moeder gelewer is nie, is bekend in die Tswanareg, en behoort in navolging van die algemene Bantoereg toegepas te word. Die verskil is egter dat die grootvader in die Bantoereg op die huweliksgoedere van al die kinders van die moeder beslag kan lê indien geen huweliksgoedere vir haar gelewer is nie. In die Tswanareg sal een sodanige beslagleg= ging die huwelik wettig en die eggenoot die aanspraak op die huweliksgoedere van die ander kinders gee.

### 4.2.2 DIE EIENDOMSREG OP DIE GELEWERDE HUWELIKSGOEDERE VÓÓR HUWELIKSLUITING

Kenmerkend van die Tswanareg op hierdie punt is dat dit lynreg in stryd is met die algemene praktyk in die Republiek. By die Tswana gaan eiendomsreg by lewering oor, maar by die ander volksgroepe eers met huweliksluiting.[1] Geen gewysdes kon op= gespoor word waar die howe hulle uitgelaat het oor Tswanareg

1. Peacock v Rango 19 S.C. 232 (1902); Zinti v Nozikotshi 3 BAH 188 (1913); Msibi v Sibanyoni 1940 BAH 28 (N en T); Myeni v Myeni 1956 BAH 89 (N - O).

op hierdie punt nie. Volgens die Natalse Wetboek, Proklamasie R 195 van 1967, word sodanige beeste as sisa-beeste tot met huweliksluiting beskou en eiendomsreg bly steeds gevestig in die eggenoot en sy afkomsgroep.[1] Aangesien eiendomsreg vol= gens die algemene Bantoereg eers by huweliksluiting oorgaan, is die verdere implikasie dat aanwas en vrektes die eienaar toeval.[2]

Alhoewel die eiendomsreg op die huweliksgoedere in die egge= noot of sy afkomsgroep gesetel bly tot met huweliksluiting, beteken dit nie dat die vader van die bruid geen regte met lewering daarop verkry nie. In Bidli v Mills[3] wou die vonnis= skuldeiser van die voornemende eggenoot beslag lê op die bees= te wat laasgenoemde reeds as huweliksgoedere aan sy aanstaande skoonvader gelewer het. Die hof weier om dit toe te laat, aangesien die vader reeds sekere regte op die goedere verkry het. Aan die ander kant kan die skuldeisers van die ontvanger van die goedere nie daarop beslag lê nie, selfs al is die dogter reeds swanger.[4] Daar eiendomsreg eers by huweliksluiting oorgaan, sal dit ook onbehoorlik wees vir die bruid se vader om haar ubulunga-bees[5] uit gelewerde huweliksgoedere te voorsien.[6] Daarenteen is die konsekwensies van die oorgang van eiendomsreg by lewering in die Tswanareg die volgende: Aanwas en vrektes val die ontvanger toe; en na lewering kan die skuldeisers van die ontvanger daarop beslag lê.

In noue samehang met die vraag oor eiendomsreg is die aspek van verbeuring en teruggawe van huweliksgoedere indien daar nie met die huwelik voortgegaan word nie. In die voormalige

1. Artikel 85 (1).
2. Matyesini v Dulo 3 BAH 102 (1915); Tiyeka v Sikayi 5 BAH 47 (1926); Malima v Mhlahlo 1942 BAH 73 (K en O).
3. 19 EDC 93 (1904).
4. Maweni v Ngcongolo 3 BAH 254 (1913).
5. Kyk 4.2.1 van hierdie hoofstuk vir die betekenis van hierdie bees.
6. Zondani v Nine 1 BAH 176 (1908).

Transkeigebiede het die hof hom hoofsaaklik laat lei deur die vraag wie verantwoordelik was dat die verlowing skipbreuk gely het. Waar die man se optrede die oorsaak was van sodanige verbreking, dan het hy die gelewerde goedere verbeur.[1] Voor=beelde van sodanige optrede is onvermoë om die huweliksgoedere te lewer[2] en impotensie aan die kant van die man.[3] Aan die ander kant moet die huweliksgoedere teruggegee word waar die meisie of die vader die oorsaak was dat daar nie met die huwe=lik voortgegaan word nie.[4] Teruggawe is in die volgende ge=valle gelas: Die vader ontvang huweliksgoedere van verskil=lende mans;[5] of stel onredelike eise aan die man.[6]

Onsedelike gedrag volgens Christelike opvattinge het veral probleme gelewer by gemeenregtelike huwelike. Sodanige op=trede van die man het die meisie nie geoorloof om die verlo=wing te verbreek met behoud van die huweliksgoedere waar beoog is om 'n Bantoeregtelike huwelik te sluit nie. Onsedelike ge=drag van die meisie daarenteen het wel gedien as 'n gegronde rede vir die verbreking van huweliksonderhandelinge deur die man.[7]

Aanvanklik is dieselfde redenasie by gemeenregtelike huwelike toegepas, want daar is geredeneer dat die ooreenkoms met be=trekking tot die huweliksgoedere los van die beginsels van die gemeenregtelike huwelik gesien moet word.[8] Later is beslis

---

1. Tole v Ndumiso 1 BAH 141 (1907); Nojiwa v Vuba 1 BAH 57 (1903); Lucani v Mbuzweni 2 BAH 27 (1910).
2. Gqezi v Nzaye 1 BAH 271 (1909).
3. Yapi v Ngayi 1 BAH 61 (1903).
4. Mzama v Xekana 1 BAH 61 (1903); Kuke v Majambe 3 BAH 93 (1912); Ranayo v Namba 4 BAH 114 (1919).
5. Mali v Busakwe 1 BAH 177 (1908); Nguta v Malonda 4 BAH 102 (191
6. Zombovu v Nowalaza 5 BAH 54 (1927).
7. Binase v Ngqase 4 BAH 115 (1918).
8. Fetana v Sinukela 1 BAH 22 (1897); Pantshwa v Msi 2 BAH 147 (1911).

dat die huweliksgoedere wel verbeur moet word by die optrede van die man wat as immoreel volgens Christelike standaarde[1] beskou word.[2]

Volgens die Natalse Wetboek, Proklamasie R 195 van 1967, word die gelewerde beeste as sisa-beeste beskou en verbeuring kom nie ter sprake nie. Alle beeste moet teruggegee word. Die hof het by monde van Braadvedt (Pres.) eenvoudig die praktyk van die Natalse Wetboek ook op Transvaalse Bantoes van toe= passing gemaak. In Nyamane v Busakwe[3] het die man die ooreen= koms tot huweliksluiting verbreek en die gelewerde huweliks= goedere teruggeëis. Die hof verwys na die praktyk in Natal en maak dit eenvoudig ook op die Transvaalse stamme van toe= passing.[4] 'n Mens sou eerder wou sien dat daar gekyk moet word na die tradisionele reg en dat sodanige gebruike sover moontlik toegepas word.

Die beskikbare inligting oor die Tswana met betrekking tot die lotgevalle van die huweliksgoedere by verbreking van huweliks= onderhandelinge, is beperk tot die Bafokeng van Rustenburg. Daarvolgens moet die huweliksgoedere teruggegee word en die resultaat is dieselfde as by die Natalse Wetboek, Proklamasie R 195 van 1967. Dit is noodsaaklik om hier meer inligting oor die Tswanareg te verkry.

Afgesien van die verskil by die onsedelike gedrag van die man waarop gewys is, het die howe dieselfde beginsels by die ver= breking van 'n verlowing om 'n gemeenregtelike huwelik te sluit, toegepas as by die verbreking van 'n Bantoeregtelike verlowing.[5]

---

1. Dit beteken natuurlik geensins dat dit ook immoreel is volgens die tradisionele opvattinge van die Bantoe nie.
2. Lupusi v Makalima 2 BAH 163 (1911); Hebe v Mba 12 EDC 6 (1897).
3. 1944 BAH 78 (N en T).
4. Vergelyk ook Msibi v Sibanyoni 1940 BAH 28 (N en T); Nxumalo v Ndwandwe 1957 BAH 79 (N - O).
5. Vergelyk Ngcobo v Msululu 2 BAH 33 (1910); Maloyi v Mlalandle 2 BAH 82 (1910).

By die afsterwe van die man of die meisie voor huweliksluiting is die huweliksgoedere terugvorderbaar, behalwe waar die meisie gesterf het as gevolg van swangermaking deur die man.[1]

Terwyl die gebrek aan inligting oor die Tswanareg steeds in gedagte gehou moet word, kan die regsposisie ten opsigte van die eiendomsreg op huweliksgoedere soos volg saamgevat word: Tswanareg is nog nie uitdruklik erken of toegepas nie; eien= domsreg gaan by lewering oor en in die algemene Bantoereg by huweliksluiting. Huweliksgoedere moet teruggegee word volgens Tswanareg indien die huwelik nie plaasvind nie, ongeag die rede waarom die huwelik nie plaasgevind het nie. 'n Soort= gelyke praktyk word in Natal en Transvaal gevolg ingevolge die algemene Bantoereg. In die Kaapprovinsie word die huweliks= goedere verbeur of teruggegee afhangende van watter party se optrede veroorsaak het dat die huwelik nie plaasgevind het nie.

### 4.2.3 DIE PERSONE VERANTWOORDELIK VIR DIE TERUGGAWE VAN DIE HUWELIKSGOEDERE

Aksies vir die teruggawe van huweliksgoedere word baie alge= meen in die Bantoereg aangetref. By die Tswana word huweliks= goedere slegs teruggegee indien die huwelik kinderloos ontbind word en hierdie reël geld ook nie eers by alle stamme nie. Dit is dus vanselfsprekend dat 'n aksie by die Tswana vir die te= rugvordering van huweliksgoedere minder dikwels voorkom.

Die hoofbeginsels in hierdie verband volgens die algemene Ban= toereg is reeds voor die uitvaardiging van die Bantoe-adminis= trasie Wet 38 van 1927, deur die howe neergelê, en bevestig in latere sake. Die persoon wat die huweliksgoedere uiteindelik ontvang het en wat daarop geregtig was, kan aangespreek word

---

1. Mnyipika v Magunya 4 BAH 108 (1919); Mkehle v Rulman 4 BAH 113 (1919); Tiyeka v Sikayi 5 BAH 47 (1926); Mpayize v Mqukuse 1 BAH 127 (1906); Mpingwani v Mciteki 3 BAH (1915).

vir teruggawe.[1] Nadat hierdie persoon dood is, word die erf= genaam van die huis waaruit die dogter kom, aangespreek.[2] By die teruggawe van huweliksgoedere van 'n dogter gebore uit 'n gemeenregtelike huwelik, word die erfgenaam van die boedel wat die huweliksgoedere ontvang het, aangespreek.[3]

In teenstelling met die persoon wat die huweliksgoedere ont= vang het en daarop geregtig was, kan die persoon aan wie die huweliksgoedere inderdaad oorhandig is, ook aangespreek word: hy is verantwoordelik, behalwe as hy kan aantoon dat hy ver= antwoording gedoen het van die goedere aan die persoon wat inderdaad daarop geregtig is.[4]

Tswanareg het op hierdie punt nog nie in die howe ter sprake gekom nie en die inligting oor die tradisionele Tswanareg is gebrekkig en dubbelsinnig.[5] Die analise van die tradisionele Tswanareg het getoon[6] dat dit heeltemal versoenbaar is met die beginsels wat in die howe neergelê is. Die genoemde hofuit= sprake behoort dus gevolg te word behalwe as nuwe inligting aangaande die Tswanareg beskikbaar kom.

---

1. Mbekeni v Mbejeni 1 BAH 13 (1896); Bokolo v Mavune 1 BAH 109 (1906); Tashe v Fisana 4 BAH 77 (1920); Jonas v Vulangengqele 4 BAH 96 (1919); Siswenye v Sikaka 5 BAH 37 (1923).
2. Boko v Majovu 3 BAH 112 (1916).
3. Nohasi v Moanti 4 BAH 96 (1920).
4. Tshobisa v Gugushe 1 BAH 139 (1907); Jonas v Vulangengqele 4 BAH 96 (1919); Tashe v Fisana 4 BAH 77 (1920); Mantshupa v Kwebi 1938 BAH 37 (K en O); Mkekana v Langasiki 1942 BAH 51 (K en O); Mayekiso v Quwe 1942 BAH 38 (K en O); Mondli v Zibi 1942 BAH 102 (K en O).
5. Kyk 4.2.3 van hoofstuk 3.
6. Ibid.

## 5. DIE LEWERING VAN HUWELIKSGOEDERE AS ESSENSIëLE VEREISTE BY DIE HUWELIK

Seymour[1] onderskei die volgende vereistes vir die sluiting van 'n Bantoeregtelike huwelik:

1. Die toestemming van die bruid se voog;
2. die toestemming van die bruid;
3. die toestemming van die bruidegom;
4. die oordrag van die bruid na die bruidegom en
5. die betaling van die huweliksgoedere.

Olivier[2] voeg by hierdie vereistes die toestemming van die bruidegom se vader. Die vereiste in verband met die lewering van die huweliksgoedere stel hy soos volg:[3] "Geen geldige Bantoehuwelik kan tot stand kom sonder dat daar 'n ooreenkoms bereik is dat lobolo gelewer sal word".

Volgens Olivier is 'n ooreenkoms tot lewering van huweliks= goedere voldoende maar Seymour[4] vereis dat daar inderdaad 'n oordrag van huweliksgoedere moes gewees het:[5] "Such phrases as 'there can be no union if there are no cattle with the girl's guardian' are essentially correct statements of Bantu law."

Die uitsonderinge[6] op hierdie reël beperk hy tot die Pondo- en Zoeloereg. Hierdie klaarblyklike teenstrydigheid tussen Olivier en Seymour is ook die kernprobleem by die Tswanareg.

Die vereiste dat daar wilsooreenstemming tussen die twee af= komsgroepe van 'n Tswanahuwelik moet wees,[7] word by implikasie

---

1. 101.
2. 41 - 52.
3. Olivier 50.
4. 101.
5. 103.
6. Vergelyk Seymour 104.
7. Kyk 5 van hoofstuk 3.

erken deur die vereistes soos deur Olivier[1] en Seymour[2] gestel. Voorts word die erkenning en toepassing van die vereiste met betrekking tot die lewering van huweliksgoedere, soos gereël deur die Tswanareg, ondersoek. Ten opsigte van die Tswanareg is die standpunt ingeneem dat 'n ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer, een van die essensiële vereistes van die huwelik is. Om hierdie standpunt in die Bantoereg te verifieer, word 'n samewoning waar huweliksgoedere reeds gelewer is, vergelyk met 'n samewoning waar slegs 'n ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer, gesluit is.

### 5.1.1 WAAR DIE HUWELIKSGOEDERE WEL OORGEDRA IS

Die lewering van huweliksgoedere tesame met die ander boge= noemde vereistes skep bo alle twyfel 'n Banroeregtelike huwelik.[3] Die vestiging van die vaderlike regte oor die kinders gebore uit so 'n samewoning is verskeie kere erken.[4] Daar bestaan weinig twyfel dat die ander regsgevolge van 'n huwelik, soos maritale mag en die seksuele gemeenskap tussen man en vrou, ook erken word. Sake waarin Tswanareg uitdruklik toegepas is, ontbreek, alhoewel talle sake hulle oorsprong het in distrikte waar Tswanastamme woon.[5] Dit is jammer dat die voorsittende beamptes nie noulettend volgens die administratiewe voorskrifte aanteken tot watter stamme of volksgroepe partye behoort het nie, want dit sou die opsporing van sake waarin Tswanareg toe= gepas en erken is, vergemaklik en ook bo alle twyfel gestel het. Die reël in die Bantoereg, dat 'n geldige huwelik tot stand kom nadat huweliksgoedere gelewer is en die ander ver=

---

1. 41 - 52.
2. 101.
3. Toki v Nguta 4 BAH 17 (1918); Lize v Makalima 2 BAH 180 (1911); Sigodwana v Zibi 3 BAH 33 (1912); Seymour 105 - 4; Olivier 50 - 2. Sake aangehaal in voetnoot 4.
4. Modisanyane v Mokgokolo 1942 BAH 65 (N en T); Madonsela v Duba 1942 BAH 74 (N en T); Tyobeka v Madlewa 1943 BAH 40 (N en T); Kgapula v Maphai 1940 BAH 108 (N en T).
5. Byvoorbeeld Hammanskraal en Pilansberg.

eistes vir huweliksluiting ook nagekom is, is nietemin ook in ooreenstemming met die Tswanareg.

### 5.1.2 WAAR DIE HUWELIKSGOEDERE NOG NIE GELEWER IS NIE

By die ontleding van die Tswanareg is tot die slotsom gekom dat 'n huwelik wel tot stand kom sonder dat huweliksgoedere gelewer is. Dit is voldoende as die partye uitdruklik of stilswyend 'n ooreenkoms gesluit het dat die goedere later gelewer word. Die stilswyende ooreenkoms bestaan dikwels daaruit dat dit vir die Tswana ondenkbaar is om 'n huwelik aan te gaan sonder dat huweliksgoedere gelewer word.

Steun dat 'n ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer voldoende is vir 'n geldige huwelik, kan gevind word in 'n hele paar sake.[1] In Khasi v Tabana[2] dagvaar die eiser vir verweerder weens beweerde seduksie van sy suster. Die verweerder voer aan dat hy getroud is met die vrou. Die hof bevind dat alhoe= wel geen huweliksgoedere tussen die partye verwissel het nie, daar nogtans 'n huwelik tot stand gekom het aangesien daar 'n ooreenkoms was dat die huweliksgoedere wel later oorgedra sal word. Die hof sê:[3] "... the requisites of a customary marriage in the Transvaal (are) (1) intention of all the parties that there shall be a union; (2) agreement regarding lobolo (not necessarily regarding the number of cattle to be paid, if any); and (3) cohabitation".

Ook in Zulu v Mkwanyana[4] is beslis dat die huwelik met 'n Zoe= loeweduwee geldig is ten spyte daarvan dat huweliksgoedere nie oorgedra is nie. In die opsomming van die saak word gesê:

---

1. Ntobole v Mzanywa 3 BAH 190 (1914); Qhoboshane v Mbobo 4 BAH 209 (1919).
2. 1944 BAH 67 (N en T).
3. 69.
4. 1936 BAH 1 (N en T).

"That the omission to pay lobolo has no important significance as long as the right to claim exists and is not disputed." Ko=mende van 'n saak waarin die Zoeloereg toegepas is, het hier=die passasie nie baie gewig in sover dit gesag vir Tswanareg aangaan nie. Die hof maak egter die verdere opmerking wat, alhoewel dit obiter is, tog belangwekkend is:[1] "This custom (verwysende na die vorige aanhaling) coincides with that pre=vailing in British Bechuanaland among the Baralong Tribes."

Genoemde gewysdes stel nie die kwessie of 'n ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer 'n essensiële vereiste vir die huwe=lik is, bo alle twyfel nie. Uit hoofde van die stare decisis-reël moet steeds rekening gehou word met ander Transvaalse sake, waarvan Modisanyane v Mokgokolo[2] 'n voorbeeld is. Die geskil was of die gelewerde goedere genoegdoening vir seduksie was, of huweliksgoedere. Die hof besluit op laasgenoemde en voeg by:[3] "The essentials of a valid customary union were present, viz: payment of lobolo ..." In 'n latere saak van Songgennge v Denge[4] is vereis dat die huweliksgoedere gelewer moet word om 'n geldige huwelik tot stand te bring en om die man se erfgenaam aanspraak op die vrou se dogters te gee. Op die vraag of daar nie dalk 'n ooreenkoms was om huweliksgoede=re te lewer nie, word nie eens ingegaan nie. In die reeds vermelde saak van Mocumi v Mocumi[5] het die hof ook die volgende obiter stelling gemaak:[6] "This court rejects the submission that there can be a valid customary union without dowry."
Die belangrikheid van hierdie obiter-stelling moet beklemtoon word, want Tswanareg was direk ter sprake.

---

1. 1.
2. 1942 BAH 65 (N en T).
3. 66.
4. 1957 BAH 16 (S - D).
5. 1944 BAH 107 (K en O).
6. 109.

Dit is moeilik om te bepaal wat die hof se houding sal wees wanneer hierdie aspek direk in geskil geplaas word. Die hof is egter verplig om ingevolge artikel 11(1) van die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927 die gebruike wat onder die ver= skillende stamme geld, te erken en toe te pas. Daarvolgens behoort die hof die voorgestelde standpunt[1] te aanvaar dat 'n ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer, volgens Tswanareg 'n essensiële vereiste vir 'n geldige huwelik is. Die presedente= reg is ook nie sonder steun op hierdie punt nie.[2]

Ten slotte moet weer beklemtoon word dat volgens Tswanareg, die huweliksgoedere wel by die dood van die man gelewer moet word. Word dit nie gedoen nie, word die huwelik beskou asof dit nooit bestaan het nie en die kinders gebore uit die same= woning is nie die wettige erfgename nie.[3] In die Pondo-gewysde van Kwazime v Masoyi[4] het die hof die oordrag van die huweliks= goedere na die dood van die man nie toegelaat waar die moeder reeds weer getroud was nie.

Inligting oor die Tswanareg tot op watter stadium huweliks= goedere na die dood van die eggenoot oorgedra kan word, ont= breek. By egskeiding geld die reël dat huweliksgoedere oorge= dra kan word selfs tot voor die tweede eggenoot sy huweliks= goedere lewer. Die Pondoreg kan dus gevolg word mits die tweede huweliksluiting gepaard gaan met die lewering van huwe= liksgoedere.

## 5.2 GEVOLGTREKKING OOR DIE LEWERING VAN HUWELIKSGOEDERE AS ESSENSIëLE VEREISTE VIR DIE HUWELIK

Die algemene Bantoeregspraktyk vereis, benewens enkele uitson=

1. Kyk my uiteensetting in 5.2 van hoofstuk 3.
2. Vergelyk Khasi v Tabana 1944 BAH 67 (N en T).
3. Vergelyk Mocumi v Mocumi 1944 BAH 107 (K en O); Seele v Moisi 1947 BAH 118 (K en O).
4. 1947 BAH 91 (K en O).

derings, dat die huweliksgoedere, ôf minstens 'n gedeelte daar= van, vóór ôf tydens huweliksluiting gelewer moet word om 'n geldige huwelik in die lewe te roep. Hierdie praktyk verskil van die Tswanareg waar die huweliksgoedere nie altyd met huwe= liksluiting oorgedra word nie. By sommige Tswanastamme is die oordrag van huweliksgoedere voor huweliksluiting egter ook 'n vereiste. Teenoor die algemene rigting in die Bantoereg staan daar wel enkele beslissings dat 'n ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer voldoende is vir 'n geldige huwelik. Tswanareg is nog nie direk deur die howe op hierdie punt getoets nie, maar een <u>obiter</u>-stelling erken die praktyk in die Tswanareg, terwyl 'n ander te kenne gee dat dit nie gevolg behoort te word nie. Die howe is egter verplig om ingevolge artikel 11(1) van die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927, die Bantoereg wat van toepassing is op bepaalde gebruike te volg, mits dit nie gewy= sig of herroep is nie. Dit is te betwyfel of hier van 'n wysiging of herroeping sprake is, want die howe het hulle nog nooit direk oor hierdie aangeleentheid uitgelaat nie. Die howe behoort dus die Tswanareg te volg indien hulle behoorlik daaroor ingelig is, desnoods ondersteun deur mondelingse getuie= nis.

## 6. DIE OORDRAG VAN DIE BAARVERMOë VAN DIE VROU

Die verkryging van die baarvermoë van die vrou as belangrike teenprestasie vir die huweliksgoedere word net soos by die Tswana, vry algemeen in die Bantoereg erken. Olivier[1] skryf soos volg: "Dit wil egter beslis voorkom dat een van die primêre funksies van <u>lobolo</u> is om die reproduksievermoë, die baarkrag, van die vrou na die familie van haar eggenoot oor te dra; met ander woorde, dit is duidelik dat daar 'n noue verband bestaan tussen (a) die oordrag van die <u>lobolo</u>-beeste, en (b) die reproduksievermoë van die vrou."

Om te bepaal of sekere aspekte in die Tswanareg wat met die

---

1. 96.

baarvermoë saamhang, erken en toegepas word deur die howe, word die volgende ondersoek:

(1) Die inhoud van die vaderlike regte;[1]
(2) Die kinders waarop die eggenoot regte verkry;
(3) Kinderloosheid by die egpaar.

### 6.1.1 DIE INHOUD VAN DIE VADERLIKE REGTE

Die howe het nog nie 'n analise van vaderlike regte op 'n kind soos deur Tswanareg verorden, gegee nie. Dit wil egter voorkom asof die vaderlike regte in die algemene Bantoereg grootliks versoenbaar is met sodanige regte in die Tswanareg. In die algemene Bantoereg is beslis[2] dat die toesigsreg van 'n vader "absoluut" is en dat daar nie inbreuk op hierdie reg geduld sal word nie. Die howe het hierdie beginsel so uitgelê dat die kind gewoonlik in die sorg van die moeder gelaat word by egskeiding[3] totdat hy/sy die ouderdom van ongeveer ses jaar bereik het. Dieselfde beginsel behoort gedurende die huwelik te geld indien die man en vrou apart woon.

Soos reeds geblyk het,[4] is die vader of die voog die persoon wat op die huweliksgoedere van sy dogter geregtig is. Hierdie aanspraak word ook die "voogdelike lobolo-reg"[5] genoem. Die vraag of 'n kind binne-egtelik is, is ook vir die erfreg van groot belang. Slegs binne-egtelike kinders kan in die reël van hulle vader erf.[6]

### 6.1.2 DIE KINDERS WAAROP DIE VADERLIKE REGTE VERKRY WORD

Net soos by die Tswana het die howe die eggenoot se regte op

---

1. Ligthelm 318 praat van voogdyreg.
2. Mokoena v Mofokeng 1945 BAH 89 (K en O).
3. Mkize v Mkize 1951 BAH 336 (N - O).
4. Kyk 4.3 van hierdie hoofstuk.
5. Ligthelm 319.
6. Olivier 460 ev.; Seymour 274.

die kinders wat gedurende die huwelik gebore is, ondubbelsinnig bevestig. In Mokoena v Mofokeng[1] word die stamverband van die litigante nie aangedui nie, maar die beslissing behoort ook vir die Tswanareg te geld. Die eggenote het aansoek gedoen dat die kinders aan haar oorhandig moet word op grond daarvan dat die man haar aanrand en mishandel. In die laerhof word haar eis toegestaan maar op appèl word bevind dat die vader nie die bedoeling gehad het om haar weg te dryf en die huwelik te ontbind nie. Die appèl slaag en die hof sê:[2] "Under Native Law and custom the right of a male partner in a customary union to the custody of his minor children is absolute and this is so whether or not the union has been dissolved. He can be legally deprived of the custody only if it can be shown that he is not a fit and proper person to have the custody, or, that owing to the tender age of the children, it would not be in their interest to live apart from their mother ..." Die hof voeg by dat selfs al word die kinders van hom weggeneem dit nie sy aanspraak op die huweliksgoedere wat vir die dogter uit die huwelik gelewer word, beïnvloed nie. Die gebruiklike benadering van die howe in sake van hierdie aard is om te be= veel dat die kinders tot op die ouderdom van ongeveer ses jaar by hulle moeder bly.

Ook wat die eggenoot se aanspraak op sy vrou se owerspelige kinders betref, is daar geen verskil tussen die Tswanareg en die algemene standpunt in die Bantoereg nie. Hierdie kinders behoort ook aan die eggenoot. Dhlamini v Butelezi[3] is 'n goeie illustrasie van die toepassing van hierdie beginsel. Die feite in hierdie saak was kortliks soos volg: Die egge= noot was 'n invalide wat verskeie pogings aangewend het om sy vrou wat hom verlaat het na hom te laat terugkeer. In haar

1. 1945 BAH (K en O) 89.
2. 90.
3. 1946 BAH 16 (N en T). Ook Zwane v Dhlamini 1951 BAH 353 (N - O).

afwesigheid word twee kinders deur 'n ander man by haar verwek. Gedurende die aksie om die kinders terug te kry, sterf die eggenoot. Sy erfgenaam sit die aksie voort. Die verweer was dat daar intussen weer vir die vrou huweliksgoedere oorgedra is in goeie trou en dat sodanige kinders dus as binne-egtelik beskou moet word. Die hof verwerp hierdie invoering van vreem= de beginsels in die Bantoereg en gaan voort:[1] "... the prin= ciple governing the problem is that the reproductive power of the woman vests in the group paying the first lobolo for her, and until that link is broken all the progeny of the woman accrues to the group paying that lobolo." Alhoewel die egge= noot steeds genoegdoening kan eis vir die swangermaking van sy vrou, gee sodanige betaling die natuurlike vader geen aanspraak op die kind nie.[2] Waar die eggenoot reeds oorlede is, kan die erfgenaam die eggenoot se regte uitoefen ongeag of dit 'n seun of 'n dogter is.[3]

Die aanspraak van die eggenoot op die voorhuwelikse kinders van sy eggenote ooreenkomstig die Tswanareg, het nog nie in die howe ter sprake gekom nie. Om die regsposisie in die algemene Bantoereg te analiseer, is dit wenslik om weer eens as uitgangspunt te aanvaar dat sodanige kinders aan die voog van die vrou behoort.[4] Genoegdoening is betaalbaar by die swangermaking van die meisie en hierdie betaling deur die natuurlike vader vestig sekere regte op die kind. By verdere betaling van isondhlo[5] kan die vader eis dat die kind aan hom oorhandig moet word. Hierdie gebruik word veral by die Kaapse Nguni aangetref.[6] Die natuurlike vader het waarskynlik vroeër

1. 17.
2. Mtanayi v Mazwane 2 BAH 8 (1910); Dhlamini v Butelezi 1946 BAH 16 (N en T).
3. Lucingo v Mgiqika 4 BAH 40 (1920).
4. Seymour 220. Olivier 460. Mafulela v Mxgeni 1970 BAH 15 (S).
5. Die term wat gebruik word vir die vergoeding van onderhoud van 'n kind. Vergelyk Olivier 559.
6. Tsotsa v Mbulali 4 BAH 45 (1918); Tabankulu v Dyarashe 1 BAH 260 (1909); Ndabeni v Nggele 1 BAH 10 (1896); Madolo v Sanzekela 3 BAH 37 (1912); Mayeki v Qutu 1961 BAH 10 (S); Mafulela v Mxgeni 1970 BAH 15 (S).

'n soortgelyke aanspraak by die Tswana gehad maar die reg het later so ontwikkel dat die natuurlike vader slegs 'n aanspraak op sy kind by 'n ongetroude vrou met die toestemming van die vader of voog van die vrou kon verkry.

By die Kaapse Nguni het die reël aanvanklik gegeld dat 'n man ook vir sy eie kinders wat hy by sy eggenote verwek het, voor= dat hy met haar getroud is, genoegdoening moes betaal indien hy op hulle aanspraak maak.[1] Hierdie praktyk lyk logies, want die kinders van 'n ongetroude vrou behoort aan haar voog en slegs deur die betaling van genoegdoening kan die natuurlike vader aanspraak op sy eie voorhuwelikse kinders verkry. Die term genoegdoening en nie huweliksgoedere nie lyk hier gepas. Genoegdoening word betaal vir die geskende subjektiewe reg van die afkomsgroep na swangermaking van die dogter. Aan die ander kant word huweliksgoedere gelewer vir die baarvermoë (en dus die kinders) van die vrou binne die huwelik.

Die praktyk by die Kaapse Nguni dat die eggenoot genoegdoening moet lewer om aanspraak op sy eie voorhuwelikse kinders te verkry, is later gewysig. Die eggenoot het toe deur sy huwe= lik met die moeder van sy kind 'n aanspraak verkry op die kind, ongeag of hy voorheen genoegdoening betaal het of nie.[2] So 'n praktyk kan alleenlik geregverdig word indien eerstens, die lewering van huweliksgoedere en die huweliksluiting sou mee= bring dat die eggenoot aanspraak verkry op ál die voorhuwelikse kinders van die vrou ongeag of hy die vader is of nie. Dan is die redenasie geldig dat die huweliksgoedere vir die baarver= moë van die vrou gegee word en dat die man aanspraak kan maak op die prestasie van daardie baarvermoë ongeag wie die kinders verwek het. By die Kaapse Nguni verkry die eggenoot egter nie die aanspraak op al die kinders van die vrou wat voor die

---

1. Ntshongole v Danti 3 BAH 126 (1914); Mqurubana v Mancita 5 BAH 31 (1927).

2. Mkize v Mkize 1953 BAH 336 (N — O).

huwelik gebore is nie.[1] Tweedens sou hierdie Kaapse praktyk ook geregverdig wees indien die eggenoot geen genoegdoening betaal het nie, maar addisionele huweliksgoedere moes lewer om aanspraak op sy eie voorhuwelikse kinders te verkry. Dit is ook nie die geval nie. Die konsekwensie van hierdie praktyk kom daarop neer dat die lewering van huweliksgoedere nie uit=sluitlik herlei kan word na die baarvermoë van die vrou nie. Hierdie siening word versterk deur die <u>ratio</u> van die howe wat inhou dat die huwelik van die ouers die kinders wettig op sterkte van gemeenregtelike beginsels. Dieselfde beginsels as dié van die gemenereg moet volgens die howe op die Bantoereg toegepas word, aangesien die beleid is om hierdie twee reg=stelsels te assimileer.[2]

Die Tswanareg stem gedeeltelik met die Kaapse praktyk ooreen. Die daaropvolgende huwelik van ouers tesame met die lewering van huweliksgoedere wettig hulle natuurlike kinders. Die man verkry ook aanspraak op al die voorhuwelikse kinders van die vrou in teenstelling met die Kaapse praktyk waar dit nie gebeur nie. Aangesien die vader in die Tswanareg aanspraak verkry op álle voorhuwelikse kinders van die vrou, sal hy ook die kinders kan opeis wat gedurende die verlowing deur iemand anders verwek is.

By die Kaapse Nguni is dit hoogs uitsonderlik dat die eggenoot op voorhuwelikse kinders deur iemand anders verwek aanspraak kan maak selfs deur die betaling van addisionele beeste, en so 'n ooreenkoms moet boonop met baie sterk getuienis gesteun word. Die natuurlike vader by die Kaapse Nguni kan selfs regte op die kind vestig wat gedurende 'n verlowing met die toekoms=tige eggenoot verwek is. Betaal die vader nie genoegdoening

---

1. Nowata v April 1 BAH 98 (1905); Nqwema v August 4 BAH 48 (1918); Tabankulu v Dyarashe 1 BAH 260 (1909).

2. Ovolo v Tshenese 3 BAH 121 (1912); Kolopene v Ngukumani 3 BAH 122 (1916); Masheme v Nelani 4 BAH 43 (1919); Skeyi v Xelitole 5 BAH 23 (1924).

nie, word die kind as die eggenoot s'n beskou.[1]

Die howe het in die Transvaal ander riglyne neergelê as by die Kaapse Nguni. Die aansprake van die natuurlike vader op kinders vir wie genoegdoening betaal is, maar sonder huweliksluiting met die moeder word, net soos by die Tswana, nie erken nie. Die motivering vir die uitspraak in Msotwana v Sibeko[2] is egter heeltemal onaanvaarbaar. Die eiser maak die dogter van verweerder swanger en hy betaal genoegdoening. Na 'n aantal jare eis hy dat die kind aan hom oorhandig moet word. Die eis word hoofsaaklik op grond van die volgende motivering afgewys:[3] "To allow the father of an illegitimate child the right to claim it if he pays damages is an infringement of the principles governing the status of illegitimate children. It is a practice which I consider to be undesirable and contrary to natural justice ... It is in my opinion nothing less than a purchase of a child by payment of cattle." Die sogenaamde beginsels "governing the status of illegitemate children" waarvan die hof praat, is veelal dié van die gemenereg. Daar is niks mee verkeerd indien 'n regstelsel (soos dié van die Kaapse Nguni) die buite-egtelike kind aan die natuurlike vader eerder as aan die natuurlike moeder toevertrou nie. Dit gaan hier tog bloot om kultuurverskille. Die hof motiveer ook nie waarom hierdie beweerde eis in stryd is met natuurlike regverdigheid[4] of in die lig van 'n soortgelyke praktyk by die Kaapse Nguni op die handeldrywe met kinders sou neerkom nie. In Ludidi v Nongena[5] was die partye Basoeto en 'n soortgelyke eis is op dieselfde gronde van die hand gewys. Die menings

1. Matulelo v Mxgeni 1970 BAH 15 (S); Tsotsa v Mbulali 4 BAH 45 (1918); Seymour 15.
2. 1942 BAH 17 (N en T).
3. 19.
4. Gebruike wat in stryd is met die beginsels van natuurlike regverdigheid mag nie deur die howe toegepas word nie. Kyk artikel 11(1) van Wet 38 van 1927.
5. 1945 BAH 59 (K en O).

van Schapera[1] en Lestrade[2] dat daar nie so 'n aksie in die Tswana=nareg bestaan nie, word met instemming aangehaal.

Seymour[3] erken wel die Tswanaeggenoot se "... undisputable right to claim the child" wat die <u>eggenote voor die huwelik</u> gehad het. Die Transvaalse hof het egter in <u>Nkambule v Shongwe</u>,[4] in stryd met Tswanareg geweier om 'n ooreenkoms af te dwing tussen die eggenoot en die vrou se vader dat die voorhuwelikse kind teen die betaling van addisionele beeste aangeneem word. Die hof ondersoek nie die volksverband van die partye (dit word nie eers gemeld nie) of die vraag van moontlike betaling van genoegdoening tydens swangermaking nie. Die handige argu=ment word eenvoudig gebruik dat, "... the alleged contract between the parties was <u>contra bonos mones</u>, illegal and there=fore unenforcable in law in that it amounted to a sale of the child." Op grond van die presedentereg geld hierdie uitspraak ook vir die Tswanareg maar dit staan geensins op 'n vaste grondslag nie, want die hof toon weer eens nie aan dat hy bewus is van blote kultuurverskille nie.

Die beginsel dat die voorhuwelikse kinders van 'n vrou aan haar voog behoort, en nie soos by die Tswana onder die gesag van haar eggenoot kom nie, is ook gehandhaaf in <u>Mpawu v Lebano</u>[5]. Die verweerder word aangespreek vir seduksie van 'n ongetroude dogter. Sy verweer slaag op grond daarvan dat die dogter ge=bore is vóór die huwelik tussen haar moeder en die eiser en dat laasgenoemde nie bewys het dat hy haar natuurlike vader is nie. Die daaropvolgende huwelik van die natuurlike vader met die moeder vestig wel die vader se vaderlike regte[6] soortgelyk as by die Tswana.

---

1. 172.
2. 935.
3. 223.
4. 1942 BAH 2 (N en T).
5. 1938 BAH 121 (N en T).
6. Ibid.

Alhoewel die inligting aangaande die Tswanareg nie baie duide= lik is nie wil dit voorkom asof die regsposisie ten opsigte van die aansprake op kinders die volgende is: Eerstens, Tswa= nareg is nog nie uitdruklik erken of toegepas nie. Tweedens, in die Tswanareg kan 'n man aanspraak op al die voorhuwelikse kinders van sy vrou maak. 'n Soortgelyke reël word nêrens in die algemene Bantoereg toegepas nie. Derdens, volgens Tswana= reg kry die natuurlike vader geen regte op sy kind by 'n on= getroude vrou nie. By die Kaapse Nguni verleen die howe wel so 'n aksie na betaling van genoegdoening, maar dit kom nie alge= meen voor nie. Vierdens, 'n getroude man kan aanspraak maak op al die kinders van sy vrou gebore gedurende die huwelik. Sy regte geld bo dié van die natuurlike vader wat owerspel met die eggenote gepleeg het.

## 6.2 KINDERLOOSHEID BY DIE EGPAAR

### 6.2.1 ONVRUGBAARHEID BY DIE VROU

Die mededeling dat die gebruik om 'n stutvrou te verskaf besig is om uit te sterf, word bevestig deur die geringe aantal be= slissings waar hierdie instelling ter sprake is. Beslissings waar die stutvrou verskaf word terwyl die onvrugbare steeds lewe, is nog skaarser. Die hof het in Mathe v Kekana[1] laat blyk dat die verskaffing van 'n seantlo[2] vir 'n vrou wat lewe of wat dood is,[3] gelykgestel word. Die regspraktyk in laasge= noemde geval moet dan *mutatis mutandis* toegepas word by die verskaffing van 'n stutvrou waar die eggenote nog lewe maar kinderloos is. Die howe behoort oor die algemeen die gevolge van hierdie instelling te erken. In die Tswanareg is daar nie

---

1. 1934 BAH 59 (N en T).
2. Vir 'n verduideliking van die instelling kyk 6.2 van hoofstuk 3.
3. Vir 'n bespreking van die regsposisie waar die vrou oorlede is, kyk hoofstuk 6.

van dwang[1] sprake nie en daar kan dus buiten vir westerse etiese opvattinge, weinig beswaar teen hierdie instelling ingebring word.

### 6.2.2 STERILITEIT OF IMPOTENSIE BY DIE MAN

Die gebruikmaking in die Tswanareg van 'n ander persoon om kinders te verwek by 'n eggenote het ook nog nie in die howe ter sprake gekom nie. Die meeste gevolge van hierdie instelling behoort erken te word. Dit is egter te betwyfel of 'n vrou gedwing sal word om gemeenskap met 'n ander man te hê. Die minnaar wat op die vrou se versoek by haar 'n kind verwek sal ook nie verskoon word nie.

Samevattend kan gesê word dat die vernaamste gevolge van die verkryging van die baarvermoë van die vrou in sowel die Tswanareg as die algemene Bantoereg gereël is. Tswanareg is nog nie uitdruklik erken of toegepas nie, maar vertoon basiese ooreenkomste met die algemene Bantoereg. Ten opsigte van die aansprake op kinders is daar egter belangrike verskille met die Bantoereg.

## 7. GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING VAN DIE ERKENNING EN TOEPASSING VAN DIE BOGADI-GEBRUIK VÓÓR EN/TYDENS DIE HUWELIK

Die erkenning en toepassing van die Tswanareg aangaande die rol van huweliksgoedere voor huweliksluiting en gedurende die huwelik, is beperk tot enkele beslissings wat die probleme kasuïsties benader het. Gedeeltelike erkenning is gegee aan die nie-verlening van 'n aksie vir die vordering van huweliksgoedere. Een van die kernprobleme in die Tswanareg, naamlik die totstandkoming van 'n huwelik sonder dat huweliksgoedere

1. Die aanwending van dwang sal in stryd wees met die beginsels van staatsgedragslyn of natuurlike regverdigheid. Kyk artikel 11(1) van Wet 38 van 1927.

gelewer is, word ligtelik en onbevredigend behandel in die regspraak. Met die uitsondering van 'n paar klemverskille is die Tswanareg, vir sover dit gaan oor die vasstelling van die hoeveelheid huweliksgoedere en die oordrag van die baarvermoë van die vrou, versoenbaar met die algemene Bantoereg. Tswana=reg is egter nog nie erken of gewysig wat hierdie aspekte betref nie en die hof behoort nie sonder meer die algemene Bantoereg as gesag vir Tswanareg te aanvaar nie.

# HOOFSTUK 6

## DIE ERKENNING EN TOEPASSING IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG VAN DIE BOGADI-GEBRUIK BY DIE TSWANA BY EGSKEIDING OF DOOD VAN EEN VAN DIE PARTYE

### 1. ALGEMEEN

Die gevolge van die lewering van huweliksgoedere volgens Tswa= nareg by die ontbinding van die huwelik, is veral waarneem= baar op twee terreine. Eerstens, die baarvermoë van die vrou bly steeds beskikbaar vir benutting deur die man se afkomsgroep. Tweedens, verwantskapsregte word nog in sekere gevalle op die kinders gevestig. Hierdie twee aspekte is in die verlede ook deeglik in die algemene Bantoereg deur die howe getoets. In hierdie hoofstuk word die erkenning en toepassing van Tswanareg op hierdie aspekte waar dit by egskeiding of dood van een van die partye ter sprake kom, ondersoek. Voorts word ondersoek tot welke mate die Tswanareg versoenbaar is met die algemene Bantoereg. Dieselfde metode word eweneens gevolg by die ondersoek oor die omstandighede vir teruggawe van huweliks= goedere en die vereiste van sodanige teruggawe as regsfeit vir die ontbinding van die huwelik.

### 2. EGSKEIDING

Reuter[1] se beskouing dat: "(An) African marriage is meant to last for ever" ondersteun die siening by die Tswana dat die huwelik nooit ontbind word nie. Die meer algemene voorkoms van egskeidings word aan westerse invloede, soos wetgewing, hof= uitsprake en ook ekonomiese en sosiale probleme toegeskryf.[2]

---

1. 188; contra Simons 122.
2. Ibid.

Die rol van die afkomsgroepe by die ontbinding van die huwe= lik word eweneens beklemtoon.[1] Die metode om die Tswanahuwe= lik in die stamhowe te ontbind, word egter nie deur die statu= têre howe, behalwe in Natal, gevolg nie. Olivier[2] meen dat die praktyk by die Tswana van resente ontwikkeling is, maar daar is moontlik 'n ander verklaring vir hierdie ontbindings= wyse. Daarop word later teruggekom.[3] Die aanvaarde praktyk in die Bantoesakekommissarishof is dat die eggenoot vra vir die teruggawe van die huweliksgoedere. So 'n teruggawe bring dan outomaties "die ontbinding van die huwelik teweeg".[4] Be= langrik om daarop te let dat waar die vrou die eggenoot verlaat het, dit noodsaaklik is om te vra vir die terugkeer van die vrou en by versuim om dit te doen, vir die teruggawe van die huweliksgoedere. In sommige gevalle kan die hof ook 'n de= klarasie gee dat die huwelik ontbind is.[5] Volgens die Natalse Wetboek moet Bantoeregtelike huwelike in die Bantoesakekommis= sarishof ontbind word. Artikel 78(1) bepaal dat voordat so 'n aksie ingestel mag word, daar 'n poging tot versoening deur die partye moet wees.

Gemeenregtelike huwelike kan ontbind word in die Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof[6] of in die Spesiale Bantoe- egskeidingshowe. Die kompetensie[7] van laasgenoemde howe sluit in: "om regsgedinge te verhoor handelende oor nietigheid, egskeiding en skeiding tussen Bantoe gedomisilieer binne hulle onderskeidelike regsgebiede ten opsigte van hulle huwelike en om enige vraag wat daaruit voortspruit te beslis." Aangesien die reëls met betrekking tot die lewering en teruggawe van

1. Seymour 164.
2. 161.
3. Kyk 2.2 van hierdie hoofstuk.
4. Ibid.
5. Ibid.
6. Olivier 263.
7. Artikel 10, Wet 9 van 1929 soos gewysig deur artikel 5, Wet 42 van 1942.

huweliksgoedere bloot bykomstig tot die gemeenregtelike huwelik is, is beslis dat hierdie howe nie die bevoegdheid het om oor die lotgevalle van die huweliksgoedere te beslis nie.[1]

## 2.1 AKSIE VIR TERUGGAWE VAN HUWELIKSGOEDERE BY EGSKEIDING

### 2.1.1 WAAR DIE VROU KINDERLOOS IS

Opmerklik by die vergelyking tussen die Tswanareg en die toe= passing van die Bantoereg in die howe is die diepgaande verskil in gronde waarop die huweliksgoedere teruggeëis kan word. Die algemene reël by die meeste Bantoevolke is dat die skuldige party tot die egskeiding gepenaliseer word. Waar die vrou die skuldige party is, moet die huweliksgoedere teruggegee word, minus die gebuiklike aftrekkings. Die man verbeur weer alle huweliksgoedere indien die huwelik as gevolg van sy op= trede misluk.

Die huweliksgoedere kan ook verdeel word waar albei partye eweveel skuld het.[2] In skrille kontras hiermee geld die reël by die Tswana dat huweliksgoedere by die egskeiding alleenlik teruggegee word indien die vrou kinderloos was.[3] Die skuld= beginsel vind wel sporadiese toepassing,[4] maar dit is blykbaar nie 'n ware weergawe van die Tswanareg nie.

Die verbasendste aspek is dat hierdie reël nog nooit uitdruk= lik getoets is in 'n saak waar Tswanareg toegepas is nie, alhoewel dit ter sprake was by ander volksgroepe.

In die Transkeise saak van Kele v Keti[5] het die man die huwe=

---

1. Mtiyane v Mtiyane 1952 BAH 229 (N - O).
2. Olivier 192 e.a.; Seymour 164. Kyk ook 2.1.3 van hierdie hoofstuk vir 'n volledige bespreking.
3. Schapera 1955 145.
4. Erasmus 58; Vermaak 55.
5. 1 BAH 171 (1908).

liksgoedere wat hy vir sy vrou gelewer het, teruggeëis nadat sy hom verlaat het. Die egpaar was drie jaar getroud en het nog geen kinders gehad nie. Die vrou se verweer was dat sy erg mishandel is en die hof gee haar gelyk. Alhoewel die verweer van kinderloosheid nie uitdruklik geopper is nie, moes die hof dit tog duidelik in ag geneem het. Gedurende die uitspraak word gesê:[1] "There can be no doubt that he was intentionally doing all he could to make his wife leave him in order that he might have grounds for the recovery of the dowry because she did not bear children ..." Die hof bevind voorts dat die man geen redelike gronde gehad het om sy vrou weg te dryf nie en dat daar wel 'n gedeelte van die huweliksgoedere agtergehou kan word. Die hof bevestig die laerhof se uitspraak dat vier van die ses beeste wat as huweliksgoedere gelewer is, teruggegee moet word. Een word afgetrek vir die bruidsuitrusting en vir die mishandeling.

In nog 'n Transkeise saak, Mkaya v Silaqa,[2] was die vrou se verweer teen haar man se eis vir teruggawe van die huweliksgoedere ook dat hy haar gerepudieer het weens haar kinderloosheid. Die hof gee weer eens nie deurdagte aandag aan hierdie aspek nie, maar die implikasie van die uitspraak - die man se eis word van die hand gewys - is dat kinderloosheid by die vrou geen grond is vir egskeiding en die terugvordering van die huweliksgoedere nie. Uit die bostaande twee sake is dit duidelik dat daar in die Transkei gebiede nie 'n konsekwente toepassing van die implikasies van die oordrag van die baarvermoë van die vrou was nie.

In Sekupa v Jonkman[3] was Tswanareg wel van toepassing en in 'n obiter opmerking is die reël bevestig dat huweliksgoedere terugvorderbaar is waar die huwelik kinderloos is. In bogenoemde saak het die hof geweier om te gelas dat huweliksgoedere

1. 171.
2. 1942 BAH (K en O) 16.
3. 1966 BAH 20 (SE).

teruggegee moet word waar 'n kind gebore is uit 'n gemeenregtelike huwelik. Afgesien van hierdie sydelingse verwysing ontbreek gesag oor die Tswanareg op hierdie punt. Seymour[1] meen dat die howe wel die teruggawe sal gelas, maar hy steun op Schapera vir sy standpunt. Boonop meen hy dat dit nie geld vir die Bakgatla nie, maar blykbaar steun hy op die bevel van stamhoof Lentswe waarvan Schapera melding maak. Hierdie bevel het slegs gegeld vir die Bakgatla van Botswana en dit is dus nie gesag vir die Bakgatla van Transvaal nie.[2]

Olivier meen[3] ook op sterkte van Schapera, dat die kinderloosheid van die vrou nie 'n grond is vir 'n egskeiding nie, maar indien 'n kinderlose huwelik wel ontbind is, dan kan die huweliksgoedere teruggeëis word. Schapera[4] erken wel uitdruklik dat kinderloosheid by die vrou 'n grond is vir egskeiding, maar dit is 'n vraag of die howe daaraan gevolg moet gee op grond van die beginsels van natuurlike regverdigheid en staatsgedragslyn. Hier moet onthou word dat die verlening van die eis om teruggawe van huweliksgoedere die huwelik outomaties in die algemene Bantoereg ontbind.[5] Die reël om die huwelik te ontbind op grond van die kinderloosheid van die vrou kan ook onnodige ontbering veroorsaak vir die vrou. Daar bestaan ook nie 'n aksie van die teruggawe van die huweliksgoedere by die dood van 'n vrou sonder kinders in die algemene Bantoereg nie.[6] Dit is duidelik dat die Tswanareg hier heeltemal indruis teen die basiese uitgangspunte in die algemene Bantoereg. Aan die ander kant moet ook gewaak word om van die uitgangspunte van die tradisionele reg af te wyk onder die dekmantel van natuurlike

---

1. Seymour trap hier in die slaggat waarin die howe sovele kere beland deurdat nie onderskei word tussen verdelings van stammegroepe nie.
2. 187.
3. 107.
4. 159.
5. Sirabele v Kwelekwele 1944 BAH 11 (K en O).
6. Gidya v Yingwana 1944 BAH 4 (N en T).

regverdigheid en staatsgedragslyn.[1] Dit wys op die noodsaak om hierdie twee begrippe grondig te ondersoek.

Volgens die Natalse Wetboek[2] Proklamasie R 195 van 1967 word die teruggawe van huweliksgoedere ook gereël deur die skuld van partye by die ontbinding van die huwelik. Kinderloosheid is egter nie 'n grond vir egskeiding nie en dit volg dat die huweliksgoedere ook nie in sodanige geval teruggevorder kan word nie.

Vanselfsprekend sal 'n gemeenregtelike huwelik nie op grond van die kinderloosheid van die vrou ontbind kan word nie. Die vraag is egter hoe beïnvloed die kinderloosheid van die vrou die eis tot teruggawe indien so 'n huwelik op 'n ander grond ontbind is. Khumalo v Ntshalinshali[3] is 'n resente saak oor die aangeleentheid en daarin word die vorige benaderings van die howe bevestig. In hierdie geval was die partye Zoeloes en 'n verlowing met die oog op 'n gemeenregtelike huwelik word verbreek. Die vraag is of die huweliksgoedere wat tot op daar= die stadium reeds gelewer was, teruggeëis kan word. Die hof herbevestig dat die ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer slegs bykomstig is tot die gemeenregtelike huwelik en dat hierdie ooreenkoms gewysig word in ooreenstemming met die be= ginsels van die gemeenregtelike huwelik. Die hof vervolg:[4] "Bantu law must then be applied to the lobolo contract in so far as this is compatible with a civil marriage." Die vraag is dan of die teruggawe van die huweliksgoedere waar die vrou kinderloos is, versoenbaar is met die gemeenregtelike huwelik. Dit is wel die geval, en boonop is hierdie beginsel by impli= kasie in Sekupa v Jonkman[5] erken.

1. Ingevolge artikel 11 van Wet 38 van 1927.
2. Artikel 76 (1).
3. 1971 BAH 59 (SE).
4. 60.
5. 1966 BAH 20 (SE).

'n Aksie vir die teruglewering van huweliksgoedere in die Bantoesakekommissarishowe by 'n gemeenregtelike huwelik word egter slegs toegestaan nadat die egskeidingsbevel reeds verkry is.[1] Die Provinsiale Afdelings van die Hooggeregshof verleen selfs 'n aksie vir teruggawe vóór die egskeidingsbevel, indien aangetoon kan word dat die vrou die man kwaadwilliglik verlaat het.[2] Die praktyk in albei howe behoort ook in die Tswanareg gevolg te word, maar aan die voorwaarde onderhewig dat die huwelik kinderloos was.

Alhoewel die reël by 'n aantal Tswanastamme geld dat die hu= weliksgoedere terugvorderbaar is waar die huwelik kinderloos was, geld dit egter nie by alle stamme nie. Sodanige stamme is die Baralong, Bafokeng en die Bahurutshe.[3] Hier behoort die howe dus geen aksie vir teruggawe te verleen nie.

Die erkenning van Tswanareg met betrekking tot die teruggawe van huweliksgoedere by egskeiding waar geen kinders gebore is nie, resulteer dus soos volg: Eerstens, die Tswanaregtelike beginsel dat huweliksgoedere teruggevorder kan word by egskei= ding indien geen kinders gebore is nie, is nog nie uitdruklik nie, maar wel <u>obiter</u> deur die howe erken. Daarenteen is die praktyk in die algemene Bantoereg dat teruggawe deur skuld van die partye gereël word, botsend met die Tswanareg. Tweedens, kinderloosheid as grond vir egskeiding in die Tswanareg is nog nie deur die howe getoets nie, maar in die algemene Bantoe= reg weier die hof 'n aksie vir teruggawe indien die man sy vrou repudieer op grond van haar onvrugbaarheid. Derdens, die Tswanaregtelike beginsel dat huweliksgoedere terugvorder= baar is by egskeiding van 'n kinderlose huwelik, is ook <u>obiter</u> deur die howe in die geval van 'n gemeenregtelike huwelik erken.

---

1. Makalima v Tswyi 1 BAH 76 (1904); Sekonyella v Leaha 1951 BAH 19 (SE).
2. Sani v Klaas 1955(2) PH R26 (O).
3. Kyk 2.1 van hoofstuk 4.

## 2.1.2 WAAR DAAR WEL KINDERS IS

Die algemene reël in die Tswanareg kan gestel word dat die huweliksgoedere nie terugvorderbaar is waar daar wel kinders uit die huwelik gebore is nie.[1] Enkele uitsonderinge bestaan op hierdie reël.[2] Daarteenoor is die algemene Bantoeregspraktyk soos deur die howe erken een waar die teenwoordigheid van kinders nie die bepalende faktor is vir die teruggawe van die huweliksgoedere nie. Die teenwoordigheid van kinders kan wel 'n rol speel by die hoeveelheid huweliksgoedere wat terugvorderbaar is.[3] Die bepalende faktor is egter soos hierbo genoem, die vraag watter party die oorwegende skuld moet dra vir die mislukking van die huwelik.

Die saak van Sekupa v Jonkman[4] het egter die Tswanareg op hierdie belangrike punt bevestig en dit kan die begin wees van 'n histories gefundeerde Tswana familiereg. Die partye was afkomstig van die Mafeking distrik waar die saak ook sy oorsprong gehad het. Eiser trou gemeenregtelik met verweerder se dogter en lewer huweliksgoedere. Een kind word uit hierdie huwelik gebore en die eiser se vrou verlaat hom. Hy verkry 'n egskeiding op grond van haar kwaadwillige verlating, maar hy eis nie sy huweliksgoedere terug nie. Dit is moontlik dat die eis nie ingestel is nie omdat die eiser dalk besef het dat hy volgens die Tswanreg geen aanspraak het op die huweliksgoedere nie, aangesien daar wel 'n kind gebore is. Hoe dit ookal sy, die eiser en sy vrou woon weer saam en na die egskeiding word 'n verdere twee kinders gebore waarvan die een moontlik gedurende die huwelik verwek was. Die vrou verlaat die man weer en hy stel nou 'n aksie in vir die oorhandiging van die kinders aan hom of in die alternatief, vir die teruggawe van die huweliksgoedere.

---

1. Schapera 145.
2. Kyk 2.1 van hoofstuk 4.
3. Olivier 193. Kyk ook 2.3 van hierdie hoofstuk.
4. 1966 BAH 20 (SE).

Namens die eiser word aangevoer dat daar 'n Bantoeregtelike huwelik tussen die partye tot stand gekom het en dat die eiser daarvolgens op die kinders geregtig is. Die hof verwerp hier= die standpunt en bevind ook dat die eiser nie geregtig is op die teruggawe van enige huweliksgoedere nie. Hierdie uitspraak is al as "verrassend"[1] bestempel veral as dit beskou word teen die agtergrond van die algemene Bantoereg. As erkenning en toepassing van die reg aangaande die huweliksgoedere van die Tswana is daar weinig fout mee te vind.

Daar moet beklemtoon word dat die vrou in hierdie saak die skuldige party was, maar dat die hof 'n absolusiebevel gegee het op die eiser se eis vir die oorhandiging van die kinders. Die eerste kind is gebore uit 'n gemeenregtelike huwelik en die beheer en toesig van daardie kind word bepaal deur gemeen= regtelike beginsels.[2] Die man is dus nie outomaties geregtig op die beheer en toesig van die kind nie, want hierdie aan= geleentheid word bepaal deur te kyk wat is in die beste belang van die kind. Geen getuienis is oor hierdie aspek gelei nie en die hof het dus nie 'n ander keuse gehad as om geen bevel oor hierdie aspek te maak nie.

Verloren van Themaat, in sy bespreking[3] van hierdie saak be= treur hierdie resultaat:[4] "Soos die reg nou staan is die betaling van <u>bogadi</u> by die gemeenregtelike huwelik van die Bantoe 'n kontrak wat deur die reëls van die verbintenisreg beheers word, maar wat geen familieregtelike implikasies het nie." Hiermee kan volmondig saamgestem word. Verloren van Themaat se oplossing van die probleem is om 'n aanpassing in die beginsels van die reg aangaande die huweliksgoedere van die Tswana te bring. Daarteenoor kan eerder gevra word of dit

---

1. Verloren van Themaat 147.
2. Kyk 2.3 van hierdie hoofstuk.
3. 147 ev.
4. 149.

wenslik is dat die gemeenregtelike bepalings aangaande beheer en toesig net so op 'n huwelik deur Tswana gesluit, toegepas behoort te word.

Ten opsigte van die ander twee kinders is daar verskeie aspekte wat ter sprake kom. Die vraag waaroor dit hier gaan, is of daar nie 'n Bantoeregtelike huwelik tot stand gekom het nadat die partye weer bymekaar gaan woon het nie. Indien daar nie so 'n huwelik tot stand gekom het nie, is dit duidelik dat die kinders buite-egtelik is en dat die man nie op hulle sal kan aanspraak maak nie.[1] Die hof bevind dat daar ook geen getuie=nis is dat daar wel so 'n Bantoeregtelike huwelik tot stand gekom het nie. Hierdie bevinding kan ondersteun word, maar dit is jammer dat die hof nie die regsposisie oorweeg het in die lig van Schapera[2] se mededeling dat "There is nothing to prevent a divorced couple from coming together again, if the bogadi has not been taken back". So 'n beskouing is in lyn met ander sentimente in die Tswanafamilie. Skoonseunskap bly immers voortbestaan selfs na die huwelik en huweliksslui=ting en egskeiding word nie met een handeling in isolasie bekragtig nie. Dit is duidelik dat die Tswanareg op hierdie punt duidelik verskil in die geval van die huweliksluiting van persone wat nog nooit getroud was nie. In daardie geval moet die ander vereistes waarna voorheen verwys is, ook nagekom word. Ter ondersteuning van die hofuitspraak kan aangevoer word dat daar nooit 'n Tswanaregtelike huwelik was wat voort=gesit kon word nie. Hierdie bepaalde punt in die Tswanareg, naamlik die voortsetting van die huwelik na egskeiding maar voor die huweliksgoedere teruggegee is, moet dus nog as onbe=slis beskou word.

Word dus aanvaar, soos die hof gedoen het, dat daar geen tweede huwelik was nie, het die man volgens die een standpunt[3] in die

1. Schapera 172; Riekert 106.
2. 162.
3. Vergelyk Coertze 331.

Tswanareg geen aanspraak op die kinders wat na egskeiding gebore is nie. Volgens die ander standpunt[1] in die Tswanareg behoort kinders wat na egskeiding gebore is, steeds aan die eggenoot indien die huweliksgoedere nie teruggegee is nie. Die laasgenoemde standpunt is moontlik verouderd.[2]

Ten opsigte van die eis dat die huweliksgoedere teruggegee moet word, het die hof, soos reeds gesê, bepaal dat die eis nie op die getuienis kan slaag nie,[3] "... the plaintiff must still fail as he has not shown any special circumstances which would entitle him to return of bogadi, having regard to the fact that normally, among the Tswana, bogadi can be taken or claimed back only a) if the wife dies childless and b) in the case of a divorce, if she is barren ..." Die hof gee nie 'n aanduiding wat hierdie besondere omstandighede mag wees waarop 'n eis van teruggawe sal slaag nie. Skuld van een van die partye tot die ontbinding van die huwelik behoort nie hier te geld nie, aangesien die hof dit reeds oorweeg het. In die gedeelte waarop die hof hom beroep, maak Schapera[4] slegs melding van die teruggawe van die huweliksgoedere in die geval waar kinders is, indien die vader onder buitengewone omstandighede die kind verwerp op grond daarvan dat hy nie die vader is nie.

Verloren van Themaat[5] meen soos volg: "waar die ontbinding van die huwelik skynbaar aan die vrou se skuld te wyte is, lyk dit 'n redelike uitbreiding van die beginsels van Bantoereg om aan moderne omstandighede aan te pas, dat die man sy bogadi terugkry as hy nie verantwoordelik is vir die ontbinding van die huwelik nie en tog nie die kinders kan kry nie." So 'n verandering sal ook aanpassing vereis op verskeie ander terreine

---

1. Schapera 1955 162.
2. Vir 'n volledige uiteensetting kyk 3.2 van hoofstuk 4.
3. 24.
4. 145.
5. 150.

van die Tswanareg, soos byvoorbeeld die verlening van 'n aksie vir die afdwinging van huweliksgoedere en die invoer van totaal nuwe beginsels, soos die aftrekkings van 'n deel van die huwe= liksgoedere vir kinders. So 'n aanpassing kan dus nie ligte= lik gemaak word nie. Boonop moet onthou word dat die feite in die Sekupa[1]-saak uitsonderlik was en dat die eggenoot self geblameer kan word omdat hy nie weer 'n huwelik met die vrou gesluit het nie. Volgens gemeenregtelike beginsels[2] sal hy ook nog ten alle tye redelike toegang tot die kind kan hê, slefs al het die moeder die beheer en toesig verkry. Hy sou ook kan aanspraak maak op die huweliksgoedere gelewer vir die kind indien sy 'n dogter was.

Die regsposisie kan dus in 'n neutedop saamgevat word: Die Tswanaregtelike reël dat geen huweliksgoedere terugvorderbaar is by 'n huwelik waar kinders gebore is, is by gemeenregtelike huwelike erken en toegepas deur die howe. In samehang daarmee is die beginsel, in stryd met die algemene Bantoereg, ook erken, dat die skuld van die partye nie 'n rol speel in die bepaling of huweliksgoedere teruggegee moet word. Dit volg dat die= selfde beginsels ook op Tswanaregtelike huwelike toegepas sal word.

### 2.1.3 ANDER GEVALLE

Die algemene Bantoereg in Suid-Afrika het 'n totaal ander rigting ingeslaan vir sover dit gaan om die teruggawe van die huweliksgoedere. Soos reeds gestel, speel die skuldelement hier die vernaamste rol. Weens die feitlik algehele afwesig= heid van sake waarin die Tswanareg toegepas is, is dit nood= saaklik om te bepaal in watter mate die Tswanareg versoenbaar is met die beginsels soos toegepas in die howe. Boonop is daar ook enkele gevalle in die Tswanareg waar ander beginsels geld as die een dat die huweliksgoedere slegs teruggegee word

---

1. 1966 BAH 20 (SE).
2. Hahlo 459.

indien die huwelik kinderloos ontbind word.

### 2.1.3.1 OWERSPEL

Owerspel as grond vir die teruggawe van huweliksgoedere en die gepaardgaande ontbinding van die huwelik het reeds van vroeg af ter sprake gekom in die howe. In Tetani v Mnukwa[1] is een daad van owerspel aan die kant van die vrou nie voldoende geag om 'n aksie te laat slaag vir die teruggawe van huweliksgoedere nie. Die eggenoot het ook genoegdoening van die minnaar ver= haal en dit word beskou as 'n[2] "condonation of the offence as far as the woman is concerned."

Volgens Artikel 76 (1) van die Natalse Wetboek Proklamasie R 195 van 1967 is een daad van owerspel wel 'n egskeidingsgrond en daarvolgens kan die huweliksgoedere teruggevorder word. In Kuhlase v Nkosi[3] het die hof blykbaar in navolging van die Natalse Wetboek hierdie reël in Transvaal toegepas en boonop gemeld dat[4] "it should be accepted as a good ground in all parts of the Union coming within the Courts' Jurisdiction". Die afdeling waarvan hier gepraat word is die toenmalige Natalse en Transvaalse Afdeling van die Bantoeappèlhof, maar die howe het nie hierdie "ongeregverdigde"[5] toepassing gevolg nie. Waar die man dus die vrou wegjaag of repudieer na haar een daad van owerspel, verbeur hy die huweliksgoedere en die huwelik word ontbind.[6]

---

1. 1 BAH 38 (1900). Ook Mokhantso v Chochane 1947 BAH 15 (K en O); Ook Conana v Dungulu 1 BAH 135 (1907); Gulwa v Jim 1945 BAH 58 (K en O); Mashapo v Sisane 1945 BAH 57 (N en T).
2. 38.
3. 1944 BAH 22 (N en T).
4. 22.
5. Kyk Olivier 172 voetnoot 1.
6. Ngxala v Ngxala 3 BAH 165 (1917); Jakalase v Nobongo 1 BAH 203 (1908); Mshweshwe v Mshweshwe 1946 BAH 9 (K en O).

Die teruggawe van huweliksgoedere na een daad van owerspel kan wel geëis word in die geval van bloedskande[1] of waar die eggenote weier om die naam van die delikpleger bekend te maak sodat genoegdoening gevorder kan word.[2]

Teruggawe van die huweliksgoedere by owerspel kan slegs terug=geëis word waar die vrou boonop met haar owerspel volhard, Wat vereis word is dat die vrou[3] "persisted in her acts of adultery notwithstanding a warning by her husband."

By die terugeis van die huweliksgoedere in die sake waar owerspel ter sprake was, is daar nie ingegaan op die vraag of daar wel kinders gebore is uit die huwelik nie. Huweliksgoedere is inderdaad teruggegee waar kinders uit die huwelik gebore is.[4] 'n Soortgelyke beslissing sou in die Tswanareg onvanpas wees, want teruggawe word gereël deur die vraag of daar kinders was of nie. Die standpunt dat Tswanareg in nie een van hierdie sake van toepassing was nie, behoort die kwessie af te handel dat die Tswanareg soos opgeteken[5] op hierdie punt gevolg behoort te word en nie bogenoemde beginsels nie. Die beslissing van Mashapo v Sisane[6] wil dit egter hê dat die praktyk met betrek=king tot die teruggawe van huweliksgoedere na owerspel van die vrou op al die "Transvaalse stamme"[7] van toepassing moet wees. Die beslissing hou egter nie voldoende rekening met die ver=skille tussen volksgroepe nie en kan daarom nie as gesag vir so 'n standpunt aanvaar word nie.

---

1. Mangaliso v Fekade 5 BAH 5 (1926).
2. Ngawana v Makuzeni 1 BAH 220 (1908); Roji v Jongola 1 BAH 199 (1908).
3. Kyk sake in voetnote 1 en 2 en voetnoot 6, p.153.
4. Olivier 172.
5. Schapera 1955 145.
6. 1945 BAH 57 (N en T).
7. Die hof se terminologie.

Die aksie vir die teruggawe van die huweliksgoedere by die ont= binding van die gemeenregtelike huwelik op grond van die vrou se owerspel het aanvanklik heelwat probleme gegee. Die kern van die probleem is duidelik: Een daad van owerspel deur die vrou of die man kan aanleiding gee tot 'n egskeiding in die gemenereg, maar nie in die Bantoereg nie.

'n Eis vir die teruggawe van huweliksgoedere waar die gemeen= regtelike huwelik op een daad[1] van owerspel van die vrou ont= bind is, dui op die veelkantigheid van die lobolo-instelling. In Gomani v Baqwa[2] dagvaar die eiser sy skoonvader vir die terugvordering van die huweliksgoedere nadat die gemeenregtelike huwelik met sy vrou op grond van haar owerspel ontbind is. Meerdere dade van owerspel nadat sy deur haar man gewaarsku is, was nie hier ter sprake nie. In die laerhof word die eis ge= durende die eksepsiestadium van die hand gewys op grond daar= van dat[3] "the dissolution of the Christian marriage has nothing to do with the question of the return of dowry and that the plaintiff should rely on purely Native custom and sue for resto= ration of his wife failing which return of dowry paid, which practically leaves him without a remedy." Die appèl slaag en in die meerderheiduitspraak word gesê dat 'n man wie se huwelik ontbind word sonder dat hy daaraan skuld gehad het, geregtig is op die teruggawe van sy huweliksgoedere. Die kernvraag is egter juis of skuld volgens Bantoeregtelike of volgens gemeenregtelike beginsels beoordeel moet word en of skuld inderdaad ter sprake is. Sònder om dus hierdie kern= probleem te probeer ontrafel, voeg die hof by dat die man in elk geval slaag aangesien dit in stryd sal wees met regverdig= heid en billikheid[4] dat die vrou en haar vader, wat 'n party was tot die ooreenkoms, bevoordeel word uit haar wangedrag. Die minderheidsuitspraak berus op die uitgangspunt dat owerspel

1. Vir die omskrywing van "een daad" van owerspel kyk Seymour 339.
2. 3 BAH 71 (1917).
3. 72.
4. 72.

van die vrou in die Bantoereg nie voldoende is vir die teruggawe van huweliksgoedere nie en daarom behoort die eis afgewys te word.

Beide motiverings bevredig nie. Die riglyn om regverdigheid en billikheid as oplossing van alle probleme in die Bantoereg te sien, soos wat die meerderheiduitspraak doen, gaan eenvoudig nie op nie. 'n Beter benadering is om die onderliggende beginsels van die ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer, te ontleed. Hierin sal die doel en wese van die huweliksgoedere ter sprake kom. Daarvolgens kan dan 'n aanpassing en versoening met die beginsels van die gemeenregtelike huwelik bewerkstellig word. Die uitgangspunt van die minderheidsuitspraak is aan die ander kant eenvoudig die owerspel van die vrou in die Bantoereg en daar word geensins verwys na die feit dat haar optrede die oorsaak is dat die huwelik ontbind is nie.

Hierdie hele aangeleentheid sou vir die Tswanareg nie van veel belang gewees het nie, aangesien die faktor wat die teruggawe van die huweliksgoedere in die Tswanareg reël, nie die skuld is van die party wat die huwelik laat misluk het nie, maar die vraag of daar kinders uit die huwelik gebore is of nie.

Sekere onversigtige opmerkings van die howe noodsaak egter 'n nadere ondersoek. In <u>Peme v Gwele</u>[1] eis die man sy huweliksgoedere terug op grond van sy vrou se owerspel. Die hof bevind dat 'n teruggawe onder beide regstelsels moet slaag en sê:[2] "dowry was an <u>ancillary contract</u> to the Christian marriage contract and that where the latter was dissolved dowry was or was not returnable according to whether the wife or husband was the party at fault and <u>that Native law could not be applied</u>."[3]

---

1. 1941 BAH 3 (K en O).
2. 4.
3. My onderstreping.

Volgens hierdie dicta beteken dit dat die teruggawe van die huweliksgoedere gereël word volgens die skuldbeginsel en nie deur die vraag of die baarvermoë benut is, soos gedoen in Tswanareg nie. Die indruk word ook geskep dat Tswanaregtelike beginsels nie toegepas kan word nie.

In Fuzile v Ntloko[1] word gesê dat die lewering van huweliks=goedere by die gemeenregtelike huwelik dieselfde funksie vervul as by die Bantoeregtelike huwelik, maar met sekere veranderinge. "What, however is changed is that new ideals and standards[2] of conduct accompany the contract of marriage - and these become incorporated in the simpler native contract." Daar word by=gevoeg dat die partye[3] "expressly or tacitly adding the above condition to the normal lobolo contract, they bind not only the spouses mutually, to observe the new standards but also the dowry holder ..."[4]

Hieruit kan afgelei word dat hierdie "nuwe ideale en standaarde" wat deur die "bykomstige kontrak" ingevoer word die teruggawe by die Tswana nou laat reël deur die skuld van die partye en nie meer deur die vraag of daar kinders was al dan nie. Olivier[5] se ongekwalifiseerde benadering tot die probleem, naamlik dat die huweliksgoedere teruggegee of verbeur word, afhangende van die vraag watter party bygedra het tot die ontbinding van die huwelik, noodsaak 'n verdere ondersoek.

Verdere beginsels wat die howe neergelê het, kom tog daarop neer dat die Tswanareg nie gewysig is nie en toegepas moet word by gemeenregtelike huwelike. In die Fuzile-gewysde[6] het die hof weer eens die beslissings oor die vraag of owerspel 'n

1. 1944 BAH 2 (K en O).
2. My onderstreping.
3. 5.
4. My onderstreping.
5. 232.
6. 1944 BAH 2 (K en O).

grond is vir teruggawe van die huweliksgoedere deeglik hersien. Weer kom 'n mens nie weg van die oorwegende rol wat daar aan skuld van die partye geheg word om die antwoord op hierdie probleem te kry nie. Belangrik is egter dat die hof wel by die baarvermoë van die vrou uitkom en meen:[1] "lobolo is primarily an adjustment transferring the reproductive power of a woman to another group, together with her products." Waar een van die partye egter die ander repudieer en die huwelik word so ontbind, dan word die doel van die huweliksgoedere verydel en[2] "the lobolo has to be readjusted."

Die rede waarom die huweliksgoedere by die Tswana deur die vader van die vrou na 'n huwelik waaruit kinders gebore is, behou word, moet dus ook in die doel van huweliksgoedere ge= soek word. Sowel by die Tswana as by die ander volksgroepe gaan dit om die baarvermoë van die vrou. By die Tswana is aan daardie baarvermoë voldoen selfs al is net een kind gebore en waar die vrou se optrede sou veroorsaak dat die huwelik skip= breuk ly. By die ander stamme moet die huweliksgoedere in 'n soortgelyke geval en ook waar meer kinders gebore is, terug= gegee word om 'n ander vrou te voorsien. Daar kan dus gesê word dat die huweliksgoedere by die Tswana 'n baie enger[3] teen= prestasie vereis.

Die essensie van die Fuzile[4]-saak is dus dat die aangeleent= heid steeds oorwegend op Bantoeregtelike beginsels beslis is.

Hierdie rigting is voortgesit in Mbonjiwa v Scellam[5] met die volgende interessante feite. Die verweerder gaan 'n gemeen= regtelike huwelik aan met die eiser se kleindogter. Daar word

1. 6.
2. 6.
3. Vir 'n breëre omskrywing in die algemene Bantoereg vergelyk Ligthelm 319.
4. 1944 BAH 2 (K en O).
5. 1957 BAH 41 (S).

'n ooreenkoms gesluit tussen die verweerder en die eiser dat huweliksgoedere gelewer sal word. Eiser verkeer onder die indruk dat sy eggenote die buite-egtelike dogter van die ver= weerder se dogter is. Daarvolgens sou die eiser die voog wees van die eggenote. Net 'n gedeelte van die huweliksgoedere word gelewer en eiser dagvaar vir die restant. Die verweer is dat die eggenote nie die eiser se voogdeling is nie, aangesien haar moeder wel getroud is. Die laerhof pas Bantoereg toe en bevind dat die vader van die eggenote geregtig is op die huwe= liksgoedere. Die eiser het nooit enige volmag ontvang om die huweliksgoedere op te eis nie. Op appèl word die vindingryke argument aangevoer dat gemenereg toegepas moes gewees het en dat die verweerder aanspreeklik is op grond van die ooreenkoms om huweliksgoedere te lewer. As Bantoereg heeltemal weggedink word is dit duidelik dat die eis moet slaag, want daar was 'n ooreenkoms dat huweliksgoedere gelewer sal word. Die hof neem egter wel Bantoereg in ag en meen dat[1] "such a lobolo agreement or payment remains essentially a Native Law transaction and the Native Appeal Courts have regarded it as such and given effect to it's incidents as are dictated by Native Law <u>in so far as they are not in conflict with the principles underlying the civil marriage</u>."[2]

Volgens die beslissings bly die toets steeds wat die Bantoe= reg bepaal, in hierdie geval die Tswanareg, en laasgenoemde geld steeds, mits dit nie in stryd is met die beginsels van die gemeenregtelike huwelik nie. Toegepas op die Tswanareg is die vraag of die feit dat die man sy huweliksgoedere ver= beur, in stryd is met die beginsels van die gemeenregtelike huwelik waar die huwelik ontbind is weens die vrou se owerspel. Die antwoord is tog klaarblyklik nee en daarmee geld die ba= siese Tswanareg steeds.

1. 43.
2. My onderstreping.

Uitgaande van die skuldbeginsel verbeur die man sy huweliks= goedere in die Bantoereg indien die huwelik op grond van sy wangedrag ontbind word.[1] Die Tswanareg behoort nie hierdie beginsel te volg nie, maar waar daar kinders is sal huweliks= goedere in elk geval nie teruggegee hoef te word nie. <u>Is daar nie kinders nie, het hy in elk geval 'n aksie</u>.

Die saak kan miskien verander waar die eggenoot, in die Tswana= reg, owerspel pleeg voordat die eggenote die geleentheid gehad het om kinders in die lewe te bring. Sou die eggenote in sulke omstandighede besluit om 'n egskeiding te vekry, behoort die man sy huweliksgoedere te verbeur. Die beginsel sal dan egter nie wees die skuld van die eggenoot nie, maar die feit dat deur die man se optrede kon die baarvermoë van die vrou nie benut word nie.

Samevattend blyk dit dat die owerspel van een van die partye as grond vir die verbeuring of terugvordering van die huweliks= goedere wel erken word in die Bantoereg. 'n Ontleding van die <u>ratio</u> van die beslissings dui daarop dat die Tswanareg nie daardeur gewysig is nie.

2.1.3.2 VERLATING

Met die toepassing van die skuldbeginsel op die verlating van die vrou is dit duidelik dat die huweliksgoedere teruggegee sal moet word, minus die gebruiklike aftrekkings.[2] Die blote verlating van die vrou is egter nie voldoende om te eis vir die teruggawe van die huweliksgoedere nie. Die vrou moes deur haar optrede die huwelik gerepudieer het, gewoonlik deur te weier om terug te kom nadat so 'n bevel gemaak is. Die ver= eiste word gestel dat die man nie bloot kan vra vir die terug=

---

1. Sicence v Lupindo 3 BAH 164 (1914).
2. Dweba v Sam 1 BAH 5 (1895); Tshuze v Qobosha 3 BAH 90 (1912); Liwani v Batakati 5 BAH 57 (1926); Mahloane v Mohale 1947 BAH 95 (K en O).

gawe van die huweliksgoedere nie. So 'n stap sal neerkom op die repudiëring van sy vrou. Hy moet vra vir die terugkeer van sy vrou en by gebreke daarvan, vir die teruggawe van die huweliksgoedere.[1] Vanselfsprekend moet die terugkeer van die vrou bona fide wees.[2] Verlating van die vrou sal geregverdigd wees waar die man haar vir towery laat uitruik het[3] of waar hy haar gerepudiëer en weggejaag het.[4] Mishandeling deur die man is ook 'n verweer maar in sommige gevalle het die hof steeds 'n gedeelte van die goedere laat teruggaan na die man.[5] In die algemene Bantoereg is dit die vernaamste riglyne vir teruggawe van huweliksgoedere. Dit is duidelik dat hierdie reëling nie versoenbaar is met die Tswanareg nie, behalwe dat die huweliksgoedere terugeisbaar is by die Bahurutshe van Motswedi waar die vrou haar skuldig maak aan towery.

In die algemene Bantoereg is die huweliksgoedere by 'n gemeen=regtelike huwelik na kwaadwillige verlating van die vrou ge=woonlik[6] eers terugeisbaar nadat die huwelik ontbind is.[7] Die blote feit dat die huwelik op grond van die kwaadwillige ver=lating van die vrou ontbind is, beteken nie dat dit vasstaan dat die huweliksgoedere minus die toelaatbare aftrekkings moet teruggaan nie. Die hof het bevind dat die egskeidingsbevel 'n bevel in rem ten opsigte van die egskeiding self is, maar ten opsigte van die teruggawe van die huweliksgoedere is dit slegs

---

1. Manana v Masuku 1947 BAH 116 (N en T); Saulas v Sebeko 1947 BAH 25 (N en T); Shiwenga v Ramashia 1947 BAH 134 (N en T); Mpilo v Tshabalala 1948 BAH 24 (K en O); Kosane v Molotya 1945 BAH 70 (N en T); Thlambeni v Santlo 1966 BAH 24 (SE).
2. Mangceza v Dlangani 1 BAH 125 (1906).
3. Juleka v Sihlahla 1 BAH 88 (1905).
4. Didi v Maxwele 4 BAH 198(1921).
5. Kele v Keti 1 BAH 171 (1908).
6. Vir 'n teenoorgestelde praktyk in die Hooggeregshof kyk Sani v Klaas 1955 (2) PH R26(O).
7. Makalima v Tswyi 1 BAH 76 (1904); Kanisa v Ngodwane 5 BAH 49 (1927); Ntshymayelo v Mbuli BAH 1948 3 (K en O); Sekonyella v Leaha 1951 BAH 19 (SE).

'n bevel in personam.[1] Daarteenoor is die bevel verkry op die owerspel van een van die partye wel 'n bevel in rem sover dit die teruggawe of verbeuring van die huweliksgoedere aangaan. Hierdie praktyk het Simons[2] lakonies laat opmerk: "While the courts debate the difference between judgements in rem and in personam lobolo holders persists in denying that the divorce court record tells the truth and nothing but the truth." Prak= tiese omstandighede noodsaak egter hierdie praktyk. Dit ge= beur dikwels dat die eggenote nie 'n aksie vir egskeiding op grond van kwaadwillige verlating opponeer nie uit finansiële oorwegings of omdat die man aanleiding gegee het tot die ver= lating. In Qotyane v Mkhari[3] het die hof dit soos volg gestel: ", (the court) must ascertain to what degree the husband was responsible for the breach of the contract for that is the factor which Native Law takes directly into consideration in deciding whether or not on the dissolution of the marriage the husband should have any lobolo." Dit beteken dus dat 'n ver= weer dat die man se owerspel[4] of enige ander optrede[5] aanleiding gegee het tot die kwaadwillige verlating, geopper kan word in die geding om die teruggawe van die huweliksgoedere. Word dit bewys dat die vrou die man wel kwaadwillig verlaat het, moet die huweliksgoedere teruggegee word.[6] Vanselfsprekend is die skut van die vrou volgens die teleka-gebruik geen verweer teen 'n aksie vir die terugvordering van huweliksgoedere by 'n gemeenregtelike huwelik nie.[7]

---

1. Mngomezulu v Mkhize 1968 BAH 3 (N - O).
2. 180.
3. 1938 BAH 192 (N en T).
4. Nkuta v Mathibu 1955 BAH 47 (K en O).
5. Mosina v Ndebele 1943 BAH 2 (N en T).
6. Matchika v Mnguni 1946 BAH 78 (N en T); Raphuti v Mametsi 1946 BAH 19 (N en T); Raphela v Ditchaba 1940 BAH 29 (N en T).
7. Ntsimango v Ntsimango 1949 BAH 143 (S). Laasgenoemde saak het die teenoorgestelde uitspraak in Mbani v Mbani 1939 BAH 91 (K en O) omvergewerp.

Teenoor hierdie algemene patroon in die Bantoereg is die huweliksgoedere slegs terugvorderbaar in die Tswanareg, indien die huwelik kinderloos was. Skuld van die partye speel nie 'n rol nie. Die hof het in Raphuti v Mametsi[1] getoon dat hy wel bewus is van 'n soortgelyke regsreël. Hierdie saak is interessant genoeg die eerste maal in Hammanskraal verhoor en dit versterk die vermoede dat die hof hier gekonfronteer is met die Tswanareg, aangesien daar oorwegend Tswana aangetref word. Ongelukkig het die hof, soos dit telkemale uit die hofverslae blyk, nie die moeite gedoen om die volksverband van die partye vas te stel nie. Wat ookal die werklike posisie was, die hof gee nie toepassing aan hierdie verweer nie. Daar word verklaar:[2] "or whether by custom he is not entitled to recover any or all of his lobolo according to practise of some tribes in Transvaal which deny the husband restoration of his lobolo if his wife had borne children." Ook in Raphela v Ditchaba[3] was die aanvanklike verweer dat indien daar wel kinders uit die huwelik gebore is, geen huweliksgoedere terugvorderbaar is nie. Eers in die reedsbesproke saak van Sekupa v Jonkman[4] het die Tswanareg direk ter sprake gekom. Die eiser was gemeenregtelik getroud met die verweerder se dogter en die huwelik word ontbind op grond van haar kwaadwillige verlating. Een kind is uit die huwelik gebore, alhoewel die moontlikheid genoem is dat daar ook 'n tweede kind was. Ander aspekte was ook ter sprake maar vir die kwessie onder bespreking is dit voldoende om die aandag te vestig op die eis vir die teruggawe van die huweliksgoedere. Die hof wys die eis af en beroep hom op Schapera[5] waar hierdie skrywer verklaar dat die huweliksgoedere slegs teruggeëis kan word waar die huwelik kinderloos was. Soos reeds gesê, verteenwoordig hierdie beslissing een van die belangrikste sake waarin die Tswanareg op hierdie punt erken en toegepas is.

---

1. 1946 BAH 19 (N en T).
2. 20.
3. BAH 1940 29 (N en T).
4. 1966 BAH 20 (SE).
5. 1955 145.

Dit blyk dus wat kwaadwillige verlating aan die kant van die vrou betref, is die Tswanaregtelike beginsel deur die hof erken en toegepas dat geen eis ontstaan vir die teruggawe van die huweliksgoedere nie. Hierdie reël is by 'n gemeenregtelike huwelik toegepas, en 'n soortgelyke beginsel behoort by Tswa=naregtelike huwelike te geld.

## 2.1.4 DIE AFTREKKINGS BY DIE TERUGGAWE VAN DIE HUWELIKSGOEDERE

Die howe het in die algemene Bantoereg voorsiening gemaak vir sekere aftrekkings wat die vader van die eggenote kan maak indien die huweliksgoedere teruggegee moes word. Die vader kan geen aftrekkings maak vir vrektes wat voorgekom het nie. Aan die ander kant word aanwas ook nie in berekening gebring nie.[1] Aanvanklik het die Transkeise howe arbitrêre aftrekkings toegelaat. Geen onderliggende beginsels kan uit die beslis=sings neergelê word nie. So kon die vader een bees aftrek vir die dienste wat die vrou gelewer het aan haar man gedurende die huwelik,[2] maar daar bestaan teenstrydige beslissings oor die vraag of die egpaar boonop ook kinders moes gehad het.[3] Af=trekkings vir die onkostes wat aangegaan is om die bruid van 'n uitrusting te voorsien, is ook welbekend.[4]

In een geval kon die vader selfs die mediese kostes verhaal wat hy aangegaan het terwyl sy eggenote siek geword het tydens

---

1. Ndatambi v Ntozake 1 BAH 3 (1895); Dliwako v Makonco 1 BAH 93 (1905); Tshotsheibika v Sapuka 4 BAH 58 (1919).
2. Gxonono v Skuni 1 BAH 154 (1907); Deku v Nyangolo 3 BAH 63 (1915); Ng'cobo v Zulu 1964 BAH 116 (N-O).
3. In Humana v Xakaza 1 BAH 183 (1908); Magi v Sibizwe 2 BAH 50 (1910); Tshuze v Qobosha 3 BAH 90 (1912) is dit slegs toege=laat waar daar geen kinders was nie. Ook Mzatu v Ntlonganiso 3 BAH 96 (1916). In Mfazwe v Tetana 2 BAH 40 (1910); Geme v Ndoda 3 BAH 296 (1917) is dit toegelaat waar daar ook kinders was.
4. Qongqi v Kambati 2 BAH 57 (1910); Makaza v Mbeki 2 BAH 128 (1911); Jelani v Mrauli 2 BAH 54 (1910).

'n besoek aan hom.[1] In 'n ander saak is die vader "getroos" met een bees omdat die huwelik ontbind is.[2] Dit lê buite die veld van hierdie studie om vas te stel hoe hierdie aftrekkings versoen kan word met die oorspronklike doel van huweliksgoedere. Die indruk word egter gekry dat dit geensins gemotiveerd is nie en nie versoen kan word met die tradisionele uitgangspunte nie.

Aftrekkings vir kinders gebore uit die huwelik is wel versoenbaar met die idee dat huweliksgoedere primêr gegee word as konsiderasie vir die vrou se baarvermoë. Sodanige aftrekkings is veral in die Transkeise gebiede aangetref[3] en het ook later ter sprake gekom in die ander gebiede. In Mekoa v Masemola[4] eis die eggenoot al die huweliksgoedere terug nadat die gemeenregtelike huwelik ontbind is. Getuienis word gelei"on Native custom as practised in Transvaal"[5] en daarvolgens kan die man al die huweliksgoedere terugeis indien die huwelik ontbind word op grond van die vrou se skuld. Die werklike volksverband van die partye word nie aangedui nie en dit is duidelik dat ons hier met 'n growwe veralgemening te doen het. Braadvedt (Pres.) wat die uitspraak lewer tóon hom nie alleen onbewus van die aanwesigheid van verskillende volksgroepe in Transvaal nie, maar maak boonop die Natalse en Oos-Kaapse praktyk op Transvaal van toepassing. Volgens die hof vereis natuurlike regverdigheid[6] dat die vader van die vrou net een bees vir elke kind mag terughou en hierdie praktyk moet in die Transvaal toegepas word. 'n Beroep op natuurlike regverdigheid is geheel en al onvanpas in hierdie omstandighede en die hof frustreer

1. Tekolo v Simanga 1 BAH 51 (1902).
2. Kowe v Mbilini 1 BAH 41 (1901).
3. Jelani v Mrauli 2 BAH 54 (1910); Mayeki v Kwababa 4 BAH 193 (1918); Gxonono v Skuni 1 BAH 154 (1907); Qongqi v Kambati 2 BAH 57 (1910); Makaza v Mbeki 2 BAH 128 (1911).
4. 1939 BAH 61 (N en T).
5. 62.
6. Die hof praat van "Natural justice" 62.

die doel van artikel 11 van Wet 38 van 1927, wat die verskille tussen stamme en dus ook tussen volksgroepe, erken. 'n Jaar later het dieselfde regter in Raphela v Ditchaba[1] dit herbe= vestig dat een bees vir elke kind teruggehou mag word. Hier= die reël moet volgens die hof op alle sake waaroor die hof jurisdiksie het toegepas word.

Suiwerder is die hof se benadering in Shiwenga v Ramashia.[2] Die partye in die saak was Venda en op grond van die menings van die assesore word twee beeste afgetrek vir elke dogter en een vir elke seun wat lewe tydens die instel van die aksie. Daar word ook verklaar:[3] "While this custom differs from that practised by other tribes, this Court holds the view that it is a tribal custom and should not be interfered with. It is not contrary to natural justice or public policy ..."[4] Verdere afwykings van die Raphela- en Shiwenga-gewysdes het ook voorgekom in die vroeëre saak van Mhlala v Mohlala[5] en die latere sake van Mogidi v Ngomo[6] en Mahlangu v Nhlapo.[7] In hierdie sake is daar telkens teruggegaan na die volksverband van die partye en aan die toepaslike regstelsel is gevolg gegee. In laasgenoemde saak is boonop die beginsel wat in die Raphela-saak verwerp is, naamlik dat die beeste alles teruggegee moet word indien die huwelik ontbind word as gevolg van die vrou se optrede, toegepas. Uit die bostaande word die stelling gemo= tiveer dat die howe inderdaad die reg van die verskillende volksgroepe ten opsigte van die aftrekkings by teruggawe erken en toepas. Die standpunt van die veertigerjare dat die praktyk van die Natalse Wetboek en van die Transkeigebiede ook in Transvaal toegepas moet word, het ongemerk uitgesterf. Die

1. 1940 BAH 29 (N en T).
2. 1947 BAH 134 (N en T).
3. 136.
4. My onderstreping.
5. 1938 BAH 112 (N en T).
6. 1948 BAH 18 (N en T).
7. 1968 BAH 35 (N - O).

erkenning en toepassing van die Tswanareg in Sekupa v Jonkman[1] dat geen aftrekkings by egskeiding toegelaat word nie is dus heeltemal geregverdig.

Die howe het dieselfde beginsels ten opsigte van aftrekkings by die egskeiding van gemeenregtelike huwelike toegepas as by Bantoeregtelike huwelike.[2] Sekupa v Jonkman[3] het die reël dat geen aftrekkings by die gemeenregtelike huwelike van Tswana toegelaat word nie by implikasie bevestig. In die laasgenoemde saak is terugvordering van huweliksgoedere geweier, aangesien daar 'n kind uit die huwelik gebore is.

'n Soortgelyke reël by die Tswanaregtelike huwelike behoort ook deur die howe gevolg te word.

## 2.2 DIE TERUGGAWE OF VERBEURING VAN HUWELIKSGOEDERE AS VEREISTE VIR EGSKEIDING

Die teruggawe of verbeuring van die huweliksgoedere is nie 'n vereiste vir egskeiding[4] by die Tswana nie.[5] Die praktyk soos toegepas in die Bantoesakekommissarishowe benader die saak egter anders en daarom is dit noodsaaklik om te sien in hoe 'n mate is die Tswanareg versoenbaar met hierdie beginsels.

In die Tswanareg is dit duidelik dat die huwelik wel ontbind is indien die huweliksgoedere teruggegee is. Dit gebeur waar die huwelik kinderloos is.[6] In die vroegste tye het die howe en die algemene Bantoereg beveel dat daar minstens een bees

---

1. 1966 BAH 20 (SE).
2. Raphela v Ditchaba 1940 BAH 29 (N en T); Mekoa v Masemola 1939 BAH 61 (N en T).
3. 1966 BAH 20 (SE).
4. Vir hierdie afleiding word gesteun op Schapera 1955 145. Vir 'n vollediger bespreking kyk 2.2 van hoofstuk 4.
5. Vir die regte op kinders by egskeiding kyk 2.3 van hierdie hoofstuk.
6. Ibid.

teruggegee moet word om die ontbinding van die huwelik aan te dui. Dit het bekend gestaan as die sogenaamde "ontbindings=bees" en dit moes selfs gegee word waar die man se optrede aanleiding gegee het tot die ontbinding van die huwelik.[1] In hierdie gevalle was die teruggawe van die huweliksgoedere of minstens 'n deel daarvan noodsaaklik om die ontbinding van die huwelik aan te dui.[2] Dit is miskien die enigste geval waar die gesegde dat "een man nie meer as een lobolo vir 'n vrou mag besit", van toepassing was. Hierdie teruggawe kon ook buitejudisieel gedoen word.[3] Selfs waar die vrou die huwe=liksgoedere teruggejaag het, of waar dit deur 'n derde met die rei vindicatio opgeëis is, is die huwelik daardeur ontbind.[4] Dit is dus duidelik dat dit die teruggawe self is wat die hu=welik ontbind het. By die Tswana word die huwelik deur die afkomsgroepe ontbind en deur 'n bevel van 'n stamhof bekrag=tig.[5]

In samehang met die bogenoemde beginsel het die howe in die algemene Bantoereg beslis dat die instelling van 'n aksie vir die teruggawe van die huweliksgoedere waar die vrou hom verlaat het, die huwelik ontbind.[6] Die korrekte prosedure in so 'n geval is om te vra vir die terugkeer van die vrou en, by ge=breke daarvan, vir die teruggawe van die huweliksgoedere. Die instelling van so 'n aksie in die Tswanareg behoort slegs ter sprake te kom waar die vrou kinderloos is. Dit sal egter 'n afwyking wees van die tradisionele reg (waar die ontbinding ook kan plaasvind deur 'n bevel van die hof) en behoort dus nie toegelaat te word nie.

---

1. Njikazi v Ngawu 3 BAH 66 (1912); Maseti v Meme 1 BAH 119 (1906).
2. Vergelyk Olivier 165.
3. Nonafu v Pike 1 BAH 120 (1906).
4. Mayo v Nomhlaba 3 BAH 172 (1912); Hombeni v Zotekana 4 BAH 214 (1919).
5. Kyk 2.2 van hoofstuk 4.
6. Mapekulu v Zeka 3 BAH 6 (1912); Qeya v Latyabuka 4 BAH 203 (1920); Xanase v Tunce 1939 BAH 36 (K en O); Sirabele v Kwelekwele 1944 BAH 11 (K en O).

Met verloop van tyd het die howe beslis dat die man al die huweliksgoedere verbeur indien die huwelik ontbind word as gevolg van sy repudiëring van sy vrou. Die kernvraag was dus om te bepaal op watter tydstip het die man deur sy optrede die vrou gerepudieer en daardeur die huwelik ontbind. Hier kan twee rigtings in die regspraak aangemerk word. Juleka v Sihlahla[1] is een van die eerste sake wat een rigting verteen=woordig. Die man het sy vrou weggejaag en na dertig jaar kom hy terug. Hy maak aanspraak op die huweliksgoedere wat vir die dogter van sy vrou gelewer word. Die dogter is verwek en gebore gedurende sy afwesigheid. Hy eis ook die terugkeer van sy vrou of in gebreke daarvan die teruggawe van die huweliks=goedere. Die hof bevind dat waar 'n man se vrou hom verlaat, hy verplig is om stappe binne 'n redelike tyd te neem om haar terug te kry, anders verloor hy aanspraak op die kinders wat gebore word nadat sy hom verlaat het. Die hof beveel nietemin dat die huweliksgoedere teruggegee moet word. Dit sou vol=gens hierdie standpunt suiwerder gewees het om die huweliks=goedere verbeurd te verklaar. Die standpunt dat die huwelik ontbind is selfs al is die huweliksgoedere nie teruggegee nie, is daarna verskeie kere in die Transkeise gebiede toegepas[2] en het ook in Shabangu v Masilela[3] ter sprake gekom. Die eiser is dertig jaar gelede getroud met die verweerder se dogter. Die egpaar is uitmekaar en intussen het sy met twee ander mans saamgelewe en ook kinders by hulle gehad. Die eiser eis dat die kinders wat uit daardie verhoudings gebore is aan hom oor=handig word en eis ook teruggawe van die huweliksgoedere wat hy vir sy vrou gelewer het. Die hof, by monde van Braadvedt (Pres.) sê die volgende:[4] "In view of these decisions it ap=pears to be clear law in the Transkei and also amongst the Bapedi tribe in the Transvaal that a customary union is dissolved

1. 1 BAH 88 (1905).
2. Mafaka v Dyaluvana 1 BAH 65 (1903); Quza v Masilana 3 BAH 196 (1914); Mtuyedwa v Tshisa 1 BAH 122 (1906).
3. 1939 BAH 86 (N en T).
4. 88.

if a husband either drives away or abandons his wife and that it is not essential in all cases that any lobolo cattle should be returned to mark the dissolution.

As I am satisfied for the reasons stated, that Respondent in this case did abandon his wife many years ago, and following previous decisions, I am of opinion that the union between Respondent and Sarah was dissolved at the time when he ceased to provide for her."

Die hof beveel dat die kinders nie aan die eiser behoort nie, maar gelas nogtans dat 'n gedeelte van die huweliksgoedere aan die eiser terugbesorg moet word daar die vrou aanvanklik ower= spel gepleeg het en dus verantwoordelik was vir die ontbinding van die huwelik. In Magwazani v Jotham[1] is hierdie standpunt tot die uiterste gevoer toe verklaar is dat:[2] "If a woman deserts her husband and refuses to return to him, the union is ipso facto dissolved and a refund of the lobolo paid for her can be claimed."

Dit is dus duidelik dat volgens een rigting in die regspraak die teruggawe van die huweliksgoedere, nie as 'n vereiste vir die ontbinding van die huwelik gestel is nie.[3] Die huwelik word as ontbind beskou indien die eggenoot nie binne 'n rede= like tyd aanstaltes maak om na sy vrou terug te keer, of haar gaan terughaal nie. Die vereiste wat voorheen in die Transkei gegeld het, naamlik teruggawe van huweliksgoedere (of 'n ge= deelte daarvan) is ter syde gelaat.

Die Tswanareg stel natuurlik ook nie teruggawe as 'n vereiste vir egskeiding nie, maar dit sou verkeerd wees om die wyse van ontbinding wat in hierdie sake gevolg is ook by die Tswanareg

1. 1942 BAH 24 (N en T).
2. 25.
3. Ook Mhlanga v Hleta 1944 BAH 40 (N en T); Gijana v Mangali 1946 BAH 60 (K en O).

in te voer. Die metode om die huwelik as ontbind te beskou nadat die man vir 'n redelike tyd nie aanstaltes gemaak het om sy vrou terug te neem nie, is onaanvaarbaar. Die huwelik kan ontbind word nadat die twee afkomsgroepe byeen gekom het en nie die verskille uit die weg kon ruim nie. In stedelike om= standighede behoort die vrou haar na die hof te kan wend.[1]

Die ander standpunt wat deur die howe gestel is, het vereis dat die huweliksgoedere teruggegee moet word, of dat daar 'n duidelike verbeuring daarvan moes gewees het voordat die huwe= lik as ontbind beskou kan word. Bobotyane v Jack[2] is die toonaangewende saak op hierdie punt, alhoewel dit geensins die eerste saak is wat hierdie rigting aangedui het nie.[3] Die eiser het in die huwelik getree met Makayisana en huweliksgoe= dere gelewer. Daarna vertrek hy na die stad om te gaan werk en keer eers weer na vyf-en-twintig jaar terug. Intussen het sy vrou teruggekeer na haar mense en daar is huweliksgoedere vir haar oorgedra deur die verweerder. Eiser eis nou die besits= reg van 'n dogter wat gebore is uit die samewoning tussen die verweerder en die vrou. Op appèl is die verweer dat die huwe= lik tussen die eiser en Makayisana ontbind is weens sy ver= waarlosing van haar en die feit dat hy nie stappe geneem het om haar terug te bring nie. McLoughlin (Pres.) lê sekere rig= lyne neer wat belangrike gevolge gehad het vir die reg wat be= trekking het op die ontbinding van Bantoeregtelike huwelike. Hy brei verder uit op sy standpunt[4] dat die huwelik ontbind word deur repudiëring van een van die partye en verklaar:[5] "All these indicate that Native Law requires something more than a mere private unilateral act or repudiation to terminate the Union.

---

1. Vergelyk Schapera 1955 160.
2. 1944 BAH 9 (K en O).
3. Kyk Mdangwe v Stokwe 1 BAH 162 (1907); Mbemodola v Gingci 2 BAH 2 (1910); Mbana v Dilayi 1940 BAH 73 (K en O); Doni v Nkebese 1943 BAH 51 (K en O); Nqambi v Nqambi 1939 BAH 57 (K en O).
4. Dit word gestel in die vroeëre saak van Fuzile v Ntloko.
5. 11.

On the part of the husband, he has the right to repudiate the wife, with forfeiture of his lobolo if the act be unjustified in Native Law, but before the wife can act on such repudiation and remarry it is necessary either to return all or some of the lobolo, or take the matter before the headman of chief and obtain a public repudiation by the husband.

On the part of the wife, a repudiation can become effectively only by restoration of the lobolo or part thereof, for there is no corresponding practice known to Native Law which gives the wife a right similar to the husband's of public repudiation with resultant forfeiture of lobolo."

Dit is duidelik dat hierdie ietwat lang aanhaling 'n groot verskil met die praktyk dat teruggawe van huweliksgoedere nie 'n vereiste is vir egskeiding nie, aandui.

Die hof bevind dat eiser wel geregtig is op die kind en onderskryf inderdaad die volgende standpunt:[1] "The keystone of the union is the lobolo and while the lobolo is retained by the wife's group the union continues to subsist."

Dit blyk dus dat die eggenoot 'n egskeiding kan bewerkstellig selfs deur sy vrou sonder gegronde redes te repudieer. Die repudiëring in sulke gevalle moet egter gepaard gaan met 'n rapport aan die hoofman of kaptein. Hierdie benadering van die howe is bevestig[2] in 'n aantal sake waarvan Jack v Zenani[3] 'n betreklik resente voorbeeld is. In 'n owerspel-geding was die verweer dat die eggenoot sy vrou gerepudieer het deur haar weg te jaag. Daarvolgens word aangevoer dat die huwelik op hierdie wyse ontbind is. Die verweer word verwerp op grond daarvan

1. 10.
2. Mlingesi v Ngatso 1949 BAH 141 (S); Ngcongolo v Parkies 1953 BAH 103 (S).
3. 1962 BAH 40 (S).

dat Bantoereg[1] "does not ... recognise any other form of repudiation of one spouse by another such as that occasioned by the husband driving his wife away or abandoning her..." Alhoewel Olivier meen dat hierdie saak in sommige opsigte "te beperkend"[2] is, is dit in ooreenstemming met die verklaarde beginsels. Eweneens is herbevestig in Matlala v Tompa[3] dat die vrou alleenlik haar man kan repudieer deur 'n teruggawe van 'n gedeelte van die huweliksgoedere.

Dit is vanselfsprekend dat hierdie beslissings geensins versoenbaar is met die Tswanareg nie. Om te sê dat die Tswanahuwelik bly voortbestaan totdat die huweliksgoedere teruggegee is of totdat die man sy vrou openlik by die hoofman of kaptein repudieer, is nie aanvaarbaar nie. Die gedagte van teruggawe van huweliksgoedere kom in die Tswanareg slegs ter sprake by kinderloosheid.[4] Verbeuring van huweliksgoedere is ook iets vreemds aan die Tswanareg.[5] Riekert[6] se stelling dat die huweliksgoedere die "toetssteen" by die huwelik van die Bahurutshe is, kan dus nie so uitgelê word dat die huwelik bly voortbestaan totdat die huweliksgoedere verbeur of teruggegee is nie. Ter oorweging word gegee dat die ontbinding van die huwelik by die Tswana deur die twee afkomsgroepe deur ooreenkoms ontbind word. Sodanige ooreenkoms kan dan bevestig word deur die hof.

Die benadering van die hof in Bobotyane v Jack[7] het aanleiding gegee tot 'n ander praktyk wat ook nie versoenbaar is met die Tswanareg nie. In navolging van die reeds besproke saak van

---

1. 42.
2. 176.
3. 1951 BAH 404 (N - O).
4. Schapera 145.
5. 1944 BAH 9 (K en O).
6. 97.
7. 1944 BAH 9 (K en O).

Magwazani v Jotham[1] is in Mashapo v Sisane[2] huweliksgoedere teruggeëis op grond daarvan dat die huwelik ontbind is na die vrou se verlating. Die hof herhaal dat die huweliksgoedere die toetssteen[3] is van die huwelik en beslis dat die man steeds moet vra vir die terugkeer van die vrou en indien daaraan nie voldoen word nie, vir die teruggawe van die huweliksgoedere.

Die hof voer aan dat dit die reg is[4] "as practised by the Natives in Transvaal" en dit is daarna algemeen nagevolg. Daar is ook van die standpunt uitgegaan dat die hof nie die bevoegd= heid het om die huwelik te ontbind nie maar dat dit alleen gedoen kan word deur die partye of die afkomsgroepe van die man en die vrou.[5] Die hof kan alleen genader word om 'n verkla= ring te maak dat die huwelik reeds ontbind[6] is of om 'n bevel te maak dat die huweliksgoedere teruggegee moet word. Laas= genoemde stap sou dan outomaties die huwelik ontbind. Hierdie praktyk deug nie vir die Tswanareg nie. Die ontbinding van die huwelik deur die hof is tradisioneel bekend by die Tswana en dit is waarskynlik genoodsaak deur die feit dat huweliks= goedere selde teruggegee word. Ontbinding deur die hof kan dus uit die nie-teruggawe van die huweliksgoedere verklaar word en is moontlik nie 'n nuwere ontwikkeling soos Olivier[7] meen nie. In die Tswanareg in stryd met die regspraktyk, behoort 'n aksie dus erken en toegepas te word wat vra vir die terugkeer van die vrou en by gebreke daarvan ontbinding van die huwelik.

Samevattend tot die bostaande uiteensetting kan gesê word dat die ontbinding van die huwelik volgens die Tswanareg nie deur die howe aanvaar word nie. Volgens Tswanareg word die huwelik

---

1. 1942 BAH 24 (N en T).
2. 1945 BAH 57 (N en T).
3. 58.
4. Ibid.
5. Saulus v Sebeko 1947 BAH 25 (N en T).
6. Duba v Nkosi 1948 BAH 7 (N - O).
7. 161.

ontbind deur 'n ooreenkoms tussen die twee afkomsgroepe wat deur 'n bevel van die hof bekragtig word. In die algemene Bantoereg word die teruggawe van die huweliksgoedere of 'n repudiëring van die vrou deur die man (waardeur die huweliksgoedere verbeur word) as vereiste gestel vir die ontbinding van die huwelik. Indien die vrou die huwelik wil ontbind deur haar repudiëring, moet 'n gedeelte van die huweliksgoedere teruggegee word. Dit is duidelik dat die huweliksgoedere die spil is waarom die egskeiding draai in die algemene Bantoereg. Die prosedure vir die ontbinding van die huwelik volgens Tswanareg, kan alleenlik met spitsvondige redenasies en kunsgrepe in hierdie praktyk ingedwing word. Daarom word gepleit vir die erkenning van die Tswanaregtelike wyse van egskeiding en wat losgemaak word van die bogadi-instelling.

## 2.3 AANSPRAKE OP DIE KINDERS BY EGSKEIDING

### 2.3.1 HUWELIKSGOEDERE WEL OORGEDRA

Die basiese patroon by die Tswana ten opsigte van vaderlike regte na egskeiding word in die Bantoereg ook aangetref. Die vader het aanspraak[1] op die kinders wat uit die huwelik gebore is uit hoofde van die verkryging van die baarvermoë van die vrou.

Net soos by die Tswana, beveel die howe gewoonlik dat die kinders in die sorg van hulle moeder gelaat moet word terwyl hulle nog baie jonk is. In Maripung v Maripung[2] is die kind aan die sorg van haar moeder gelaat. Die kind was slegs drie jaar oud en het haar vader nie geken nie. In Mkize v Mkize[3]

---

1. Die vader vra nie vir "lewering" van die kind nie: "He should ask for a specific order directing the defendant to hand over the child within a specified time and at a specified place to a specified person." Kyk Maodi v Maodi 1959 BAH 1 (N - O).
2. 1947 BAH 129 (N en T).
3. 1951 BAH 336 (N - O).

word die beginsel gestel dat "the best person to have the cus= tody of a child of tender years is the mother unless she is not a fit person."[1] In laasgenoemde gewysde word daar in 'n groot mate oorgehel na die beginsels van beheer en toesig in 'n gemeenregtelike huwelik. Tshabalala v Tshabalala[2] vertolk moontlik die beginsel in die Tswanareg die beste.:[3] "unless a Court is satisfied that it is in the child's interest that it should be removed from his custody, it will not make an order to that effect." Die vader behou egter steeds die voogdyskap van die kind en kan aanspraak maak op die huweliks= goedere wat vir hulle gelewer word,[4] onderworpe aan die betaling van onderhoud.

In die Transkeigebiede het reeds vroeg die praktyk ontwikkel dat die man sy aanspraak op sommige of al die kinders verloor indien hy meer huweliksgoedere terugeis as waarop hy geregtig is nadat voorsiening gemaak is vir die gebruiklike aftrekkings.[5] Die Transvaalse praktyk verskil in 'n groot mate hiervan. In Mathebe v Katima[6] is die Bantoeregtelike huwelik ontbind en die hof het beveel dat al die huweliksgoedere teruggegee moet word en dat die enigste kind uit die huwelik ook aan die vader toegeken moet word. Op appèl word aangevoer dat die aanvaar= ding van al die huweliksgoedere deur die eggenoot die moeder en haar voog geregtig maak op die kind. Die hof verwerp hier= die argument en sê dat:[7] "the husband in any case is the guardian of his children and entitled to their custody." Die voog van die moeder het ook op 'n beweerde ooreenkoms gesteun

1. 337. Ook Masuku v Masuku 1968 BAH 20 (N - O).
2. 1944 BAH 35 (N en T).
3. 35. Ook Mokgatle v Mokgatle 1946 BAH 82 (N en T); Mahlangu v Nhlapo 1968 BAH 35 (N - O).
4. Dweba v Sam 1 BAH 5 (1895); Mhlala v Mohlala 1938 BAH 112 (N en T).
5. Radoyi v Ncetezo 2 BAH 174 (1911); Ntsendwana v Maseti 3 BAH 39 (1914); Mvunyiswa v Mayila 1964 BAH 25 (S).
6. 1944 BAH 69 (N en T).
7. 70. Ook in Mahlangu v Nhlapo 1968 BAH 35 (N - O) het die hof die kinders aan die vader toegeken nadat al die huwe= liksgoedere teruggegee is.

dat die kind in hulle sorg gelaat sou word maar die hof bevind tereg dat die afdwinging van so 'n ooreenkoms op die handeldrywe van kinders sou neerkom.

Die verwerping van buite-egtelike kinders en die daaropvolgende teruggawe van die huweliksgoedere by die Tswana, word deur hierdie beslissing in gedrang gebring. Daar kan teen die terugeisery van huweliksgoedere na verwerping van buite-egtelike kinders beswaar gemaak word volgens die ratio in die Mathebe-gewysde. Dit is denkbaar dat die vader in sommige gevalle bereid is om sy aansprake (en dus ook verpligtinge) op die kinders te verbeur as hy maar net sy huweliksgoedere kon terugkry. Die erkenning en toepassing van hierdie regsreël by die Tswana kan dus geïnterpreteer word as handeldrywe met kinders. Daar word ter oorweging gegee dat hier wel 'n middeweg gevind kan word. Die verwerping van enige kind deur die vader behoort nie toegelaat te word nie aangesien dit die kind se aanspraak op die boedel[1] en onderhoud van die vader in die gedrang sal bring. Selfs owerspelige kinders behoort nie ligtelik verwerp te word nie, maar moet beoordeel word volgens die omstandighede van elke saak. Die verwerping van natuurlike kinders deur die vader, soos aangetref in die Transkei behoort nie gevolg te word nie en is reeds verwerp in die Transvaal.[2] Dit is te betwyfel of die eggenoot in elke geval volgens die Tswanareg die reg het om sy natuurlike kinders te verwerp deur die huweliksgoedere terug te eis.

In gemeenregtelike huwelike waar huweliksgoedere gelewer is word onderhoud en voogdy, beheer en toesig van die kinders beoordeel volgens gemeenregtelike beginsels.[3] Volgens die howe geld hierdie reël ook vir die Tswanareg.[4]

---

1. Vergelyk die waarskuwing in hierdie verband op 114 in Mhlala v Mohlala 1938 BAH 112 (N en T).
2. Ibid.
3. Ledwaba v Ledwaba 1951 BAH 398 (N en O); Jafta v Jafta 1941 BAH 48 (K en O); Ngcobo v Ngcobo 1944 BAH 16 (K en O); Msomi v Msomi 1968 BAH 29 (N - O).
4. Sekupa v Jonkman 1966 BAH 20 (SE).

## 2.3.2 HUWELIKSGOEDERE NOG NIE OORGEDRA NIE

Die Tswanareg is duidelik dat die man selfs na egskeiding hu=weliksgoedere kan oordra om sy vaderlike regte te vestig op die kinders.[1] Hierdie punt het nog nie ter sprake gekom in die howe nie, maar volgens artikel 11 (1) van Wet 38 van 1927 behoort die howe wel gevolg te gee aan so 'n oordrag van hu=weliksgoedere. In teenstelling hiermee moet gemeld word dat die howe nie bereid was om die lewering van die huweliksgoede=re na die dood van die man ingevolge die Tswanareg goed te keur nie. In die reeds bespreekte sake van Mocumi v Mocumi[2] en Seele v Moisi[3] het die hof die respektiewelike oordrag deur die kapteinshof en die oorledene se seun ongedaan gemaak. In laasgenoemde saak het die hof ook geweier om 'n huwelik te erken waarvan die huweliksgoedere nog nie oorgedra is nie. Die praktyk in die algemene Bantoereg dat die kinders in so=danige gevalle onvoorwaardelik aan die vrou se voog behoort, behoort nie gevolg te word nie.

Die howe behoort dus ook die Tswanaregtelike beginsel te erken dat die kinders aan die vader behoort by egskeiding, afhangende van die vraag of hy huweliksgoedere gelewer het.

## 3. DOOD VAN DIE MAN

Die howe het wel gevolg gegee aan die benutting van die baar=vermoë van die vrou selfs na die dood van die man. McLoughlin (Pres.) verwys so daarna in Mhlala v Mohala:[4] "It follows that the woman being a wife is required by custom to reside at her late husband's kraal to continue to bear children by approved persons ..."[5] Die verwekking van kinders deur 'n

---

1. Matthews 6.
2. 1944 BAH 107 (K en O).
3. 1947 BAH 118 (K en O).
4. 1938 BAH 112 (N en T).
5. 113.

persoon na die dood van die eggenoot staan by die Tswana bekend as go tsena motlung (om iemand se hut binne te gaan) en die reg soos toegepas deur die howe, stem met die uitsondering van fynere puntjies met die Tswanareg ooreen.

### 3.1 DIE LEVIRAAT-GEBRUIK

Tswanareg het nog nie in die howe ter sprake gekom by hierdie gebruik nie. Die howe vereis dat die persoon wat die pligsvervulling waarneem deur die afkomsgroep van die eggenoot aangewys moet word.[1] Die persoon wat staatmaak op so 'n aanstelling moet die bewyslas in die verband kwyt.[2] Sodanige reëls stem ooreen met die Tswanareg en kan as gesag vir Tswanareg gebruik word.

Die reël in Nombeke v Mbaba[3] dat die pligsvervulling beperk word tot die erfgenaam van die oorledene waar laasgenoemde nie 'n seun nagelaat het nie, is egter in stryd met die beginsel van die junior leviraat soos aangetref by die Tswana. Volgens Tswanareg word die plaasvervanger deur die afkomsgroep van die man aangewys.

Die howe het in die algemene Bantoereg oor die algemeen dieselfde regsgevolge gegee aan hierdie verhouding as aan 'n huwelik. Die weduwee is geregtig op onderhoud solank as wat sy die stat of woonplek van haar oorlede man nie verlaat nie.[4] Geslagsgemeenskap met 'n ongemagtigde persoon word normaalweg ook beskou as owerspel.[5] Daar is tog ook gevalle waar die howe nie dieselfde status as 'n huwelik aan hierdie verbinding gegee het nie. So is die plaasvervanger verantwoording verskuldig aan die erfgenaam van die oorledene ten opsigte van

---

1. Ngiyana v Jomose 1949 BAH 147 (S); Gushamamazi v Mposwa 1947 BAH 24 (K en O).
2. Ngiyana v Jomose 1949 BAH 147 (S).
3. 1940 BAH 28 (K en O).
4. Peme v Waqu 4 BAH 372 (1921).
5. Dielani v Mkwayi 1 BAH 240 (1909).

die besteding van die boedel.[1] Die vader het normaalweg nie so 'n plig ten opsigte van sý erfgenaam nie. Sporadiese ge= slagsgemeenskap van die weduwee met ongemagtigde persone word ook nie so streng beoordeel soos by 'n normale huwelik nie.[2] Dit blyk dus dat die howe, net soos die Tswanareg, nog nie 'n duidelike omlyning gegee het van die algemene gevolge van hier= die verbinding nie.

In sover dit die aansprake op die kinders wat uit hierdie ver= binding gebore is, is die regsposisie meer duidelik. Uitgaan= de van die standpunt dat die huweliksgoedere in konsiderasie vir die baarvermoë van die vrou gegee word, behoort hierdie kinders aan die oorlede man se erfgenaam.[3] Die kinders ge= bore uit so 'n verbinding verkry ook aanspraak op die oorledene se boedel maar die besondere reëls verskil van volksgroep tot volksgroep.[4] Dit is duidelik dat die kinders nie 'n aanspraak op die plaasvervanger se boedel verkry nie.[5]

In Nkosi v Mkwanazi[6] het die vraag aangaande addisionele hu= weliksgoedere ter sprake gekom. Logieserwys behoort geen addisionele huweliksgoedere gelewer te word nie, want hier is nie sprake van 'n tweede huwelik nie. Dit was ook die hof se standpunt in hierdie saak. Die lewering van addisionele hu= weliksgoedere by sekere Tswanastamme lyk ook nie suiwer nie en is moontlik bloot vrywillig.

Daar bestaan nie 'n prinsipiële benadering in die Bantoeregs= praktyk ôf die Tswanareg wat die leviraat-gebruik betref nie. Die beslissings van die howe kan slegs op 'n ad hoc-basis vir

---

1. Xulu v Xulu 1943 BAH 68 (N en T).
2. Peme v Waqu 4 BAH 372 (1921).
3. Goxo v Njiva 1 BAH 188 (1908); Siqakaza v Mbulo 2 BAH 66 (1910); Zibulale v Mtshisazwe 3 BAH 120 (1913).
4. Vergelyk Madyibi v Nguva 1944 BAH 36 (K en O) vir Tembu.
5. Tambeni v Malindi 1944 BAH 29 (K en O).
6. 1945 BAH 32 (N en T).

die erkenning en toepassing van die Tswanareg gebruik word.

## 3.2 TERUGVORDERING VAN DIE HUWELIKSGOEDERE NA DIE DOOD VAN DIE MAN

In die Kaapprovinsie het die howe na die belangrike saak van Nbono v Manoxoweni[1] beslis dat die huweliksgoedere nie teruggegee hoef te word by die verlating van die weduwee van die kraal of stat van haar oorlede man nie. Hierdie reël is in verskeie sake gevolg[2] en daar is ook beslis dat die huweliksgoedere eers teruggeëis kan word nadat die tweede man ook huweliksgoedere gelewer het.[3]

By die dood van die eggenoot van 'n gemeenregtelike huwelik is in hoofsaak dieselfde beginsels toegepas. Tereg is 'n eis vir teruggawe nie toegestaan waar die weduwee by die kraal van haar oorlede man aangebly het nie.[4] Dit is egter nie noodsaaklik in sodanige eis dat die tweede eggenoot wat ook 'n gemeenregtelike huwelik met die weduwee sluit huweliksgoedere moet lewer nie.[5] Die Kaapse praktyk is onversoenbaar met die Tswanareg. By die Tswana is die bepalende beginsel by teruggawe afhanklik van die vraag of kinders uit die huwelik gebore is.

Die Transvaalse en Natalse Afdeling van die Bantoeappèlhof het 'n ander rigting ingeslaan. In Mhlala v Mohlala[6] het die weduwee geweier om na die kraal van haar oorlede man terug te keer. Die hof beslis dat sy nie gedwing kan word om na die

---

1. 6 EDC 62 (1891).
2. Cqumayo v Ziyokwama 1 BAH 231 (1909); Mtuyedwa v Tshisa 1 BAH 122 (1906); Mavuma v Mbebe 1948 BAH 16 (K en O); Mpika v Mpanda 1945 66 (K en O).
3. Joloza v Geza 4 BAH 93 (1922).
4. Ngqungiso v Gobo 1946 BAH 10 (K en O).
5. Tobiea v Mohatla 1949 BAH 91 (K en O).
6. 1938 BAH 112 (N en T).

woonplek van haar oorlede man terug te keer nie, maar beslis dat die huweliksgoedere in sodanige geval teruggegee moet word. By die Venda is die huweliksgoedere tereg in verband gebring met die baarvermoë van die vrou en 'n aksie vir teruggawe is van die hand gewys waar die weduwee reeds verby haar baarperio= de was.[1] Ten opsigte van die gemeenregtelike huwelike het dieselfde afdeling die teruggawe gelas by 'n tweede gemeen= regtelike huwelik sonder huweliksgoedere[2] maar nie by 'n blote verlating van die oorledene se woonplek nie.[3]

Dit is duidelik dat die Tswanareg nie versoenbaar is met hier= die hofuitsprake nie, aangesien die aspek van kinderloosheid nie oorweeg word nie. Die Tswanareg stem grootliks ooreen met die gewysde Quti v Ntlakala[4] wat dit oor die Pondoreg gehad het. Daar was wel kinders gebore gedurende die huwelik. Met die hertroue van die weduwee word die huweliksgoedere terug= geëis. Die hof weier die teruggawe en redeneer op sterkte van die menings van Pondoassesore:[5] "it is contrary to Pondo cus= tom for the heirs of a deceased husband to demand the return of the dowry paid by him, for by so doing they deprive the child of a mother and destroy all friendship and put an end to the possibility of the woman ever remembering and returning to her son." Interessant is dat die ratio in hierdie beslissing baie naby aan die beginsels in die Tswanareg kom. Daar is egter wel een groot verskil: In die Pondoreg word die terug= gawe boonop ook eers gelas nadat die kinderlose weduwee her= trou.[6] By die Tswanareg behoort teruggawe gelas te word reeds by die verlating van die woonplek van die oorledene deur die kinderlose weduwee.

1. Ngwekulu v Mano 1952 BAH 3 (N - O).
2. Makadela v Sauli 1948 BAH 17 (K en O).
3. Sefolokele v Thekiso 1951 BAH 25 (SE).
4. 3 BAH 89 (1915).
5. 90.
6. Satana v Mahlungulu 1937 BAH 146 (K en O).

## 3.3 REGTE OP KINDERS

Kinders van die weduwee gebore nadat sy haar man se woonplek verlaat het, kan steeds volgens Tswanareg by sommige stamme deur die erfgename van die oorledene opgeëis word.[1] Blykbaar geld dieselfde beginsel ook waar die weduwee te kenne gegee het dat sy niks meer met haar oorlede man se familie te doen wil hê nie.[2] Dit stem ooreen met die praktyk soos gevolg by die Kaapse Nguni. Die erfgenaam van die vader kan steeds die vaderlike regte op die kinders uitoefen mits die nodige onderhoud aangebied word. Sodanige seuns kan slegs erfgename van die oorledene word indien die oorledene nie self seuns gehad het nie. In Tsibiyana v Ngceni[3] is kinders van die weduwee, wat gebore is nadat sy deur haar oorlede man se verwante weens towery verdryf is, aan haar vader toegeken. 'n Soortgelyke beginsel behoort te geld by die Tswana waar die vrou se verbintenis met haar oorlede man op hierdie wyse deurgesny is.

By die beslegting van geskille waar Tswana betrokke is, behoort dus deeglik ondersoek ingestel te word na hierdie verskille onder die verskillende stamme.

In die Transvaal en Natal is beslis dat kinders van 'n weduwee aan haar vader behoort.[4] Hierdie reëling stem ooreen met die praktyk van sekere ander Tswana stamme.[5]

## 4.1 DOOD VAN DIE VROU

### 4.1.1 AKSIE VIR TERUGGAWE VAN DIE HUWELIKSGOEDERE

Die Tswanaregtelike reël wat by sommige stamme geld dat die huweliksgoedere terugvorderbaar is waar die vrou kinderloos

---

1. Schapera 167 - 8.
2. Ibid.
3. 1 BAH 204 (1908).
4. Shabangu v Masilela 1939 BAH 86 (N en T).
5. Vir meer besonderhede kyk 3 van hoofstuk 4.

sterf, het nog nie in die howe ter sprake gekom nie. Die terugvordering is natuurlik ook onderhewig aan die verskaffing van 'n plaasvervanger deur die vrou se afkomsgroep.

Die howe het aanvanklik 'n eis vir die terugvordering van huweliksgoedere in die Transkei toegestaan, indien die vrou kinderloos gesterf het. Die wewenaar kon egter net 'n gedeelte terugeis en die howe het hulle aanvanklik laat lei deur die tydperk wat die huwelik geduur het.[1] Die baarvermoë van die vrou was dus nie die uitsluitlike rigsnoer waardeur die howe hulle laat lei het in aksies vir teruggawe van huweliksgoedere nie. Vanaf 1 Januarie 1923 is die aksie vir teruggawe van huweliksgoedere, waar die vrou oorlede is na die huwelik, deur wetgewing[2] in die Transkei afgeskaf.

Buite die Transkei het hierdie eis ter sprake gekom in <u>Mathe v Kekana.</u>[3] Die hof bevind dat die eggenoot bewus was dat die vrou geneig is tot miskrame en om daardie rede verleen hy nie 'n aksie vir teruggawe nie. Die vrou is na drie jaar kinderloos oorlede. In <u>Gidja v Yingwana</u>[4] is die vrou ook drie jaar na huweliksluiting oorlede sonder dat sy enige kinders gehad het. Die eggenoot eis die verskaffing van 'n substituut en by gebreke daaraan, die teruggawe van die huweliksgoedere. Die partye in die saak was Shangaans en die laerhof bevind dat die eis moet slaag volgens outoriteite[5] oor Shangaanreg. Op appèl betwyfel[6] die hof die juistheid van hierdie gesag en meen dat die praktyk soos gevolg in die Transkei[7] en Artikel 95 (1) van

---

1. Jangumbona v Plati 1 BAH 39 (1901); Mfingo v Dlamini 4 BAH 87 (1921); Mtobeni v Sotshezi 3 BAH 61 (1914); Njobeni v Mzini 1 BAH 29 (1899).
2. Proklamasie 189 van 1923.
3. 1934 BAH 59 (K en T).
4. 1944 BAH 4 (N en T).
5. 5.
6. 6.
7. Proklamasie 189 van 1922.

die Natalse Wetboek Proklamasie R 195 van 1927 gevolg behoort te word. Volgens die Natalse Wetboek kan slegs huweliksgoedere teruggeëis word indien die vrou binne een jaar sterf sonder dat sy kinders in die lewe gebring het. Die hof besluit dan by monde van Braadvedt (Pres.):[1] "To hold that all lobolo cattle must be refunded if a woman dies without having born children, although she may have been a good and faithful wife for many years, does seem unjust. Surely her services[2] to her husband and the marital priveleges[3] which he has enjoyed merit recog= nition." Die feit dat die hof die huweliksvoorregte wat die man geniet het, asook die vrou se dienste in ag neem by die oorweging van die vraag of huweliksgoedere teruggegee moet word, is in stryd met Tswanareg. Die hof voeg ook by:[4] "the custom followed in other provinces should be applied also to all Transvaal natives."

Volgens hierdie uitspraak geld hierdie reël vir die hele Trans= vaal en dus ook vir baie voornemende Tswana-litigante. Dit is egter in stryd met Tswanareg.

## 4.2 DIE VERSKAFFING VAN 'N PLAASVERVANGENDE VROU

Die verskaffing van 'n plaasvervangende vrou het slegs spora= dies in die hof ter sprake gekom, selfs waar die vrou reeds dood is. Dit is dus verstaanbaar dat hier nie sprake is van uitgewerkte beginsels nie. Tswanareg was ook nog nie direk ter sprake in die howe nie.

In Gidja v Yingwana[5] het die eggenoot 'n plaasvervanger vir sy kinderlose vrou geëis of die teruggawe van die huweliksgoedere.

---

1. 1944 BAH 4 (N en T).
2. My onderstreping.
3. My onderstreping.
4. 7.
5. 1944 BAH 4 (N en T).

Die dogter wat as plaasvervanger sou optree was egter nog minderjarig en die hof meen tereg dat sy nie gedwing kan word om in so 'n verbinding te tree nie. Dit is te betwyfel of hierdie gewysde gesag is vir die stelling dat die hof, soos Olivier[1] meen, hierdie instelling as in stryd met die begin=sels van staatsgedragslyn en natuurlike regverdigheid beskou. Boonop het die hof in Dube v Mnisi[2] die pertinente verweer dat hierdie instelling contra bonos mores is, verwerp.

In Dube v Mnisi[3] het die plaasvervanger die wewenaar verlaat. Hy eis dat sy terugkeer en indien sy weier, dat die huweliks=goedere teruggegee moet word. Die hof staan die eis toe. Die benadering in hierdie saak lyk korrek. Die howe dwing[4] niemand om as plaasvervangende vrou op te tree nie. Besluit[5] 'n per=soon egter om wel as plaasvervanger op te tree, sal die hof die gevolge van die instelling erken.

Gesien in die lig van hierdie enkele beslissings is dit dui=delik dat die seantlo-gebruik by die Tswana erken en toegepas kan word.

5. HERTROUE VAN 'N WEDUWEE OF GESKEIDE VROU

Die probleme wat in die Tswanareg ondervind word met die her=troue van 'n weduwee of 'n geskeide vrou word ook in die al=gemene Bantoereg aangetref. Dit word ook erken dat dit 'n uitvloeisel is van die oordrag van die baarvermoë van die vrou na die afkomsgroep van die man.[6]

---

1. Ook Mathe v Kekana 1934 BAH 59 (N en T).
2. 1960 BAH 66 (N - O).
3. Ibid.
4. Vergelyk Gidja v Yingwana 1944 BAH 4 (N en T).
5. In Mathe v Kekana 1934 BAH 59 (N en T) is 'n eis dat 'n minderjarige dogter as substituut oorhandig word van die hand gewys omdat dit ontydig was.
6. Mpika v Mpanda 1945 BAH 66 (K en O).

In die algemene Bantoereg het die lewering van 'n tweede stel huweliksgoedere vir 'n vrou wie se man nog lewe baie probleme veroorsaak. Dit was veral so waar die eerste stel huweliks=goedere nie teruggegee is nie. By die behandeling van die vraag watter rol die huweliksgoedere by egskeiding speel, is tot die slotsom gekom dat 'n teruggawe of verbeuring van die huweliksgoedere vereis word.[1] Eers na hierdie regsfeit kan die vrou weer trou en is haar tweede huwelik geldig.

'n Veranderde standpunt by die Tswana is noodsaaklik aangesien die huweliksgoedere nie die "toetssteen"[2] van die huwelik in die Tswanareg is nie. Die howe behoort daarom die Tswanaregte=like wyse van ontbinding, naamlik 'n ooreenkoms deur die twee afkomsgroepe, te erken.

Reeds in Meslani v Mislani[3] is die tweede huwelik van die weduwee in twyfel getrek op grond daarvan dat die eerste huwe=liksgoedere nie teruggegee is nie. Die verweer in 'n ower=spelgeding was dat daar nie 'n tweede huwelik plaasgevind het nie. Die verweer slaag nie en die howe het daarna hierdie beslissing algemeen nagevolg.[4] Daar is ook geen voorafgaande repudiëring aan die kant van die vrou vereis nie.[5] Hierdie rigting druis in teen die algemene beginsels van die Bantoereg en is nie kritiekloos aanvaar nie. In Mpika v Mpanda[6] het die erfgenaam van die oorledene 'n verklaring van regte gevra ten opsigte van twee dogters. Hulle is gebore uit 'n samewoning tussen die weduwee en 'n man wat vir haar huweliksgoedere ge=lewer het sonder dat die weduwee haar oorlede man se verwante in kennis gestel het. Die huweliksgoedere van die eerste

---

1. Bobotyane v Jack 1944 BAH 9 (K en O).
2. Die howe se term. Vergelyk Bobotyane v Jack 1944 BAH 9 (K en O) op 10.
3. 1 BAH 97 (1905).
4. Rafu v Madolo 1 BAH 200 (1908).
5. Desemele v Sinyako 1944 BAH 17 (K en O).
6. 1945 BAH 66 (K en O).

huwelik is ook nie teruggegee nie. Die hof voel hom verplig om die kinders aan die tweede eggenoot toe te ken. Die mis= kenning van die basies beginsels van die Bantoereg word egter veroordeel. Steenkamp (Lid) stel dit soos volg:[1] "I am satis= fied notwithstanding a series of decisions that a Native law and custom union cannot be dissolved by the payment of a second dowry only. There must be some act prior to her second mar= riage to make known to her late husband's kraal that she no longer considers herself bound to that kraal." Hierdie is 'n goeie weergawe van die Tswanareg maar die hof sal dit na alle waarskynlikheid nie volg op grond van die stare decisis-beginsel.

## 5.1 AANSPRAKE OP KINDERS

Tswanareg het nog nie in die howe ter sprake gekom in sover dit die aanspraak op kinders by hertroue betref nie. Die basiese beginsels[2] van die Tswanareg behoort egter erken te word. Die verskille tussen die verskillende Tswanastamme be= hoort eerbiedig te word. Die algemene Bantoeregspraktyk reël die aansprake op die kinders volgens die huwelikstatus,[3] terwyl in Tswanareg word sodanige aansprake deur die lewering van huweliksgoedere gereël.
So kan die eerste eggenoot deur die lewering van huweliks= goedere aanspraak verkry op die kinders wat gebore is gedu= rende die huwelik met die tweede eggenoot.

## 6. GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING VAN DIE ERKENNING EN TOE= PASSING VAN DIE BOGADI-GEBRUIK BY EGSKEIDING OF DOOD VAN EEN VAN DIE PARTYE

Die erkenning van Tswanareg by die ontbinding van die huwe= lik in sover dit die bogadi-instelling aangaan, het nog geen=

---

1. 67.
2. Kyk 5.1 van hoofstuk 4.
3. Kyk 6.1 van hoofstuk 5.

sins in beginsels uitgekristaliseer nie.

Die Tswanaregtelike beginsel dat die terugvordering van huweliksgoedere deur die kinderloosheid van die huwelik (en nie deur die skuld van die party wat tot die egskeiding aanleiding gegee het nie) gereël word, is egter erken. Die erkenning van hierdie beginsel behoort baie wyd in die hele huweliksreg van die Tswana erken te word.

Terselfdertyd bestaan daar geen beslissings oor die Tswanareg ten opsigte van sake soos die volgende nie: Wyse van egskeiding; die <u>seantlo</u>- en leviraatgebruik; en aansprake op kinders na egskeiding of dood van een van die partye.

# HOOFSTUK 7

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

In die voorafgaande hoofstukke is gepoog om die omvang van die erkenning en die toepassing van die bogadi-gebruik by die Tswana in die Suid-Afrikaanse reg te bepaal. Die ondersoek is gedoen met in agneming van die historiese beskouinge ten opsigte van die lobolo-instelling in die wetgewing en die regspraak. Die reëling van die erkenning en toepassing van die lobolo-instelling impliseer ook 'n kennisname van die kompetensie van die howe om Bantoereg toe te pas.

Om die oogmerk van die studie te volvoer was dit nodig om eers die inhoud en die omvang van die bogadi-gebruik soos deur die inheemse reg gereël, vas te stel. By hierdie ondersoek is daar sover moontlik aandag aan die variasies in die reg soos dit voorkom by die verskillende Tswanastamme, gegee. Historiese veranderinge binne die Tswanareg is ook nagegaan.

Met hierdie Tswanareg as uitgangspunt, is as taak gestel om die erkenning en toepassing wat die wetgewer en regspreker aan die bogadi-gebruik in die Suid-Afrikaanse reg gegee het, vas te stel. Indien Tswanareg nie op 'n bepaalde faset ter sprake was nie, is gepoog om hofbeslissings te vind wat as gesag gebruik kan word vir die toekomstige erkenning en toepassing van Tswanareg. Daar is ook gepoog om aan te dui of die algemene Bantoeregspraktyk versoenbaar is met die breëre beginsels van die Tswanareg in die gevalle waar inligting deur die laasgenoemde regstelsel onduidelik of onvolledig is. Vanselfsprekend is praktyke in die algemene Bantoereg wat met die Tswanareg bots, aangestip.

Hieronder volg die samevatting van die gevolgtrekkings waartoe gekom is oor die verskillende regsgevolge wat intree met die lewering van bogadi.

## 1. DIE ERKENNING EN DIE TOEPASSING IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG VAN DIE BOGADI-GEBRUIK VOOR EN GEDURENDE DIE HUWELIK

### 1.1 DIE VASSTELLING VAN DIE HOEVEELHEID HUWELIKSGOEDERE

Tswanaregtelike wyses om huweliksgoedere vas te stel, was nog nie in die howe ter sprake nie. In die Tswanareg kan drie metodes om die huweliksgoedere vas te stel, onderskei word. Eerstens, die hoeveelheid huweliksgoedere word deur ooreen=koms tussen die partye vasgestel. Die howe het hierdie vas=stellingswyse reeds algemeen by ander volksgroepe buiten die Tswana erken. Tweedens, 'n vasgestelde hoeveelheid huweliks=goedere is in sowel die Tswanareg as die algemene Bantoereg bekend. Die howe behoort dus geen probleme te ondervind om hierdie twee vasstellingsmetodes ook vir die Tswanareg te erken nie. Derdens, in die Tswanareg kan die hoeveelheid huweliksgoedere ook eensydig deur die afkomsgroep van die bruidegom vasgestel word. Dit blyk ook dat daar niks in die algemene Bantoeregspraktyk is, wat die howe sal verbied om hierdie vasstellingswyse te erken nie. By 'n gemeenregtelike huwelik moet die hoeveelheid huweliksgoedere egter deur 'n ooreenkoms bepaal word, anders weier die howe 'n eis vir afdwinging.

Tswanareg by die meeste stamme is ook versoenbaar met die algemene Bantoereg ten opsigte van die samesmelting tussen goedere gelewer as genoegdoening en as huweliksgoedere. By die Bafokeng vind egter geen sodanige samesmelting plaas nie. Inligting oor die Tswanareg met betrekking tot aanwas en vrek=tes onder die huweliksgoedere vóór huweliksluiting ontbreek. In die algemene Bantoereg dra die persoon wat die huweliks=goedere gelewer het die verliese onder sodanige vee, mits die nodige rapport gedoen is. Aanwas van vee wat gelewer is as huweliksgoedere word nie as addisionele huweliksgoedere in die Kaapprovinsie gereken nie, maar wel in Natal. Die reëling in die Kaapprovinsie word verkies as toekomstige toepassing van die Tswanareg.

## 1.2 VOORWERP EN SAMESTELLING VAN DIE HUWELIKSGOEDERE

Tswanareg was nog nie op hierdie punt in die howe ter sprake nie. Tswanareg is versoenbaar met die algemene Bantoeregs=praktyk in die volgende opsigte: Die medium van die huwe=liksgoedere is nie beperk tot beeste nie; beeste of ander vee wat gelewer word, kan verskil in gehalte, grootte en soort.

Soortgelyke maatreëls as die Tswanaregtelike voorskrifte ten opsigte van die soort (byvoorbeeld nie bokke nie) of hoeveel=heid vee (byvoorbeeld nie sewe stuks vee nie) wat gelewer moet word, ontbreek blykbaar in die algemene Bantoereg.

Tswanareg is nie versoenbaar met daardie beslissings in die algemene Bantoereg wat vereis dat die huweliksgoedere altyd in terme van beeste bereken moet word nie. Botsend met die Tswanareg is ook die praktyk in die Bantoereg waarvolgens 'n alternatiewe geldwaarde op die vee by vordering of teruggawe van die huweliksgoedere geplaas word. Laasgenoemde geval moet egter as 'n voorbeeld waar die Bantoereg, en dus ook Tswanareg, ingevolge artikel 11(1) van Wet 38 van 1927 ge=wysig is, beskou word.

## 1.3 DIE VERPLIGTING OM HUWELIKSGOEDERE TE LEWER

Een van die mees uitstaande kenmerke by die ordening van die <u>bogadi</u>-instelling by die Tswana is die nie-verlening van 'n algemene aksie vir die afdwinging van huweliksgoedere. Hier=die belangrike uitgangspunt is nog nie direk nie, maar wel <u>obiter</u>, deur die howe erken.

Tswanaregtelik gesien word daar minstens een uitsondering op hierdie reël toegelaat: Indien vir die moeder van die bruid nog geen huweliksgoedere gelewer is nie, dan het die vader of die voog van die bruid se moeder 'n aanspraak op die huweliks=goedere wat vir die bruid gelewer word. Die howe het nog nie die geleentheid gehad om hulle oor hierdie eis in die Tswana=reg uit te spreek nie. 'n Soortgelyke eis bestaan wel in die

algemene Bantoereg maar verskil van die Tswanareg in dié opsig dat die vader van die bruid se moeder aanspraak het op al die moeder se kinders totdat huweliksgoedere vir haar ge= lewer is. In die Tswanareg sal die feit dat die vader van die moeder beslag gelê het op een stel huweliksgoedere die huwelik van die moeder wettig. Daarna sal die eggenoot die huweliksgoedere vir verdere dogters ontvang.

Die howe het ook laat blyk dat 'n verdere aksie vir die Tswa= nareg toegestaan sal word. Dit is die aksie teen die erfge= naam van die oorlede eggenoot indien laasgenoemde nog nie huweliksgoedere vir sy vrou gelewer het nie. Die doel van hierdie aksie is om die natuurlike kinders van die oorledene as erfgename te wettig. Dit is egter nie duidelik of die eis van die eggenote se vader of voog ook in hierdie omstan= dighede ontvanklik is nie.

### 1.4 VOORSIENING VAN DIE HUWELIKSGOEDERE

#### 1.4.1 DIE LEWERING VAN HUWELIKSGOEDERE DEUR DIE AFKOMSGROEP VAN DIE MAN

Weens die nie-verlening van 'n algemene aksie vir die vorde= ring van die huweliksgoedere, kan verwag word dat persone wat aanspreeklik gehou word vir die lewering van die huwe= liksgoedere eerder die uitsondering as die reël sal wees. Dit blyk dan ook dat die howe slegs die reedsvermelde eis teen die oorledene se erfgenaam wat nie sy natuurlike seun is nie, in 'n <u>obiter</u> opmerking bevestig het.

Tswanaregtelike praktyke wat teenstrydig is met die algemene Bantoereg word ook op belangrike punte aangetref. Tswanareg is onversoenbaar met die algemene Bantoereg waar in laasge= noemde praktyk die volgende persone aanspreeklik gehou word: Die vader van die eggenoot vir laasgenoemde se eerste vrou in normale omstandighede en vir meerdere vrouens in buitengewone omstandighede; die bruidegom self vir al sy vrouens; die erfgename van die eggenoot en die eggenoot se vader; en die

kraalhoof in wie se kraal die bruidegom tydens huweliksluiting gewoon het; die voorsiener van die huweliksgoedere wat vir die bruid se moeder gelewer is.

In beide die Tswanareg en in die algemene Bantoereg is die volgende persone se bydraes vrywillig: ander lede van die verwantegroep van die bruidegom; en moontlik die stamlede se bydraes tot die huweliksgoedere van die stamhoof se hoofvrou.

### 1.4.2 DIE BRON WAARUIT DIE HUWELIKSGOEDERE VERKRY WORD

Tswanareg het nog nie uitdruklik in die howe by die aanwending van persoonlike en huiseiendom ter sprake gekom nie. In die algemene Bantoereg ontstaan 'n skuldverhouding waar huiseiendom vir die huweliksgoedere van 'n ander seun as die hoof-erfgenaam aangewend word. 'n Soortgelyke reëling ontbreek by die Tswana. Die Tswanareg onder sekere stamme soos die Bakgatla, is egter versoenbaar met die Bantoeregspraktyk waar 'n skuldverhouding ontstaan indien die eiendom van een huis aangewend word om huweliksgoedere vir 'n seun van 'n ander huis te voorsien. By die Bafokeng van Rustenburg ontstaan daar egter geen skuldverhoudinge nie.

Die howe het die Tswanareg so uitgelê dat 'n broer net op die huweliksgoedere wat vir sy gekoppelde suster gelewer word, aanspraak kan maak, indien daar nog nie vir sy vrou huweliksgoedere voorsien is nie. Die vader kan volgens die algemene Bantoereg die vee wat hy vir sy seun geoormerk het, aanwend as huweliksgoedere vir die seun. Die inligting by die Tswanareg op hierdie punt is onvolledig, maar dit is met die breëre beginsels van die Tswanareg versoenbaar. By die Bafokeng van Rustenburg mag sodanige eiendom nie op hierdie wyse aangewend word nie.

### 1.4.3 DIE PERSONE WAT GEREGTIG IS OP DIE GELEWERDE HUWELIKSGOEDERE

Ernstige leemtes bestaan in die opgetekende Tswanareg in sover

dit die reghebbendes op die gelewerde huweliksgoedere betref. Slegs die eis van die broer op die huweliksgoedere van sy gekoppelde suster, volgens Tswanareg, is deur die howe erken.

Die Tswanareg is bekend met die volgende eise van die volgende (regs)persone wat in die Bantoereg aangetref word: die vader of die voog van die bruid; die vader se erfgenaam en die huis waaraan die bruid behoort.

Die eise van die volgende persone is onbekend (of die litera= tuur swyg daaroor) aan die Tswanareg maar nie onversoenbaar met die algemene beginsels van die Tswanareg nie: die adoptie= we vader en die persoon aan wie die vorderingsregte vir die huweliksgoedere van die bruid oorgedra is.

Die volgende persone se eise wat in die algemene Bantoereg aan= getref word, behoort nie in die Tswanareg toegestaan te word nie: enige verwant van die vader; die persoon wat die huweliksgoedere vir die moeder van die bruid of enige ander beeste voorsien het.

Die eis van die grootvader aan moederskant op die huweliks= goedere van die bruid, indien geen huweliksgoedere gelewer is nie, is ook aan die Tswanareg bekend.

### 1.4.4 DIE EIENDOMSREG OP DIE GELEWERDE HUWELIKSGOEDERE VÓÓR HUWELIKSLUITING

Tswanareg is nog nie uitdruklik erken of toegepas deur die howe nie. In die Tswanareg gaan eiendomsreg by lewering oor en in die algemene Bantoereg eers by huweliksluiting. Huwe= liksgoedere moet teruggegee word volgens Tswanareg indien die huwelik nie plaasvind nie, ongeag die rede waarom dit nie voltrek is nie. 'n Soortgelyke praktyk word in Natal en Transvaal gevolg volgens die algemene Bantoereg. In die Kaap= provinsie word die huweliksgoedere verbeur of teruggegee, afhangende van watter party veroorsaak het dat die huwelik nie plaasgevind het nie.

### 1.4.5 PERSONE VERANTWOORDELIK VIR DIE TERUGGAWE VAN DIE HUWELIKSGOEDERE

Tswanareg op hierdie punt het nog nie in die howe ter sprake gekom nie en die inligting oor die tradisionele Tswanareg is gebrekkig en dubbelsinnig. Die praktyk in die algemene Ban= toereg is heeltemal versoenbaar met die breëre beginsels van die Tswanareg. Volgens hierdie beginsels kan die persoon wat uiteindelik die goedere ontvang het en daarop geregtig was, aangespreek word . Die persoon aan wie die goedere oorhandig is kan ook daaroor aangespreek word behalwe as hy kan aantoon dat hy verantwoording aan die reghebbende gedoen het.

### 1.5 DIE LEWERING VAN HUWELIKSGOEDERE AS VEREISTE VIR HUWELIKSLUITING

Die howe behoort geen probleme te hê om te bevind dat 'n Tswanaregtelike huwelik tot stand gekom het indien huweliks= goedere wel oorgedra is saam met die ander essensiële vereis= tes van die huwelik nie. Tswanareg was nog nie in die howe ter sprake op hierdie punt nie, maar dit is so 'n gevestigde praktyk in die Bantoereg dat die gevolge erken behoort te word.

In die algemene Bantoereg bestaan daar teenstrydige beslis= sings oor die vraag of 'n geldige huwelik tot stand kom selfs voordat die huweliksgoedere oorgedra is. Normaalweg word 'n gedeelte van die huweliksgoedere vóór of tydens huwelikslui= ting in die algemene Bantoereg gelewer. Die hof vereis in elk geval minstens 'n ooreenkoms dat huweliksgoedere gelewer sal word.

Beslissings waarin Tswanareg ter sprake was het al sydelings verwys na die verskynsel in die Tswanareg dat huweliksgoedere eers gelewer word nadat die samewoning reeds vir 'n tyd lank bestaan het. Die hof het egter nie die geleentheid te baat geneem om hierdie belangrike aspek onder die vergrootglas te neem en op 'n vaste grondslag te plaas nie. Tewens, hierdie

hele aangeleentheid is verder vertroebel deur onversigtige uitlatings. Soos die reg op die oomblik staan, is daar een beslissing waarin te kenne gegee is dat samewoning as 'n huwe= lik erken sal word selfs vóór die lewering van huweliksgoedere. In die ander beslissing is weer aangedui dat die hof nie be= reid is om 'n huwelik as geldig te erken voordat die huweliks= goedere nie oorgedra is nie. In beide beslissings was die bogenoemde uitlatings slegs obiter. Daar word nog gewag op 'n prinsipiële uiteensetting op hierdie punt deur die howe.

By 'n groot aantal Tswanastamme word die huweliksgoedere eers na die huweliksluiting gelewer. By andere is dit egter 'n vereiste dat die huweliksgoedere voor of tydens huweliksluiting oorgedra moet word.

## 1.6 DIE OORDRAG VAN DIE BAARVERMOË VAN DIE VROU

Tswanareg is nog nie uitdruklik erken of toegepas in sover dit die baarvermoë van die vrou betref nie. Die meeste beginsels van die Tswanareg stem ooreen of is versoenbaar met die Ban= toereg. Op sekere punte is daar egter ook belangrike bot= sings tussen die twee regstelsels. Tswanareg is versoenbaar met die algemene Bantoereg in die reëling van die volgende aspekte: Die inhoud van die vaderlike regte; die seantlo-instelling; en die versoek van die steriele eggenoot dat 'n ander man by sy vrou kinders verwek.

Net soos in die Tswanareg verkry die eggenoot ook aanspraak op al die owerspelige kinders van sy vrou wat gedurende die huwelik gebore word. Die aanspraak van die eggenoot op al die voorhuwelikse kinders van sy vrou word egter nie by die ander volksgroepe aangetref nie. In die Bantoereg behoort sodanige kinders aan die voog van die vrou.

Die aanspraak van die natuurlike vader op sy kind nadat hy genoegdoening betaal het vir die swangermaking van die kind se moeder, bots met die Tswanareg. Met die sluiting van 'n

gemeenregtelike huwelik kom weinig tereg van die verkryging van die baarvermoë van die vrou. Beheer en toesig en voogdy word volgens gemeenregtelike beginsels beoordeel.

## 2. DIE ERKENNING EN TOEPASSING VAN DIE BOGADI-GEBRUIK IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG BY EGSKEIDING OF DOOD VAN EEN VAN DIE PARTYE

### 2.1 DIE TERUGVORDERING VAN DIE HUWELIKSGOEDERE

Die Tswanaregtelike reël dat die huweliksgoedere alleenlik terugvorderbaar is by 'n kinderlose huwelik is in 'n obiter-stelling van die howe erken. Die reëling behoort by sowel 'n gemeenregtelike huwelik as 'n Bantoeregtelike huwelik te geld. Hierdie reël by die Tswanareg geld by egskeiding sowel as dood van die vrou waar geen kinders gebore is nie. By sommige stamme is die huweliksgoedere egter glad nie terugvorderbaar nie.

Bogenoemde reël van die Tswanareg bots met die Bantoereg in die geval van egskeiding. Kinderloosheid van die vrou speel nie 'n rol in die algemene Bantoereg om te bepaal of die huweliksgoedere teruggegee moet word. Verbeuring of teruggawe word gereël deur vas te stel watter party het aanleiding gegee dat die huwelik op 'n egskeiding uitgeloop het.

Strydig met die Bantoereg is ook die Tswanaregtelike reël dat die huwelik op grond van die vrou se kinderloosheid ontbind kan word. Sou die man sy vrou op grond van haar kinderloos=heid repudieer, verbeur hy die huweliksgoedere in die algemene Bantoereg.

In die geval waar die vrou sterf sonder dat sy enige kinders gehad het,is die terugvordering van enige huweliksgoedere in die Transkei verbied deur wetgewing. Volgens Proklamasie R 195 van 1967 is 'n deel van die huweliksgoedere in Natal slegs terugvorderbaar indien die vrou ook binne een jaar na huweliksluiting oorlede is. Dit is duidelik dat hierdie prak=

tyk bots met die Tswanareg. In die Transvaal het die howe aanvanklik 'n terugvordering toegelaat maar ander beslissings volg die praktyk in Natal en die Kaapprovinsie.

Terugvordering van die huweliksgoedere in die Tswanareg by die dood van die man kom slegs ter sprake indien die weduwee sou besluit om na haar mense terug te keer en sy boonop kinderloos was. In die Kaapprovinsie het reeds vroeg die inkonsekwente praktyk ontstaan dat die huweliksgoedere slegs terugvorderbaar is waar die weduwee weer trou. Ander beslissings wou dit selfs hê dat die huweliksgoedere eers terugvorderbaar is indien 'n tweede stel huweliksgoedere vir die vrou gelewer word.

Meer in ooreenstemming met die Tswanaregtelike praktyk is die ouere Transvaalse sake wat 'n aksie vir terugvordering verleen waar die weduwee die woon- en blyplek van haar oorlede man verlaat. By die Tswanahuwelik sal die huweliksgoedere in so 'n geval slegs terugvorderbaar wees as die huwelik boonop kinderloos was. Latere Transvaalse sake het ook die beslissings in die Kaapprovinsie begin volg.

## 2.2 GEBRUIKLIKE AFTREKKINGS BY EGSKEIDING

Die afwesigheid van hierdie praktyk in die Tswanareg pas by die patroon in dat huweliksgoedere nie terugvorderbaar is waar daar kinders uit die huwelik gebore is nie. Tswanareg is op hierdie punt nog nie uitdruklik erken en toegepas nie. Die ouere Transvaalse sake wat die praktyk van die Kaapprovinsie en Natalse Wetboek op alle Bantoes in die land van toepassing wou maak, het dus nie geslaag nie.

## 2.3 TERUGGAWE OF VERBEURING VAN HUWELIKSGOEDERE AS VEREISTE VIR EGSKEIDING

Volgens die een rigting in die Bantoereg is die teruggawe van huweliksgoedere (of 'n deel daarvan) of die openlike repudië=

ring van die vrou deur die man (waardeur die huweliksgoedere verbeur word) nie 'n vereiste vir egskeiding nie.

Die huwelik word volgens hierdie standpunt ontbind as die man nie binne 'n redelike tyd na sy vrou terugkeer of haar binne 'n redelike tyd gaan haal nadat sy hom verlaat het nie.

Teruggawe of verbeuring van huweliksgoedere is ook nie 'n vereiste vir egskeiding by die Tswana nie. Bogenoemde ont= bindingswyse is egter ook nie versoenbaar met die Tswanareg waar 'n egskeiding deur 'n ooreenkoms tussen die twee afkoms= groepe bereik word nie.

Volgens die ander standpunt in die Bantoereg kan 'n egskei= ding slegs teweeg gebring word deur teruggawe van die huweliks= goedere of 'n openlike repudiëring van die vrou deur die man (waardeur die huweliksgoedere verbeur word). Tswanareg is ook nie versoenbaar met hierdie praktyk nie. In die Tswana= reg is dit dus noodsaaklik om egskeiding los te sien van die teruggawe van huweliksgoedere.

'n Ander praktyk het uit hierdie laasgenoemde standpunt van die howe ontstaan, naamlik dat die hof nie die Bantoeregte= like huwelik kan ontbind nie. In gevalle waar die vrou dus die man verlaat het, moet volgens die howe gevra word vir die terugkeer van die vrou en by gebreke daarvan, die teruggawe van die huweliksgoedere. Dit is dan hierdie teruggawe van die huweliksgoedere, wat volgens die howe, die huwelik ontbind. Dit spreek vanself dat die Tswanareg moeilik in hierdie prak= tyk ingedwing kan word.

## 2.4 AANSPRAKE OP DIE KINDERS BY EGSKEIDING OF DOOD VAN EEN VAN DIE PARTYE

Die aansprake wat die vader het op die kinders gebore uit die huwelik volgens Tswanareg, nadat huweliksgoedere gelewer is, is nog nie in die howe erken nie. Tswanareg stem egter ooreen met hierdie gevestigde beginsel in die algemene Bantoereg.

Die vader se aanspraak op die kinders volgens die algemene Bantoereg is baie sterk. Die kinders sal slegs aan die moeder toegeken word indien aangetoon kan word dat die vader nie geskik is om hulle in sy sorg te hê nie. By die Kaapse Nguni beteken die terugvordering van meer huweliksgoedere as waarop die vader geregtig is (nà die gebruiklike aftrekkings), dat hy die kinders repudieer. Die Tswanaregtelike vader kan ook kinders van sy vrou verwerp en dan al die huweliksgoedere terugvorder. Sodanige repudiëring behoort egter slegs ten opsigte van owerspelige kinders in uitsonderlike gevalle toegelaat te word.

Kinders van die vrou wat sy in die lewe bring nadat sy haar van haar man geskei het, behoort by sommige Tswanastamme aan die voog van die vrou. By andere behoort hulle steeds aan die eggenoot indien die huweliksgoedere nie teruggegee is nie. Dit is egter moontlik dat die laasgenoemde praktyk verouderd is. By die Kaapse Nguni het die eggenoot ook steeds aanspraak op sulke kinders totdat die huweliksgoedere teruggegee is of verbeur is. Dit wil voorkom asof die howe dit so beskou dat die man slegs aanspraak het op die kinders wat gebore is vóór egskeiding.

In die Transvaal behoort die kinders van 'n ongetroude of geskeide vrou aan haar voog. Die reël in die Tswanareg dat die kinders van 'n man na die ontbinding van die huwelik gewettig kan word, is gedeeltelik deur die howe erken. Sodanige wettiging kan volgens die howe slegs plaasvind met die toestemming van die oorledene se afkomsgroep.

Geen soortgelyke praktyk word in die algemene Bantoereg aangetref nie.

## 2.5 LEVIRAAT- EN SEANTLO-GEBRUIK

Beide instellings is deur die howe op 'n ad hoc-basis erken. Daar kan dus slegs gewys word op enkele ooreenkomste en botsings in die Tswanareg en die Bantoereg. Belangrik egter is

dat die <u>seantlo</u>-instelling nie <u>contra bonos mores</u> beskou is nie. Die dogters gebore uit hierdie samewonings, behoort aan die afkomsgroep van die man. Huweliksgoedere wat vir haar gelewer word kan dus deur die man se groep opgeëis word.

Uit die bostaande samevatting kan tot een oorheersende slot= som gekom word: Daar is eintlik nie sprake van 'n erkende Tswanareg in sover dit die <u>bogadi</u>-instelling aangaan nie. Dit blyk dus dat die reg aangaande die <u>bogadi</u>-instelling en moontlik ook die hele familiereg, op 'n baie losse voet staan. Daar is eintlik nie sprake van 'n regsontwikkeling in die sin dat sekere regsfigure deur die regspraak uitgebou en ontwik= kel is nie.

Alhoewel dit moeilik is om die redes vir hierdie stagnering in die Tswanareg te probeer peil, is daar 'n paar moontlike redes soos geblyk het uit die ondersoek. Enersyds is daar 'n gebrek aan inligting oor die geldende reg van die verskil= lende Tswanastamme. Die inligting wat wel bestaan hou nie altyd rekening met die geweldige kultuurverandering wat weens kontak met andersoortige kulture by die Tswana plaasvind nie. Andersyds is daar 'n onbetrokkenheid by regspreker, regsprak= tisyn en wetgewer om wel van die beskikbare inligting gebruik te maak.

'n Baie belangrike oorsaak vir die huidige onderontwikkeling van die reg is die totale gebrek aan differensiasie aangaande die reg wat geld in die verskillende volksgroepe, stammegroepe en selfs stamme. By die meeste beslissings is daar geen aanduiding van die volksverband van die litigante nie. Regs= praktisyns ondersoek ook nie na behore die regte en verplig= tinge volgens die regstelsel van die partye nie. Ook die wet= gewer het ná vyftig jaar wat die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927 nog nie weggekom van die begrip stam en dit met volks= groep vervang nie. Integrasie van die verskillende stamregte moet op die basis van etniese groepering plaasvind, en nie op die basis van 'n skepping van 'n algemene Bantoereg nie.

Dit is dus baie noodsaaklik dat daar gewerk word aan die skep= ping van regstelsels vir verskillende volksgroepe. Dit wil amper voorkom asof die snelle ontwikkeling wat die Bantoetuis= lande op die gebied van staatkundige ontwikkeling gemaak het, heeltemal losgeraak het van die regspleging.

Ten slotte kan weereens gemeld word dat die bogadi-instelling in die Tswanareg wye regsimplikasies het. Hierdie gevolge tree voor, gedurende en na die huwelik in. Die vernaamste gevolge van hierdie instelling is veral op drie gebiede: eerstens, die oordrag van die baarvermoë van die vrou na die afkomsgroep van die man; tweedens, die vasstelling van die verwantskapposisie van die kinders; en derdens om die huwelik onvoorwaardelik te sanksioneer. Op die gebied van die erken= ning en toepassing van hierdie beginsels lê daar vir wetgewer, regspreker en juris 'n onontginde veld.

BRONNELYS

HOFBESLISSINGS

BANTOEAPPèLHOFBESLISSINGS

BADUZA V DLOVA 6 BAH 8 (1928).
BINASE V NGQASE 4 BAH 115 (1918).
BOBOTYANE V JACK 1944 BAH 9 (K en O).
BOKO V MAJOVU 3 BAH 112 (1916).
BOKOLO V MAVUNE 1 BAH 109 (1906).
BOKWA V NTAMBO 1 BAH 75 (1904).
CHECHE V NONDABULA 1962 BAH 23 (S).
CIJISWE V CIJISWE 1956 BAH 13 (S).
CONANA V DUNGULU 1 BAH 135 (1907).
CQUMAYO V ZIYOKWAMA 1 BAH 231 (1909).
DANA V NQIWA 2 BAH 179 (1911).
DEKU V NYANGOLO 3 BAH 63 (1915).
DESEMELE V SINYAKO 1944 BAH 17 (K en O).
DHLAMINI V BUTELEZI 1946 BAH 16 (N en T).
DIDI V MAXWELE 4 BAH 198 (1921).
DIELANI V MKWAYI 1 BAH 240 (1909).
DINISO V MSILO 1941 BAH 14 (K en O).
DLIKILILI V SALMAN 1944 BAH 19 (K en O).
DLIWAKO V MAKONCO 1 BAH 93 (1905).
DONI V NKEBESE 1943 BAH 51 (K en O).
DUBA V NKOSI 1948 BAH 7 (N en O).
DUBE V MNISI 1960 BAH 66 (N - O).
DWEBA V SAM 1 BAH 5 (1895).
DYOMFANA V KLASSIE 2 BAH 95 (1910).
EDWARD V MSINGLIELI 3 BAH 69 (1912).
FETANA V SINUKELA 1 BAH 22 (1897).
FUZILE V NTLOKO 1944 BAH 2 (K en O).
FYNN V FYNN 1937 BAH 99 (N en T).
GANTWENI V MIMI 3 BAH 3 (1911).
GASA V GASA 4 BAH 162 (1921).
GEME V NDODA 3 BAH 296 (1917).

GIDJA V YINGWANA 1944 BAH 4 (N en T).
GIJANA V MANGALI 1946 BAH 60 (K en O).
GOMANI V BAQWA 3 BAH 71 (1917).
GOMOLOLO V GOMOLOLO 2 BAH 111 (1911).
GOXO V NJIVA 1 BAH 188 (1908).
GQEZI V NZAYE 1 BAH 271 (1909).
GULWA V JIM 1945 BAH 58 (K en O).
GUNGUBELE V XOLIZWE 2 BAH 65 (1910).
GUSHAMAMAZI V MPOSWA 1947 BAH 24 (K en O).
GWALA V MTSHALI 1957 BAH 157 (N - O).
GWANDUMTUTU V NOTA KA DLIKITELA 4 BAH 146 (1919).
GXONONO V SKUNI 1 BAH 154 (1907).
HOHA V MTWESI 1939 BAH 6 (K en O).
HOMBENI V ZOTEKANA 4 BAH 214 (1919).
HUMANA V XAKAZA 1 BAH 183 (1908).
JACK V ZENANI 1962 BAH 40 (S).
JAFTA V JAFTA 1941 BAH 48 (K en O).
JAKALASE V NOBONGO 1 BAH 203 (1908).
JANGUMBONA V PLATI 1 BAH 39 (1901).
JELANI V MRAULI 2 BAH 54 (1910).
JELIZA V NYAMENDE 1945 BAH 34 (K en O).
JOLOZA V GEZA 4 BAH 93 (1922).
JONAS V VULANGENGQELE 4 BAH 96 (1919).
JULEKA V SIHLAHLA 1 BAH 88 (1905).
KABE V INGANGA 1954 BAH 220 (S).
KANISA V NGODWANE 5 BAH 49 (1927).
KELE V KETI 1 BAH 171 (1908).
KGAPULA V MAPHAI 1940 BAH 108 (N en T).
KHASI V TABANA 1944 BAH 67 (N en T).
KHEMANE V NED 1948 BAH 15 (S).
KHUMALO V NTSHALINSHALI 1971 BAH 59 (SE).
KODISANG V SEAKGELA 1945 BAH 51 (K en O).
KOKWE V GUBELA 1 BAH 48 (1902).
KOLOPENE V NGUKUMANI 3 BAH 122 (1916).
KOSANE V MOLOTYA 1945 BAH 70 (N en T).
KOWE V MBILINI 1 BAH 41 (1901).
KUHLASE V NKOSI 1944 BAH 22 (N en T).

KUKE V MAJAMBE 3 BAH 93 (1912).

KWAZIWE V MASOYI 1947 BAH 91 (K en O).

LANGA V MTWAZI 5 BAH 11 (1923).

LEDWABA V LEDWABA 1951 BAH 398 (N - O).

LENGOLO V XOLO 1938 BAH 66 (K en O).

LIWANI V BATAKATI 5 BAH 57 (1926).

LIZE V MAKALIMA 2 BAH 180 (1911).

LUCANI V MBUZWENI 2 BAH 27 (1910).

LUCINGO V MGIQIKA 4 BAH 40 (1920).

LUDIDI V NONGENA 1945 BAH 59 (K en O).

LUGEBU V MBONDWANA 1939 BAH 5 (K en O).

LUPUSI V MAKALIMA 2 BAH 163 (1911).

LUPUWANA V LUPUWANA 1 BAH 72 (1904).

LUTI V SIQOLA 2 BAH 157 (1911).

MADOLO V MJONONO 3 BAH 68 (1915).

MADOLO V SANZEKELA 3 BAH 37 (1912).

MADONSELA V DUBA 1942 BAH 74 (N en T).

MADYIBI V NGUVA 1944 BAH 36 (K en O).

MAFAKA V DYALUVANA 1 BAH 65 (1903).

MAFULELA V MXGENI 1970 BAH 15 (S).

MAGI V SIBIZWE 2 BAH 50 (1910).

MAGWAZANI V JOTHAM 1942 BAH 24 (N en T).

MAHLAKA V MAHLAKA 2 BAH 171 (1911).

MAHLANGU V NHLAPO 1968 BAH 35 (N - O).

MAHLOANE V MOHALE 1947 BAH 95 (K en O).

MAJONGILE V MPIKELELI 1950 BAH 260 (S).

MAJOZI V MUDE 1935 BAH 16 (N en T).

MAKADELA V SAULI 1948 BAH 17 (K en O).

MAKALIMA V TSWYI 1 BAH 76 (1904).

MAKAZA V MBEKI 2 BAH 128 (1911).

MAKAYA V SILAQA 1942 BAH 16 (K en O).

MAKORO V BOLOFO 1943 BAH 24 (K en O).

MALI V BUSAKWE 1 BAH 177 (1908).

MALIMA V MAHLOLO 1942 BAH 73 (K en O).

MALOYI V MLALANDLE 2 BAH 82 (1910).

MAMPONDO V MANQUNYANA 4 BAH 67 (1922).

MANANA V MASUKU 1947 BAH 116 (N en T).

MANDELA V MINI 3 BAH 91 (1915).
MANGALISO V FEKADE 5 BAH 5 (1926).
MANGCEZA V DLANGANI 1 BAH 125 (1906).
MANQANA V NTINTILI 1 BAH 218 (1908).
MANTSHUPA V KWEBI 1938 BAH 37 (K en O).
MANUNGA V YEKISO 1936 BAH 87 (K en O).
MANYOSINE V NONKANYEZI 1 BAH 114 (1906).
MAODI V MAODI 1959 BAH 1 (N - O).
MAPEKULU V ZEKA 3 BAH 6 (1912).
MAQHEKANA V LENATA 1943 BAH 49 (K en O).
MARIPUNG V MARIPUNG 1947 BAH 129 (N en T).
MASETI V MEME 1 BAH 119 (1906).
MASHAPO V SISANE 1945 BAH 57 (N en T).
MASHEME V NELANI 4 BAH 43 (1919).
MASUKU V MASUKU 1968 BAH 20 (N - O).
MATCHIKA V MNGUNI 1946 BAH 78 (N en T).
MATHE V KEKANA 1934 BAH 59 (N en T).
MATHEBE V KATIMA 1944 BAH 69 (N en T).
MATLALA V TOMPA 1951 BAH 404 (N - O).
MATULELO V MXGENI 1970 BAH 15 (S).
MATYESINI V DULO 3 BAH 102 (1915).
MAVUMA V MBEBE 1948 BAH 16 (K en O).
MAWENI V NGCONGOLO 3 BAH 254 (1913).
MAYEKI V KWABABA 4 BAH 193 (1918).
MAYEKI V QUTU 1961 BAH 10 (S).
MAYEKISO V QUWE 1942 BAH 38 (K en O).
MAYO V NOMHLABA 3 BAH 172 (1912).
MBANA V DILAYI 1940 BAH 73 (K en O).
MBANI V MBANI 1939 BAH 91 (K en O).
MBANJWA V CIYA 1961 BAH 18 (S).
MBEKENI V MBEJENI 1 BAH 13 (1896).
MBEMODOLA V GINGCI 2 BAH 2 (1910).
MBONJIWA V SCELLAM 1957 BAH 41 (S).
MBULI V MBULI 1939 BAH 85 (N en T).
MEHLOMLUNGU V GUMASHOLO 1960 BAH 60 (S).
MDANGWE V STOKWE 1 BAH 162 (1907).
MEKOA V MASEMOLA 1939 BAH 61 (N en T).

MENE V SONDLO 4 BAH 38 (1920).
MEYI V MGENGWANA 4 BAH 67 (1920).
MEYIWA V BABA 2 BAH 125 (1911).
MFAZWE V TETANA 2 BAH 40 (1910).
MFINGO V DLAMINI 4 BAH 87 (1921).
MGOGO V JAN 1 BAH 278 (1909).
MHLALA V MOHLALO 1938 BAH 112 (N en T).
MHLANGA V HLETA 1944 BAH 40 (N en T).
MKATSHWA V NDULUKA 4 BAH 170 (1919).
MKAYA V SILAQA 1942 BAH 16 (K en O).
MKEHLE V RULMAN 4 BAH 113 (1919).
MKEKANA V LANGASIKI 1942 BAH 51 (K en O).
MKIZE V DHLAMINI 1951 BAH 313 (N - O).
MKIZE V MKIZE 1951 BAH 336 (N - O).
MKWENKWANA V TEYISI 3 BAH 35 (1912).
MNGOMEZULU V MKIZE 1968 BAH 3 (N - O).
MNXAKU V MADOLO 3 BAH 67 (1913).
MNYIPIKA V MAGUNYA 4 BAH 108 (1919).
MOCUMI V MOCUMI 1944 BAH 107 (K en O).
MODISANYANE V MOKGOKOLO 1942 BAH 65 (N en T).
MOERANE V PHAKANE 1 BAH 221 (1908).
MOGIDI V NGOMO 1948 BAH 18 (N en T).
MOITHERI V KHEKLEU 4 BAH 76 (1922).
MOKGATLE V MOKGATLE 1946 BAH 82 (N en T).
MOKHANTSO V CHOCANE 1947 BAH 15 (K en O).
MOKOENA V MOFOKENG 1945 BAH 89 (K en O).
MONDLI V ZIBI 1942 BAH 102 (K en O).
MONGHAYELANA V MSONGELWA 3 BAH 292 (1913).
MONI V KETANI 1961 BAH 58 (S).
MOSINA V NDEBELE 1943 BAH 2 (N en T).
MOTAUNG V MOTAUNG 1930 BAH 32 (N en T).
MPAFA V SINDIWE 4 BAH 38 (1920).
MPAWU V LEBANO 1938 BAH 121 (N en T).
MPAYISE V MQUKUSE 1 BAH 127 (1906).
MPENGULA V MNHASE 1950 BAH 257 (S).
MPIKA V MPANDA 1945 BAH 66 (K en O).
MPILO V TSHABALALA 1948 BAH 24 (K en O).

MPINGWANI V MCITEKI 3 BAH 57 (1915).
MPONGO V MANDLELA 3 BAH 34 (1913).
MQOLORA V MESLANI 1 BAH 97 (1905).
MQURUBANA V MANCITA 5 BAH 31 (1927).
MSHWESHWE V MSHWESHWE 1946 BAH 9 (K en O).
MSIBI V SIBANYONI 1940 BAH 28 (N en T).
MSOMI V MSOMI 1968 BAH 29 (N - O).
MSOTWANA V SIBEKO 1942 BAH 17 (N en T).
MTANAYI V MAZWANE 2 BAH 8 (1910).
MTI V MVACANE 3 BAH 56 (1915).
MTIYANE V MTIYANE 1952 BAH 229 (N - O).
MTOBENI V SOTSHEZI 3 BAH 61 (1914).
MTUYEDWA V TSHISA 1 BAH 122 (1906).
MURU V PIKI 4 BAH 346 (1919).
MVELI V SOLENDLINI 1959 BAH 61 (S).
MYENI V MYENI 1956 BAH 89 (N - O).
MZAMA V XEKANA 1 BAH 61 (1903).
MZATU V NTLONGANISO 3 BAH 96 (1916).
MZIZA V JAPIE 1945 BAH 80 (N en T).
NAMZA V TOM 1944 BAH 106 (K en O).
NATSHILA V NATSHILA 1948 BAH 12 (S).
NCUTO V MBALO 2 BAH 115 (1911).
NDABENI V NGQELE 1 BAH 10 (1896).
NDATAMBI V NTOZAKE 1 BAH 3 (1895).
NGAMIE V FITSHANE 2 BAH 80 (1910).
NGAWANA V MAKUZENI 1 BAH 220 (1908).
NG'COBE V ZULU 1964 BAH 116 (N - O).
NGCOBO V MSULULU 2 BAH 33 (1910).
NGCOBO V NGCOBO 1944 BAH 16 (K en O).
NGCONGOLO V PARKIES 1953 BAH 103 (S).
NGIYANA V JOMOSE 1949 BAH 147 (S).
NGQUNGISO V GOBO 1946 BAH 10 (K en O).
N'GUAJE V NKOSA 1937 BAH 98 (N en T).
NGUNGUBELE V NOMFEDELE 1949 BAH 101 (S).
NGUTA V MALONDA 4 BAH 102 (1919).
NGWEKULU V MANO 1952 BAH 3 (N - O).
NGWENDUNA V DUBULA 4 BAH 142 (1922).

NGXALA V NGXALA 3 BAH 165 (1917).

NJIKAZI V NGAWU 3 BAH 66 (1912).

NJOBENI V MZINI 1 BAH 29 (1899).

NKAMBULE V SHONGWE 1942 BAH 2 (N en T).

NKOSI V MKWANAZI 1945 BAH 32 (N en T).

NKOSI V MLOTA 1939 BAH 59 (N en T).

NKUTA V MATHIBU 1955 BAH 47 (K en O).

NOBUMBA V MFECANE 2 BAH 104 (1911).

NOFIDELA V KEKISANA 4 BAH 117 (1922).

NOGQALA V KOHLISO 1 BAH 145 (1907).

NOHASI V MOANTI 4 BAH 96 (1920).

NOJIWA V VUBA 1 BAH 57 (1903).

NOLANTI V SINTENTENI 1 BAH 43 (1901).

NOMBEKE V MBABA 1940 BAH 28 (K en O).

NONAFU V PIKE 1 BAH 120 (1906).

NOWATA V APRIL 1 BAH 98 (1905).

NQAMBI V NQAMBI 1939 BAH 57 (K en O).

NQWEMA V AUGUST 4 BAH 48 (1918).

NQWINISO V SESIKELA 2 BAH 131 (1911).

NTABENI V MLOBELI 1949 BAH 158 (S).

NTHOLE V LEBATA 1942 BAH 125 (K en O).

NTILI V MNCISANA 1 BAH 68 (1903).

NTOBOLE V MZANYWA 3 BAH 190 (1914).

NTSANGWANA V SITYEBI 1 BAH 266 (1909).

NTSEKI V NTSEKI 1 BAH 9 (1896).

NTSENDWANA V MASETI 3 BAH 39 (1914).

NTSHONGOLE V DANTI 3 BAH 126 (1914).

NTSHUMAYELO V MBULI 1948 BAH 3 (K en O).

NTSIMANGO V NTSIMANGO 1949 BAH 143 (S).

NXUMALO V NDWANDWE 1957 BAH 79 (N - O).

NYAMANE V BUSAKWE 1944 BAH 78 (N en T).

OVOLO V TSHENESE 3 BAH 121 (1912).

PANTSHWA V MSI 2 BAH 147 (1911).

PAYI V PAYI 1962 BAH 9 (S).

PEME V GWELE 1941 BAH 3 (K en O).

PEME V WAQU 4 BAH 372 (1921).

QEYA V LATYABUKA 4 BAH 203 (1920).

QHOBOSHANE V MBOBO 4 BAH 209 (1919).
QONGQI V KAMBATI 2 BAH 57 (1910).
QOTYANE V MKHARI 1938 BAH 192 (N en T).
QUTI V NTLAKALA 3 BAH 89 (1915).
QUZA V MASILANA 3 BAH 196 (1914).
RADOYI V NCETEZO 2 BAH 174 (1911).
RAFU V MADOLO 1 BAH 200 (1908).
RAMAKOALA V KAPARI 1 BAH 131 (1906).
RAMNCWANA V SIYOTULA 1937 BAH 172 (K en O).
RANAYO V NAMBA 4 BAH 114 (1919).
RAPHELA V DITCHABA 1940 BAH 29 (N en T).
RAPHUTI V MAMETSI 1946 BAH 19 (N en T).
ROJI V JONGOLA 1 BAH 199 (1908).
RUBUSHE V JIYANE 1952 BAH 69 (S).
SANGQU V XATANA 2 BAH 91 (1910).
SATANA V MAHLUNGULU 1937 BAH 146 (K en O).
SAULUS V SEBEKO 1947 BAH 25 (N en T).
SAULUS V XATANA 2 BAH 91 (1910).
SEELE V MOISI 1947 BAH 118 (K en O).
SEFOLOKELE V THEKISO 1951 BAH 25 (SE).
SEKONYELLA V LEAHA 1951 BAH 19 (SE).
SEKUPA V JONKMAN 1966 BAH 20 (SE).
SHABANGU V MASILELA 1939 BAH 86 (N en T).
SHIWENGA V RAMASHIA 1947 BAH 134 (N en T).
SICENCE V LUPINDO 3 BAH 164 (1914).
SIGODWANA V ZIBI 3 BAH 33 (1912).
SIGWACA V SIGWACA 1939 BAH 157 (K en O).
SIKWATA V MATSHALALA 5 BAH 48 (1927).
SIKWIKWIKWI V NTWAKUMBA 1948 BAH 23 (S).
SIQAKAZA V MBULO 2 BAH 66 (1910).
SIRABELE V KWELEKWELE 1944 BAH 11 (K en O).
SISWENYE V SIKAKA 5 BAH 37 (1923).
SITWAYI V TSHETSHE 1957 BAH 9 (S).
SIYENDANI V MTOTO 2 BAH 30 (1910).
SKEYI V XELITOLE 5 BAH 23 (1924).
SONGQENGQE V DENGE 1957 BAH 16 (S).
SONQISHE V SONQISHE 1943 BAH 6 (K en O).

TABANKULU V DYARASHE 1 BAH 260 (1909).
TALA V MATOBANE 1 BAH 149 (1907).
TAMBENI V MALINDI 1944 BAH 29 (K en O).
TANANA V TANANA 1947 BAH 25 (SE).
TASHE V FISANA 4 BAH 77 (1920).
TEKOLO V SIMANGA 1 BAH 51 (1902).
TETANI V MNUKWA 1 BAH 38 (1900).
THLAMBENI V SANTLO 1966 BAH 24 (SE).
TIBE V TIBE 1 BAH 251 (1909).
TIYEKA V SIKAYI 5 BAH 47 (1926).
TOBIEA V MOHATLA 1949 BAH 91 (K en O).
TOKI V NGUTA 4 BAH 17 (1918).
TOLE V NDUMISO 1 BAH 141 (1907).
TOTOYI V SITIMELE 4 BAH 66 (1919).
TSHABALALA V TSHABALALA 1944 BAH 35 (N en T).
TSHOBISA V GUGUSHE 1 BAH 139 (1907).
TSHOTSHEIBIKA V SAPUKA 4 BAH 58 (1919).
TSHUZE V QOBOSHA 3 BAH 90 (1912).
TSIBIYANA V NGCENI 1 BAH 204 (1908).
TSIBIYANA V NYANGENI 3 BAH 26 (1916).
TSOTSA V MBULALI 4 BAH 45 (1918).
TUNGANA V TUNGANA 4 BAH 70 (1919).
TYELINZIMA V SANGQU 4 BAH 375 (1920).
TYOBEKA V MADLEWA 1943 BAH 40 (N en T).
VATSHA V MFENENDUNA 1936 BAH 39 (K en O).
VIKILAHLE V ZULUALITETI 1 BAH 77 (1904).
WANA V ZOKOZOKO 5 BAH 94 (1925).
XANASE V TUNCE 1939 BAH 36 (K en O).
XULU V XULU 1943 BAH 68 (N en T).
YAPI V NGAYI 1 BAH 61 (1903).
ZIBULALE V MTSHISAZWE 3 BAH 120 (1913).
ZINTI V NOZIKOTSHI 3 BAH 188 (1913).
ZOMBILE V KATANA 3 BAH 55 (1913).
ZOMBOVU V NOWALAZA 5 BAH 54 (1927).
ZONDANI V NINE 1 BAH 176 (1908).
ZULU V MKWANYANA 1936 BAH 1 (N en T).
ZWANE V DHLAMINI 1951 BAH 353 (N - E).

HOOGGEREGSHOFBESLISSINGS

BIDLI V MILLS 19 EDC 93 (1904).

EX PARTE MINISTER OF NATIVE AFFAIRS: IN RE YAKO V BEYI 1948(1) SA 388 A.

GONGALIZWE V MZIA 17 EDC 21 (1902).

HEBE V MBA 12 EDC 6 (1897).

JOKWANA V MAKOBANA 14 EDC 2 (1899).

KABA V NTELA 1910 TPA 964.

KOYTYO V SIBARU 7 EDC 186 (1893).

MAKONTO V M'DABANKULU 6 HCR 244 (1892).

MALGAS V GAKAVU 6 EDC 225 (1891).

MATSHOBA V KLAAS 10 EDC 135 (1896).

MATSHOBONGWANA V MPAMBANI 1916 EDC 235.

MAYO V PORO 14 EDC 68 (1899).

MOKWENA V LAUB 1943 SA 63(W).

MOSII V MOTSEOAKHUMO 1954 (3) SA 919 (A).

NANTO V MALGASS 5 SC 108 (1887).

NBONO V MANOXOWENI 6 EDC 62 (1891).

NGQOBELA V SIHELE 10 SC 346 (1893).

NOMBOMBO V STOFILE 19 SC 353 (1902).

PEACOCK V RANGO 19 SC 232 (1902).

PIET V GONESO 17 EDC 23 (1902).

R V MBOKO 1910 TPA 445.

R V NALANA 1907 TS 407.

SALIWA V MINISTER OF NATIVE AFFAIRS 1956(2) SA 310 (A).

SANI V KLAAS 1955(2) PH R 26(O).

SIFOLO V MOKOU 1911 TPA 426.

SIGCAU V SIGCAU 1944 SA 67 (A).

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MAATSKAPPY BEPERK V FONDO 1960(2) SA 467 (A).

ZONDANI V MAASKE 18 EDC 71 (1904).

ZULU AND A V MINISTER OF JUSTICE AND A 1956(2) SA 128 (A).

BOEKE, TYDSKRIFARTIKELS, VERHANDELINGE, PROEFSKRIFTE EN KOMMISIEVERSLAE

BRAND G A Die Regspleging ten opsigte van die Bantoe in Suid-Afrika LL D-proefskrif UP 1965.

BREUTZ P-L Die politischen und gesellschaftlichen Verhältnisse der Sotho-Tswana in Transvaal und Betschuanaland. Schriften des Kolonial-Instituts der Hansischen Universität. Bd 3. Völkerkundliche Reihe Nr 1. Hamburg 1941.

BREUTZ P-L Die stamme van die distrikte Lichtenburg en Delareyville. Staatsdrukker. Pretoria 1954a.

BREUTZ P-L Die stamme van die distrik Ventersdorp Staatsdrukker 1954b.

BREUTZ P-L The Tribes of the districts Kuruman and Postmasburg Government printer Pretoria 1963.

BREUTZ P-L The Tribes of the Districts of Taung and Herbert Government Printer Pretoria 1968.

BREUTZ P-L The Tribes of Mafeking District Government Printer Pretoria 1955.

BREUTZ P-L The Tribes of Marico District Government Printer Pretoria 1953.

BREUTZ P-L The Tribes of Rustenburg and Pilanesberg Districts Government Printer Pretoria 1952

BREUTZ P-L The The Tribes of Vryburg District Government Printer Pretoria 1959.

BROWN J T Among the Bantu Nomads 1926 (Herdruk Negro University Press New York 1969).

CAPE OF GOOD HOPE Report of Proceedings with Appendices of the Government Commission on Native Laws and Customs Cape of Good Hope Blue Book: 1883 Nr G 4 C Struik Cape Town Facsimile Reprint 1968.

COERTZE R D Die Familie-, erf- en Opvolgingsreg van die Bafokeng van Rustenburg, met verwysing na prosesregtelike aspekte Sabra Pretoria 1971.

DE WET J C EN YEATS J P Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg. Derde Uitgawe Butterworths Durban 1964.

ERASMUS W 'n Ondersoek na die Sosiale organisasie en Politieke stelsel van die Bantwane-stam in die distrik Groblersdal MA-verhandeling UP 1965.

FORDE D (Editor) AND RADCLIFFE-BROWN A R African Systems of Kinship and Marriage Oxford University Press London 1950.

HAHLO H R The South African Law of Husband and Wife Juta Cape Town 1969.

HOLLEMAN J F "Die Bantoehuwelik op die kruispad." Tydskrif vir Rasseaangeleenthede 11 2 (1960).

JEFFREYS M D W "Lobola is Child price." African Studies Vol 10 1951.

KERR A J "Roman-Dutch Law Marriages and the Lobola contract." Acta Juridica 334 - 338 1960.

LESTRADE G P "Some notes on the Bogadi-system of the Bahurutshe." South African Journal of Science Vol 25 1926.

LEWIN J <u>Studies in African Native Law</u> The African Bookman Kaapstad 1947.

LIGTHELM G J "Die vroulike Reproduksievermoë as Regsobjek in die Bantoereg." <u>De Jure</u> Vol 2 1976.

OLIVIER N J J "Artikel 11(1) van die Bantoeadministrasiewet, Wet 38 van 1927." <u>De Jure</u> Vol 2 1976.

OLIVIER N J J <u>Die Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoe</u> Butterworths Durban 1969.

MATTHEWS Z K "Marriage customs among the Barolong." <u>Africa</u> Vol 13 1940.

RADCLIFFE-BROWN A R "Introduction" In: Radcliffe-Brown and Forde <u>African Systems of Kinship and Marriage</u> Oxford University Press London 1950.

RADCLIFFE-BROWN A R AND FORDE D (Editor) <u>African Systems of Kinship and Marriage</u> Oxford University Press London 1950.

REUTER A <u>Native Marriages in South Africa according to law and custom</u> Aschendorffsche Verlagsbuchhandlung Münster Westfalen. 1963.

RIEKERT P J <u>Die huweliksreg van die Bahurutshe onder invloed van die Suid-Afrikaanse Regsadministrasie</u> D Phil-proefskrif PU vir CHO 1967.

SCHAPERA I <u>A Handbook of Tswana Law and Custom</u> Tweede Uitgawe Oxford University Press London 1955.

SCHAPERA I "Kinship and Marriage among the Tswana." Radcliffe-Brown and Forde <u>African Systems of Kinship and Marriage</u> Oxford University Press London 1950.

SCHAPERA I <u>Married life in an African Tribe</u> Faber and Faber London 1940.

SCHAPERA I "Premarital Pregnancy and Native Opinion A Note on Social Change." <u>Africa</u> Vol 6 1933.

SCHÜLER G M K <u>Die Barolong van Thaba 'Nchu O V S. 'n Studie van kultuurverandering</u> D Phil-proefskrif US 1965.

SEYMOUR S M <u>Bantu Law in South Africa</u> Derde Uitgawe Juta Wynberg 1970.

SIMONS H J <u>African Women. Their Legal Status in South Africa</u> C Hurst London 1968.

VAN DER VYVER J D "Artikel 31 van die Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1963." <u>Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg</u> Vol 27 1964.

VAN ZYL H J <u>'n Volkekundige studie van die Ekonomiese lewe en Posisie van die Bakgatla Bagamosetlha</u> D Phil-proefskrif UP 1952.

VAN ZYL L T <u>Die Bakolobeng van Rooijantjiesfontein</u> MA-verhandeling PU vir CHO 1969.

VAN ZYL L T <u>Die sosio-kulturele lewenswyse van Bantoes op plase (met besondere verwysing na die Landdrosdistrik van Coligny)</u>. D Phil-proefskrif PU vir CHO 1972.

VERLOREN VAN THEMAAT R "Ontwikkeling in verband met die reg en regspleging van die Bantoe. Oorsig vir 1967." <u>Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg</u> Vol 32 1969.

VERMAAK T J T <u>'n Ondersoek na die sosiale organisasie en politieke stelsel van die Bakwêna ba Mogôpa</u> MA-verhandeling UP 1966.

YEATS J P EN DE WET J C <u>Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg</u> Derde Uitgawe Butterworths Durban 1964.

WETTE, PROKLAMASIES EN GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

KAAP VOOR UNIEWORDING

Wet 38 van 1877 (K) <u>Transkeian annexation Act</u>.

35 van 1884 (K) <u>Walfish Bay and St. John's River Territories Annexation Act</u>.

3 van 1885 (K) <u>Tembuland Annexation Act, 1885</u>.

37 van 1886 (K) <u>Xesibe Country Annexation Act</u>.

45 van 1887 (K) <u>Rode Valley Annexation Act, 1887</u>.

5 van 1894 (K) <u>Pondoland Annexation Act, 1894</u>.

Proklamasie 110 van 1879 (K) <u>Cape of Good Hope Goverment Gazette 16/9/1879.</u>

112 van 1879 (K) <u>Cape of Good Hope Goverment Gazette 19/9/1879</u>.

140 van 1885 (K) <u>Cape of Good Hope Goverment Gazette 1/9/1885</u>.

174 van 1886 (K) <u>Cape of Good Hope Goverment Gazette 26/11/1886</u>.

101 van 1887 (K) <u>Cape of Good Hope Goverment Gazette 17/6/1887</u>.

340 van 1894(K) <u>Cape of Good Hope Goverment Gazette 25/9/1894</u>.

TRANSVAAL VOOR UNIEWORDING

Wet 4 van 1885 (T) <u>Om voorziening te maken voor het beter bestuur en betere rechtspleging onder de Naturellen-Bevolking dezer Republiek</u>.

Wet 3 van 1897 (T) Regulating the Marriages of coloured persons within the South African Republic.

29 van 1907 (T) Native Administration Amendment Act.

ORANJE VRYSTAAT VOOR UNIEWORDING

Wetboek van den Oranjevrijstaat 1854 - 1891 Hoofstuk XC.

Wetboek van den Oranjevrijstaat 1854 - 1891 Hoofstuk LXI.

NATAL VOOR UNIEWORDING

Wet 46 van 1887 (N) To regulate the Marriage of Natives by Christian Rites.

19 van 1891 (N) NATAL CODE of Native Law.

NA UNIEWORDING

Wet 42 van 1942 Wysigingswet op Bantoe-administrasie 42 van 1942.

38 van 1927 Bantoe-administrasiewet.

9 van 1929 Bantoe-administrasiewet 1927, Wysigingswet.

Proklamasie 189 van 1922 Ukuketa custom: withdrawal of legal recognition of.

168 van 1932 NATAL CODE of Native Law.

R 195 van 1967 Natalse Wetboek van Bantoereg.

Goewermentskennisgewing R 1970 van 1968 Regulasies vir die registrasie van gebruiklike verbindings.

AFKORTINGS

BANTOEAPPèLHOWE

BAH = Bantoeappèlhof

K en O = Kaap en Oranje Vrystaatse Afdeling

N en T = Natal en Transvaalse Afdeling

N - O = Noord-Oostelike Afdeling

SE = Sentrale Afdeling

S = Suidelike Afdeling

HOOGGEREGSHOWE

A = Appèlafdeling
CPD = Cape Provincial Division
EDC = Eastern Districts Local Division
OPD = Oranje Vrystaatse Provinsiale Afdeling
SC = Supreme Court Cases
TPA = Transvaalse Provinsiale Afdeling
W = Witwatersrandse Plaaslike Afdeling